


1987 061 246 01



HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEK VERWYDER WORD

U.O.V.S. - BIBLIOTEK



198706127601220000019

A white rectangular label with a barcode and the text "U.O.V.S. - BIBLIOTEK" and a unique identifier.

DIE VRYSTAATSE JEUGKOOR : 'N HISTORIESE,
EVALUERENDE EN VERGELYKENDE ONDERSOEK

HUIBRECHT VERSTER

Voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM (MUSICAE)

in die

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte

(Departement Musiek)

aan die

Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Studieleier: Prof. dr. C. L. Venter

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

BLOEMFONTEIN

Mei 1987

Uniyersiteit van die Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

23 NOV 1987

T 782.5060685 VER

BIBLIOTEEK

*Hierdie studie word opgedra aan
Dirkie en Doll de Villiers vir hulle
bydrae tot die stigting en ontwikke-
ling van die Vrystaatse Jeugkoor.*

V O O R W O O R D

Die belangrikste persoon wat ek wil bedank, is my studieleier, prof. dr. C. L. Venter, sonder wie se kundige leiding die resultate van hierdie navorsing nie sou kon bestaan nie. Ek het veral waardering vir die wyse waarop leiding gegee is om ordeningsvermoë en selfkritiese denkwys te ontwikkel. Gedurende die laaste fase van hierdie studie het hy geen persoonlike moeite ontsien om hulp en raad te verleen nie. Dít was 'n besondere onderskraging.

Hiermee my opregte waardering aan almal wat by verskillende geleenthede behulpsaam was en 'n bydrae gelewer het tot die verwesenliking van hierdie verhandeling. In die besonder 'n woord van dank aan die volgende persone:

- Die biblioteekpersoneel van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, wat geen moeite ontsien het vir die opspoor en beskikbaarstelling van navorsingsmateriaal nie. Die name van mev. M. A. Spies en A. C. Ströh word met groot waardering genoem.
- Waardevolle persoonlike tyd is aan my afgestaan deur verskillende persone met wie onderhoude gevoer is. Sonder die inligting wat onder meer van die volgende persone verkry is, sou talle feite nie beskikbaar geword het nie: D. I. C. de Villiers, J. D. Bouwer, J. D. Hyman, A. H. Wassermann, J. P. Malan, mev. A. F. Coetzee, mej. A. du Plessis, en ander wat in die bronnelys vermeld word.
- Eweneens het die korrespondensie van verskeie persone getuig van besondere moeite tot die beskikbaarstelling van stof. Ek wil veral J. H. de Villiers, voormalige koorleier van die Natalse Jeugkoor en J. D. van der Merwe, die hoof van die Pinetownse Musiekskool in 1985, spesiaal vermeld, maar ook verskeie ander persone wat as koorleiers of organiseerders by jeugkore betrokke was of is en wat in die bronnelys genoem word.

- o Twee plakboeke oor die jeugkoorleier, J. W. T. van Huyssteen, wat deur F. A. Jonker beskikbaar gestel is, was van onskatbare waarde.
- o Ook die inligting wat goedgunstiglik deur die Vrystaatse en Transvaalse Onderwysdepartemente beskikbaar gestel is, was onontbeerlik vir die verloop van die studie.
- Mev. D. M. du Plessis, wie se kundige en keurige tikwerk 'n aanwys vir die verhandeling was.
- o Ten slotte my innige dank aan my gesin wat persoonlike opofferinge moes maak. In die besonder aan my man, Pierre, sonder wie se begrip en ondersteuning ek nie die studie sou kon afhandel nie, en my kinders, Remé en Lida, wat my dikwels na biblioteke vergesel het, en meegehelp het om koerante en publikasies deur te werk.

I N H O U D S O P G A W E

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1	DOEL VAN DIE ONDERSOEK	1
1.2	METODE VAN NAVORSING	2
1.3	BEGRENSING VAN DIE ONDERWERP	5
1.4	PROBLEME RONDOM DIE ONDERSOEK	6

HOOFSTUK 2

HISTORIESE OORSIG VAN DIE ONTSTAAN, VESTIGING EN ORGANISASIE VAN DIE VRYSTAATSE JEUGKOOR

2.1	AANLOOP TOT DIE STIGTING VAN DIE VRYSTAATSE JEUGKOOR	11
2.2	DIE BEPLANNING EN UITVOERING VAN DIE JEUGKOOR-PROJEK	13
2.2.1	Doelstellings van die koor	15
2.2.2	Keuring van koorlede	15
2.2.3	Prosedure van lidmaatskapsaanneme	16
2.2.4	Keuse van plek en tye van repetisies	17
2.2.5	Keuse van eenvormige koordrag	18
2.2.6	Organisasie van toere en konserte	18
2.2.7	Koorpersoneel	19
2.2.7.1	Koorleiers	19
2.2.7.2	Begeleiers	20
2.2.7.3	Toerouers vir die koor	21
2.2.8	Finansiële beplanning	23
2.2.8.1	Vervoerkoste vir repetisies	25
2.2.8.2	Koortoere	26
2.2.8.3	Diverse aangeleenthede	27
2.2.8.4	Advertensiegelde en borge	29
2.2.8.5	Finansiële reëlins rondom plaatopnames	30
2.3	SAMEVATTING	31

HOOFSTUK 3

DIE VRYSTAATSE JEUGKOORLEIERS

3.1	D. I. C. DE VILLIERS AS STIGTER EN VESTIGER VAN 'N KOORTRADISIE	35
3.1.1	Musikale en akademiese vorming	35
3.1.2	Onderwysloopbaan	37
3.1.3	Bydrae as skeppende musikus	-

3.1.3.1	Orrelis en kerkmusikus	37
3.1.3.2	Bydrae as komponis en verwerker	39
3.1.4	Bydrae as kultuurleier	40
3.1.4.1	Deelname aan rade, komitees, verenigings en ander instansies	40
3.1.4.2	Beoordelaar van kunswedstryde en musiekfeeste	43
3.1.4.3	Musiekkritikus en -resesent	43
3.1.4.4	Toekennings en eerbewyse	45
3.1.5	Bydrae tot die ontwikkeling van die Vrystaatse Jeugkoor	45
3.1.5.1	Organisasie	46
3.1.5.2	Programsamestellings	47
3.1.5.3	Afrigtingstandaard	48
3.1.5.4	Bekendstelling van die koor	48
3.2	J. W. T. VAN HUYSSTEEN AS VESTIGER VAN 'N NUWE KOORKLANK	49
3.2.1	Sy lewe en musiekontwikkeling	49
3.2.2	Van Huyssteen as koorleier	54
3.2.3	Bydrae as medekoorleier tot die ontwikkeling van die Vrystaatse Jeugkoor	56
3.2.3.1	Koorklank	56
3.2.3.2	Musiekkeuses en afrigtingstandaard	58
3.3	A. H. WASSERMANN AS BESTENDIGER VAN 'N BESTAANDE KOORTRADISIE	59
3.3.1	Akademiese en musikale opleiding	59
3.3.2	Ervaring as koorleier	61
3.3.3	Bydrae tot die ontwikkeling van die Vrystaatse Jeugkoor	62
3.3.3.1	Metode van keuring	63
3.3.3.2	Koorsamestelling	63
3.3.3.3	Programsamestelling	65
3.3.3.4	Insluiting van verwerkings en kom- posisies in konsertprogramme	67
3.4	J. D. HYMAN AS ARTISTIEKE EN DISSIPLINÊRE INVLOED	67
3.4.1	Akademiese en musikale opleiding	67
3.4.2	Ervaring as koorleier	68
3.4.3	Vakkundige, kulturele en musiekopvoedkundige bydraes	69
3.4.4	Bydrae tot die ontwikkeling van die Vrystaatse Jeugkoor	70
3.4.4.1	Positiewe beeld van die koor na buite	71
3.4.4.2	Bepaalde norme vir programsamestel- lings	72

3.4.4.3	Die handhawing van 'n hoë uitvoering- standaard	73
3.5	SAMEVATTING	73
HOOFSTUK 4		
BEELD VAN DIE VRYSTAATSE JEUGKOOR SE AKTIWITEITE EN PROGRAMME TUSSEN DIE JARE 1965 TOT 1986		
4.1	KOORAKTIWITEITE	77
4.1.1	Konserte en konserttoere	78
4.1.2	Besondere uitnodigings en geleenthede as hoogtepunte	81
4.1.3	Grammofoonplaatopnames	85
4.2	PROGRAMME	88
4.2.1	Programsamestelling	89
4.2.1.1	Komposisies deur buitelandse komponiste	90
4.2.1.2	Verwerkings deur buitelandse komponiste	93
4.2.1.3	Tradisionele (volks-) musiek uit ander lande	93
4.2.1.4	Musiek van swart volke	93
4.2.1.5	Komposisies en verwerkings deur Suid- Afrikaanse komponiste	94
4.2.1.6	Verhouding van werke	99
4.3	SAMEVATTING	104
HOOFSTUK 5		
BESPREKING VAN PROGRAMINHOUD VAN DIE VRYSTAATSE JEUGKOOR		
5.1	KOERANTRENSIES	108
5.1.1	Programme	109
5.1.1.1	Lengte van programme	109
5.1.1.2	Samestelling van programme	109
5.1.1.3	Repertoriumkeuses	110
5.1.1.4	Musikale kwaliteite	111
5.1.1.5	Diverse kommentaar	112
5.1.2	Koorleiers	113
5.1.3	Die beeld van die Vrystaatse Jeugkoor	115
5.1.3.1	Die lede as groep	115
5.1.3.2	Stemgroepe onderling	116

5.1.4	Tegniese en musikale aspekte van voordragte	118
5.1.4.1	Tegniek	118
5.1.4.2	Musikaliteit	119
5.1.4.3	Frasering	119
5.1.4.4	Stembinding, stemkleur en asembeheer	119
5.1.4.5	Intonasie en dinamiek	120
5.1.4.6	Uitspraak en diksie	121
5.1.4.7	Kritiek : tegniese en musikale fasette	122
5.1.5	Die koor en die publiek	123
5.2	'N EVALUERING VAN PROGRAMKEUSES AAN DIE HAND VAN ENKELE KRITERIA	124
5.2.1	Tydskuur	125
5.2.2	Groepering van werke : balans en kontras	126
5.2.3	Verantwoordelike musiekkeuses	127
5.2.4	Verbeeldingrykheid en vermaaklikheidswaarde	128
5.2.5	Vertaalde tekste	128
5.2.6	Emosionele ritme	129
5.2.7	Vermoë van die sangers	129
5.2.8	Professionele kwaliteit	131
5.3	SAMEVATTING	132
HOOFSTUK 6		
DIE ONTSTAAN VAN PROVINSIALE EN ANDER JEUGKORE IN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN SUIDWES-AFRIKA		
6.1	JEUGKORE IN SUIDWES-AFRIKA	138
6.1.1	Stigting van die kore	138
6.1.2	Algemene organisasie	140
6.1.3	Konsertoptredes	141
6.2	DIE NATALSE JEUGKOOR	145
6.2.1	Stigting van die koor	145
6.2.2	Algemene organisasie	147
6.2.2.1	Keuring van koorlede	147
6.2.2.2	Koorleiers	148
6.2.2.3	Koorpersoneel en begeleiers	148
6.2.2.4	Finansies	149
6.2.3	Konsertoptredes	149
6.2.4	Ooreenkomste tussen die werkwyses van die Natalse en Vrystaatse Jeugkore	151
6.2.5	Verskille tussen die Natalse en Vrystaatse Jeugkore	154

6.3	DIE TRANSVAALSE JEUGKORE	
6.3.1	Agtergrond en stigting van die amptelike Transvaalse Jeugkore	161
6.3.2	Algemene organisasie	168
6.3.2.1	Keuring van koorlede	168
6.3.2.2	Beheer en administrasie	168
6.3.2.3	Finansies	169
6.3.3	Konsertoptredes	171
6.3.4	Slotgedagtes	171
6.4	DIE OOSTELIKE PROVINSIE JEUGKOOR (KAAPPROVINSIE)	172
6.4.1	Stigting van die koor	172
6.4.2	Algemene organisasie	173
6.4.3	Konsertoptredes	174
6.5	SAMEVATTING	175
HOOFSTUK 7		
	RIGLYNE VIR DIE ORGANISASIE VAN EN METODIEKE VIR DIE AFRIGTING VAN 'N JEUGKOOR	179
7.1	ORGANISASIEVEREISTES	180
7.1.1	Finansies	180
7.1.2	Interne organisasie	181
7.2	KOORBELEID	183
7.2.1	Norme vir keuring van nuwe koorlede	183
7.2.1.1	Samestelling en grootte van die koor	185
7.2.1.2	Eienskappe van die tienerjarige se sangstem	186
7.2.1.3	Stemomvang	188
7.2.1.4	Musikale gehoor, nootvastheid en musikale geheue	191
7.2.1.5	Ritmiese bekwaamheid	195
7.2.1.6	Bladleesvermoë	196
7.2.1.7	Die verband tussen die sangstem en die spreekstem	197
7.2.1.8	Intelligensie en toewyding	197
7.2.1.9	Finale evaluering	199
7.3	DIE KOORLEIER	200
7.4	REPETISIES	203
7.5	METODE VAN AFRIGTING	204
7.5.1	Ontwikkeling van stemtegniek	205
7.5.1.1	Asembeheer	205

7.5.1.1.1	Houding	206
7.5.1.1.2	Asemhaling	206
7.5.1.1.3	Asemondersteuning	209
7.5.1.2	Ontspanning en koördinasie van die nek-, kakebeen- en gesigspiere	212
7.5.1.3	Stemresonansie	213
7.5.2	Ontwikkeling van koorsangtegniek	216
7.5.2.1	Intonasie	216
7.5.2.1.1	Gehoortontwikkeling	217
7.5.2.1.2	Bemeestering van korrekte tegnieke vir asemhaling en goeie asemondersteunde stemtegniek ter wille van goeie intonasie	220
7.5.2.1.3	Verdere oorsake van foutiewe intonasie	221
7.5.2.2	Koorklankkwaliteit	226
7.5.2.2.1	Stembalans tussen die stem-groepe	228
7.5.2.2.2	Stemproduksie	228
7.5.2.2.3	Klankvorming en uitspraak	235
7.5.2.3	Vertolking	239
7.6	KOOROPSTELLING	243
7.7	SAMEVATTING	249
	HOOFSTUK 8	
	SLOTOORSIG	251
Bylae A	Oorsig van musiekaanbiedings waarby Van Huyssteen betrokke was as musikus en koorleier, saamgestel uit twee albums met foto's, programme en koerant-uitknipsels	253
Bylae B	Nagespeurde optredes van die Vrystaatse Jeugkoor : 1965 tot 1986	261
Bylae C	Lys van buitelandse komponiste van wie koorwerke deur die Vrystaatse Jeugkoor uitgevoer is	281
Bylae D	Lys van buitelandse musici wie se verwerkings in Vrystaatse Jeugkoorprogramme verskyn het	287
Bylae E	Suid-Afrikaanse komponiste : Aantal kere wat hulle komposisies in programme van die Vrystaatse Jeugkoor verskyn het	291
Bylae F	Suid-Afrikaanse verwerkers : Aantal kere wat hulle verwerkings in programme van die Vrystaatse Jeugkoor verskyn het	295

Bylae G	Samevattende tabel van programinhoud van die Vrystaatse Jeugkoor : 1965 tot 1986	299
Bylae H	Transvaalse Onderwysdepartement : Afskrif van T.O.D.-omsendbrief 115 van 1977	303
Bylae I	Wapen van die Vrystaatse Jeugkoor	307
Bylae J	Voorbeeld van 'n nominasievorm van die Vrystaatse Jeugkoor	311
Bylae K	Volledige weergawe van die inhoud van die Vrystaatse Jeugkoorprogramme : 1965 tot 1986	315
Bylae L	Uittreksel van "The evening draws in" for solo vocalist, chorus, piano and percussion : George Self	367
BRONNELYS		371
OPSOMMING		383

LYS VAN TABELLE

Tabel

1	Koorleiers : Vrystaatse Jeugkoor : 1965 tot 1987	20
2	Die verskillende Jeugkoorlede en onderwysers wat as begeleiers opgetree het	22
3	Amptelike toerouers	24
4	Vergoedingstariewe	26
5	Plateverkope : Vrystaatse Jeugkoor : 1965 tot 1986	88
6	Musiek van swart volke	94
7	Genooide gasdirigente asook opdragwerke deur die Jeugkoor uitgevoer vir die tydperk 1966 tot 1973	96
8	'n Vergelyking tussen die verhouding van Afrikaanse tot anderstalige koortekste vir die periodes 1965 tot 1974 en 1975 tot 1984 onderskeidelik	101
9	'n Vergelyking tussen die aantal geestelike werke wat in programme van die Jeugkoor gedurende die tydperk 1965 tot 1986 ingesluit was	102
10	Samestelling van 1974-program	103
11	Sommige moeiliker koorwerke wat in die programme van die Vrystaatse Jeugkoor ingesluit was : 1968 tot 1986	130
12	Provinsiale subsidie toegestaan aan die Natalse Jeugkoor	149
13	Gesamentlike optredes : Natalse en Vrystaatse Jeugkore : 1969 tot 1974	154
14	'n Vergelyking tussen die programsamestellings van die Vrystaatse en Natalse Jeugkore ten opsigte van tekste en Suid-Afrikaanse komposisies of verwerkings tydens die eerste vyf jaar van beide se bestaan	156
15	'n Vergelyking tussen die programsamestellings van die Vrystaatse en Natalse Jeugkore gedurende die tagtigerjare	157
16	Konsertoptredes : Transvaalse Jeugkore	170
17	Die stemparty-verhouding in twee-en-twintig verskillende jeugkoorprogramme	184

LYS VAN FIGURE

Figuur

1	Samestelling van koorliteratuur in hoofkonsert-programme	90
2	Koorwerke deur nie-Suid-Afrikaanse komponiste	91
3	Werke van Suid-Afrikaanse komponiste deur die Vrystaatse Jeugkoor uitgevoer : 1965 tot 1986	97
4	Die bydrae van De Villiers, Wassermann en Hyman in verwerkte nommers : 1965 tot 1986	98
5	Voorstelling van persentasie koorwerke deur die Jeugkoor in Afrikaans uitgevoer : 1965 tot 1986	100
6	Aantal nagespeurde optredes : Vrystaatse Jeugkoor : 1965 tot 1986	160
7	Model vir algemene organisasieprosedures : Jeugkoor	182
8	Rangskikking van vier stemgroepe	244
9	Rangskikking van ses- en agt-stemmige koorgroepe	245
10	Moontlike opstellings vir mikrofoonopnames	246
11	Geskikte opstellings vir stereo-klank	247
12	Opstelling met stemgroepe in elke ry	248

LYS VAN FOTO'S

Eerste Vrystaatse Jeugkoor	10
D. I. C. de Villiers	34
J. W. T. van Huyssteen	50
A. H. Wassermann	60
J. D. Hyman	66
Die Vrystaatse Jeugkoor tydens 'n optrede in die Grootte Kerk met die inhuldiging van die Staatspresident, J. J. Fouché : 10 April 1968	80
Die Natalse Jeugkoor : ontmoeting tussen Hein de Villiers en pous Johannes Paulus tydens religieuse koorfees, Italië: 21 April 1982	136
Hein de Villiers	146
Pieter Snyman	146
Pierre Malan	162

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 DOEL VAN DIE ONDERSOEK

In Januarie 1965 is 'n gekeurde groep musikaalbegaaftde hoërskoolleerlinge op Winburg in die Oranje-Vrystaat byeengebring vir die eerste repetisie van die "Vrystaatse Skolekoor", wat later as die Vrystaatse Jeugkoor bekend sou staan. Geen bronne kon oor die historiese ontwikkeling, funksie, doelstellings en organisatoriese opset van die koor gevind word nie. Trouens, geen literatuur kon voorts ook oor die afrigting van jeugkore onder Suid-Afrikaanse omstandighede gevind word nie. Uit 'n musiekopvoedkundige oogpunt beskou, was dit duidelik 'n verwaarloosde terrein. In hierdie studie word dan gepoog om hierdie aspekte te deurvors.

Aangesien die Vrystaatse Jeugkoor in 1986 reeds 22 jaar bestaan het, was dit duidelik dat die koor reeds 'n tradisie en ontwikkelingsgeskiedenis gehad het. Een van die doelstellings van hierdie studie was dus om die geskiedenis van die koor te ondersoek. Omdat die voortbestaan van die koor moontlik verband kon hou met die bekwaamheid van sy koorleiers, kooraktiwiteite en die konsertprogramme wat aangebied is, was dit nodig dat hierdie fasette ook ondersoek moes word.

Verder moes bepaal word wat koorkritici se menings rakende konsertaanbiedings van die koor was, en of die programme wat aangebied is, aan die norme van goeie programsamestelling voldoen het.

'n Verdere doelstelling was om te bepaal of ander provinsies, persone of instansies die jeugkoorgedagte as opvoedkundig belangrik of navolgenswaardig beskou het. Daarom was dit belangrik om te bepaal of daar enige ander soortgelyke kore elders in Suid-Afrika en in Suidwes-Afrika gestig is. Die ontstaansgeskiedenis

van elke koor sou eweneens nagevors moes word indien dit as bewys sou kon dien dat die Vrystaatse Jeugkoor tot die stigting van sodanige kore bygedra het.

Laastens was dit in hierdie studie belangrik om empiriese inligting wat oor die afrigting van jeugkore bekom kon word, te bestudeer en te beskryf. Vanweë 'n gebrek aan geboekstaafde bewyse, asook die feit dat jeugkoorleiers dit soms slegs vaag beskryf en persone soos J. W. T. van Huyssteen reeds oorlede is, is besluit om dié afdeling met hulpbronne aan te vul.

1.2 METODE VAN NAVORSING

Slegs die laaste hoofstuk kon hoofsaaklik uit gepubliseerde bronne nagevors word. Die res van die studie is egter om verskeie redes anders onderneem.

Aangesien die Vrystaatse Jeugkoor, soos genoem, minder as 25 jaar oud is, en ander jeugkore nog jonger, was die resultate van die navorsing in 'n hoë mate afhanklik van onderhoude, dokumente en programme, koerantberigte, vraelyste, korrespondensie en enkele tydskrifartikels.

Die vroegste onderhoude in verband met hierdie studie is met D. I. C. de Villiers gevoer omdat hy die hooffiguur was wat instrumenteel was in die stigting, organisasie en ontplooiing van die ontstaansgeskiedenis van die Vrystaatse Jeugkoor. Onderhoude wat met J. D. Bouwer, hoof van musiek van die Vrystaatse Onderwysdepartement gevoer is, was ook van onskatbare waarde. Die inhoud van die tweede hoofstuk, wat oor die ontstaansgeskiedenis en werkwyse van die Vrystaatse Jeugkoor handel, is grootliks op die feite wat deur De Villiers en Bouwer meegedeel is, gebaseer.

Vervolgens was onderhoude met latere jeugkoorleiers belangrik om die ontwikkelingsgeskiedenis van die Vrystaatse Jeugkoor, maar ook hulle persoonlike insette, na te vors. In die geval van Van Huyssteen moes egter ander weë van navorsing gevind word. 'n Onderhoud met mev. A. F. Coetzee, wat lank as *chaperonne* vir die koor opgetree het, het gelei tot die opspoor van twee plakboeke in besit van F. A. Jonker van Lichtenburg. Hierin was koerantuitknipsels, programme, foto's, verslae en ander bruikbare inligting oor Van Huyssteen. Hierdie plakboeke het andersins onbekombare inligting beskikbaar gestel waarsonder die studie aan volledigheid sou moes inboet om die beeld van Van Huyssteen te probeer weergee.

Die aktiwiteite van die koor en die aard van die programme wat met verloop van tyd aangebied is, moes vervolgens ondersoek word. Die duidelikste beeld van programsamestellings is van plaatopnames en gedrukte programme verkry. Gelukkig kon die hoofprogramme van elke jaar sedert 1965 opgespoor word. Hierdie inligting is ontleed en soos nodig, beskryf.

Omdat die navorsing ook ten doel gehad het om die geslaagdheid van die voordragte van die Vrystaatse Jeugkoor te bepaal, is by gebrek aan die mening van 'n anonieme luisterpubliek, soveel koerantresensies as moontlik sedert 1965 geraadpleeg. Omdat daar nie altyd resensies oor plattelandse konserte tydens 'n konsertreis gepubliseer is nie, was gegewens oor dié aspek dikwels problematies. Konserte wat egter in groter sentra aangebied is, is soms geresenseer. Sodanige resensies het gevolglik die gunstigste resultate gelewer.

In 'n poging om vas te stel wat die moontlike invloed van die Vrystaatse Jeugkoor op die ontstaan van ander provinsiale kore was, is van vraelyste gebruik gemaak. Navrae is gevolglik aan die koorleiers van alle bekende jeugkore gestuur.

Uit 'n onderhoud met De Villiers het dit aan die lig gekom dat Suidwes-Afrika vroeg reeds, aan die einde van 1965, die voorbeeld

van die Vrystaatse Jeugkoor gevolg het. Hierdie inligting is verder aangevul deur 'n Magister Musicae-verhandeling deur E. H. van Biljon, getiteld *Die musieklewe van Windhoek vanaf 1890 tot 1971*. Dit het heelwat perspektief oor die toepassing van die jeugkoor-idee in daardie vroeë jare in Suidwes-Afrika gegee. Omdat Van Biljon self ook later as koorleier van die Windhoekse Jeugkoor opgetree het, is verdere waardevolle inligting uit korrespondensie met hom verkry. Ander korrespondensie en telefoongesprekke het tot die verkryging van bykomende inligting in verband met Suidwes-Afrika gelei.

In Natal en Kaapland is, afgesien van genoemde vraelyste, jeugkoorleiers ook direk om inligting genader. J. H. de Villiers het veral daartoe meegehelp dat 'n goeie, volledige beeld van die Natalse Jeugkoor opgebou kon word omdat hy, soos D. I. C. de Villiers, die heel eerste jeugkoorleier in Natal was. Hy was dus volkome op hoogte met die historiese agtergrond van die stigting van die koor.

Navraag by die Transvaalse Onderwysdepartement het 'n lys van adresse van Transvaalse Jeugkoorleiers, begeleiers en organiseerders aan die navorser besorg. Direkte korrespondensie met hierdie persone was dus moontlik. 'n Onderhoud met J. P. Malan, voormalige hoofonderwysbeplanner vir kuns, ballet en musiek by die Transvaalse Onderwysdepartement, het dit vir die navorser moontlik gemaak om ook ander persone wat vóór die stigting van amptelike streekjeugkore, wél ander Transvaalse jeugkore gestig het, hieroor te nader.

Koorleiers, organiseerders en ander persone in die Republiek van Suid-Afrika, asook Suidwes-Afrika, het programme van koor-konserte, koorgrondwette, uitknipsels van resensies en ander bruikbare inligting wat baie vir die studie beteken het, voorsien. Verder is aanvullende inligting hier-en-daar uit artikels in algemeen-gerigte kultuur- of onderwystydskrifte bekom.

Navorsing vir hoofstuk 7 is aangevul met bestaande gepubliseerde bronne oor koorafrigting. Publikasies, insluitende artikels in vakkundige musiektydskrifte, is plaaslik, sowel as van ander universiteite in die Republiek van Suid-Afrika bekom. Uit die gegewens so versamel, is 'n samevattende studie vir hoofstuk 7 gedoen.

1.3 BEGRENSING VAN DIE ONDERWERP

Dit was weldra duidelik dat, wat die historiese navorsing rondom die ontwikkeling van jeugkore in Suid-Afrika betref, die studie nie verder as 1985 gevoer moes word nie, omdat die hele onderwysstelsel in die land sedert 1986 'n nuwe ontwikkelingsfase betree het. Dit sou, en het dalk alreeds, die organisasie en finansiering van sommige kore direk geraak. Aangesien die navorsing egter gemoeid is met koorgroepe wat steeds aktief funksioneer, is daar volledigheidshalwe soms wel verwysings na datums later as 1985.

Die hoofstukindeling het soos volg verloop:

Hoofstuk 1 handel oor die doel en metode van die navorsing, die begrening van die onderwerp en probleme rondom die ondersoek.

Hoofstuk 2 handel oor die ontstaan, die vestiging en die organisasie van die Vrystaatse Jeugkoor.

Hoofstuk 3 handel oor die professionele ontwikkeling, bekwaamhede en bydraes van elkeen van die vier Vrystaatse Jeugkoorleiers. Alhoewel daar gepoog is om alle oorvleuelings uit te skakel, is daar by die bespreking van die bydrae wat deur D. I. C. de Villiers gelewer is, raakpunte wat verband hou met die vroeë geskiedenis van die koor.

Hoofstuk 4 handel oor die aanbieding van 'n oorsigtelike beeld van

kooraktiwiteite en die samestelling van konsertprogramme wat oor 22 jaar deur die Vrystaatse Jeugkoor aangebied is.

Hoofstuk 5 handel oor die kwaliteit van die genoemde konsertaanbiedings en dit word aan die hand van resensies en bepaalde kriteria vir programopstelling bespreek.

Hoofstuk 6 handel oor die moontlike invloed wat die Vrystaatse Jeugkoor elders op jeugkore in Suid-Afrika en Suidwes-Afrika uitgeoefen het. Derhalwe word die ontstaan, organisasie en, waar toepaslik, konsertoptredes van ander jeugkore kortliks hier bespreek.

Hoofstuk 7 handel oor die organisasie van en metodieke vir die afrigting van 'n jeugkoor. Alhoewel dit mag voorkom of daar soms oorvleueling in die inhoud voorkom, soos by die afdelings "asem-beheer" (7.5.1.1) en "intonasie" (7.5.2.1), is die twee afdelings egter geïntegreerd, maar ook afsonderlik in koorafrigting.

In hoofstuk 8 word 'n kort oorsig van die verhandeling gegee.

1.4 PROBLEME RONDOM DIE ONDERSOEK

Omdat feitlik geen gepubliseerde inligting oor die studieonderwerp bestaan nie, is hoofsaaklik op ander metodes van navorsing gesteun. Dit was noodsaaklik dat insae verkry moes word in amptelike stukke wat die Vrystaatse Jeugkoor geraak het, soos notules van vergaderings, memorandum, Uitvoerende Komitee-besluite, korrespondensie en ander besluite. Vanweë die vertroulike aard van hierdie stof kon direkte toegang tot die inligting nie verkry word nie. Derhalwe het die direkteur van die Vrystaatse Onderwysdepartement toestemming verleen dat slegs die hoof van musiek van die Onderwysdepartement, J. D. Bouwer, toepaslike inligting uit amptelike dokumente kon verskaf. Hierdie inligting is by wyse van onderhoude oorgedra en 'n noodsaaklike deel van die navorsing is op hierdie tydrovende wyse bekom.

'n Ander probleemgebied in die studie was die saamstel van 'n beskrywing en oorsigtelike beeld van die konserttoere en ander optredes van die koor. Só byvoorbeeld het konsertprogramme van 1965 tot 1969 wel beoogde toerprogramme ingesluit. Die vernaamste plekke waar optredes sou plaasvind, kon dus daaruit vasgestel word. Ná 1969 tot 1978 egter, was geen amptelike toerprogramme beskikbaar nie. Omdat koorleiers sedert 1978 jaarliks 'n beoogde toerprogram ingedien het, kon plekke van optrede slegs via J. D. Bouwer uit die amptelike lêers bekom word.¹

Die versameling van inligting oor die jeugkoorleiers self was nie bevredigend nie. Feite omtrent Wassermann en Hyman moes deur persoonlike onderhoude met hulle bekom word. Vanweë beskeie persoonlikhede wat 'n kenmerk van beide is, moes met min gegewens oor hulle bedrywighede volstaan word. Aanvullende inligting uit ander onderhoude of bronne was ook redelik beperk. Wat Van Huyssteen betref, is slegs 'n enkele artikel opgespoor wat bruikbare inligting oor hom bevat het. Verdere inligting kon uit onderhoude met vriende van dié koorleier, oudkoorlede en ander kennisse van hom bygewerk word. Min daarvan was egter feitelik bruikbaar.

Die taak om inligting in verband met ander jeugkoore te bekom, was omvangryk. Ter wille van objektiwiteit en om inligting op 'n wetenskaplike wyse te bekom, is soos reeds genoem, van vraelyste gebruik gemaak. Sommige respondente het onbevredigend hierop gereageer, sodat die verlangde inligting via ander kanale verkry moes word.

Weens 'n gebrek aan data soos datums, plekke van optrede en veral die name van koerante waarin resensies van konsertaanbiedings moontlik sou kon verskyn, was toegang tot resensies problematies. In dié opsig was koerantuitknipsels van resensies wat in sommige gevalle deur koorleiers aangebied was, uiters waardevol.

¹ Navraag by die Vrystaatse Jeugkoorleiers het meesal net inligting oor spesiale optreegeleenthede opgelewer.

Laastens het dit geblyk dat teksboeke in verband met afrigting van kore in die algemeen, en jeugkore in die besonder, nie algemeen beskikbaar is in Suid-Afrikaanse biblioteke nie. Publikasies oor afrigtingsmetodes ten opsigte van jeugkore bestaan slegs by uitsondering.

---oOo---



Eerste Vrystaatse Jeugkoor

HOOFSTUK 2

HISTORIESE OORSIG VAN DIE ONTSTAAN, VESTIGING EN ORGANISASIE VAN DIE VRYSTAATSE JEUGKOOR

2.1 AANLOOP TOT DIE STIGTING VAN DIE VRYSTAATSE JEUGKOOR

Hoewel die landelike Oranje-Vrystaat as provinsie 'n lofwaardige kulturele erfenis besit, het daar mettertyd 'n behoefte ontstaan om ook die tradisie van skoolsang deur die stigting van 'n vaste jeugkoor te verstewig. Sodanige lede sou uit die hoërskoolleerlinge gekeur word. Ten spyte daarvan dat die Oranje-Vrystaat die kleinste van die vier provinsies is, sou dit later ook ander provinsies tot die stigting van soortgelyke kore inspireer (cf. hfst. 6).

Die vereiste teelaarde vir die ontstaan van die gedagte aan 'n jeugkoor het by uitnemendheid in die Oranje-Vrystaat bestaan, omdat Petrus J. Lemmer, komponis, voordraer en koorleier, sedert die dertigerjare as musiekinspekteur in die Oranje-Vrystaat werksaam was. Lemmer se liefde vir koorsang het tot die aanbieding van gereelde kunswedstryde en koorkompetisies tussen Vrystaatse streke gelei, asook tot 'n algemene stimulering van 'n sangtradisie in die Oranje-Vrystaat. Dawid J. Roode wat sedert 1946 tot 1958 aan die musiekdepartement van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat verbonde was, was self ook 'n koorgeesdriftige. Beide hy én Lemmer het kore afgerig en die inspirasie wat van hulle uitgegaan het, het bygedra tot die vestiging van 'n vaste koortradisie in die Oranje-Vrystaat (De Villiers, D. I. C., 31 Mei 1984: onderhoud; Richards, 1986:1 en 5).

Talle musici, musiek liefhebbers en koorleiers het mettertyd van die werk wat op koorgebied in die Oranje-Vrystaat gedoen is, kennis geneem. Onder diegene was ook 'n jong musikus, Dirk Izak Catoggio de Villiers, destydse dosent aan die Onderwyskollege te Graaff-Reinet. Hy het reeds teen 1954 die Oranje-Vrystaat met die begrip "koorsang" geassosieer (De Villiers, D. I. C., 31 Mei

1984: onderhoud). Toe De Villiers dus in 1956 aangestel word om P. J. Lemmer as musiekinspekteur in die Oranje-Vrystaat op te volg, was hy vasbeslote om veral die tradisie van koorsang in die Vrystaatse skole voort te sit. Hierin word hy deur die Onderwysdepartement ondersteun, toe Jacobus Wentzel Tersteegen van Huyssteen in 1960 as tweede musiekinspekteur in die Oranje-Vrystaat aangestel word. Van Huyssteen het reeds 'n reputasie besit as 'n besonder bekwame en entoesiastiese musiekdosent en koorafrigter (cf. afd. 3.2). Hy sou dus op 'n bekwame wyse kon meehelp aan die opbou van 'n koorsangtradisie.

Intussen het daar in die sestigerjare by die Administrateur van die Oranje-Vrystaat, mnr. J. W. C. (Sand) du Plessis, en die destydse Direkteur van Onderwys, E. E. van Kerken, 'n sterk oortuiging posgevat dat provinsiale erekleure ook vir kulturele prestasies en nie net vir sportprestasies nie, toegeken moes word. In die lig van die prominensie en sukses van skoolkoorsang in die Oranje-Vrystaat het hulle De Villiers in Mei 1964 genader vir die moontlike stigting van 'n provinsiale skoolkoor uit gekeurde hoërskoolleerlinge saamgestel.¹ Die vereiste was dat die koor uit hoogs begaafde leerlinge uit die hele Vrystaat gekies moes word en vir provinsiale erekleure sou kwalifiseer.

Tydens die onderhoud tussen die Administrateur en De Villiers, waar Van Kerken ook teenwoordig was, is die hele gedagte aan De Villiers voorgelê. De Villiers het onmiddellik besef dat só 'n projek, indien dit geïmplementeer kon word, 'n belangrike inset sou kon lewer ten opsigte van toekomstige koorsangers en -leiers. Hierdie groep sou ook as spieëlbeeld van die werk wat in Vrystaatse skole in koorverband gedoen word, kon dien.

Geïnspireer deur dié konsep verklaar De Villiers homself bereid om die voorgestelde taak aan te pak. Aanvanklik sou hy as beplanner, organiseerder én dirigent van die koor moes optree. Die implementering van die gedagte sou egter besondere fisiese en

1 "Op 'n dag in Mei 1964 bel die administrateur, mnr. Sand du Plessis, se sekretaris my in my kantoor en sê dat die Administrateur my wil spreek" (De Villiers, D. I. C., 31 Mei 1984: onderhoud).

administratiewe eise stel. Uiteraard sou hy die Vrystaat moes deurreis om die koorkonsep bekend te stel, asook begaafde leerlinge persoonlik te toets. Vanweë die aard en omvang van so 'n grootskaalse projek sou alle aspekte tot in die fynste detail beplan moes word. Om tyd hiervoor te vind, versoek hy dat die Onderwysdepartement hom vir die uitvoering van hierdie taak vir ses maande van sy normale pligte moes onthef. Drie maande sou vir oudisies benodig word en die orige tyd vir die afrigting van die koor.

Voorts versoek De Villiers dat 'n derde musiekinspekteurspos vir die Vrystaat geskep word. Motivering vir hierdie versoek was dat die werkklas in 1964 vir De Villiers (in die suide) en Van Huyssteen (in die noorde) reeds bykans te veeleisend was. Die voorgestelde koorprojek het dus vereis dat bykomende hulp bekom moes word.

Die Uitvoerende Komitee van die Oranje-Vrystaat het die hele aangeleentheid indringend bespreek en die volle koorprojek sterk gesteun (Die Vrystaatse Jeugkoor, 1968:21). In Augustus 1964 word De Villiers amptelik meegedeel dat die stigting van 'n provinsiale jeugkoor goedgekeur is met inagneming van sy voorwaardes¹ (Bouwer, J. D., 26 Februarie 1985: onderhoud).

2.2 DIE BEPLANNING EN UITVOERING VAN DIE JEUGKOORPROJEK

De Villiers se opdrag was om die voorgestelde projek van 'n Vrystaatse Jeugkoor² tot praktiese uitvoering te bring. Die problematiek rondom die beplanning en uitvoering van die jeugkoorprojek was veral vanweë die feit dat daar geen model in Suid-Afrika bestaan het om na te volg nie. Terselfdertyd sou ouers sowel as onderwysers oortuig moes word van die noodsaaklikheid en lewensvatbaarheid van só 'n koor wat waarskynlik prakties onder moeilike omstandighede sou moes funksioneer.

1 Die derde inspekteur, C. J. Heyns, sou in Januarie 1965 diens aanvaar.

2 Die term "Jeugkoor" word vervolgens afwisselend met "Vrystaatse Jeugkoor" gebruik wanneer die koor bedoel word.

Die beplanning van die projek het vereis dat die volgende aspekte in gedagte gehou moes word:

- o Die doelstelling(s) met die totstandbringings van so 'n koor moes duidelik uitgespel word.
- o De Villiers moes voorts besluit wie as teikengroep sou dien en op watter wyse nominering van aspirantkandidate sou geskied.
- o Belangrik was ook om die norme, waarvolgens evaluering sou geskied, asook 'n geskikte en beproefde toetswyse, te bepaal.
- o Die formele voorwaardes vir aanneming as koorlid moes bepaal en vasgelê word.
- o Vanweë die uitgestrektheid van die Oranje-Vrystaat sou dit nodig wees om 'n sentrale plek, asook gepaste tye vir repetisies, te vind.
- o Die vervoer van koorlede na en van oefenpunte en konserte moes apart beplan en georganiseer word.
- o Omdat die koor as 'n provinsiale groep sou optree (cf. afd. 2.1), sou daar op 'n vaste koordrag, waarin die provinsiale kleure op een of ander wyse verteenwoordig is, besluit moes word.
- o Insgelyks moes bepaal word hoe die organisasie en reklame ten opsigte van toere en optredes behartig sou word en of bykomende personeel met ander spesifieke administratiewe verantwoordelikhede nodig was om die koorleier by te staan.
- o 'n Geskikte konsertprogram (cf. hfst. 4) sou ook jaarliks saamgestel moes word, wat aan die norme van goeie musikale smaak moes beantwoord, maar wat binne die fisiese, geestelike en musikale vermoëns van die koorlede sou val.
- o Ten slotte was probleme rondom finansies stellig ook een van die belangrikste aspekte wat besondere aandag sou vereis. Alle fasette wat die doeltreffende funksionering van die koor raak, soos vervoer, drukwerk vir reklame en programme, koordrag, huur van sale en nog meer, sou finansiële implikasies hê. De Villiers moes voorts ook aandag skenk aan wyses waarop finansiële of ander steun uit die privaat sektor vir die koor gewerf kon word.

2.2.1 Doelstellings van die koor

De Villiers formuleer die doelstellings van die Vrystaatse Jeugkoor in 'n amptelike memorandum soos volg:

- Die koor moet as 'n spieëlbeeld dien van die werk wat in die Vrystaatse hoërskole op koorgebied gedoen word.
- Erkenning moet daardeur verleen word aan die kultuurprestasie van hoogs begaafde leerlinge deur provinsiale erekleure aan hulle toe te ken.
- Die koor moet aan die geselekteerde leerlinge gespesialiseerde kooropleiding verskaf wat hulle as toekomstige koorleiers of lede van volwassene- of studentekore sal vorm (Bouwer, J. D., 26 Februarie 1985: onderhoud).

2.2.2 Keuring van koorlede

Alle hoërskole in die Oranje-Vrystaat sou dien as potensiële werwingsgebied vir die soeke na geskikte koorsangers vir 'n gemengde vierstemmige koor van seuns en dogters (Bouwer, J. D., 26 Februarie 1985: onderhoud).

De Villiers het die belangrikheid daarvan besef dat 'n verantwoordbare evalueringsproses by die keuring van koorlede gevolg moes word. Daarom het hy in 1964 Leo Quayle van die departement musiek aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat¹ vir advies in dié verband genader. As dirigent en koorleier, onder andere by Sadler's Wells in Londen, was Quayle vertrouwd met tegnieke en prosedures om oudisies vir voornemende koorlede in die operabedryf te hou. De Villiers het beoog om sodanige oudisietegnieke aan te pas om die stemme van hoërskoolleerlinge te toets.

Intussen het De Villiers Van Huyssteen versoek om kandidate uit die Noord-Vrystaat vir keuring te nomineer. Hiervan is 74

¹ Quayle "was van 1958 tot 1964 hoof van musiek aan die Vrystaatse universiteit ..." (Ons Stad, 5 Junie 1986:5).

leerlinge gesamentlik deur die twee inspekteurs getoets. Daarna het De Villiers nóg 30 leerlinge uit sy eie inspekteurs-area, asook 50 kandidate wat deur Vrystaatse onderwysers genomineer is, getoets. Hierdie groot taak was aan die begin van Desember 1964 afgehandel. Uiteindelik word uit die gekeurde kandidate 'n koor van 30 lede, bestaande uit 10 soprane, 8 alte, 6 tenore en 6 basse, saamgestel (De Villiers, D. I. C., 31 Mei 1984: onderhoud; Bouwer, J. D., 26 Februarie 1985: onderhoud).

Tans (1987) word oudisies so vroeg as Augustus en September afge- neem. Name van musikaalbegaaftde leerlinge word deur skoolhoofde op 'n nominasievorm wat deur die afrigter uitgestuur word, ingevul en voor 'n bepaalde datum aan die afrigter van die koor terug- gestuur. (Cf. bylae J vir 'n voorbeeld.)

2.2.3 Prosedure van lidmaatskapsaanne

Die name van suksesvol-gekeurde leerlinge is aan skoolhoofde en ouers bekend gemaak. Voordat 'n gekose leerling egter amptelik aanvaar is, moes aan sekere voorwaardes voldoen word, naamlik:

- o Die ouers en skoolhoof moes skriftelik waarborg dat die gekose koorlid repetisies gereeld en getrou sou bywoon.
- o Die ouers en skoolhoof moes ook skriftelik onderneem dat die koorlid aan die kort konserttoer daarná sou meedoen.¹
- o Alle ouers moes 'n amptelike vorm onderteken wat die Onderwys- departement van enige aanspreeklikheid sou vrywaar in die geval van ongelukke² (Bouwer, J. D., 26 Februarie 1985: onder- houd; De Villiers, D. I. C., 31 Mei 1984: onderhoud).

Die voorgaande beleid is in 1967 in sy geheel deur 'n Uitvoerende Komitee-besluit (Minute 226/20.2.67) bekragtig.

1 Amptelike memorandum aan die Direkteur van Onderwys vanaf De Villiers, gedateer 7 November 1964 (Bouwer, J. D., 26 Februarie 1985: onderhoud).
 2 De Villiers meld later, in 'n verslag aan mnr. J. P. Malan, hoof van onderwys- hulp- dienste vir musiek, Transvaalse Onderwysdepartement, gedateer 27 Oktober 1971, dat die Vrystaat nooit versekering vir die koorlede oorweeg het nie (Bouwer, J. D., 26 Februarie 1985: onderhoud).

Nadat aan die genoemde voorwaardes voldoen is, is die name van die verkose koorlede aan die Administrateur en Uitvoerende Komitee vir goedkeuring voorgelê. Uiteindelik het die amptelike bekendstelling van die name van jeugkoorlede in die media plaasgevind (Bouwer, J. D., 26 Februarie 1985: onderhoud).

Die voorwaardes waaronder leerlinge teenswoordig aan aktiwiteite van die koor deelneem, is in wese nog dieselfde, alhoewel eise ten opsigte van naweekrepetisies en optredes meer omvangryk is (Hyman, J. D., 19 September 1985: onderhoud).

2.2.4 Keuse van plek en tye van repetisies.

Omdat die lede van die Jeugkoor uit verskillende dele van die Vrystaat gewerf is, was dit nodig om op 'n sentrale punt vir kooroefeninge te besluit. Vir dié doel is Winburg as die mees sentrale dorp in die Vrystaat gekies.

Deur bemiddeling van die toenmalige Direkteur van Onderwys, het die hoof van die Hoërskool Winburg tot die beskikbaarstelling van die skoolsaal vir kooroefeninge op 'n gereelde basis ingestem. Gedurende die heel eerste bestaansjaar van die koor (1965) het koorlede op drie Saterdag in die loop van die eerste kwartaal vir daglange kooroefeninge op Winburg saamgetrek. Koorlede het die musiek vooraf ontvang met die opdrag om dit in te studeer. Die eerste toer van 1965 het na slegs vier oefeninge plaasgevind. Ná die eerste jaar was dit duidelik dat daar 'n behoefte aan meer oefentyd bestaan het (De Villiers, D. I. C., 31 Mei 1984: onderhoud). Benewens die feit dat die Saterdag-oefensessies op Winburg na vyf vermeerder het, het die Uitvoerende Komitee¹ in 1971 besluit om die saal-, eet- en oorslaapgeriewe van die Willem Pretorius Wildtuin vir die addisionele repetisies gratis aan die koor beskikbaar te stel (Bouwer, J. D., 26 Februarie 1985: onderhoud).

1 U.K.-besluit nr. 1138/7/12/71 (item 4).

Tans word al die Saterdag gedurende die eerste skoolkwartaal¹ vir oefensessies benut, hetsy op Winburg of die Willem Pretorius Wildtuin (Hyman, J. D., 6 Maart 1987: onderhoud).

2.2.5 Keuse van eenvormige koordrag

Dit is 'n erkende tradisie in Suid-Afrika dat koorgroepe in 'n eie, spesiale drag optree. Dit was dus wenslik dat die koor reeds in 1965 'n eenvormige koordrag sou hê. Aangesien die Jeugkoor 'n provinsiale koor was, moes die provinsiale kleure van die Oranje-Vrystaat ook sinvol ingewerk word.

De Villiers het ná oorleg met die ouers, besluit dat die drag vir die groep uit wit hemde vir beide seuns en dogters, met donkerkleurige rompe vir die dogters en donker broeke vir die seuns sou bestaan. Voorts het die Administrateur magtiging verleen dat die provinsiale kleure in 'n sakwapen op 'n swart baadjie, asook op 'n klein metaalwapen vir koorlede aangebring kon word. Laasgenoemde sou op 'n effekleurige das gedra word. Die bekende skilder en glaswerker, Eben van der Merwe,² het die koorwapen ontwerp.³

Hierdie kleredrag het, buiten vir 'n ingeweefde wapen in die das, wesenlik onveranderd gebly. Slegs die dogters se uitrustings is met verloop van tyd gewysig.

2.2.6 Organisasie van toere en konserte

In die beginjare is die reusetaak van die organisering van toere en konsertoptredes deur De Villiers alleen behartig. Hy het

1 Volgens Hyman sluit dit gewoonlik 8 tot 10 Saterdag in. Oefensessies duur vanaf 09h00 tot 16h00 met onderbrekings vir middagete en teepouses.

2 Hy het veral bekendheid verwerf as die ontwerper van die grootste aaneengeskakelde glaswerke in die suidelike halfronde, naamlik die twaalfverdieping hoë westefront van die H.F. Verwoerd-gebou in Bloemfontein. Van der Merwe is deur De Villiers genader om 'n wapen vir die Jeugkoor te ontwerp en eersgenoemde het kosteloos aan hierdie versoek voldoen (De Villiers, D. I. C., 31 Mei 1984: onderhoud).

3 Cf. bylae I vir 'n voorbeeld van die 1970-programvoorblad.

persoonlik na plekke gereis waar konserte sou plaasvind en daar met komitees van kultuurverenigings, boereverenigings, die Rapportryers asook skoolhoofde onderhandel om behulpsaam te wees met die organisering van toere. Tydens sodanige besoeke het hy 'n sentrale punt bepaal waar kaartjies verkoop sou word en same-sprekings gevoer met die organiseerders ten opsigte van die reëlings in verband met reklame en verblyf.

Vir die eerste paar jaar was die optredes van die koor nie geborg nie, wat gevolglik die finansiële risiko verbonde aan konserte verhoog het (cf. afd. 2.2.8.4).

2.2.7 Koopersoneel

2.2.7.1 Koorleiers

Die rol van 'n koorleier in die sukses van 'n koor kan moeilik oorbeklemtoon word. Dié persoon is die spil waarom die geslaagde funksionering van die koor draai (cf. hfst. 7). Om samewerking en groepsgees te bewerkstellig, moet die koorleier oor mensekennis en leierseienskappe beskik. Voorts hang die vertoning, prestasie en artistieke gehalte van 'n kooruitvoering direk van die musikale vermoëns en kennis van die koorleier af. Die stemme is die "musikale instrument" waarmee koormusiek, onder leiding van die koorleier, goed of swak vertolk kan word.

Die Administrateur, J. W. C. du Plessis, asook die Direkteur van Onderwys in die Vrystaat, E. E. van Kerken, was in 1964 daarvan oortuig dat die provinsie 'n geskikte koorleier beskikbaar gehad het vir die projek van 'n jeugkoor in die persoon van die musiek-inspekteur, Dirkie de Villiers (Bouwer, J. D., 26 Februarie 1985: onderhoud).

De Villiers het vanaf 1965 tot 1967 alleen as koorleier opgetree, en is vanaf 1968 deur J. W. T. (Tersteegen) van Huyssteen bygestaan. Ná tien jaar, in 1974, het De Villiers as koorleier uitgetree, alhoewel hy as hoof van skoolmusiek, nog rondom die

beplanning en aktiwiteite van die Jeugkoor betrokke was. In 1975 het A. H. (Andries) Wassermann De Villiers se plek as medekoorleier saam met Van Huyssteen oorgeneem. Sedert die aftrede van laasgenoemde in 1976 het J. D. (Danie) Hyman as medekoorleier opgetree. Vanaf 1977 het die twee koorleiers besluit om alternerend al om die ander jaar, die koor as koorleiers af te rig, soos in tabel 1 gesien kan word. Om beter kontinuïteit te bewerkstellig, word die koor sedert 1986 vir 'n periode van drie jaar aan een koorleier toegesê (Bouwer, J. D., 15 Augustus 1985: onderhoud).

TABEL 1
KOORLEIERS : VRYSTAATSE JEUGKOOR : 1965 TOT 1987

Jaar	Koorleier(s)
1965 - 1967	D. I. C. de Villiers
1968 - 1974	D. I. C. de Villiers en J. W. T. van Huyssteen
1975	A. H. Wasserman en J. W. T. van Huyssteen
1976	A. H. Wasserman en J. D. Hyman
1977	A. H. Wasserman
1978	J. D. Hyman
1979	A. H. Wasserman
1980	J. D. Hyman
1981	A. H. Wasserman
1982	J. D. Hyman
1983	A. H. Wasserman
1984	J. D. Hyman
1985	A. H. Wasserman
1986 - 1988	J. D. Hyman

2.2.7.2 Begeleiers

In sy keuse van koormusiek vir die eerste Vrystaatse Jeugkoor (1965) het De Villiers werke met en sonder klavierbegeleiding ingesluit. Deur hierdie uitgangspunt kon hy as afrigter uit 'n wyer verskeidenheid koorwerke kies.

Om dié rede is in die beginjare van die Jeugkoor gereeld van die dienste van 'n klavierbegeleier gebruik gemaak. Destyds was dit gewoonlik 'n koorlid of soms De Villiers self (De Villiers, D.I.C., 31 Mei 1984: onderhoud)

Vanaf 1971 egter, het Vrystaatse musiekonderwyseresse as begeleidsters begin optree (J. D. Boucher, 27 Maart 1985: onderhoud). Tradisioneel vervul slegs een persoon dié funksie, maar vir 1985 was amptelik twee persone wat hul tyd en kragte kon verdeel, aangewys (cf. tabel 2).

Aangesien Hyman mettertyd voorkeur begin verleen het aan *a cappella*-sang is vir 1984 en 1986 geen begeleidsters aangewys nie (cf. tabel 2).

In tabel 2 word 'n oorsig van die verskillende jeugkoorlede, asook onderwysers wat as begeleiers opgetree het, gegee (cf. p. 22).

2.2.7.3 Toerouers vir die koor

Die taak van die koorleier kan aansienlik vergemaklik word indien bekwame persone verantwoordelikheid vir die fisiese en geestelike versorging van koorlede tydens toere aanvaar. Sodanige persoon (persone) kan ook met dissipline, asook organisatoriese en finansiële aspekte rakende toere, konsertoptredes en klere-drag behulpsaam wees.

In die Jeugkoor-opset speel die toermoeder as vertroueling en raad-geefster vir die tienerjariges 'n belangrike rol. Mevrou Doll de Villiers, eggenote van De Villiers, het tydens die eerste toere gereeld die koor as nie-amptelike toermoeder vergesel. Alhoewel sy besonder geliefd was onder die kinders (Coetzee, A. F., 14 September 1985: onderhoud), het die Onderwysdepartement dit sedert 1965 as beleid aanvaar om elke jaar 'n dame in diens van die Departement aan te wys om as jeugkoor-*chaperonne* op te tree. Mej. J. L. (Hannah) Brink van Bloemfontein, was die eerste wat dié plig vervul het. Toe sy in Junie 1967 nie die koor kon vergesel nie, het

TABEL 2
DIE VERSKILLENDEN JEUGKOORLEDE EN ONDERWYSERS WAT AS
BEGELEIERS OPGETREE HET*

Jaar	Begeleier	Bykomende inligting	
1965	Johan Meiring	Jeugkoorlede as begeleiers	
1966	Adré van Rensburg		
1967	Adré van Rensburg		
1968	Suzette Lotz		
1969	Johan Oberholzer		
	Johann Johl		
1970	Dennis Stander		
	Japie Britz		
1971	Gerald Stockton		Kroonstad (snaarinstrumentalis en bas)
1971-1975	Danita Nel		Musiekonderwyseresse
1976	Claudine von Wielligh		
1977	Erica Gregorowski		
1978	Joey Potgieter		
1979	Danita Nel		
1980-1981	A. F. (Ansie) Papenfus		
1982	Joey Potgieter		
1983	A. F. Papenfus		
1984	Geen		
1985	Danita Nel		
	A. F. Papenfus		
1986	Geen		

* Bronne: Bouwer, J. D., 27 Maart 1985; onderhoud; plaatomslae 1966, 1967, 1969, 1970; programme, bylae K.

mev. A. F. (Tallie) Coetzee haar plek ingeneem (Bouwer, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud). Vir die volgende tien jaar sou hierdie inspektrises as jeugkoor-*chaperonnes* optree.

In die beginjare van die Jeugkoor was die toermoeders ook met programverspreiding, plateverkope en algemene administrasie behulpsaam. Tydens konserte het hulle geld van verkoopte kaartjies ontvang en by die provinsiale Inkomstekantoor van die Oranje-Vrystaat inbetaal. Die versorging, fisiese voorkoms en kleredrag van koorlede tydens optredes en toere was deur al die jare eweneens deel van hulle pligte (Coetzee, A. F., 14 September 1985: onderhoud). Aangesien die optredes van die koor mettertyd met die finansiële ondersteuning van borge plaasgevind het, het die administratiewe en finansiële aspekte van hulle pligte grootliks verminder (cf. afd. 2.2.8.4).

Wat die seuns betref, het die koorleier die rol van toervader vir hulle vervul. Mettertyd is die dirigente deur 'n onderwyser in diens van die Onderwysdepartement hierin bygestaan. Hy het meegehelp met administratiewe en organisatoriese reëlings en het soms ook as busbestuurder opgetree (De Villiers, D. I. C., 13 Mei 1984: onderhoud). Tabel 3 bied 'n oorsig van die persone wat met verloop van tyd as amptelike toerouers vir die koor opgetree het.

Die reeds genoemde Jeugkoorpersoneel is, soos en wanneer tydens oorsese toere benodig, tydelik deur bykomende lede aangevul. Hoewel miskien minder opvallend, het en vervul Jeugkoorpersoneel steeds 'n noodsaaklike rol in die funksionering van die Vrystaatse Jeugkoor.

2.2.8 Finansiële beplanning

Terwyl die Jeugkoorprojek nog in beplanning was, het die finansiële implikasies wat die funksionering van so 'n koor sou meebring, die volle aandag van De Villiers geniet. Hy het besef dat die grootste onkoste die vervoer van koorlede na en van repetisies

TABEL 3
AMPTELIKE TOEROUERS

Jaar	Dames	Mans (behalwe die koorleiers)
1965	Mej. J. L. Brink	Geen gegewens beskikbaar
1966	Mej. J. L. Brink	Geen gegewens beskikbaar
1967	Mev. A. F. Coetzee en Mej. J. L. Brink	A. de Waal
1968	do	P. Potgieter (Faturesmith)
1969	do	Geen gegewens beskikbaar
1970	do	do
1971	do	do
1972	do	do
1973	Mev. A. F. Coetzee	do
1974	Mev. A. F. Coetzee	do
1975	Petro Blaettler	do
1976	do	do
1977	do	Les le Roux en Barry Havenga
1978	do	Les le Roux (Virginia)
1979	do	do
1980	do	do
1981	Retha Krüger	do
1982	Petro Blaettler	do
1983	Retha Krüger	Jan Jacobs (Kroonstad)
1984	Petro Blaettler	Gawie Denner (Kroonstad)
1985	Trudie Möller	Jan Jacobs
1986	Petro Blaettler	Gawie Denner

en konserte sou wees. Ná 'n bespreking met die Administrateur oor hierdie aangeleentheid, verwys hy in 'n amptelike memorandum aan die Direkteur van Onderwys, gedateer 17 November 1964, soos volg: "Die Administrateur het beloof dat die Provinsiale Administrasie voorsiening sal maak vir toevallige onkoste, soos die byeenbring van koorlede vir repetisies en die busvervoer tydens optredes."¹

Teen die einde van 1964 lê De Villiers 'n eerste begroting vir die koor aan die Direkteur van Onderwys, E. E. van Kerken, voor. In 'n amptelike stuk, gedateer 23 Desember 1964, beveel die Direkteur aan dat R2 500 ter delging van uitgawes aan die eerste koor beskikbaar gestel word. Dié aanbeveling is positief deur die Uitvoerende Komitee ontvang en in 'n vergadering op 18 Januarie 1965 bekragtig. Die bedrag van R2 500 sou vir reklame, drukkoste van programme en reiskoste vir repetisies, sowel as vir optredes, aangewend word. Die Jeugkoorleier, as amptenaar van die Provinsiale Administrasie, sou geen spesiale vergoeding ontvang nie (Bouwer, J. D., 26 Februarie 1985: onderhoud).

Deur die destydse tydigse finansiële voorsiening vir kooruitgawes, is dié verantwoordelikheid van die koorleiers weggeneem sodat hulle hul nie oor die finansiering van toere en ander uitgawes hoef te gekwel het nie, maar meer aandag aan die artistieke ontwikkeling van die koor kon skenk.

2.2.8.1 Vervoerkoste vir repetisies

Die finansiële implikasie ten opsigte van die vervoer van jeugkoorlede na en van repetisiepunte, soos voorheen genoem (cf. afd. 2.2.8), is reeds tydens die beplanningsfase besef. Privaat motors van ouers en voogde, asook skoolbusse, is gebruik vir die vervoer van koorlede. In alle gevalle is die betrokkenes volgens 'n vaste basis deur die Provinsiale Administrasie vergoed. Eise ten opsigte van afstande afgelê moes op 'n voorgeskrewe eisvorm ingedien

¹ Soos aangehaal uit amptelike stukke (Bouwer J. D., 26 Februarie 1985: onderhoud).

word. Soos in tabel 4 gesien kan word, is hierdie tariewe deur die jare aangepas (Bouwer, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud).

Behalwe privaat motors en skoolbusse is ook met amptelike goedkeuring¹ van provinsiale voertuie gebruik gemaak om koorlede, in die besonder vanaf Bloemfontein, wat tradisioneel die grootste groep was, na repetisies te vervoer.

Personeel (ook Jeugkoördirigente) verbonde aan die Jeugkoor, se vervoerkostes is kragtens 'n Uitvoerende Komitee-besluit² ooreenkomstig amptelike voorgeskrewe tariewe vergoed. Tabel 4 bied interessantheidshalwe 'n aanduiding van die vergoedingstariewe vir die verskillende vervoertipes wat oor 'n aantal jare van toepassing was (Bouwer, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud).

TABEL 4
VERGOEDINGSTARIEWE

Jaar	Soort voertuig	Bedrag	Afstandeenheid
1965	motor	2c	myl
1972	motor	3c	myl
1974	motor	5c	kilometer
1979	motor	12c	kilometer
1965	ligte skoolbus	10c	myl
	ligte skoolbus	12c	myl
1981	ligte skoolbus	23c	kilometer

2.2.8.2 Koortoere

Wat toere betref, was die vervoerprobleem meer kompleks van aard. 'n Spoorwegbus is vir die eerste toer van 1965 teen 'n spesiale

1 U.K.-besluite 1583/11/12/70 en 1583/22/2/71 (Bouwer, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud).

2 U.K.-besluit van Minute 226/20/2/67 (Bouwer, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud).

tarief vir die vervoer van die koorlede gehuur. Ná 1965 is egter by voorkeur van skoolbusvervoer gebruik gemaak. In 1966 is 'n tarief van 15c per myl vir die gebruik van sodanige busse betaal en ná 1967 is dit na 20c per myl verhoog¹ (Bouwer, J. D., 26 Februarie 1985: onderhoud).

Dit het algaande duidelik geword dat 'n behoefte bestaan aan 'n permanente bus wat die Vrystaatse Jeugkoor kon vervoer. In 1972 het die Uitvoerende Komitee 'n besluit geneem om 'n bus van 66 sitplekke vir dié doel aan te koop.² Hierdie bus, PAO 29, is in Julie 1973 in gebruik geneem, en is nie slegs vir die vervoer van die Jeugkoor nie, maar ook vir ander Vrystaatse musiekgroepe gebruik. Vanaf 1984, nadat die bus uitgedien geraak het, word die Jeugkoor deur 'n toerbusmaatskappy vervoer (Bouwer, J. D., 26 Februarie 1985: onderhoud).

2.2.8.3 Diverse aangeleenthede

Die algemene hantering van die koor se finansies is aanvanklik deur De Villiers as koorleier self behartig. Soos hyself daarvoor getuig, het hy "vir die eerste twee jaar ... self nog probeer aanploeter en baie foute gemaak, soos om byvoorbeeld boekies met kaartjies weg te gooi wat nog gesigswaarde (sic. sigwaarde) gehad het ..." (De Villiers, D. I. C., 31 Mei 1984: onderhoud).

Dit was dus nodig dat 'n beleid in verband met die hantering van die Jeugkoor se finansies geformuleer moes word. Op 7 Maart 1967 word so 'n vaste prosedure deur die Uitvoerende Komitee aanvaar.³

Die volgende besluite is geneem:

■ Advertensies

Advertensies wat in die media aangebied word, moet vooraf met die afdeling kantoorhulpdienste van die Provinsiale Administrasie,

1 In 1967 en 1968 is busse van die Hoërskool President gebruik (Bouwer, J. D., 26 Februarie 1985: onderhoud).

2 U.K.-besluit 460/25/2/1972 (Bouwer, J. D., 26 Februarie 1985: onderhoud).

3 U.K.-besluit van 7 Maart 1967: Minute 226/20/2/67 (Bouwer, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud).

gefinaliseer word. Advertensies in programme is die verantwoordelikheid van die organiseerder, wat in dié verband met die Direkteur van Onderwys oorleg moet pleeg.

☐ Drukwerk

Drukwerk moet deur bemiddeling van die kontroleur van voorrade van die Provinsiale Administrasie, met inagneming van die tenderraad se regulasies, gereël word.

☐ Toegangskaartjies

Toegangskaartjies word direk deur die drukker aan die organiseerder afgelewer, wat die volledigheid en korrektheid daarvan moet kontroleer. Die organiseerder behartig die verdere verspreiding van kaartjies aan gekrediteerde persone op plekke waar die Jeugkoor optree. Hy moet ook 'n skriftelike erkenning van ontvangs van die kaartjies indien. Ná konsertoptredes word onverkoopte kaartjies gekontroleer en in 'n voorraadregister aangeteken. Na afloop van 'n toer word hierdie voorraadregister aan die provinsiale rekenmeester se kantoor vir kontrole en ouditering voorgelê. Toegangskaartjies moet streng teen die sigwaarde verkoop word.

☐ Programme

Programinkomste word in 'n aparte register opgeteken en moet deur twee persone, van wie een die organiseerder moet wees, as korrek gesertifiseer word. Eregaste mag programme gratis ontvang. Programme is voor konserte aan die publiek teen 'n donasie beskikbaar. Jeugkoorlede moet die programme self versprei.

☐ Konsertinkomste

Konsertinkomste word so gou as moontlik, ná afloop van elke konsert, by die naaste bank in 'n rekening van die Provinsiale Administrasie inbetaal (Bouwer, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud).

2.2.8.4 Advertensiegelde en borge

Die eerste Jeugkoorkonsertprogramme is weens die groot aantal advertensies wat daarin verskyn het, in boekievorm gedruk. Op hierdie wyse het De Villiers bykomende fondse vir die koor bekom.¹

Gedurende 1967 het die Jeugkoor 'n besoek aan die Suid-Afrikaanse Steenkool-, Olie- en Gaskorporasie (SASOL) gebring. Tydens dié geleentheid het die Jeugkoor 'n aantal werke vir die topbestuur gesing, wat algemene byval gevind het. Hierdeur is 'n nuwe era betree waarin die optredes van die koor in 'n toenemende mate geborg sou word. Die besturende direkteur van SASOL, D. P. de Villiers, skryf ná hierdie besoek 'n brief gedateer 29 Mei 1967, aan die Vrystaatse Direkteur van Onderwys waarin sekere voorstelle gedoen word. Hy rig daarin 'n uitnodiging aan die 1968-koor om hulle openingskonsert op Sasolburg te hou. SASOL bied voorts aan om dié konsert vir R250 te "koop" en 'n verdere R250 te betaal vir 'n advertensie in die Jeugkoorprogram. Die maatskappy sou ook die kaartjieverkope, wat gewoonlik deur die Jeugkoorse organiseerder behartig is, onderneem.

Met toestemming van die Direkteur van Onderwys² is die reëlings vir hierdie konsert, wat op 29 Maart 1968 sou plaasvind, teen Augustus 1967 gefinaliseer. Tweehonderd sakelui en hul gades, en ongeveer 250 skoolkinders sou as gaste van SASOL vir die aand uitgenooi word, terwyl 'n wins vir die koor se optrede met volle dekking van kostes geborg is.³

Hierdie eerste borgskap van die Jeugkoor deur Sasol, het 'n nuwe era van borge vir konserte ingelui. 'n Beleid van borgskappe in die Jeugkooraktiwiteite is stelselmatig ingefaseer, wat dié finansiering van konserte op 'n meer koste-doeltreffende grondslag geplaas het.

1 Die elf advertensies in die 1966-program het R235 bykomende inkomste voorsien; dié van 1966 R215 (Bouwer, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud).

2 In 'n brief gedateer 7 Junie 1967 het die Direkteur die aanbod aanvaar en opdrag gegee dat Dirkie de Villiers moes voortgaan om alle reëlings te finaliseer (Bouwer, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud).

3 Die finansiële voordeel van hierdie reëling spreek uit die feit dat die inkomste vir so 'n konsert onder normale omstandighede slegs R175 in plaas van R250 sou beloop het.

Teen 1968 het die Vrystaatse Jeugkoor al 'n redelike groot luisterpubliek bereik en 'n bevredigende mate van bekendheid opgebou. Daarom was dit vanaf 1969 prakties uitvoerbaar om die koorconserte onder beskerming van borge te laat plaasvind.

In 'n memorandum gedateer 24 November 1968 bepaal en lê die Direkteur van Onderwys die volgende beleid neer in verband met die Jeugkoor se konserte:

- Alle kooruitvoerings moet onder die beskerming van 'n gekeurde liggaam, soos byvoorbeeld 'n skool, die Rapportryerskorps, die Vryburgers, 'n kerklike instansie, munisipaliteit of maatskappy soos SASOL en andere staan.
- Die organiseerder moet 'n *ad hoc*-komitee van elkeen van die instansies vooraf ontmoet, om die nodige administratiewe reëlins in verband met fooie, toegangsgelde, huisvesting, saal, klavier en presiese konsertdatum te bespreek.
- Al die liggame moet 'n minimum fooi van R200 aan die Provinsiale Administrasie vir die optrede van die koor onder hulle beskerming betaal - tensy anders deur die Direkteur van Onderwys besluit. Hierdie fooi sal ook na gelang van omstandighede deur die koorleier(s), namens die Administrasie, tot R300 of meer verhoog kon word indien die betrokke komitee daartoe instem (Bouwer, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud).

Die situasie in 1986 was dat uitnodigings aan die Jeugkoor meestal van instansies afkomstig is wat as borge, verantwoordelikheid vir die meeste organisatoriese aangeleenthede van die koor se optrede aanvaar het.

2.2.8.5 Finansiële reëlins rondom plaatopnames

Daar is vir elke jaar sedert 1965, met die uitsondering van 1976, 'n Jeugkoorplaatopname gemaak. Die koste verbonde aan die maak van hierdie plaatopnames is kragtens 'n Uitvoerende Komitee-

besluit¹ deur die platefirma gedra. Plate is deur hierdie firma(s) aan die handel beskikbaar gestel en 'n tantième van vyf persent van die verkope is kragtens artikel 92 van die Wet op Outeursreg, Wet 63 van 1965, aan die Vrystaatse Provinsiale Administrasie betaal (Bouwer, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud). Die opbrengste van plateverkope is in die Provinsiale Inkomstefonds gestort.

Bykomend tot die kulturele en reklamewaarde van die Jeugkoor se plaatopnames het winste uit plateverkope derhalwe ook 'n bydrae tot die delging van kostes gemaak.

2.3 SAMEVATTING

Omdat daar voor 1940 alreeds 'n tradisie van koorsang in die Oranje-Vrystaat was, gevestig deur leidende onderwysfigure soos onder meer Lemmer en Roode, het dit as stimulus gedien vir die verdere uitbou van skolekoorsang. In 1964 realiseer 'n ideaal van die Administrateur, sowel as die Direkteur van Onderwys in die Vrystaat, wanneer De Villiers aangewys word om 'n provinsiale jeugkoor van gekeurde hoërskoolleerlinge saam te stel.

Die taak wat op De Villiers se skouers gerus het, was om 'n *modus operandi* te vind waarvolgens die koor kon funksioneer. Hy moes die doelwitte vir die totstandkoming van so 'n koor formuleer en daarvolgens die res van die beplanning doen. Dit het die beleid in verband met keuring en aanname van lidmaatskap van koorlede, repetisies, koordrag, toere en konserte, koorpersoneel en finansiële werkwyse op verskillende terreine ingesluit.

Toe De Villiers ná tien jaar as dirigent en hooforganiseerder van die Jeugkoor uittree, kon hy terugkyk op die suksesvolle stigting en verloop van die Jeugkoorprojek. Die koor het in tien jaar soveel aansien verwerf dat hy, as hoof van musiek, in die *Vrystaatse Onderwysnuus* van Julie 1975 (p. 30) skryf: "Vandag is daar baie meer aansoeke as wat die koor kan behartig en is al sy uitvoerings gewaarborgde konserte ..." Soos verder uit hierdie

1 U.K.-besluit 226/20/2/67 (Bouwer, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud).

verhandeling sal blyk, het die koor tot 1986 van krag tot krag gegaan, sowel wat artistieke gehalte betref as 'n toename in lands- wye en buitelandse konserttoere.

Daarbenewens het die koor in die beginjare deurgaans selfonderhou- dend gebly. Alhoewel die Vrystaatse Provinsiale Administrasie 'n jaarlikse subsidie van R2 500 geborg het, het die koor sommige jare 'n netto wins van tussen R400 en R1 000 getoon (Bouwer, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud).

Die effektiwiteit van De Villiers se aanvanklike organisasie blyk uit die feit dat ná 22 jaar nominasies vir aspirant-kandidate nog volgens dieselfde sisteem wat deur De Villiers verfyn is, verkry word.¹ Voorwaardes tot aanname vir lidmaatskap is in wese nog dieselfde. Repetisies vind ook op dieselfde terrein as twintig jaar gelede met dieselfde organisasie ten opsigte van vervoer- reëlings plaas.

Aangesien optredes nog steeds volgens uitnodigings en onder be- skerming van borge plaasvind, het selfs die organisasie en administrasie hiervan weinig verander. Die finansiële aangeleent- hede rakende die koor is tot 1986 steeds deur die Provinsiale Administrasie behartig.

Die implementering van die Jeugkoor-konsep in die Oranje-Vrystaat is só effektief toegepas dat ander jeugkore in Suid-Afrika direk as gevolg daarvan tot stand gekom het (cf. hfst. 6).

---oOo---

1 Die nominasievorm word deur die sangonderwyser, in medewerking met die skoolhoof, vol- tooi. 'n Maksimum getal van 12 kandidate mag genomineer word. By groter skole word die getal soms oorskry.



D. I. C. de Villiers

HOOFSTUK 3

DIE VRYSTAATSE JEUGKOORLEIERS

3.1 D. I. C. DE VILLIERS AS STIGTER EN VESTIGER VAN 'N KOORTRADISIE

3.1.1 Musikale en akademiese vorming

Dirk Izak Catoggio de Villiers, algemeen bekend as Dirkie, is op 1 November 1920 op Simonstad gebore. Sy vader, M. L. de Villiers, was predikant van die plaaslike Nederduitse Gereformeerde gemeente en 'n geesdriftige musiek liefhebber asook 'n amateurkomponis. De Villiers het dus in 'n huis grootgeword waarin musiek 'n belangrike rol gespeel het.

Sy vroegste klavieronderrig het hy reeds as kleuter van sy moeder ontvang, terwyl sy vader gereeld informele gehooronderrig met hom onderneem het. Mettertyd is sy musiekonderrig verbreed toe hy viool- en klavieronderrig van mej. Mills op Simonstad ontvang het.

Aanvanklik het hy op Simonstad skoolgegaan, maar later sy skoolloopbaan op Wellington voortgesit waar hy in 1936 gematrikuleer het.

Sedert 1931 het hy onderrig in musiekteorie en klaviervoordrag van 'n familielid, Tina Smith, ontvang. Dit het daartoe gelei dat hy die Klaviereksamen, graad VII, van die Universiteit van Suid-Afrika (Unisa), voorheen bekend as Gevorderd, onder haar leiding geslaag het. Hierdie klavieronderrig, insluitende musiekteorie en harmonie, is by Susie van der Vyver voortgesit. Sy besondere musikaliteit blyk reeds toe hy in 1935 die Klaviereksamen, graad VIII, ook van Unisa, bekend as Finaal, met lof slaag.

Op hierdie stadium sou sy latere liefde vir kerkmusiek ook 'n besondere beslag kry as hy orrellesse van Adrienne Joubert

ontvang. Hierdie nuutgewonne vaardigheid is weldra prakties benut toe hy op vyftienjarige leeftyd tydelik waarneem as orrelis van die Moedergemeente van die Nederduitse Gereformeerde Kerk op Wellington. Daarna sou hy baie ervaring bekom deur by verskillende geleenthede en in verskillende gemeentes as orrelis in te staan. Hoewel hy nooit enige eksamens in hierdie instrument afgelê het nie, sou sy liefde vir die orrel hom bybly deurdat hy feitlik lewenslank as kerkorrelis sou ageer.

In hierdie stadium het hy vir die Baccalaureus Artium-graad aan die Hugenate Universiteitskollege van Wellington met Geskiedenis, Afrikaans en Engels as hoofvakke ingeskryf. Dié Universiteitskollege was destyds 'n tak van die Universiteit van Suid-Afrika. Hy behaal die graad in 1939 en volg dit op deur in 1940 die Hoër Onderwysdiploma (H.O.D.) te verwerf.

In dieselfde jare was P. J. Lemmer 'n dosent in vokale musiekonderrig en skoolmusiek aan die Wellingtonse Onderwyserskollege en afrigter en koorleier van die kollegekoor. Hoewel De Villiers as tenoor in die koor gesing het, het hy dikwels ook as begeleier aan die klavier opgetree. Soms het Lemmer hom gevra om as hulpsdirigent te assisteer. Op hierdie wyse het hy uiters belangrike ervaring as koorleier bekom, wat hom later as stigter en afrigter van die Vrystaatse Jeugkoor besonder goed te staan sou kom.

Na twee en 'n half jaar op Vredenburg, in 1943, het De Villiers na Parow verhuis, en hoewel hy reeds as 'n jong onderwyser werkzaam was, is hy deur prof. Eric Grant, hoof van die departement musiek aan die Universiteit van Kaapstad, as 'n privaat student in musiekkomposisie aanvaar. Hierdie onderrig sou vir 18 maande duur en was besonder verruimend op sy vorming as aspirant jong komponis.

Sy klavierstudie is later onder leiding van 'n kollega, Jan Coetzee, verder gevoer sedert hy vanaf 1954 tot 1956 as departementshoof aan die Onderwyskollege in Graaff-Reinet opgetree het. In 1955 lê hy die Onderwyslisensiaat in klavier aan Unisa af, en slaag met lof. Terselfdertyd word hy genomineer vir hulle buitelandse

beurs wat egter deur 'n ander kandidaat gewen is¹ (De Villiers, D. I. C., 12 September 1985: onderhoud).

3.1.2 Onderwysloopbaan

De Villiers het sy professionele loopbaan in 1941 op Vredenburg as onderwyser begin en sou tot 1954 aan verskeie skole in Wes-Kaapland verbonde wees. Hy sou weldra bevorder word tot adjunkhoof van die Hoërskool Grabouw.

Van Julie 1954 af, egter, ageer hy as departementshoof in skoolmusiek aan die Onderwyskollege op Graaff-Reinet. Benewens sy pligte as dosent in skoolmusiek, moes hy ook geskiedenis, geskiedenis van onderwys, biblioteekwese en voordrag (spraak) doseer.

Nadat hy hierdie pos twee jaar lank beklee het, het 'n besondere benoeming hom te beurt geval toe hy op 1 Julie 1956 P. J. Lemmer as inspekteur van skoolmusiek in die Oranje-Vrystaat opvolg. Hierna sou hy 'n betekenisvolle bydrae as musiekopvoedkundige tot die ontwikkeling van skoolmusiek in die Vrystaat en in die stigting en ontwikkeling van die Vrystaatse Jeugkoor in die besonder, lewer.

In 1974 word hy bevorder tot hoof van skoolmusiek aan die Vrystaatse Onderwysdepartement. Hierdie pos het hy tot en met sy aftrede in Desember 1980 beklee.

3.1.3 Bydrae as skeppende musikus

3.1.3.1 Orrelis en kerkmusikus

De Villiers se besondere liefde vir kerkmusiek sou, naas sy jarelange verbintenis as orrelis by verskillende gemeentes, groei en nie net as koorleier die afrigting van kerkkore insluit nie, maar

¹ Die buitelandse beurs is deur Hermine Verster, 'n violis, en latere eggenote van Pierre de Groot, verower.

ook om in opdrag van die Sinode as medewerker in die hersiening van die Psalm- en Gesangboek en verwerker in die harmonisasie van die Koraalboek op te tree.

Sy eerste vaste aanstelling as orrelis was in 1945 aan die N.G. Kerk in Tierberg, gevolg deur dié in Parow Moedergemeente en Bellville-Wes. Vanaf 1954 tot 1956 was hy orrelis van die Nuwe Kerk op Graaff-Reinet en daarna ononderbroke tot en met hierdie skrywe in 1987 as orrelis van die N.G. Gemeente Bloemheuwel in Bloemfontein.

As aktiewe orrelis oor 'n tydperk van meer as 42 jaar, het hy baie nuwe orrels ingewy, talle orreluitvoerings gegee en aan verskillende kerkmusiekprogramme, insluitende radio-uitvoerings, deelgeneem.

Sy besondere liefde vir die afrigting van kore het daartoe gelei dat sy kerkkore nie slegs in hulle tuisgemeente opgetree het nie, maar dikwels op spesiale uitnodiging in ander gemeentes. Verder sluit dit radio-uitvoerings in en by geleentheid spesiale uitvoerings, soos dié uitnodiging van onder andere G. G. (Gawie) Cillié op Stellenbosch, toe sy koor saam met die koor van die Groote Kerk onder leiding van Japie Malan en G. G. Cillié se eie kerkkoor, 'n gesamentlike koorfees op Stellenbosch geloods het.

In opdrag van die Sinode is hy in Februarie 1950 benoem om saam met G. G. Cillié en J. D. Malan aandag te skenk aan harmonisasie van die Psalms en Gesange in die Koraalboek met die oog op die publikasie van 'n nuwe uitgawe. Die resultaat van hierdie arbeid was die Koraalboek wat in 1956 gepubliseer is.

Later in sy lewe sou De Villiers self objektief die gebruik van tipies negentiende-eeuse akkoorde in sommige van sy harmonisasies kritiseer omdat hy sterk onder die invloed van die Engelse himnologie gestaan het. Hy was destyds meer vertrouwd met dié styl as met die meer modale een van die Geneefse Psalms.

Van 1961 af tot 1976 het hy as lid van die Interkerklike

Hersieningskommissie vir die hersiening van die Psalms en Gesange gedien. In die uitvoering van hierdie opdrag sou hy in 'n toenemende mate die behoud van die oorspronklike Geneefse melodieë beklemtoon.

Die harmonisasie van Psalm 146 deur De Villiers wat in die Koraalboek van 1956 opgeneem is, is ook in die nuwe Koraalboek (1978) opgeneem. Van die Gesange wat hy geharmoniseer het, sluit dié in van 'n eie melodie (nommer 319), die een van sy vader (nommer 112) en Gesange 37 en 177 gebaseer op ontleende melodieë.

3.1.3.2 Bydrae as komponis en verwerker

De Villiers se belangstelling in musiekkomposisie dateer reeds uit sy studiejare as jong student, selfs voor hy komposisie-onderrig van Eric Grant ontvang het.

Aanvanklik het hy hoofsaaklik (1) sololiedere gekomponeer, maar in latere jare hom veral op funksionele werke toegespits, hetsy (2) koorwerke en koorverwerkings vir gebruik deur verskeie volwassene- en kinderkore, onder andere sy eie Vrystaatse Jeugkoor, asook (3) amptelike skool-, universiteits- en weermagsliedere.

Van sy vroegste sololiedere is reeds van 1940 af deur verskeie Suid-Afrikaanse kunstenaars by konserte en radio-uitvoerings aangebied. So byvoorbeeld het die soprane, Paula Richfield en Albina Bini, heelwat van sy liedere uit Kaapstad uitgesaai, sowel as Jossie Boshoff en Louis Knobel uit Johannesburg.

Sarie Serfontein-Theron het van sy liedere in die Wigmore-konertsaal in Londen uitgevoer; ander weer is deur Mimi Coertse in Wenen, Lucy Kelston in Milaan en Chenielle Jefferies in Rome aangebied. Van hierdie liedere het Mimi Coertse later in 'n program ingesluit wat op 'n langspeelplaat opgeneem is. De Villiers se vroeë liedere sluit onder andere in: *Net maar gesien* op woorde van A. D. Keet; *Grense*, *Winterbome* en *Ons is die geeste wat dwaal* deur N. P. van Wyk Louw en *Daeraad* deur H. H. Joubert.

Met verloop van tyd het hy baie ander werke gekomponeer. Die universiteitsliedere van die Randse Afrikaanse Universiteit en Port Elizabeth is uit sy pen. Skoolliedere van verskeie skole sluit unieke werke in: die skoollied in 1984 vir die skool vir dowes op Worcester (Pionierskool) en een vir die Sonitusskool vir hardhorende kinders in Pretoria. Naas verskillende verwerkings van liedere op volkswysies wat in die bekende volksangbundel, die F.A.K., opgeneem is, het hy heelwat liedere met 'n nasionale inslag gekomponeer, soos vir die amptelike Waterjaar, naamlik *Die Waterjaarlied* (1978), en *Die Grenslied* op versoek van die militêre owerheid.

Naas verdere koorverwerkings en ander werke geskik vir skoolgebruik, is De Villiers tans (1987) nog steeds aktief as komponis en verwerker (De Villiers, D. I. C., 12 September 1985; 12 November 1985: onderhoude).

3.1.4 Bydrae as kultuurleier

As 'n besonder dinamiese, aktiewe en alsydige mens het De Villiers verskillende insette gelewer tot die bevordering van die Afrikaanse kultuur as lid van verskillende kultuurorganisasies. Dikwels was hierdie deelname nie net belangrik vir sy ontwikkeling as mens of kunstenaar nie, maar ook vir die belange van die Vrystaatse Jeugkoor. Dit verdien om hier genoem te word.

3.1.4.1 Deelname aan rade, komitees, verenigings en ander instansies

De Villiers se besondere vermoë as leierfiguur op kultuurgebied het daartoe meegewerk dat hy met die jare op verskillende en wyd uiteenlopende vaste komitees gedien het, hetsy kerklik, kultureel of opvoedkundig van aard. Sommige komitees se werksaamhede was beperk tot die Vrystaat, teenoor 'ander wat weer meer nasionaal van aard was. Enersyds dui dit op sy besondere kwaliteite, hetsy as leierfiguur, musikus en organiseerder, maar andersyds sou dit vir hom as mens van waarde wees vir die bevordering van die aktiwiteite van die Vrystaatse Jeugkoor deurdat hy weer

waardevolle insigte bekom het en kontakte kon opbou om die belange van die koor te help bevorder.

So byvoorbeeld is hy sedert 1952 'n vaste lid van die F.A.K. se musiekkomitee. Vanaf 1984 tot 1986 het hy as hoofbestuurslid van genoemde organisasie gedien. In sy hoedanigheid as musiekkomiteelid is hy versoek om as hoofredakteur op te tree vir die hersiening van 'n beoogde nuwe F.A.K. Sangbundel, wat in 1961 gepubliseer is. Later het hy weer as redaksielid by die opstel van die hersiene uitgawe van die sangbundel in 1979 gedien.

Onafhanklik hiervan was hy reeds van ongeveer 1960 af tot met sy aftrede byna 20 jaar lank lid van die Gemeenskaplike Advieskomitee vir Musiekeksamens van die Universiteit van Suid-Afrika. In dieselfde verband tree hy in die sewentiger- en tagtigerjare op as eksaminator vir senior orkesinstrumentaliste van die Gevangenisdiens.

Sedert die stigting in 1963 van die Streekraad vir die Uitvoerende Kunste van die Oranje-Vrystaat (SUKOVS) het De Villiers 'n belangrike inset gelewer tot die ontwikkeling van die musieklewe in die provinsie deur op verskillende komitees daarvan te dien. Uit die staanspoor het hy eers as komiteelid en later as voorsitter van SUKOVS se Musiekkomitee gedien en word hy sedert die middel van die jare sewentig lid van die Streekraad se Direksie en Uitvoerende Bestuur.

Naas die werksaamhede van hierdie belangrike komitees is hy 'n geruime tyd reeds lid van verskeie ander komitees. Hy was etlike jare lank 'n trustee lid van die Oude Meester-stigting vir die Uitvoerende Kunste, wat hulle beywer deur veral die konsertlewe aan universiteite te probeer bevorder; hy is fakultetslid van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns; lid van die Raad vir Kultuur en Ontspanning vir Kleurlinge; lid van die direksie van die Suid-Afrikaanse Musiekregte-organisasie (SAMRO) en die nou reeds ontbinde Studio Holland, asook sedert 1986 van die Beheerraad van die Drakensbergse Seunskoor.

Afgesien hiervan was hy vanaf 1946 'n aktiewe lid van verskeie eredienskommissies van die N.G. Kerk in Kaapland en die Oranje-Vrystaat. In die besonder was hy aktief werksaam as lid van die kommissie vir die hersiening van die Psalm- en Gesangboek.

Voortvloeiend uit sy ervaring as 'n aktiewe lid, en dikwels as voorsitter van verskillende komitees en ander liggame, is sy besondere organisasievermoë wat hy met verloop van tyd tot voordeel van 'n hele aantal projekte aangewend het.

In dié verband is hy in 1959 deur die Departement van Binnelandse Sake versoek om die musiekbedrywighede van die Sentrale Uniefees te koördineer, wat in Bloemfontein aangebied sou word. Vir dié doel is hy vir 'n anderhalfjaar na hierdie departement gesekondeer om die vooraf-afrigting te behartig. Hy het onder andere uit al vier provinsies en Suidwes-Afrika 'n vierstemmige massakoor van 3 000 hoërskool-, onderwyskollege- en universiteitskoorlede byeengebring en afgerig vir 'n uitvoering in Mei 1960 van twee groot buiteligkonserte wat terselfdertyd deur hom gedirigeer is.

Op enerses wyse word hy in 1969 deur min. S. P. Botha benoem as sameroeper van 'n nasionale komitee wat die jeug se aandeel vir Waterjaar 1970 moes beplan. Die amptelike lied wat hy vir die Waterjaar gekomponeer het, is deur die regering gepubliseer en landwyd aan skole versprei.

Vir die viering van die twintigjarige bestaan van die Republiek van Suid-Afrika in 1981 het De Villiers as voorsitter van die komitee wat die musiekbeplanning van die fees in die Vrystaat moes behartig, opgetree. Hy ageer vroeër in dieselfde hoedanigheid op 'n komitee wat die koorprogram moes hanteer vir 'n sentrale fees wat op 31 Mei 1976 in Durban plaasgevind het.

Uit die voorgaande blyk dit dat De Villiers nie net oor 'n deeglike musikale opleiding en musiekkennis beskik nie, maar sy organisatoriese talent op 'n rasonale vlak - kerklik, kultureel en opvoedkundig - vervul het.

3.1.4.2 Beoordelaar van kunswedstryde en musiekfeeste

Vanweë die wye ervaring wat De Villiers mettertyd as koorleier en as praktiese musikus opgedoen het, is hy sedert 1944 gereeld deur organiseerders van kunswedstryde en koorkompetisies genooi om as beoordelaar op te tree. In hierdie verband het hy landwyd, onder andere in Port Elizabeth, Oos-Londen, Kimberley, Kaapstad, Durban, Potchefstroom en Bloemfontein opgetree. Hy beskou dit van besondere betekenis dat hy in 1983 genooi is om as beoordelaar van die vokale afdelings by die Internasionale Eisteddfod op Roodepoort op te tree.

Sedert 1944 tot 1986 is hy gereeld genooi om as hoofbeoordelaar van talle verskillende landwye musiekkompetisies op te tree, soos dié vir die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings (F.A.K.), Die Suid-Afrikaanse Uitsaaikorporasie (S.A.U.K.), die Afrikaanse Taal- en Kultuurbond (A.T.K.B.), asook ander waar hy vir regeringsinstansies aangewys is.

3.1.4.3 Musiekkritikus en -resensent

As gevolg van sy wye ervaring as programskrywer vir die radio, -resensent vir koerante en artikelskrywer vir tydskrifte, het De Villiers met verloop van tyd 'n goed ontwikkelde skryfvermoë en skryfstyl in beide Afrikaans en Engels ontwikkel.

Reeds sedert hy in die Kaap woonagtig was, het hy as hulpresensent geageer vir Charles Weich, musiekkritikus van *Die Burger*. Van 1948 af tot 1957 het hy 'n maandelikse platerubriek in

die tydskrif *Sarie Marais* behartig met die titel "Kom ons luister na ..." en jare lank 'n maandelikse musiekartikel vir *Naweekpos* gelewer.

Van ongeveer 1965 af tree hy gereeld in die Vrystaat op as hoof-musiekresensent van *Die Volksblad* vir openbare musiekkonserte en ander musiekuitvoerings wat veral in Bloemfontein aangebied is. Dit sluit konserte deur buitelandse en Suid-Afrikaanse kunstenaars in.

Naas die behartiging van hierdie vaste musiekresensies het hy talle ander artikels geskryf wat in verskillende tydskrifte, koerante, opvoedkundige publikasies en kerktydskrifte, onder andere *Die Kerkbode*, gepubliseer is.

Terwyl hy in Parow gewoon het, het hy reeds as vryskut omroeper-regisseur talle radioprogramreekse vir die S.A.U.K. aangebied. Dit het onder meer ingesluit die "Musiekraaikompetisie" wat vir byna twee jaar lank weklíks aangebied is, asook ander gewilde programme soos "Kos vir die kenner", "U vra, ons speel", en ander.

In medewerking met sy eggenote, Doll de Villiers, en 'n vriend, Chris Heyns, het hy later 'n kinderprogram aangebied, bekend as "Die volkere sing". Voorts het hy gereeld op 'n vaste paneel van kenners gediens wat vrae oor die kunste van radioluisteraars beantwoord het.¹

Tydens die eerste twee jaar van die bestaan van die nuut gestigte televisienetwerk van die S.A.U.K., bekend as S.A.T.V., het hy in 1977-78 tweeweeklíks op Sondagaande 'n uurlange program, "Tema met variasies", aangebied. Hier het hy ernstige musiek bespreek,

1 In Maart 1987 is hy deur die S.A.U.K. vereer met 'n spesiale program waarin sy 60 jaar lange verbintenis met die instansie in herinnering geroep is, want hy het reeds in 1927 as seunsopraan sangsolo's oor die radio voorgedra (De Villiers, D. I. C., 23 April 1987: onderhoud).

opnames voorgespeel en ook talle onderhoude met bekende Suid-Afrikaanse musici gevoer.

Sedert 1985 bied hy weer 'n weeklikse program "Vanmelewe was hulle bemind" vir die radio aan, wat nog steeds besonder gewild bly en reeds in sy derde jaar is.

3.1.4.4 Toekennings en eerbewyse

Verskeie eerbetuigings het D. I. C. de Villiers al te beurt geval:

- In 1979 ken die F.A.K. aan hom 'n oorkonde toe vir sy dienste aan die Afrikaanse musiekkultuur.
- In dieselfde jaar ontvang hy nog 'n oorkonde van die Rotary vir opvoedkundige musiekdienste in die Oranje-Vrystaat.
- 'n Goue penning word in 1982 deur die Universiteit van die Oranje-Vrystaat vir voortreflike diens aan hom oorhandig.
- Verder word hy in 1983 as ere-president van die Suid-Afrikaanse Koorvereniging benoem.
- Die Pro Ecclesia-koor ken in 1987 'n verdere oorkonde aan hom toe; dié keer vir sy aanmoediging van koorsang.
- Ook in 1987 oorhandig die Bloemfonteinse stadsraad aan hom 'n oorkonde vir kulturele dienste aan Bloemfontein gelewer (De Villiers, D. I. C., 23 April 1987: onderhoud).

3.1.5 Bydrae tot die ontwikkeling van die Vrystaatse Jeugkoor

De Villiers se bydrae tot die ontwikkeling van die Vrystaatse Jeugkoor verskil van ander dirigente in dié opsig dat alles wat deur hom verrig is, baanbrekerswerk was. Hy het die Vrystaatse Jeugkoor help vorm as

- organiseerder
- grondlegger van bepaalde programsamestellings

- o afrigtingstandaard
- o bekendsteller van die koor

3.1.5.1 Organisasie

De Villiers was voor die uitdaging gestel om die gedagte van 'n provinsiale "skolekoor" in die praktyk tot uitvoering te bring. Alhoewel hy vasberade was om alles in sy vermoë te doen om die geslaagdheid van die idee te bewys, skryf hy op 17 November 1964 in 'n memorandum aan die Vrystaatse Direkteur van Onderwys dat, ten spyte van groot samewerking en entoesiasme onder skoolhoofde, ouers en getoetste leerlinge, die "eksperiment" mag misluk (Bouwer, J. D., 26 Februarie 1985: onderhoud).

Omdat De Villiers egter alle organisatoriese aspekte so goed as moontlik bedink en uitgevoer het, is hierdie vertwyfeling gelukkig nooit bewaarheid nie. Hy het, benewens aanvanklike koororganisasie vir keuring en repetisies, ook 'n begroting voorgelê. Hierin het hy veral klem gelê op die subsidiëring van reiskoste. De Villiers het besef dat ouers wat finansiëel vergoed word, meer geneë sou wees om persoonlike opofferinge vir die koorrepetisies te maak (cf. afd. 2.2.8).

Alhoewel dit tans deur die meeste kore so gevolg word, was dit in 1965 'n ongewone uitgangspunt dat 'n koor een keer per week op 'n sentrale plek vir gesamentlike repetisies sou byeenkom; hy was van mening dat daar geen ander praktiese reëling moontlik was waarop kooroefeninge sou kon plaasvind nie (cf. afd. 2.2.4). As 'n maatreël om tyd te bespaar, het hy ook die musiek vooraf aan koorlede gestuur. Hulle moes dit gedurende Desember en Januarie self instudeer, sodat hulle alreeds by die eerste repetisie in Januarie daarmee vertrouwd kon wees.

Voor die vroegste toere en optredes, maar ook deur die latere jare, het De Villiers persoonlik reëlings in verband met die konserte getref. Hy het probeer toesien dat kaartjieverkope vlot verloop

en dat kostelose verblyf vir koorlede by goedgesinde persone gereël word. Tydens hierdie besoeke het hy ook reklame vir die koor probeer maak (cf. afd. 2.2.6).

De Villiers het self ook die eerste paar jaar alle finansiële aspekte rakende die koor hanteer; mettertyd is dié veeleisende taak egter deur die Provinsiale Administrasie oorgeneem (cf. afd. 2.2.8.3).

As ervare onderwysman het De Villiers in beginsel besluit dat konsertoptredes en kooraktiwiteite verkieslik nooit met die skoolprogram moes inmeng nie. Hierdeur het hy probeer verseker dat hy die goedgesindheid van skoolhoofde kon behou. So word daar in sy versoë tot die Onderwysdepartement vir tye van vertrek en aankoms vir repetisies, gereeld motiverings gevind om die minimum amptelike skooltyd verlore te laat gaan (Bouwer, J. D., 26 Februarie 1985: onderhoud).

3.1.5.2 Programsamestellings

De Villiers se musikale onderlegdheid sou vir die koor van waardevolle betekenis wees. Van die eerste program af het hy gepoog om musiekkeuses van gehalte te kies, sodat die koor wat dít betref, op 'n professionele vlak sou begin. Tydens die tien jaar wat hy as koorleier opgetree het, is 'n breë spektrum koormusiek vanaf vroeë komponiste wat Hassler en Bach insluit, tot twintigste-eeuse komponiste soos Kodály, gedek. In hierdie programme het altyd heelwat onbegeleide werke voorgekom. Deur sulke programkeuses van goeie musikale gehalte is ongeskrewe riglyne neergelê vir die repertoriumkeuses van toekomstige koorleiers.

Omdat hy as musikus met die meeste Suid-Afrikaanse verwerkers en komponiste vertrouwd was, het hy van hulle genader om opdragwerke vir die koor te skryf. Hierdeur het hy nie alleen nuwe koormusiek bevorder nie, maar is daar deur die uitvoerings van werke deur erkende Afrikaanse musici ook meer geleenthede vir die koor geskep. Een voorbeeld hiervan is die *Sewe lawwe liedjies*

van Pieter de Villiers wat deur die F.A.K. as 'n plaatopname uitgegee is (cf. afd. 4.1.3). Die talle verwerkings wat De Villiers spesiaal vir die Vrystaatse Jeugkoor gemaak het, was 'n belangrike bydrae tot die repertorium van die koor.

3.1.5.3 Afrigtingstandaard

As afrigter moes De Villiers gedurende die eerste paar jaar, toe hy die koor alleen hanteer het, alreeds 'n bepaalde afrigtingstandaard gestel het. Dit word bewys deur die gunstige kommentaar wat reeds in hierdie jare in byvoorbeeld *Die Volksblad* in Bloemfontein verskyn het. Die resensent van dié koerant skryf ná die eerste konsert in Bloemfontein soos volg: "Die hoë verwagting wat 'n mens van die koor gehad het, is in 'n mate selfs oortref" (*Die Volksblad*, 9 April 1965:7).

In 1966 was "Die koorwerk wat aangebied is, ... deurgaans van 'n hoë standaard" (*Die Volksblad*, 14 April 1966:7).¹

3.1.5.4 Bekendstelling van die koor

Die belangrike taak om die pas gestigte koor aan die publiek voor te stel, het op die skouers van De Villiers gerus. Omdat hy in 1964 alreeds in musiekkringe bekend was, onder andere as komponis, verwerker, musiekkomitee-lid, opsteller van musiekprogramme, maar ook by sportlui as sportkommentator, het dit stellig by die deursnee-publiek 'n nuuskierigheid laat ontstaan vir die koorprojek waarin De Villiers as koorleier en organiseerder betrokke was. Hierdie geïnteresseerdheid het alreeds as reklame gedien en uitnodigings aan die koor het dus vanuit uiteenlopende oorde gekom: van die regering, die streekraade, universiteite, onderwysdepartemente, die S.A.U.K., takke van die Vroue-Landbou-unie, Rapport-

1 In 1967 was die koerant se resensent, na die Bloemfontein-konsert, egter vol lof vir die vertolkings en verwerkings van die gasdirigent, George Gruber, van Grahamstad (cf. afd. 4.2.1.5), sodat weinig anders veel aandag in die resensie gekry het (*Die Volksblad*, 31 Maart 1976:6).

ryerskorpse, kerklike sustersverenigings, kerkrade en ander instansies (De Villiers, D. I. C., 21 Mei 1986: onderhoud).

Die feit dat De Villiers dit van belang geag het dat die koor elke jaar 'n plaatopname moes doen, was verder van belang as reklame en bekendstelling van die koor.

Die evaluering van sy invloed en bydrae moet veral rondom die suksesvolle uitvoering van die opdrag om 'n Vrystaatse "skolekoor" te stig, gevind word. A. F. Coetzee vertel dat De Villiers en sy eggenote alles feil gehad het om die projek te laat slaag (14 September 1985: onderhoud). Hierdie toewyding, verweef in die fasette hierbo bespreek, was dus ook grootliks deel van die uiteindelijke sukses van die Vrystaatse Jeugkoor.

3.2 J. W. T. VAN HUYSSTEEN AS VESTIGER VAN 'N NUWE KOOR- KLANK

3.2.1 Sy lewe en musiekontwikkeling

Een van die persone wat sonder twyfel 'n belangrike rol in die koormusieklewe van die Oranje-Vrystaat sou speel, was Jacobus Wentzel Tersteegen (Ters) van Huyssteen. Hierdie bydrae het hy gelewer, nie net vanweë sy besondere musikaliteit nie, maar ook weens sy entoesiasme en voorliefde vir koorsang. Hy is op 13 November 1908 op Riebeeck-Wes gebore waar sy vader predikant van die N.G. Kerk was (Jonker, F. A., 26 Augustus 1985: korrespondensie).

Van Huyssteen het op Malmesbury gematrikuleer¹ en daarna na Robertson vertrek waar hy sy musiekstudie onder die leiding van Maria Fisser voortgesit het. In 1930 het hy, as een van haar studente, die volgende Unisa-eksamens geslaag: die Finale eksamen (Gr. VIII) in Klavier en Orrel; die Intermediêre eksamen (Gr. VI) in Kontrapunt en die Gevorderde eksamen (Gr. VII) in Harmonie (Behrens, R., 29 Julie 1986: korrespondensie).

1 Die datum kon nie vasgestel word nie.



← J. W. T. van Huyssteen



In September 1932 het Van Huyssteen 'n pos as klavieronderwyser aan die Hoërskool Lichtenburg aanvaar, waar sy pligte onder meer die afrigting van die plaaslike hoërskoolkoor ingesluit het. Weens sy liefde vir die orrel as instrument, het hy ook die pos as orrelis van die N.G. Moedergemeente in Lichtenburg beklee (Die Noordwester, 9 Oktober 1970:5). Vervolgens het hy in 1934 die Onderwyslisensiaat (Unisa) in orrel afgelê (Unisa-Handboek, 1956:264).

Met verloop van tyd het 'n begeerte, wat dikwels in sy lewe weer na vore sou kom, by hom ontstaan om sy musiekkwalifikasies verder te verbeter. Dus het hy na Londen vertrek waar hy die onderwyslisensiaat van die Royal Academy of Music (LRAM) behaal het (Jonker, F. A., 7 Januarie 1986: korrespondensie).

By sy terugkeer na Suid-Afrika het hy sy werk in Lichtenburg voortgesit waar hy besonder aktief en bemind was. 'n Medewerker van *Die Noordwester* (9 Oktober 1970:5) bevestig dit as hy stel dat "hy Lichtenburg musiekbewus gemaak [het] soos geen ander voor hom nie".¹ Gedurende die volgende 15 jaar het Van Huyssteen in Wes-Transvaal bekend geraak as 'n uitstekende klavier- en sang- onderwyser, orrelis en koorleier. Onder sy leiding is verskeie operettes opgevoer, asook ander tipes musiekuitvoerings aangebied. Vanweë sy wye musikale ervaring was hy in hierdie tydperk alreeds gereeld uitgenooi om as beoordelaar by kunstwedstryde op te tree (Jonker, F. A., 26 Augustus 1985: korrespondensie).

Terwyl Van Huyssteen op Lichtenburg werksaam was, het hy weer verdere musiekkwalifikasies behaal; dié keer die Voordraers- en Onderwyslisensiate in Sang (Unisa), wat hy onderskeidelik in 1943 en 1944 geslaag het (Unisa-Handboek, 1956:274).

Intussen het die departement van musiek van die Kroonstadse Teg-niese Kollege 'n sukkelende bestaan gevoer. Vanweë sy bekendheid as onderwyser op verskillende musikale terreine, sy professionele deeglikheid, sowel as sy ondernemingsgees en entoesiasme, is Van

¹ Ook vir Kroonstad bevestig 'n ander resensent later dieselfde gunstige kommentaar oor die gehalte van sy werk. "The coming to Kroonstad of Mr. T. van Huyssteen ... has brought a new inspiration and enthusiasm for music to the town" (Koerantuitknipsel in Plakboek I, p. 5).

Huyssteen genader om die pos as departementshoof van dié departement te vervul. Hy het besluit om die uitdaging te aanvaar en in 1946 het hy in dié nuwe betrekking, met 18 ingeskrewe studente in die afdeling, 'n volgende fase in sy professionele loopbaan betree.¹

Van Huyssteen het terselfdertyd 'n pos as orrelis aanvaar en 'n mannekoor gestig. In dieselfde jaar het die koor onder blyke van groot belangstelling hulle eerste uitvoering in Kroonstad gelewer en baie gunstige kritiek ontvang.²

Intussen het Van Huyssteen weer besluit dat hy sy kwalifikasies, dié keer as sangonderwyser, verder wil verbeter. Daarom het hy as privaat student van beide Dawid Roode en Petrus Lemmer in Bloemfontein ingeskryf. In 1947 het hy die onderwysdiploma van die Londense Royal College of Music (ARCM) verwerf.³

Sy bydrae tot die ontwikkeling van die Kroonstadse musieklewe het steeds toegeneem en in 1948 het hy, onafhanklik van sy mannekoor, ook 'n dameskoor gestig. Hierdie twee volwassene-kore wat soms selfstandig òf gesamentlik sou optree, het mettertyd groot bekendheid in die Vrystaat verwerf.⁴

Van Huyssteen se musiektalent blyk daaruit dat hy in 1949 ook die Onderwyslisensiaat in Klavier (Unisa) verwerf (Unisa-Handboek, 1956:263).

In musiekkringe is kennis geneem van die bydrae wat hy as hoof en as dosent van die steeds groeiende musiekafdeling van die Kroonstadse Tegniese Kollege gelewer het, asook van sy uitstekende kwalifikasies.⁵ In 1952 het die Universiteit van Suid-Afrika hom genader om as eksaminator in klavier, orrel en sang op te tree, 'n funksie wat hy tot sy dood in 1977 verrig het (Wels, M. M., 15 Julie 1986: onderhoud).

1 Koerantuitknipsel in Plakboek I, p. 35.

2 Koerantuitknipsels in Plakboek I, pp. 4 en 5.

3 Die oorspronklike sertifikaat is te sien in Plakboek I.

4 Koerantuitknipsels in Plakboek I, vanaf p. 4.

5 Mevrouw M. M. Wels getuig dat hy veral uitgeblyk het as dosent vir Lisensiaat-kandidate (Wels, M. M., 15 Julie 1986: onderhoud).

Die drang na intellektuele selfverryking het weer na vore gekom toe hy in 1957 op 'n ses maande lange studietoer na Europa vertrek het.

Ondertussen het die musiekdepartement van die Tegniese Kollege onder sy bekwame leiding in so 'n mate gegroei dat toe Van Huyssteen in 1960 besluit het om 'n betrekking as Inspekteur van Musiekonderwys vir die Noord-Vrystaat te aanvaar,¹ daar nie minder as 300 musiekstudente en 13 dosente aan die musiekafdeling van die Tegniese Kollege verbonde was nie.²

Die derde fase in Van Huyssteen se loopbaan was die tydperk toe hy as musiekinspekteur aan die Vrystaatse Onderwysdepartement verbonde was. Hierdie pos het hy tot 1975 bekleë en as musikus was dit vir hom in veral twee opsigte verrykend, naamlik as mede-afrigter en dirigent van die Vrystaatse Jeugkoor vanaf 1968 tot 1975, en terselfdertyd as musiekeksaminator vir die Vrystaatse Onderwysdepartement (Wels, M. M., 27 November 1985: onderhoud).

Ná sy aftrede in 1975 as musiekinspekteur, het sy inherente rusteloosheid én die bevrediging wat hy steeds uit musiekonderrig geput het, hom gedwing om dadelik weer 'n musiekpos te aanvaar. Vervolgens het hy dus musiekonderrig aan die Kroonheuwelse Volksskool in Kroonstad gegee, waar hy steeds met die entoesiasme van ouds 'n seunskoor op die been gebring het. Op 19 November 1977 het hy onverwags aan 'n hartaanval gesterf.

Sy lewe was veral gekenmerk deur 'n besondere werkywer vir die bevordering van musiek oor 'n breë spektrum. Hierdie begeerte het in sy testament weerklank gevind, want hy het naamlik 'n trustfonds aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat nagelaat vir begaafde musiekstudente (Jonker, F. A., 26 Augustus 1985: korrespondensie).

1 'n Koerantberig in verband met sy aanstelling lui: "Mr Van Huyssteen ... has won deserved recognition as one of the most enthusiastic and energetic teachers of music in the province" (Koerantuitknipsel in Plakboek I).

2 Koerantuitknipsel in Plakboek I, p. 34.

3.2.2 Van Huyssteen as koorleier

Dwarsdeur sy volwasse musiekloopbaan was die afrigting van die menslike stem in koorverband vir Van Huyssteen 'n bron van artistieke bevrediging. In koorafrigting kon hy uiting gee aan sy vermoë om 'n koor te hanteer; sy musikale aanvoeling; sy toepassing van kennis van die menslike stem en persoonlikheidseienskappe van werkywer, entoesiasme en ondernemingsgees.

Die besondere vermoë waaroor hy beskik het om as koordirigent op te tree, was skynbaar opvallend. In 1948 skryf 'n resesent na aanleiding van 'n kooruitvoering in Kroonstad: "Their instructor had complete mastery over them ... like some clever musician handling the instrument he loves."¹ Hierdie talent van Van Huyssteen het meer resensieskrywers en persone opgeval. Daar is in kommentaar gereeld melding gemaak van die gedissiplineerdheid van sy koorlede en sy vermoë as koorleier om hulle te hanteer. "Mr van Huyssteen is a born choir leader, who, in a magnetic way ... [trains the choir] to respond to his every gesture sensitively and intelligently."²

'n Durbanse koerant skryf ná 'n Jeugkoorkonsert in 1970: "... he certainly obtains results, the choir responding with alertness to his demands" (Daily News, 26 September 1970:3); en Dirkie de Villiers vertel dat Van Huyssteen se sangfeeste met massakore waar hy die afrigting en dirigeerwerk self behartig het, 'n besonder hoë standaard daargestel het (De Villiers, D. I. C., 31 Mei 1984: onderhoud).

Uit die musikale kwalifikasies wat Van Huyssteen behaal het, blyk dit dat hy oor besondere musikale vermoëns moes beskik het. Tydens 'n Kroonstadse kunswedstryd, wat vermoedelik tussen 1946 en 1960 plaasgevind het, het P. J. Lemmer as beoordelaar, 35 punte uit 'n moontlike 40 vir musikale vertolking aan die koor van Van Huyssteen toegeken, en 92% vir die kooroptrede as geheel.³ Resensente wat oor sy Kroonstadse kooruitvoerings kommentaar gelewer

1 Koerantuitknipsel in Plakboek I, p. 9.

2 The Friend, 23 November 1948: uitknipsel in Plakboek I, p. 9.

3 Beoordelaarsverslag in Plakboek I, p. 14.

het, het onder andere melding gemaak van "... fyn musikale insig, netjiese en gevoelige frasering, fyn artistieke vertolking ... en ryke verbeeldingskrag."¹

Weens sy kwalifikasies in sang (cf. afd. 3.2.1) het Van Huyssteen 'n diepgaande kennis van die funksionering en korrekte gebruik van die menslike stem gehad, wat hy met groot vrug in sy koor-afrigting gebruik het. Veral ten opsigte van die Vrystaatse Jeugkoor sou hy ná 1968 'n waardevolle inset in hierdie verband lewer (cf. afd. 3.2.3).

Afgesien van sy dirigeertalent, musikale aanvoeling en musiek-kennis het Van Huyssteen klaarblyklik oor 'n dinamiese en inspirerende persoonlikheid beskik. Die bewyse hiervoor kry 'n mens in die talle geslaagde musiekprojekte wat hy deur die jare van stapel gestuur het.

As jong onderwyser op Lichtenburg het hy reeds operettes, asook 'n opelug-voorstelling van die geboorte van Christus, waarvoor hy self die musiek saamgestel het, en baie kooruitvoerings aangebied (cf. bylae A). In Kroonstad weer, het sy koorgroepe gereeld in hulle tuisdorp, sowel as in Bloemfontein en elders, asook oor die radio opgetree (cf. bylae A). Toonaangewende gaskunstenaars was dikwels genooi om of saam met hom as orrelis of met een van sy kore in kerk- en algemene musiekuitvoerings op te tree. Bekende gaskunstenaars wat genooi is, was Petrus Lemmer (orrelis), Anna Jackson (mezzo-sopraan), Van Wyk de Vries (bas-bariton), Dawid Roode (pianis), Barbara Louw (pianis), Jack de Wet (violis), Betty Pack (tjellis), Teasdale Griffiths (pianis en orrelis), asook Cecilia Wessels (sopraan) (cf. bylae A).

Met Anton Hartman as dirigent en lede van die S.A.U.K.-orkes, het Van Huyssteen in 1958 selfs die opera *Hänsel und Gretel* van Humperdinck in Kroonstad op die planke gebring.²

1 Koerantuitknipsels in Plakboek I, pp. 10, 22 en 29.

2 Program en koerantuitknipsel in Plakboek I, pp. 38 en 39.

3.2.3 Bydrae as medekoorleier tot die ontwikkeling van die Vrystaatse Jeugkoor

Vanaf 1968 tot 1975 was Van Huyssteen saam met Dirkie De Villiers medekoorleier van die Vrystaatse Jeugkoor. Mevrou Tallie Coetzee, jarelange *chaperonne* van die koor, vertel dat die koorgroep, moontlik omdat Van Huyssteen nie 'n eie gesin gehad het nie, 'n besondere prioriteit by Van Huyssteen geniet het (14 September 1985: onderhoud).

Soos tevore met sy ander kore, het hy hom met onvermoeide ywer en entoesiasme daarop toegespits om die koor se tegniese en artistieke peil te verhoog, en sy bydrae tot die Vrystaatse Jeugkoor was veral geleë in

- o verbeterde koorklank en stemtegniese aspekte
- o musiekkeuses en afrigtingstandaard

3.2.3.1 Koorklank

Alhoewel Van Huyssteen weens sy ondervinding as koorleier en ander bekwaamhede 'n baie groot aanwinst vir die koor was, beweer De Villiers en Tallie Coetzee dat sy grootste waarde vir die Jeugkoor egter geleë was in die toepassing van sy besondere kennis van die menslike stem (De Villiers, D. I. C., 31 Mei 1984: onderhoud; Coetzee, A. F., 14 September 1985: onderhoud). Met sy toetrede as koorleier van die Vrystaatse Jeugkoor is vir die eerste keer op gespesialiseerde wyse aandag aan aspekte soos korrekte asembeheer, asemondersteuning en stembouing gegee. Sy gereelde, gedissiplineerde oefensessies met die koor het in hierdie verband mettertyd tot 'n homogene koorklank, goeie diksie, asook verbeterde klank- en asembeheer gelei. Van hierdie aspekte word vervolgens aan die hand van resensente se kommentaar oor konserte uitgelig. Die gloeiende taal waarin die resensies soms beskryf word, hang ook saam met die besondere entoesiasme waarmee die Vrystaatse Jeugkoor as pioniersjeugkoor in Suid-Afrika ontvang is.

Die Volksblad (5 April 1968:13) berig van die heel eerste konsert waarin Van Huyssteen as medekoorleier opgetree het, soos volg: "Dit was uit die staanspoor duidelik dat die basiese beginsels van koorsang met nadruk by elke lid ingeskerp is. Hoe verblydend dat die stemme nooit geforseer is nie, dat elkeen netjies binne die beperkings van sy vermoë opgetree het."

Resensente verwys verder na die "... pragtige toonbeheer ..." van die koor (Hoofstad, 19 Mei 1971:8); "... controlled and relaxed tone ..." ¹ en "... the choir's polished ensemble, clear vocal line, crisp diction ... was a delight ..." (The Friend, 5 Augustus 1974: 2). In dieselfde trant verskyn in die daaropvolgende jaar in *Die Volksblad* dat die "... soprane met hulle ryk, ronde fluitagtige klank ... noemenswaardig [is], ... die diksie duidelik, die koor beskik oor hemelse pianissimo's en oorweldigende forte's. Nêrens was forsering te bespeur nie ... lopies is met gemak uitgevoer en daar was etlike verbysterende effekte" (*Die Volksblad*, 2 Augustus 1975: 2).

De Villiers en Tallie Coetzee vertel dat Van Huyssteen voor elke kooruitvoering 'n kwartier of meer met die koorgroep aan opwarmingsoefeninge spandeer het (31 Mei 1984: onderhoud; 14 September 1985: onderhoud).

Die slotwoord oor hierdie aspek van Van Huyssteen se koorafrigting kom uit onderwysgeledere, naamlik: "Mr. van Huyssteen's great talent in teaching young people breath control and voice production is practically unmatched in South Africa" (Mnr./Mr. J. W. T. van Huyssteen, 1976:31).

1 Jaap Metz in Pretoria News (8 Mei 1972), koerantuitknipsel in Plakboek II, p. 5.

2 Wassermann stel dat baie van die beginsels wat deur Van Huyssteen gehandhaaf is ten opsigte van stembouing in koorsang, in 'n hoë mate ooreengekom het met dié van Philip McLachlan, destydse koorleier van die Stellenbosse Universiteitskoor (Wassermann, A. H., 4 September 1985: onderhoud).

3.2.3.2 Musiekkeuses en afrigtingstandaard

Van Huyssteen het graag musiek gekies wat by die gewone luisterpubliek aanklank sou vind, maar die perke van goeie smaak is nooit oorskry nie¹ (De Villiers, D. I. C., 4 September 1985: onderhoud). Daar kan beweer word dat van sy programkeuses kenmerkend van sy eie lewendige persoonlikheid was, dikwels met ritmiese stuwing en opwinding, soos byvoorbeeld die geestelike Negerliedere wat hy soms gekies het.² Hierdie keuses het by tye hoë tegniese eise aan die koor gestel. Twee sodanige voorbeelde uit die 1970- en 1971-programme was *Wir Eilen mit Schwachen* (J. S. Bach) en *Exultate Deo* (D. Scarlatti) (cf. bylae K).

Tog bevestig Tallie Coetzee dat Van Huyssteen ook 'n besondere liefde vir die gedrae polifonie van Palestrina se koorkomposisies gehad het (14 September 1985: onderhoud).

Afgesien van die aandag aan tegniese aspekte was Van Huyssteen ook presies en "puntenerig" in die afrigting en afronding van koormusiek (De Villiers, D. I. C., 4 September 1985: onderhoud).

Hy kon, wanneer die omstandighede dit vereis, 'n meester in gevoelvolle nuansering wees. Hierdie talent het by die voordra van talle koorwerke deurgeskemer (De Villiers, 4 September 1985: onderhoud; Coetzee, A. F., 14 September 1985: onderhoud). *Die Volksblad* se resensent sluit by hierdie siening aan: "... Pueri Concinite [het] 'n onvergeetlike indruk gemaak. Wat 'n ontroerende en verhewe stemmingstuk en hoe kunstig die dinamiese graderinge ..." (5 April 1968:13).

1 So byvoorbeeld was sy vertolking van Orlando di Lasso se Eggolied dermate gewild onder die breë publiek dat dié werk in 1968 selfs die S.A.U.K. se program van populêre musieknommers, Trefferparade, gehaal het.

2 Hy was besonder aangetrokke tot hierdie liedsoort (Coetzee, A. F., 14 September 1985: onderhoud).

3.3 A. H. WASSERMANN AS BESTENDIGER VAN 'N BESTAANDE KOOR- TRADISIE

3.3.1 Akademiese en musikale opleiding

Op 12 Februarie 1929 is Andries Herculis Wassermann op 'n plaas in die Brandfort-distrik, waar sy ouers geboer het, gebore. Reeds in sy ouerhuis was die jong kind gestimuleer tot 'n liefde vir musiek. Hyself verklaar sy eie aanleg in musiek soos volg: "My moeder was baie musikaal ... [So ook] my oupa, Piet Wessels. Die 'musiekstreep' kom dus van my ma se kant af" (Wassermann, A. H., 21 September 1985: korrespondensie).

Ná sy skoolloopbaan het hy aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys gestudeer, waar hy vir die graad Baccalaureus Artium (Admissie) ingeskryf het. Vanaf 1949 tot 1952 het hy sy studies op Stellenbosch voortgesit en die kursus vir leraar van die Nederduitse Gereformeerde Kerk voltooi. Hierna het Wasserman gedurende 1953 as hulpleraar van die Moedergemeente op Bethlehem diens gedoen, maar in dié tyd ook tot die besef gekom dat hy hom moontlik nie in die regte beroep bevind nie. Daarom het hy in 1956 na Stellenbosch teruggekeer om vir die Senior Onderwysdiploma (S.O.D.) in te skryf. Op Stellenbosch het hy, benewens hierdie kursus, ook skoolmusiek en koorafrigting bestudeer.

Ná voltooiing van die diplomakursus is hy as onderwyser aan die Hoërskool D. F. Malan in Johannesburg, en later weer aan die Hoër Handelskool op Bethlehem aangestel. "Nadat ek in 1957 op Bethlehem begin skoolhou het, het ek algaande begin besef dat ek my kwalifikasies in musiek moes verbeter" (Wassermann, A. H., 21 September 1985: korrespondensie).

Met hierdie motivering voor oë het hy in 1961 die Finale eksamen (Gr. VIII) aan Unisa geslaag; in 1962 die Algemene Toonkunste-naarskap-eksamen en in 1963 en 1964 onderskeidelik die Unisa-lisensiate vir Sang (Onderwys) en Skoolmusiek. Die opofferinge wat aan hierdie studies gekoppel was, spreek uit die volgende



A. H. Wassermann

opmerking: "Ek het vanaf 1962 tot 1964 elke naweek na Kroonstad gereis vir lesse by wyle mnr. Tersteegen van Huyssteen en wyle mevrou Marthie Wege" (Wassermann, A. H., 21 September 1985: korrespondensie).

Mettertyd het daar by Wassermann die behoefte ontstaan om uit die praktiese skoolonderwys te tree. In 1969 het hy 'n betrekking as inspekteur van klasmusiek by die Departement van Indiërsake (Onderwys) in Transvaal aanvaar. Vanaf 1970 het hy 'n enersse betrekking by die Natalse Onderwysdepartement bekleed. Hy wou egter graag na die Vrystaat terugkeer, en in 1974 het hy 'n aanstelling as vakinspekteur vir musiek by die Vrystaatse Onderwysdepartement aanvaar, en wel vir die Bethlehem-streek. Hierdie pos word tans (1987) nog deur Wassermann bekleed.

3.3.2 Ervaring as koorleier

Wassermann was reeds sedert sy studentejare op Stellenbosch met kore gemoeid toe hy in die Kweekskoolkoor en Universiteitskoor gesing het, en ook self as koorleier van een van die studentekore opgetree het tydens die jaarlikse tradisionele Sangfees op Stellenbosch. Wat koorafrigting betref, was hy veral beïnvloed deur die twee koorleiers in wie se kore hyself gesing het, naamlik dié van Gawie Cillié en Philip McLachlan. Die uitgangspunte van die bekende koorleier van Leipzig, Kurt Thomas, het hom ook beïnvloed, veral nadat hy 'n kursus onder leiding van Thomas bygewoon het (Wassermann, 21 September 1985: korrespondensie).

Nadat Wassermann in 1957 'n pos by die Hoër Handelskool (tans Witteberg) in Bethlehem aanvaar het, het hy 'n dogterskoor gestig. Met hierdie koor het hy landwye toere onderneem en ook vier langspeelplate gemaak. Behalwe die dogterskoor het hy ook in 1957 die Bethlehemse Mannekoor tot stand gebring. Die koor het tot 1966 bestaan, toe hy Bethlehem verlaat het.

Terwyl Wassermann vanaf 1970 as vakinspekteur vir klasmusiek in Natal werksaam was, is hy in 1972, vanweë sy ondervinding

in hierdie veld genader om as medekoorleier van die Natalse Jeugkoor op te tree¹ (cf. afd. 6.2.2.2).

In 1974, met die terugkeer van Wassermann na die Vrystaat, het hy onmiddellik 'n dorpskoor in Bethelhem gestig. Ondertussen het Dirkie de Villiers aan die einde van 1974 as leier van die Vrystaatse Jeugkoor uitgetree, en moes 'n opvolger vir hom aangewys word. Weens sy amp en sy bekwaamhede as koorleier, was Wassermann die aangewese kandidaat om as nuwe Jeugkoorleier op te tree. Hy word genader om vanaf 1975 as medekoorleier van die Vrystaatse Jeugkoor op te tree. Dié taak het hy vir 1975 saam met Van Huyssteen vervul; gedurende 1976 saam met Hyman en daarna beurtelings al om die ander jaar tot 1985,² as alleendirigent (cf. afd. 2.2.7.1).

Wassermann se kooraktiwiteite was egter nie net beperk tot die Vrystaatse Jeugkoor nie. "Ek organiseer jaarliks skolesangfeeste in my area: [in 1985] het ons drie sulke sangfeeste in samewerking met die Kroonstadse Gevangensdiensorkes [gehad]; die 'hoogtepunt' ... [was] op 19 Oktober hier in Bethlehem waar 'n massakoor van nagenoeg 800 koorlede [opgetree het]" (Wassermann, A. H., 21 September 1985: korrespondensie).

Die Bethlehemse Dorpskoor het vir baie jare onder sy leiding gestaan, en tans (1987) rig hy 'n koor af van ongeveer 50 volwassenes, wat as die *Cantus Choralis*-koorgroep bekend staan (Wassermann, A. H., 18 Maart 1987: korrespondensie).

3.3.3 Bydrae tot die ontwikkeling van die Vrystaatse Jeugkoor

Wassermann het ook, soos die ander Jeugkoorleiers, sy individuele stempel op die Vrystaatse Jeugkoor afgedruk. Sy bydrae het verband gehou met

1 Wassermann het die Natalse Jeugkoor ook in 1973 na Sardinië vir die jaarlikse jeugmusiekfees, "Europeade", vergesel (Wassermann, A. H., 21 September 1985: korrespondensie).

2 Sedert 1986 bestaan die reëling dat elke koorleier die koor vir 'n periode van drie jaar agtereenvolgens oorneem (cf. afd. 2.2.7.1).

- 'n metode van keuring
- koorsamestelling
- norme vir programsamestelling
- insluiting van verwerkings en komposisies in konsertprogramme

3.3.3.1 Metode van keuring

In 1975, toe Wassermann as medekoorleier tot die Vrystaatse Jeugkoor toetree het, het hy sy eie oudisievorm opgestel (cf. p. 64). Hieruit is dit duidelik dat Wassermann aspirant-koorlede volgens professionele norme getoets het.¹ Feitlik al die aspekte wat by keuring belangrik is, word in berekening gebring in Wassermann se sisteem van evaluering.

3.3.3.2 Koorsamestelling

Dit was vir Wassermann belangrik dat die getalle van elke stemgroep gebalanseerd moes wees. So 'n verdeling kon 'n ryker koorklank tot gevolg hê en ook tot die suksesvolle implementering van groeperings van verskillende stemsoorte in blokroepe in kooropstellings lei, aangesien alle stemgroepe volledig verteenwoordig kan wees. Gevolglik het Wassermann in 1979 afgewyk van die tradisionele koorsamestellings (cf. afd. 7.2.1.1) en 'n koor van 72 lede saamgestel met ewe veel seuns as dogters in 'n gelyke verdeling van 9 stemme in elke stemgroep² (Wassermann, A. H., 7 Augustus 1984: onderhoud). In 1985 het hy ook verder geëksperimenteer met die koorrangskikking deur die koorlede deurmekaar, in kleiner dog volledige eenhede te verdeel, wat as blokgroeperings bekend staan (Nel, D., 4 Oktober 1985: korrespondensie).

1 Die norme vir die keuring van nuwe koorlede wat aan die hand van verskillende publikasies ondersoek is, word by afd. 7.2.1 bespreek, en daarom word dit nie weer hier genoem nie.

2 Sopraan 1 en 11; alt 1 en 11; bas 1 en 11; tenoor 1 en 11; 8 groepe van 9 lede elk.

'N VOORBEELD VAN WASSERMANN SE OUDISIEVORM

OUDISIES: _____ VRYSTAATSE JEUGKOOR VAN 19 _____

SKOOL: _____

LEERLING: _____ STANDERD IN 1984: _____

MUSIEKAGTERGROND: SELF: _____

FAMILIE: _____

AKADEMIESE AGTERGROND: _____

HUISLIKE AGTERGROND: _____

VOORDRAG VAN LIED: _____

STEMKWALITEIT, PRODUKSIE EN ASEMBEHEER: _____

NOOTVASTHEID: TEENMELODIE: _____

TOONLERE: _____

GEHEUETOETS: _____

INTERVALLE: _____

TOONAARD-ORIËNTASIE: _____

KROMATIESE INTONERING: _____

RITMIESE AANVOELING: _____

ALGEMENE INDRUK: _____

TOTALE PUNT: _____

BLADLEESVERMOË: _____

STEMTIPE: _____ STEMOMVANG: _____

OPMERKINGS: _____

GETEKEN: _____ DATUM GETOETS: _____

(A. H. Wassermann)


3.3.3.3 Programsamestelling

Afgesien van Wassermann se streng keuringsmetodes en die koor-samestelling waaraan hy voorkeur verleen het, het sy program-keuses een bepaalde tendens openbaar, naamlik 'n voorliefde vir geestelike werke. Hierdie verskynsel hang nou saam met sy aan-vanklike ideaal om sy professionele loopbaan in diens van die kerk te wy.

Die vormende invloed van sy studentejare as teologiese student, asook sy verbintenis met die kore van McLachlan en Cillié¹ wat albei oortuigde Christelike lewensbeskouings gehandhaaf het, het Wassermann sterk beïnvloed. Hieroor getuig Danita Nel, die klavierbegeleidster wat 'n lang verbintenis (cf. afd. 2.2.7.2) met die Vrystaatse Jeugkoor gehad het: "Ek weet van geen konsert wat hy ooit gehou het, sonder om vooraf die seën van die Vader daarop te vra nie" (Nel, D., 4 Oktober 1986: korrespondensie).

Vanweë hierdie sterk godsdienstige benadering bevestig Wassermann dat hy baie van gewyde musiek hou (Wassermann, A. H., 6 September 1985: korrespondensie). Verdere bewyse vir hierdie stelling word in die volgende gevind: In 1977, die eerste jaar wat hy as alleen-koorleier optree (cf. afd. 2.2.7.1), het die hele eerste helfte van sy konsertprogram uit werke met 'n godsdienstige tema bestaan. Hierdie patroon is grootliks in die daaropvolgende jare voortgesit (cf. bylae K). Vir 'n prestige-konsert wat op 14 Augustus 1985 deel gevorm het van die inwyding van die Sand du Plessis-teater in Bloemfontein en waarin die Vrystaatse Jeugsimfonie-orkester en die Vrystaatse Jeugkoor gesamentlik opgetree het, het Wassermann slegs werke met 'n gewyde strekking gekies.

¹ Die Kweekskoolkoor, onder leiding van G. G. Cillié, het hoofsaaklik gewyde werke instudeer.



J. D. Hyman

3.3.3.4 Insluiting van verwerkings en komposisies in konsertprogramme

Wassermann het, net soos Dirkie de Villiers en Hyman, dit nodig gevind om self koorverwerkings te skryf vir so 'n eiesoortige groep soos die Vrystaatse Jeugkoor waarin die besondere eienskappe van die tienderjarige se sangstem belangrik is (cf. afd. 7.2.1.2; bylae F). Benewens sy talle verwerkings wat uitgevoer is, het die Vrystaatse Jeugkoor ook van sy komposisies in konsertprogramme aangebied¹ (cf. bylae E).

3.4 J. D. HYMAN AS ARTISTIEKE EN DISSIPLINÊRE INVLOED

3.4.1 Akademiese en musikale opleiding

Johannes Daniël Hyman is op 21 November 1937 in die Warmbad-distrik, Suidwes-Afrika, gebore. Tydens sy laerskooljare het die gesin egter na Keimoes verhuis, waar hy sy hoërskoolloopbaan voltooi het. Reeds toe al het sy ouers hom aangemoedig om sy musikale begaafdhede te ontwikkel en het hy op musiekgebied presteer. Hy slaag dan ook musiek as matriekvak met klavier as instrument.

Toe beide Hyman se ouers tydens sy matriekjaar tragies in 'n motorongeluk sterf, was hy daardeur ingrypend beïnvloed. Alhoewel hy dit vantevore nie sterk oorweeg het om 'n loopbaan in musiek te volg nie, het hierdie gebeurtenis hom aangespoor om in 1957 vir die Baccalaureus Musicae-graad aan die Universiteit van Stellenbosch in te skryf (Hyman, J. D., 25 Augustus 1985: onderhoud).

Ná voltooiing van sy studies het hy in 1961 'n pos as musiekonderwyser aan die Hoërskool Caledon aanvaar, waar hy tot 1964 werksaam was. Hier het hy besluit om sy akademiese kwalifikasies

¹ Alhoewel Wassermann hom nie op komposisie toegespits het nie, het hy ná sy ouers se dood 'n Lydenskantate gekomponeer wat mettertyd in Pretoria, Bethlehem en Kroonstad uitgevoer is. Hy het ook 'n Klein Kerskantate gekomponeer en verskeie skoolliedere geskryf (Wassermann, A. H., 21 September 1985: korrespondensie).

te verbeter en daarom het hy 'n aanstelling by die Hoërskool Kuilsrivier aanvaar. Hier het hy slegs vir een jaar onderwys gegee. Terwyl hy die pos beklee het, het hy sy musiekstudies op Stellenbosch voortgesit, en aan die einde van 1965 het hy sy honneursgraad in musiek voltooi.

Nadat Hyman vir 1966 en 1967 aan die Hoërskool Swellendam verbonde was, betree hy 'n nuwe fase in sy professionele loopbaan toe hy in Januarie 1968 'n benoeming as musiekdosent aan die Kleurlingopleidingskollege vir onderwysers in Oudtshoorn aanvaar. Hierdie pos het hy tot Maart 1969 gevul, waarna hy die onderwysberoep tot Januarie 1971 verlaat het. Aan die begin van daardie jaar is hy as hoof van die musiekdepartement en senior dosent aan die blanke opleidingskollege in Oudtshoorn aangestel. In dié hoedanigheid sou hy besonder waardevolle ervaring opdoen, nie net as dosent in musiek as vak nie, maar ook in allerlei administratiewe en organisatoriese aspekte. Hierdie verruimende ervaring sou hom goed te pas kom toe hy in Januarie 1976 as vakadviseur in die Vrystaat aangestel is, in die plek van Van Huyssteen wat intussen afgetree het. In dié hoedanigheid is hy terselfdertyd ook as mededirigent van die Vrystaatse Jeugkoor aangestel. Na meer as tien jaar (1987) vervul Hyman nog hierdie funksies in die Oranje-Vrystaat.

3.4.2 Ervaring as koorleier

Reeds van meet af aan as jong onderwyser op Caledon en Swellendam het Hyman 'n belangstelling vir koorafrigting openbaar. In dié opsig was hy baie aktief en het hy gereeld koorgroepe gestig waarmee hy uitvoerings gegee en konserte onderneem het (Hyman, J. D., 25 Augustus 1985: onderhoud).

In dié proses het hy breë koorervaring bekom. 'n Besondere geleentheid het hom te beurt geval toe hy in April 1969 op grond van sy ervaring en bekendheid as koorleier as koormeester aan die Suid-Afrikaanse Polisiekollege in Pretoria aangestel is (Personalia : mnr. J. D. Hyman, 1976:25 e.v.). Ook hierdie betrekking het verruimend meegewerk tot sy algemene vorming as koorleier.

Hierdie liefde en belangstelling het hy sedert 1971 weer verder uitgeleef toe hy op Oudtshoorn vir vyf jaar die afrigting van die Kollegekoor waargeneem het. Terselfdertyd het hy ook 'n mannekoor gestig. Hyman het weer eens met die Kollegekoor en die mannekoor verskillende toere onderneem en uitvoerings gegee (Hyman, J. D., 25 Augustus 1985: onderhoud).

Sy wye koorervaring, beide as koorleier en toerorganiseerder, het van hom 'n uitmuntende persoon gemaak om vanaf 1976 as koorleier van die Vrystaatse Jeugkoor op te tree.

3.4.3 Vakkundige, kulturele en musiekopvoedkundige bydraes

Hyman se musikale agtergrond en vermoëns, sowel as sy ondervinding in die onderwysprofessie, het hy ook op allerlei terreine benut.

Só tree hy reeds sedert 1977 in sy hoedanigheid as vakadviseur vir musiek, as eksaminator vir beide die skriftelike en praktiese musiekeksamens van die Vrystaatse matriekeindeksamen op. Weens toenemende verpligtinge het hy egter van 1984 af slegs die praktiese afdeling van hierdie eksamens behartig. Vanweë sy ondervinding is hy eweneens genader om sedert 1982 as lid van die Eksamenraad van die Gevangenisdiens te dien (Hyman, J. D., 25 Augustus 1985: onderhoud).

Die groot taak om die amptelike sangbundel van die F.A.K. te hersien, is in die sewentigerjare deur die musiekkomitee van hierdie liggaam aangepak. Hyman het verskeie insette in die vorm van verwerkings en begeleidings vir die bundel wat in 1979 verskyn het, gelewer.

Gedurende 1979 en 1980 het hy op die musiekkomitee van Nasionale Opvoeding, saam met ander lede soos Chris Swanepoel en Philip McLachlan, gedien. Verder het hy in 1983 en 1984 as lid van SUKOV'S se Musiekkomitee, bygedra tot die bevordering van musiek in die Vrystaat.

Hyman het as ingeskrewe student vir die graad B.Mus. (Hons.) aan die Universiteit van Stellenbosch (cf. afd. 3.4.1), ook verdere harmonie-onderrig van R. Behrens ontvang. Hy het besonder belang gestel in komposisie. Dit het daartoe aanleiding gegee dat Hyman daarna heelwat insette gelewer het ten opsigte van koor-komposisies en -verwerkings. Verskeie uitgewers het al van sy verwerkings en komposisies, waarvan 'n groot aantal vir skoolkore en klassang-doeleindes geskik is, gepubliseer. Hierdie bundels sluit in: *Volkswysies* (1969), *Nog Volkswysies* (1970), *Sing Vrolik Saam*, *Liedere vir Kerkkoor*, *Kinderklanke*, *Sing nog 'n Liedjie*, *My eie Liedjies*¹ en *Sing A-long* (1985) (Hyman, J. D., 25 Augustus 1985: onderhoud).

Hyman word dikwels deur koorleiers genader vir verwerkings. Hyself het ook al talle massakore help organiseer, waarvoor hy self die musiek saamgestel en vir stemme met orkesbegeleiding verwerk het. Sodanige begeleidings is dikwels vir blaasgroepe verwerk, waarvoor Hyman 'n goeie musikale aanvoeling het; in so 'n mate dat hy ook gereeld in hierdie opsig hulp aan die blaasorkeste van die Suid-Afrikaanse Vloot en Weermag verleen (Hyman, J. D., 25 Augustus 1985: onderhoud).

3.4.4 Bydrae tot die ontwikkeling van die Vrystaatse Jeugkoor

As dirigent van die Vrystaatse Jeugkoor het Hyman besliste uitgangspunte ten opsigte van die organisasie en afrigting van die koor gehad. Toepassing van sy siening het 'n sterk stempel op die koor afgedruk, wat as 'n resultaat daartoe gelei het dat 'n deurlopende hoë uitvoeringstandaard gehandhaaf is. Bewyse hiervan word in positiewe koerantresensies gevind (cf. afd. 5.2) en ook in die feit dat dieselfde instansies die koor gereeld vir konserte uitnooi.²

1 Kleuterliedjies, gebaseer op volksliteratuur.

2 Hy bevestig dat die koor feitlik 'n vaste toerprogram in Transvaal kan volg weens die herhaalde uitnodigings uit sentra soos Rustenburg, Roodepoort, Pretoria en Germiston (Hyman, J. D., 25 Augustus 1985: onderhoud).

Volgens Hyman ag hy verskillende aspekte in die vervulling van sy amp as koorleier van die Vrystaatse Jeugkoor belangrik, naamlik

- die positiewe beeld van die koor na buite
- bepaalde norme vir die programsamestelling
- die handhawing van 'n hoë uitvoeringstandaard

3.4.4.1 Positiewe beeld van die koor na buite

Hyman het, en werk steeds doelbewus aan hierdie aspek. Volgens hom hang die beeld van die koor nie net ten nouste saam met die inskerping en handhawing van dissipline van die afsonderlike koorlede as individue nie, maar ook van die koor as geheel in groepsverband. Koordisipline in al sy fasette sluit nie net die fisiese houding of voorkoms van 'n koorgroep op die verhoog in nie, maar hang ook saam met die uitvoering van die koorwerke.

Wat die fisiese betref, is dit belangrik of die koor op 'n ordelike wyse op of af van die verhoog stap; hulle houding en voorkoms op die verhoog en veral die mate van gekonsentreerde aandag waarmee hulle die dirigent se aanduidings volg. Gepaard hiermee het die uitvoeringsdissipline in 'n hoë mate te doen met die vertolkende aspekte in die uitvoering van 'n werk, soos noukeurig uitgevoerde invalle en afsluitings, duidelike uitspraak en diksie, goeie frasering en asembeheer, eenvormige koorklank, en wat die dinamiek betref, goeie klankbalans met duidelik gegradeerde *crescendo's* en *decrescendo's*.

As sodanig is koordisipline 'n aspek wat nie net in 'n lewende konsertuitvoering waargeneem word nie, maar ook positief deur elke koorlid se gesindheid blyk. Hierdie dissiplinêre gesindheid van die koor is direk afhanklik van volgehoue inskerping oor 'n lang tydperk. Die resultaat daarvan word onder meer waargeneem in die pligsgetroue bywoning van oefeninge en deelname aan konsertreise (Hyman, J. D., 25 Augustus 1985: onderhoud).

3.4.4.2 Bepaalde norme vir programsamestellings

Hyman ag sekere uitgangspunte by die samestelling van 'n konsertprogram belangrik. Volgens hom moet die repertoriumkeuse goed deurdag en gebalanseerd wees, met 'n gevarieerde verskeidenheid van werke van verskillende nasionaliteite, style, besettings, stemming en karakter.¹ As norm gee hy voorkeur aan 'n gemengde program wat tradisioneel met 'n gewyde afdeling begin. Hy motiveer sy uitgangspunt hieroor aan die hand van twee argumente: eerstens is hy van oordeel dat sodanige musiek die toehoorder en die uitvoerende kunstenaar op 'n ander wyse aanspreek as enige ander liedsoort; tweedens het die instudering en uitvoering van dié koorwerke vir die sangers sowel morele as opvoedkundige waarde (Hyman, J. D., 25 Augustus 1985: onderhoud).

Hy beplan graag 'n tweede groep werke in sy programme wat verskillende style, tydperke en komponiste insluit, maar wat redelik ernstig van aard is. Hier is hy egter versigtig om nie werke in die programme in te sluit wat nie tot die jeugdiges spreek nie. Hy het gevind dat veral werke uit die koorliteratuur van die ses-tiende en sewentiende eeu nie deur die Jeugkoorlede met begrip uitgevoer kan word nie. In hierdie afdeling het hy in latere jare graag werke deur Suid-Afrikaanse komponiste ingesluit (cf. bylae E en K).

Die program word afgesluit met ligter werke wat nie net volksliedjies nie, maar ook ander komposisies van populêre aard, soos eietydse, gewilde ligte nommers en nommers uit musiekblyspele of operettes insluit.

'n Spesiale kenmerk van Hyman se konsertprogramme is die insluiting van werke met sterk, en dikwels komplekse ritmiese inslag en ander met eiesoortige harmoniese nuanses.

¹ Vanweë die algemene probleem om geskikte koormusiek te vind, het dit Hyman ook aangespoor om self koorkomposisies en verwerkings vir die Jeugkoor te skryf (cf. bylae E en F).

3.4.4.3 Die handhawing van 'n hoë uitvoeringstandaard

Weens praktiese probleme met die beskikbaarheid van begeleiers vir die Jeugkoor, het Hyman vanaf 1982 besluit om slegs werke te kies wat onbegeleid uitgevoer moet word. Met verloop van tyd het dit egter sy oortuiging gesterk dat hierdie sangwyse suiwerder intonasie en 'n meer homogene koorclank bevorder (cf. afd. 7.5.2.1:1). Die Vrystaatse Jeugkoor is dus tans (1987) een van die weinige kore wat slegs 'n *a capella*-koorprogram aanbied.

Hyman bestee ook baie tyd aan oefeninge om koorlede se gehoor te ontwikkel en asembeheer en diksie te verbeter. Tydens repetisies word elke nommer musikaal tot in die fynste besonderheid afgerig¹ (Hyman, J. D., 25 Augustus 1985: onderhoud).

3.5 SAMEVATTING

By nadere ondersoek blyk dit dat elkeen van die vier Jeugkoorleiers op bepaalde, maar verskillende terreine, bydraes tot die Vrystaatse Jeugkoor se vorming gemaak het. Hierdie verskille bestaan weens die persoonlikheidseienskappe en musikale voorkeure van elk van die vier koorleiers.

De Villiers, as altydige organiseerder en gerespekteerde en bekende musikus, was die ideale persoon om die Jeugkoor-projek van stapel te stuur. Hy het die dryfkrag en die inisiatief gehad wat nodig was. Alle organisatoriese en musikale vermoëns waaroor hy beskik het, is in diens van die koor aangewend. Hy was dus verantwoordelik vir die beplanning van elke faset waarvolgens die koor moes funksioneer, en het ook die taak van koorleier op sy skouers geneem.

¹ Dit is uit plaatopnames van veral vanaf 1980 duidelik dat beginsels van musikaliteit en goed afgerigte koorsang in die uitvoering van koornommers nagekom is.

Van Huyssteen het met sy toetrede in 1968 as mededirigent deur sy wye koorervaring en gespesialiseerde musiekkennis, 'n waardevolle aanvullende en verrykende funksie in die uitbou van die Jeugkoor se standaard vervul. Hy het gewerk aan die vestiging van 'n verbeterde koorklank en 'n omvangryker koorrepertorium, waardeur ook moeiliker tegniese eise aan die sangers gestel is. Sy musikaliteit het toepassing gevind in die noukeurige afrigting en hoogstaande uitvoering van koorwerke.

Wassermann weer, het veral die metode van keuring verbeter. Voorts het hy die samestelling van stemgroepe verander en met 'n nuwe kooropstelling geëksperimenteer. Die opstel van sy programme toon uitlewing van 'n besondere Christelike lewensbeskouing. Hy het ook in sy konsertprogramme talle van sy eie verwerkings ingesluit wat 'n aanvulling vir die repertorium was.

Hyman het, byna soos Van Huyssteen, met sy toetrede tot die Jeugkoor 'n nuwe dimensie verleen deur veral 'n sterk positiewe gedissiplineerde koortradisie te vestig. Volgens hom was die verkryging van hierdie ideaal noodsaaklik indien die Jeugkoor se beeld positief en professioneel moes vertoon. Dissipline in groepverband self was ook onderling noodsaaklik. Wat programsamestelling betref, wou Hyman programme uitvoer wat sowel opvoedingswaarde as vermaaklikheidswaarde het. Voorts was 'n verskeidenheid in die keuse van koorwerke belangrik. Hy het veral werke vermy wat die koorlede nie met oorgawe kon vertolk nie, maar het terselfdertyd ook hoë eise ten opsigte van intonasie, ritmiese bekwaamheid en vertolking verwag. Om 'n musikaal-bevredigende uitvoering te lewer, het Hyman besluit om hom sedert 1982 op *a cappella* -koorsang toe te spits.

Hierdie koorleiers het dus onafhanklik van mekaar 'n bydrae tot die vorming van 'n Jeugkoortradisie en voordragstandaard gelewer wat teenswoordig nie net as 'n ideaal nie, maar ook as 'n resultaat

van artistieke gehalte waarneembaar is. Hoewel koorlede gekom en gegaan het, het 'n koortradisie van afgeronde koorsang behoue gebly.

---oOo---

HOOFSTUK 4

BEELD VAN DIE VRYSTAATSE JEUGKOOR SE AKTIWITEITE
EN PROGRAMME TUSSEN DIE JARE 1965 TOT 1986

Die doel van die Vrystaatse Jeugkoor was onder andere om as beelddraer en as vertoonstuk te dien van die gehalte van vokale musiekonderrig wat deur Vrystaatse hoërskole gedoen is, en waarvan die Jeugkoor 'n logiese voortsetting sou wees. Voortvloeiend hieruit was meer spesifieke doelwitte die bevordering van 'n hoër uitvoeringstandaard asook die aanbieding van koorkonserte in die Vrystaat en in die res van Suid-Afrika.

In die verwerkliging van die voornoemde doelwitte sou mettertyd optredes plaasvind wat as besondere gebeurtenisse en hoogtepunte in die bestaansgeskiedenis van die Jeugkoor beskou kon word. Dit sluit optredes by staatsgeleenthede in, asook konserte wat 'n direkte invloed uitgeoefen het op, en as faktor tot die totstandkoming van ander jeugkore gedien het.

Die grammofoonplaatopnames wat die Jeugkoor gemaak het, gee 'n aanduiding van die tipe programme wat in die bestek van 22 jaar aangebied is. Hierdie opnames is eweneens 'n weerspieëling van die kwaliteit van die sang wat gelewer is, asook 'n weergawe van die voorkeure en musikale interpretasies van die dirigente.

'n Ondersoek na die inhoud van die jaarlikse konsertprogramme gee 'n beeld van die stylsoorte en komponiste waaraan prioriteit verleen is, en ook die voorkoms van bepaalde tendense by programsamestellings.

4.1 KOORAKTIWITEITE

4.1.1 Konserte en konserttoere

Teen die einde van 1964 is 31 hoërskoolleerlinge, verteenwoordigend van die beste sangtalent in die Vrystaat, as lede van die eerste "Vrystaatse Skolekoor" aangewys¹ (cf. afd. 2.2.2).

Omdat min mense of instansies van die bestaan van die nuut gestigte koor bewus was, was dit noodsaaklik dat 'n bekendstellingsveldtog van stapel gestuur moes word. Dit is gedoen deur gedurende April 1965 uitvoerings op ses Vrystaatse dorpe te lewer, naamlik Boshof, Welkom, Kroonstad, Bethlehem, Winburg en Bloemfontein (cf. bylae B).

Hierdie ses konsertpunte is versigtig gekies met die oog op bevolkingsdigtheid en kultuurbetrokkenheid van die gemeenskappe. Winburg is in hierdie toerprogram ingesluit, omdat die nuut gestigte koor gereeld daar geoefen het. Bloemfontein, as hoofstad, moes vanselfsprekend ook besoek word.

Afgesien van die konsert in Bloemfontein as deel van die toerprogram, het die Administrateur van die Oranje-Vrystaat, J. W. du Plessis, wat nou gemoeid was met die stigting van die koor (cf. afd. 2.1), op 'n tweede konsert in Bloemfontein besluit (cf. bylae B). Hierdie konsert het met die opening van die Provinsiale Raad saamgeval. Daardeur is die koor aan die leiers van die Vrystaat bekend gestel. Dit sou die toekomstige aanvaarding, groei en ontwikkeling van die koor uiteraard bevorder.

As gevolg van die sukses wat behaal is met die eerste eksperimentele toerprogram en die besoek aan ses sentra, is besluit om die toerprogram vir 1966 uit te brei deur ook ander groter dorpe in die streek in te sluit. Gedurende 1966 is Suid-Vrystaatse dorpe besoek (cf. bylae B). Deur deeglike organisasie en persoonlike kontak met kultuurleiers vóór konsertbesoeke deur die koor, het

1 Die vroegste amptelike naam van die koor soos gebruik in amptelike stukke (Bouwer, J. D., 26 Februarie 1985: onderhoud).

De Villiers hom daarvoor beywer dat die Jeugkoor sover moontlik 'n goeie ontvangs sou geniet en voor groot gehore optree (De Villiers, D. I. C., 31 Mei 1984: onderhoud). Deur soveel mense as moontlik by die uitvoerings te betrek, sou dit die bekendstelling en saak van die koor kon bevorder.

Konsertreise het vir die eerste twee jaar hoofsaaklik gedurende die April-skoolvakansie plaasgevind, alhoewel uitnodigings ook aanvaar is vir optredes tydens die Junie-vakansie.

Gedurende 1967 het die koor vir die eerste keer konsertoptredes buite die provinsie aangebied. Op 23 en 24 Junie is konserte in Pietermaritzburg en Durban aangebied, wat histories direk aanleiding sou gee tot die stigting van die Natalse Jeugkoor (cf. hfst. 6). Sedertdien het kort naweektoere ook algemene praktyk geword.

Omdat borge vanaf 1968 (cf. afd. 2.2.8.4) ook al meer in die aktiwiteite van die koor begin belang stel het, was daar vanaf dié jaar 'n besliste toename in die beplanning van konserttoere ook buite die grense van die Vrystaat.

Die koor het toenemend konsertuitnodigings van so ver as Kaapstad, Windhoek, Rustenburg en Pretoria begin aanneem. In 1975 bevestig De Villiers dat die koor vanaf 1965 tot 1975 in totaal "... om en by 200 konsertuitvoerings gelewer [het]", waarvan in die Vrystaat "... met enkele uitsonderings, elke dorp minstens een konsert gehad het". Hy wys daarop dat groter sentra van die ander provinsies en omliggende dorpe, soos Johannesburg, Potchefstroom, Durban, Pietermaritzburg, Kaapstad, Port Elizabeth, Grahamstad en Kimberley, gereeld besoek is¹ (De Villiers, 1975:30).

Voorts het die SAUK gedurende die eerste tien jaar jaarliks landwye programme, waarin die koor opgetree het, oor beide die Afrikaanse en Engelse senders uitgesaai (De Villiers, 1975:30). Om

¹ Alhoewel die "Genootskap van Rhodesiese Afrikaners" op 23 Mei 1972 'n skriftelike uitnodiging aan die koor uit die destydse Salisbury gerig het, sou 'n konsertreis na Rhodesië (huidige Zimbabwe) nooit realiseer nie (Bouwer, J. D., 7 Junie 1985: onderhoud).



Die Vrystaatse Jeugkoor tydens 'n optrede in die Grootte Kerk met die inhuldiging van die Staatspresident, J. J. Fouché : 10 April 1968

die kroon te span op die beplanning van konserttoere deur die Vrystaatse Jeugkoor, is in 1978 'n oorsese toer na Vlaandere, en in 1983 na Europa en Israel onderneem (cf. bylae B).

4.1.2 Besondere uitnodigings en geleenthede as hoogtepunte

Uiteraard sou gedurende die bestek van 22 jaar van die koor se bestaan, volgens algemene konsensus, verskeie hoogtepunte wees waarna in hierdie studie slegs kortliks verwys kan word. Die identifisering van hierdie hoogtepunte geskied hoofsaaklik op die oordeel van die betrokke dirigente.

■ 'n Moontlike uitstaande hoogtepunt gedurende die eerste tien jaar was 'n uitnodiging deur die Suid-Afrikaanse Regering waarin die Jeugkoor genooi was om op 10 April 1968, tydens die inhuldiging van die Staatspresident, J. J. Fouché, in Kaapstad op te tree (Bouwer, J. D., 27 Maart 1986: onderhoud; De Villiers, 1975:30). Motivering vir hierdie besluit was waarskynlik tweërlei van aard, want as gebore Vrystater sou die optrede van die Vrystaatse Jeugkoor by sy inhuldiging eerstens vir mnr. Fouché besondere persoonlike betekenis hê. Tweedens het die koor teen 1968 alreeds 'n uitvoeringstandaard bereik wat luister aan die geleentheid sou verleen. Hierdie bewering word bevestig deur die gunstige kommentaar wat na aanleiding van 'n konsert wat op 5 April 1968 in Bloemfontein aangebied is, in 'n plaaslike koerant uitgespreek is (Die Volksblad, 5 April 1986:13). Dus het die koor, onder leiding van albei sy dirigente, De Villiers en Van Huyssteen, op 10 April 1968, ter ere van dié geleentheid, voor die erediens in die Grootte Kerk in Kaapstad, 'n kort gewyde program van geestelike werke gelewer. Tydens die diens self het hulle die President toegesing: "Zie in genade en liefde neer op onze President, o Heer ..." (uit die Vrystaatse Volkslied). By die staatsbanket wat ná die inhuldiging gevolg het, het die koor ten slotte drie sekulêre werke voorgedra (cf. bylae K).

- █ Ook het die Jeugkoor gedurende Mei 1971 (cf. bylae B) tydens die tienjarige Republiekfeesvieringe in Kaapstad, as die enigste uitgenooide koor uit die Vrystaat, opgetree. As deel van die amptelike feesprogram het hulle 'n kort konsertreeks van vier uitvoerings in Kaapstad, Groenpunt, Pinelands en Stellenbosch aangebied (De Villiers, 1975:30).

- █ Vanweë die rol wat De Villiers en die Vrystaatse Jeugkoor in die totstandkoming van die Natalse Jeugkoor gespeel het, was bande tussen die twee kore gedurende die eerste tien jaar van die Jeugkoor se bestaan, besonder heg. Gereelde gesamentlike optredes is onder meer aangebied, byvoorbeeld gedurende Oktober 1969, September 1970 en weer in Mei 1971 (cf. bylae B). Heel gepas bied die twee baanbreker-jeugkore op 8 Junie 1974, die jaar van De Villiers se uittrede as koorleier, 'n gesamentlike uitvoering in die stadsaal van Johannesburg aan. Hierdie konsert was onder die stok van dirigent Edgar Cree, bygestaan deur die S.A.U.K. Junior Simfonie-orke, en is ook direk deur die S.A.U.K. oor beide die Afrikaanse en Engelse radio-senders uitgesaai (Bouwer, J. D., 7 Junie 1985: onderhoud; De Villiers, 1975:30).

- █ Wassermann vermeld dat die Jeugkoor ook gedurende 1975 'n besondere eer te beurt geval het wat as 'n verdere hoogtepunt in die koor se geskiedenis beskou kan word. Op 10 Oktober 1975 is die Taalmonument in die Paarl onthul en is die koor uitgenooi om tydens dié geleentheid, saam met vier ander kore, op te tree (Wassermann, A. H., 6 September 1985: korrespondensie).

- █ Die koms van televisie in Suid-Afrika was 'n belangrike gebeurtenis wat 'n nuwe era met besondere artistieke moontlikhede sou inlui. Hierdie medium bedien uiteraard 'n baie groter gehoor as wat gewone konsertoptredes kan bereik. Ook in hierdie medium sou die Vrystaatse Jeugkoor insette lewer. Op 11 September 1977 word 'n eerste optrede van die Vrystaatse Jeugkoor onder leiding van Wassermann as koorleier, in die program "Met Woord en Lied" gebeeldsaai. Daarna sou die koor

jaarliks tydens die Junie-vakansies, opnames vir beeldsending maak.

- 'n Verdere hoogtepunt in die geskiedenis van die Vrystaatse Jeugkoor was 'n uitnodiging van die vereniging, "Vrienden van Zuid-Afrika", om Vlaandere in September en Oktober 1978 te besoek¹ (Bouwer, J. D., 7 Junie 1985: onderhoud). Hyman het as koorleier opgetree en konserte is onder andere te Zottegem, Meere, Velzeke, Aalst, Oostende, Gent en Heuverlee in België aangebied. Optredes was hoofsaaklik in katedrale. Die koor het Parys² ook besoek en in Londen 'n uitvoering in Suid-Afrika-Huis gelewer (Bouwer, J. P., 7 Junie 1985: onderhoud; Die Vrystaatse Jeugkoor op toer in Vlaandere, 1978:11 e.v.).

- 'n Verdere eer wat die koor in 1981 te beurt geval het, was om tydens die Republiekfees na die hooffeesvierings in Pietermaritzburg uitgenooi te word. Op 26 Mei het die koor, naas ander groepe, 'n uitvoering as deel van 'n reeks prestige konserte, wat deel van hierdie fees gevorm het, gelewer (Bouwer, J. D., 7 Junie 1985: onderhoud; Wassermann, A. H., 6 September 1985: korrespondensie).

- Nog 'n buitelandse toer het in 1983 gevolg, toe die Vrystaatse Onderwysdepartement toestemming verleen het dat die Vrystaatse Jeugkoor op uitnodiging, die dertiende Zimriya Internasionale Koorfees in Israel, as deel van 'n toer na Europa kon bywoon. Bouwer, as hoof van musiek by die Vrystaatse Onderwysdepartement, het die besoek aan die Israelse koorfees verwelkom, want volgens hom is die ware essensie van demokrasie nie sy politieke struktuur nie, maar die skep van geleenthede "... waar verskeie mense mekaar [op artistieke gebied] kan ontmoet, verryk, inspireer en aanmoedig" (Bouwer, 1983:26). So 'n internasionale koorfees beantwoord juis aan so 'n siening. In Junie 1983 het die koor vir 'n toer deur Europa vertrek,

1 "Associazione Relazioni Cultrali con Lesterio" (A.R.C.O.), die internasionale konsertorganisasie van Rome, het die koor in 1973 genader om aan 'n tussenvolkse konsertfees van geestelike musiek in Rome deel te neem. Ongelukkig was die uitnodiging te laat ontvang om so 'n toer te reël (Bouwer, J. D., 7 Junie 1985: onderhoud).

2 Tydens hierdie besoek val 'n interessante ervaring die koor te beurt toe hulle op die trappe van die Sacre Coeur spontaan begin sing; "... within minutes they were surrounded by hundreds of people" (Die Vrystaatse Jeugkoor op toer in Vlaandere, 1978:12).

wat vanaf 24 Junie tot 20 Julie geduur het, met bywoning van die Zimriya-fees vanaf 4 tot 18 Julie. Volgens die koorleier, Wassermann, was die optredes 'n unieke hoogtepunt in die ontwikkeling en artistieke ervaring van die koor wat verruimend vir hulle toekomstige ontwikkeling ingewerk het (Bouwer, 1983: 26).

■ 'n Meer onlangse hoogtepunt vir die Jeugkoor was hulle deelname aan konsertaanbiedings in Bloemfontein tydens die opening van een van die modernste teaters ter wêreld, die Sand du Plessis-teater. Een daarvan was deelname aan 'n eerste Nasionale Jeugkoorfees wat op 30 en 31 Augustus 1985 aangebied is. Dit het onder meer optredes deur twee Transvaalse jeugkore, asook dié van Natal, die Oostelike Provinsie en twee kinderkore - die Drakensberg Seunskoor en die Tygerbergse Kinderkoor - ingesluit. Volgens Wassermann (6 September 1985: onderhoud) was die optrede met hierdie feeskonsert 'n heel besondere ervaring. Dit word bevestig deur die resensent van *Die Volksblad* wat van hierdie geleentheid soos volg berig het: " Die nege afsonderlike kore ... was uiteraard deur die bank van topgehalte ..." Van die slotnommer, 'n gesamentlike massakoor, berig die koerant verder dat dit "visueel-emosioneel" 'n belewenis was, en dat die gehalte van die sang "... die gehoor so diep geroer het dat hy die koor spontaan staande toegejuig het" (*Die Volksblad*, 2 September 1985:5).

■ Vanweë die besondere prestasies van die Vrystaatse Jeugkoor en die feit dat dit ná 21 jaar 'n vaste opvoedkundige instelling in die Vrystaat geword het, word in 1985 besluit om dié tradisie op 6 en 7 September 1985 feestelik te vier met 'n reünie vir oud-koorlede. Meer as 200 oud-jeugkoorlede van oor die Republiek van Suid-Afrika het ook op 7 September in 'n massakoor, wat deel van die een-en-twintigste koor se slotkonsert vir 1985 gevorm het, opgetree. Die eerste koorleier van die Jeugkoor, D. I. C. de Villiers, het as gasdirigent opgetree en die Administrateur van die Vrystaat, wat in 1964 gemoeid was met die stigting van die eerste provinsiale "Vrystaatse Jeugkoor", J. W. du Plessis, het 'n toespraak gelewer waarin hy die ontstaan en doelstellings van die koor kortliks geskets het.

4.1.3 Grammofoonplaatopnames

Grammofoonplaatopnames bestaan as konkrete getuienis van die gehalte en tipe vokale programme wat oor meer as twee-en-twintig jaar (1965 tot 1986) deur die Jeugkoor aangebied is. De Villiers het van meet af aan geoordeel dat opnames van die koorprogramme waardevol sou wees en wel om die volgende redes (De Villiers, D. I. C., 31 Mei 1984: onderhoud):

- Met die beskikbaarstelling en verspreiding van 'n plaat word reklame vir en kennisname van die koor uitgebou.
- Opnames is vir die dirigent waardevol ten einde 'n kritiese evaluasie te kan maak van die standaard van die koorwerk wat gelewer is. Aan die ander kant dien opnames as luistergenot en gedenkwaardigheid vir die publiek en koorlede.
- Die bestaan van 'n chronologiese reeks opnames bied 'n duidelik oorsigtelike beeld ten opsigte van aspekte soos programmeuses, interpretasie, koorklank, stembalans, intonasie en ander verwante koorbeginsels.

Op 23 April 1965 het die Vrystaatse Provinsiale Sekretaris toestemming verleen dat die Jeugkoor op provinsiale onkoste na Johannesburg mag reis vir plaatopnames op 31 Mei 1965. Die Teal Record Company het alle opnames gemaak en die debuut-plaat vrygestel met die titel *Die eerste Vrystaatse Jeugkoor onder leiding van Dirkie de Villiers* (Bouwer, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud). Dié opname bevat nege snitte aan elke kant waarvan een 'n instrumentale werk is¹ (De Villiers, D. I. C., 31 Mei 1984: onderhoud).

Benewens 'n langspeelplaat van die koor se konsertprogramme van 1966, het die F.A.K.-plateklub in daardie jaar 'n aantal plate van uitvoerende kunstenaars en groepe vrygestel. 'n Uitvoering deur die Jeugkoor van *Die sewe lawwe liedjies* van Boerneef, soos getoonset deur Pieter de Villiers, is as *FAK 4, Die sewe lawwe liedjies deur die Vrystaatse Jeugkoor* vrygestel (Bouwer, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud).

1. Titel van instrumentale stuk: Duo in G van Pleyel (De Villiers, D. I. C., 31 Mei 1984: onderhoud).

As gevolg van die positiewe reaksie van die publiek¹ is in 1967 'n amptelike besluit deur die Uitvoerende Komitee² geneem dat die maak van opnames deur die koor 'n vaste instelling moes word, asook dat die koor elke jaar op onkoste van die Provinsiale Administrasie na Johannesburg mag reis om 'n plaat te maak. Dit was egter nie altyd nodig nie, omdat opnames sommige jare in Bloemfontein gemaak is.

Gedurende 1967, sowel as op 8 Maart 1969, 21 Maart 1970 en 13 Maart 1971 is opnames van die koorprogram in die Odeion, die musiekkonertsaal van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat, gedoen (Bouwer, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud). Volgens amptelike stukke is ook in 1973, 1974 en 1975 opnames in die Odeion gemaak en gewoonlik gedurende die Augustusmaanduitvoerings van daardie jaar. Probleme met die gehalte van opnames het egter daartoe gelei dat die koor mettertyd weer gedurende die winter-vakansie in Junie vir opnames na Johannesburg gegaan het (Bouwer, J. D., 7 Junie 1985: onderhoud).

Die tye van die jaar waarop opnames gemaak is, sowel as die beskikbare opnametegnieke, het uiteraard 'n invloed op die gehalte van die opnames gehad. Opnames wat so vroeg as Meimaand gemaak is, was moontlik te vroeg vir die vereiste musikale rypwordingsperiode van die koorstukke. Gevolglik is intonasieprobleme en gebrek aan 'n homogene koorklank in die eerste paar jaar se plaatopnames merkbaar. Daarenteen is opnames wat in Augustusmaand van die jare 1973 tot 1975 gemaak is, gunstig, aangesien dit ná twee konserttoere plaasgevind het en die konsertprogram reeds deeglik deur alle koorlede bemeester was. Gevolglik is aspekte soos uitspraak en diksie, koorbalans, intonasie en musikale interpretasie opvallend beter. Opnames gedurende Augustusmaand het egter die nadeel gehad dat dit nie 'n gunstige tyd vir die bemerking van plaatopnames was nie.

Tans (1987) vind plaatopnames tydens die Junie/Julie-vakansietoer plaas. Wassermann vind dié tyd van die jaar bevredigend,

1 In die tweede jaar van die koor se bestaan alleen is 500 plate versprei en verkoop.

2 U.K.-besluit 226/20/2/67 soos aangehaal vanuit amptelike stukke (Bouwer, J.D., 10 Maart 1985: onderhoud).

alhoewel Hyman sou verkies om opnames eers teen Augustus te maak. Aangesien Hyman 'n kleiner koor saamstel, word die koorbalans en -klank nadelig geaffekteer wanneer lede griep of verkoues opdoen, wat redelik algemeen gedurende dié tyd van die jaar voorkom. Hyman oordeel ook dat die koor teen Augustusmaand sy beste prestasies kan lewer (Wassermann, A. H., 15 Augustus 1985: Hyman, J. D., 4 Augustus 1985: onderhoude).

Indien die opnames (tot 1986) van die Jeugkoor beluister word, is 'n onmiskenbare styging in die gehalte van die tegniese kwaliteit opvallend. Oppervlakgeruis is steurend by die 1967-opname, terwyl woorde en fynere musikale detail ook plek-plek verlore gaan. Distorsie van klank vind by hoë tone plaas en wanbalans tussen stemgroepe is soms hoorbaar. Probleme van oppervlakgeruis kom wel nog in opnames tot 1978 voor, maar ten spyte daarvan toon die opnames van 1973, 1974 en 1975 kwaliteite van goeie stemgroepbalans, duidelike uitspraak, met weinig toondistorsie. Opvallend van die opnames ná 1980 is veral 'n gebalanseerde koorklank en duidelike voordrag waarin al die musikale nuanses soos deur die koor uitgevoer, weergegee word.

Die platevrystellings van 1978 en 1980 verdien spesiale vermelding. Die titel van die 1978-opname is *Die Vrijstaatse Jeugkoor in Vlaanderen*, en dié plaat is in medewerking met die "Vrienden van Zuid-Afrika"-stigting in Vlaandere bemark. In 1980 weer het die groot aantal koorwerke wat instudeer is, daartoe gelei dat twee langspeelplate in een album van die sestende Vrystaatse Jeugkoor vrygestel is.

Plateverkope was oor die algemeen goed. Vanuit beskikbare amptelike stukke blyk dit egter dat 1969 'n besonder gunstige jaar was. Nie minder nie as 974 plate is verkoop (cf. tabel 5). Daarna het plateverkope selde 700 per jaar oorskry. Tans word tussen 300 en 500 plate per jaar verkoop (Bouwer, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud).

TABEL 5
 PLATEVERKOPE : VRYSTAATSE JEUGKOOR : 1965 TOT 1986

Jaar	Versprei/verkoop	Aantal bestel
1965	260	Onbekend
1966	500	do
1967	Onbekend	do
1968	do	do
1969	974	do
1970	787	do
1971	860	do
1972	Onbekend	do
1973	500	500
1974	Onbekend	700
1975	do	500
1976-1986	300-500*	300-500

* Gegewens deur Hyman verskaf (14 April 1986: telefoniese gesprek)

Koorwerke uit die verskillende Jeugkoorjare se plaatopnames word nog per geleentheid deur die SAUK uitgesaai. Met die talle opnames wat deur die jare verkoop is, dien dié plaatopnames as 'n belangrike Vrystaatse kultuur-historiese en musikale erfenis.

4.2 PROGRAMME

Uit 'n studie van die konsertprogramme en die inhoud daarvan wat in die twee-en-twintig jaar deur die Vrystaatse Jeugkoor aangebied is, kan bepaalde tendense waargeneem word:

- o Die programsamestelling het hoofsaaklik in twee geografiese hoofkomponente uiteengeval, naamlik musiek met 'n oorsprong buite Suid-Afrika en koormusiek uit eie bodem.

- Al die koormusiek in bogenoemde twee geografiese eenhede is eweneens uit twee hoofkategorieë gekies, te wete werke van komponiste en musiek uit die volksmond.
- Koorwerke van sekere komponiste en verwerkers kom meer dikwels in konsertprogramme voor (cf. bylaes C, D, E, F).
- Wat liedere uit die volksmond betref, is die gereelde voorkoms van een bepaalde soort lied, die geestelike Negerlied uit Amerika, opvallend.
- Gekomponeerde en tradisionele liedjies van swart volke uit Afrika, kom ook soms voor.
- Dit blyk eweneens dat daadwerklike pogings aangewend is om koorkompetisies en verwerkings van Suid-Afrikaners, asook plaaslike dirigente, komponiste en verwerkers, deur middel van konsertprogramme en aanbiedings bekend te stel.
- Jeugkoorleiers het self ook betekenisvolle insette as musiekskrywers vir die Jeugkoor gelewer.
- Verskillende, maar ook gemeenskaplike, elemente kan in die fisiese uitleg van programme uitgewys word.


4.2.1 Programsamestelling

Die verhouding tussen die hoofkategorieë van koorwerke, soos dit in die samestelling van koorliteratuur wat in die hoofkonsertprogramme vanaf 1965 tot 1986 voorkom,¹ kan soos in figuur 1 (cf. p. 90) diagrammaties voorgestel word.

Uit figuur 1 blyk dit dat 68% van die musiek wat in die Jeugkoorprogramme gebruik is, 'n oorsprong van buite Suid-Afrika het. Slegs 30% van die musiek wat aangebied is, is verwerkings van volksmusiek of gekomponeerde werke uit eie bodem, terwyl 2% van alle gekose musiek van swart volke afkomstig is.

¹ Slegs die 22 standaard konsertprogramme wat elke jaar vir toere en optredes gebruik is, is vir die resultate van hierdie navorsing gebruik.

Figuur 1 Samestelling van koorliteratuur in hoofkonsertprogramme



- 1 Koorkompetisies en verwerkings van komposisies deur buitelandse komponiste
- 2 Verwerkings van volksmusiek uit ander lande
- 3 Koorkomposisies en verwerkings van komposisies deur Suid-Afrikaanse komponiste
- 4 Verwerkings van eg Suid-Afrikaanse volksliedere
- 5 Liedere van swart volke in Afrika (insluitende Suid-Afrika)


4.2.1.1 Komposisies deur buitelandse komponiste

Van die koormusiek wat Jeugkoördirigente vir hulle programme¹ gekies het, was 48% van dié musiek deur nie-Suid-Afrikaanse komponiste. Die werke is verteenwoordigend van 171 komponiste (cf.

1 Die koorwerke wat op die 1974-program verskyn, was hoofsaaklik 'n herhaling van die gewildste nommers vanuit die vorige nege jaar. Vir hierdie navorsing is die program egter presies soos die ander as deel van die programaanbiedings van twee-en-twintig jaar ondersoek.

bylae C), waarvan 127 se name slegs een keer voorkom. Vyf-en-twintig komponiste se name verskyn slegs twee keer. In dié tyd is veral voorkeur aan die werke van 18 komponiste verleen, wat volgens frekwensie in figuur 2 aangedui word. Hiervolgens blyk dit dat koorwerke van Mozart en Palestrina die meeste uitgevoer is.

Figuur 2 Koorwerke deur nie-Suid-Afrikaanse komponiste



1 Die koorwerke wat op die 1974-program verskyn, was hoofsaaklik 'n herhaling van die gewildste nommers vanuit die vorige nege jaar. Vir hierdie navorsing is die program egter presies soos die ander as deel van die programaanbiedings van twee-en-twintig jaar ondersoek.

Die voorkeur aan die keuse van komponiste in programsamestellings spruit, benewens estetiese en musikale kwaliteite, waarskynlik ook uit die persoonlike voorkeure van dirigente.

De Villiers stel dit byvoorbeeld onomwonde dat hy J. S. Bach as die grootste komponis van alle tye beskou (21 Mei 1986: onderhoud). Daarom is dit begryplik dat hy werke van dié komponis tydens sy ampstermyn as koorleier ses keer by programme ingesluit het. Daarenteen vind hy ook aansluiting by die eenvoud en egtheid van sommige liedere van S. Foster. Vandaar dat van die liedere onveranderd of in verwerkte vorm in die programme van 1965, 1966 en 1969 ingesluit is.

In die programme wat De Villiers en Van Huyssteen as gesamentlike dirigente aangebied het, is veral komposisies van Mozart ingesluit. Vroeë sewentiende- en agttiende-euse koor komponiste soos Lassus, Hassler, Gallus en andere, kom eweneens in programme in die periode vanaf 1968 tot 1974 voor. Van Huyssteen in die besonder verleen graag voorkeur aan die koorwerke deur Palestrina (Coetzee, A. F., 14 September 1985: onderhoud). Koorwerke van Scarlatti word slegs in dieselfde periode, toe Van Huyssteen mededirigent van die koor saam met De Villiers was, in 1969, 1970, 1973 en 1974 aangetref (cf. bylae K).

Ooreenkomste tussen die musieksmaak van Van Huyssteen en Wassermann is opvallend. Soos eersgenoemde, laat Wassermann graag koorwerke van Palestrina sing. Vanaf 1976 tot 1985 sluit hy ses keer sodanige komposisies van dié komponis in programme in (cf. bylae K).

Werke van Händel was ook gewilde keuses by De Villiers, Van Huyssteen en Wassermann. Al vier die dirigente het ook aan werke van Mozart, Elgar, Hassler en Schubert voorkeur verleen. Hyman veral voel besonder aangetrokke tot die musiek van laasgenoemde liederkomponis (Hyman, J. D., 5 Mei 1986: onderhoud).

Benewens die insluiting van werke wat uitsluitlik as koorwerke gekomponeer is, blyk dit dat die koorleiers ná 1968 ook keuses

uit werktipes soos die opera, operette en musiekblyspele by hulle programkeuses begin insluit het. Die name van Verdi, Bizet, Lehár, Mascagni, R. Rodgers, Roger Wagner en Sullivan verskyn onder andere op die programme. 'n Groter verskeidenheid komposisiestyle in die jaarlikse repertoriumkeuses is opvallend. Selfs ligter populêre komponiste soos Arlectowitz, Lee Denver en andere se werke word ná 1975 deur Wassermann en Hyman uitgevoer (cf. bylae K).

4.2.1.2 Verwerkings deur buitelandse komponiste

Wat nie-Suid-Afrikaanse verwerkers betref, is die name van 66 verwerkers opgeteken. Dit is interessant dat die name van bekende komponiste soos Z. Kodály en J. S. Bach eweneens as verwerkers aangetref word (cf. bylae D).

4.2.1.3 Tradisionele (volks-) musiek uit ander lande

Tradisionele¹ musiek uit ander lande sluit hoofsaaklik verwerkings van volksliedere en volksmusiek in. Dit is in verskillende tale, insluitende Afrikaans en Engels, deur die Jeugkoor gesing.

In hierdie kategorie verskyn daar vanaf 1969 gereeld jaarliks een of meer geestelike Neger-liedere uit Amerika. Die keuse van hierdie interessante tipe volkslied was gewild, en het ongeveer sewe persent van die totale aantal werke wat vanaf 1969 tot 1986 deur die koor in konserte aangebied is, uitgemaak (cf. bylae G).

4.2.1.4 Musiek van swart volke

'n Derde, dog kleiner kategorie van liedere is musiek van swart volkere van Suid-Afrika en Afrika. Hierdie liedere is gewoonlik

1 Vir doeleindes van hierdie navorsing word onder die begrip "tradisioneel" of "volksmusiek" die definisie van die Internasionale Volksmusiekraad van 1954 aanvaar, naamlik dat outentieke volksmusiek van geslag tot geslag mondelings oorgedra word. Hierdie musiek kan 'n gekomponeerde oorsprong hê, maar is 'n produk van ontwikkeling waarin allerlei vorm, ritmiese en melodiese veranderinge voorgekom het (Choksy, 1981:193).

in die oorspronklike taal gesing en met uitsondering van die lied deur Enoch Sontonga, is almal tradisioneel van aard. Vyftien sodanige werke, met herhaling van drie, word in al die programme soos in tabel 6 aangedui, aangetref.

TABEL 6
MUSIEK VAN SWART VOLKE

Jaar	Koorleier	Getal	Titel	Inskrywing op program
1969	De Villiers, Van Huyssteen	1	Bayeza	Tradisioneel Bantoeliedjie
1972	do	2	Wiegelied Ut'he Wena	Xhosa-volkswysie, verw. P. Malan - Zulu-huwelikslied
1973	do	2	Kumbaya Nqongqot'hwane	Bantoeliedjie Bantoeliedjie
1974	do	1	Bayeza	Seremoniële lied uit Afrika
1977	Wassermann	1	Shosholoza	Zulu-lied, verw. Gray*
1979	do	2	Okambishi Nhamhuku Owambu yetu	Twee Ovamboliedjies, verwerk deur D. de Villiers
1981	do	1	'nKosi Sikelel' 'iAfrika	Enoch Sontonga, verw. D. Nel
1982	Hyman	4	Babevuya Uqongqot 'Hwane Thaba Ts Morija Shosholoza	Xhosa huwelikslied Xhosa kinderlied Sotho huwelikslied Xhosa werklid verwerk deur Williams/Hyman/Gray*
1983	Wassermann	1	Bayeza	Seremoniële lied uit Afrika

* Die onderskeie programnotas bevat hier 'n teenstrydigheid

4.2.1.5 Komposisies en verwerkingsdeur Suid-Afrikaanse komponiste

Soos uit figuur 1 (cf. afd. 4.2.1) blyk, is slegs 30 persent van die programkeuses wat oor twee-en-twintig jaar deur die Jeugkoor aangebied is, komposisies en verwerkings uit eie bodem.

Die name van 28 Suid-Afrikaanse koorverwerkers en 34 komponiste is in die programme tot 1986 aangetref (cf. Bylaes E, F).

Tydens sy termyn as dirigent het De Villiers die gebruik gevolg om komponiste en verwerkers te versoek om werke spesiaal vir die koor te komponeer of te verwerk. Van hierdie musici is ook telkens uitgenooi om tydens belangrike Bloemfonteinse konserte as gasdirigente¹ op te tree (Bouwer, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud). Hierdie gebruik was dan ook 'n betekenisvolle aspek van programsamestelling gedurende die eerste tien jaar. Dié inisiatief het verruimend op die Suid-Afrikaanse musiekliteratuur ingewerk. Nuwe Suid-Afrikaanse komposisies en verwerkings het aldus so deur middel van konserte, S.A.U.K.-optredes en plate-opnames van die Vrystaatse Jeugkoor landwyd bekend geraak.

Die bydraes van hierdie komponiste en verwerkers, asook die name van genooide gasdirigente vanaf 1966 tot 1973, word in tabel 7 uiteengesit.²

Soos in die geval van buitelandse komponiste (cf. 4.2.1.1) word ook onder Suid-Afrikaanse komponiste diegene gevind wie se werke as konsertkeuses meer dikwels as dié van ander voorkom. Van die 34 komponiste wie se name in die programme verskyn, is elf komponiste se koorwerke meer as twee keer uitgevoer (cf. bylae E).

In figuur 3 word gepoog om 'n voorstelling te bied van die Suid-Afrikaanse komponiste van wie die Jeugkoor vanaf 1965 tot 1986 meer as drie werke uitgevoer het. 'n Belangrike feit is dat twee Jeugkoordirigente ook 'n bydrae tot koorkomposisies gelewer het, soos ook in figuur 3 (cf. p. 97) blyk.

1 De Villiers het ook tydens enkele geleenthede bekende dirigente genooi om as gasdirigente op te tree (cf. tabel 7). Hierdie gebruik om dirigente, komponiste en verwerkers saam met die koor te laat optree, is slégs tydens die eerste tien jaar van die groep se bestaan gevolg.

2 Ná De Villiers se uittrede as dirigent is opdragwerke heel waarskynlik nog sporadies vir die koor geskryf, maar aangesien daar geen amptelike rekord van bestaan nie en hierdie ooreenkomste waarskynlik tussen die dirigent en die komponis of verwerker aangegaan is, is tabel 7 opgestel vir die jare 1966 tot 1973, waarvoor skriftelike bewyse, hetsy uit amptelike stukke of in programme gevind kon word.


TABEL 7
GENOOIDE GASDIRIGENTE ASOOK OPDRAGWERKE DEUR DIE JEUGKOOR
UITGEVOER VIR DIE TYDPERK 1966 TOT 1973

Jaar	Gasdirigent	Verwerking/komposisie		Opmerkings
		Titel	Komponis	
1966		(a) Daeraad (b) Lied van 'n koningsdogter	D.I.C. de Villiers	Jeanette Fourie, 'n koorlid, dirigeer twee komposisies vir dogterstemme deur D.I.C. de Villiers, skynbaar vir alle optredes
1966	Pieter de Villiers	Sewe Lawwe Liedjies op woorde van Boerneef	P.J. (Pieter) de Villiers	P. J. de Villiers verwerk die sololiedere spesiaal vir die Jeugkoor
1966	Chris Heyns	(a) Die Gansies (b) Erika	Bridge Niel	Vir die Jeugkoor verwerk deur C. F. Heyns
1967	Georg Gruber	Agt volksliedjies	-	Spesiaal verwerk vir en opgedra aan die Jeugkoor
1967	Michael Casaleggio	(a) Hessie se witperd (b) Die blink vosperd	S.A. volkswysie S.A. volkswysie	Bestaande verwerkings van M. Casaleggio; nie spesiaal vir die Jeugkoor gedoen nie
1968	P. H. van der Westhuizen	Kantate gebaseer op die Geneefse melodie vir Psalm 118	P. H. van der Westhuizen	Spesiaal vir die Jeugkoor gekomponeer
1969	G. G. Cillié	(a) Psalm 150 (b) Ses Afrikaanse volksliedjies	Maitre Pierre -	Spesiaal vir die koor verwerk deur G. G. Cillié
1970	Anton Hartman	-	-	Tree slegs as dirigent op
1970	-	Jeugkoor-Kantate, gebaseer op "Here hoeveel blye dae"	Chris Lamprecht	Eerste uitvoering; spesiaal aan die Jeugkoor opgedra
1971	Philip McLachlan	-	-	Tree slegs as dirigent op
1971	Hubert du Plessis	"En Boland sing koortaal (op 32)" (a) Hoe stil kan dit word as sedoos gaan lê (b) Jankematanka Langklaas-franke	Hubert du Plessis	Twee Boerneef-gedigte in opdrag* vir die Vrystaatse Jeugkoor getoonset
1972	P. J. (Petrus) Lemmer	Vlammende herinnering	P. J. Lemmer	Spesiaal vir die Jeugkoor gekomponeer ter nagedagtenis aan wyle Pierre de Villiers en Tersteegen Jonker**
1973	E. Aitchison	Drie Afrikaanse piekniek-liedjies	-	Volkswysies verwerk deur E. Aitchison

* Met die oog op die optredes tydens die Republiekfeesvieringe in Bloemfontein en die Kaap, vra De Villiers in 'n skriftelike stuk, gedateer 9 Julie 1970, toestemming van die Direkteur van Onderwys om met die Kaapse komponis, Hubert du Plessis, te onderhandel om 'n kort koorwerk met 'n geskikte vaderlandse tema vir die Jeugkoor te komponeer om by die soort geleentheid te pas. Die resultaat van hierdie versoek was "En Boland sing koortaal (op. 32)" (Bouwer, J. D., 7 Junie 1986: onderhoud).


** Pierre de Villiers, toe Jeugkoorlid en seun van D. I. C. de Villiers, is in 1967 in 'n motorfietsongeluk oorlede. Tersteegen Jonker, peetkind van Van Huyssteen, sterf ook in 1967.

Figuur 3 Werke van Suid-Afrikaanse komponiste deur die Vrystaatse Jeugkoor uitgevoer : 1965 tot 1986



Aangesien die koorleiers van die Jeugkoor deurgaans geskikte werke vir so 'n amateur hoërskoolgroep, met sy eiesoortige vokale probleme, moes vind (cf. afd. 7.2.1.2), was hulle dikwels op hulself aangewese om geskikte verwerkings te lewer. Die aandeel van De Villiers, Wassermann en Hyman uit 'n totaal van 182 verwerkte nommers oor 'n tydperk van 22 jaar, word in figuur 4 vergestalt. Hulle bydrae vorm 'n beduidende 58% van verwerkings wat vanaf 1965 tot 1986 gesing is.

Figuur 4 Die bydrae van De Villiers, Wassermann en Hyman in verwerkte nommers : 1965 tot 1986



Uit figuur 4 blyk dit dat De Villiers die aktiefste was, met 'n bydrae van 23% (cf. bylae D). Daar moet egter in ag geneem word dat hy ná sy uittrede as koorleier steeds daartoe ingestem het om verwerkings vir gebruik deur die Jeugkoor te lewer (Hyman, J. D., 4 Augustus 1985: onderhoud; Wassermann, A. H., 15 Augustus 1985: onderhoud).

4.2.1.6 Verhouding van werke


Die fisiese samestelling van al die programme van die Jeugkoor het meesal volgens 'n vaste patroon verloop. Volgens gebruik het die program met 'n eerste afdeling waarin hoofsaaklik geestelike werke aangebied is, geopen. Daarna het 'n sekulêre afdeling, gekenmerk deur stylkontraste, gevolg. Gewoonlik is met sekulêre werke van 'n ernstiger aard begin, gevolg deur komposisies of verwerkings van meer populêre aard. Tradisionele musiek, soos volksliedjies, is meer algemeen in die slotgedeelte aangebied.

Teen dié agtergrond het die volgende feite aan die lig gekom, waarvan die detail in bylae G vervat is:

- Die gemiddelde aantal werke wat in 'n tipiese program aangebied is, het gewissel tussen 20 en 41. Die rekenkundige gemiddelde van die 22 programme wat bestudeer is, beloop 28 items per konsert.
- As gevolg van die beskikbaarheid van uitsonderlike vokale en instrumentale talent in die gekeurde Jeugkoorlede, het De Villiers en Wassermann van vokale en instrumentale nommers deur soliste en ensemblegroepe vir programkontraste gebruik gemaak.¹ Hierdie gebruik word ná 1980 deur 'n koerantresensent bevraagteken (Die Volksblad, 8 Junie 1983:8).
- Omdat die spreektaal in die Vrystaatse gemeenskap oorwegend Afrikaans is, is die voorkoms van Afrikaans as sangtaal in programme ondersoek. Voorkeur vir koorwerke met 'n Afrikaanse teks (oorspronklik of in vertaalde vorm) word persentasiegewys as 'n kurwe in figuur 5 weergegee.

¹ Hierdie items is nie by dié studie in ag geneem nie.

Figuur 5 Voorstelling van persentasie koorwerke deur die Jeug-
 koor in Afrikaans uitgevoer : 1965 tot 1986



Tydens die eerste drie jaar toe De Villiers alleen-dirigent was, was die gemiddelde Afrikaanse inhoud van programme 70% en meer per jaar. Daarna vind 'n geleidelike fluktuierende daling na 50% en minder plaas, met 'n oorwegende anderstalige inhoud in 1980.

'n Ondersoek na die gemiddelde verspreiding van die grafiekbese-
 derhede, verdeel in twee dekades, word in tabel 8 aangedui. Dit
 blyk dat gedurende die eerste dekade (1965 tot 1974) ongeveer 14%
 meer Afrikaanse koorwerke as gedurende die volgende tien jaar
 gesing is.

TABEL 8

'N VERGELYKING TUSSEN DIE VERHOUDING VAN AFRIKAANSE TOT ANDERSTALIGE KOORTEKSTE VIR DIE PERIODES 1965 TOT 1974 EN 1975 TOT 1984 ONDESKIEDLIK

Jaar	Die verhouding tussen Afrikaanse en anderstalige tekste		
	Liedere met Afrikaanse teks	Totale getal liedere in programme	Persentasie liedere met Afrikaanse teks
1965-1974	153	272	56,2%
1975-1984	125	299	41,8%
TOTAAL	278	571	

Wat die geestelike afdeling¹ van programme betref, beloop die gemiddelde inhoud 27,9%, wat verteenwoordigend is van 140 werke uit 'n totaal van 501 oor 'n tydperk van 22 jaar. Wassermann, veral, het 'n groter persentasie van sy programme aan geestelike musiek gewy as die ander koorleiers (cf. afd. 3.3.3.3). Soos uit tabel 9 (cf. p. 102) blyk, het hy soms meer as 'n derde van sy programme aan sodanige koormusiek gewy.

Tradisionele musiek uit ander lande én vanuit Suid-Afrika self, verteenwoordig 32,48% van die programinhoud. Soos reeds in figuur 1 (cf. p. 90) aangedui is, vorm eg Suid-Afrikaanse volksliedjies 12% van die genoemde inhoud.

1 Geestelike tradisionele Neger-liedere (Negro spirituals) is nie as streng gewyde musiek verreken nie.

TABEL 9

'N VERGELYKING TUSSEN DIE AANTAL GEESTELIKE WERKE WAT IN
PROGRAMME VAN DIE JEUGKOOR GEDURENDE DIE TYDPERK
1965 TOT 1986 INGESLUIT WAS

Jare	Dirigente	Getal*	Totale aantal vokale nommers	%
1965 - 1967	De Villiers	19	76	25,0
1968 - 1976	Tydperk waarin twee dirigente saamgewerk het	88	272	32,4
1977, 1979, 1981, 1983, 1985 (vyf jaar)	Wasserman	51	124	41,1
1978, 1980, 1982, 1984, 1986 (vyf jaar)	Hyman	33	153	21,6

* Totale aantal geestelike koorwerke aangebied tussen 1965 tot 1986: 191 (cf. bylae G)

Uit 'n ontleding van die programinhoud blyk verder dat die repertorium van die eerste drie jaar van die koor se bestaan, veral 'n sterk Afrikaanssprekende kultuurinslag vertoon. Programme was hoofsaaklik saamgestel uit liedere van Suid-Afrikaanse komponiste en verwerkers, dikwels met 'n patriotiese inslag, asook volkseie tradisionele liedere en koornommers waarvan die teks in Afrikaans vertaal is (cf. bylae G).

In 1968, met die toetrede van Van Huyssteen as mede-dirigent, was die ontwikkeling van 'n meer universele karakter in die musiekkeuses waarneembaar. Die program wat tydens De Villiers se afskeidsjaar (1974) aangebied is, het 'n wye verskeidenheid koorliteratuur bevat (cf. tabel 10) en is 'n tipiese voorbeeld van die samestelling van programme vanaf 1968 tot 1974.

Sedert die koorleierskap van Wassermann en Hyman, wat die koor vanaf 1977 beurtelings waargeneem het, blyk die programme meer individualisties van aard te wees. Verskillende werktipes en style word in die repertorium-samestellings ingesluit.

TABEL 10
SAMESTELLING VAN 1974-PROGRAM

Soorte liedere (oorvleuelend in die verskillende kategorieë)	Aantal	Uitgedruk as 'n persentasie van die totaal
Geestelike werke	11	37,9
Patriotiese lied(ere)	1	3,6
Suid-Afrikaanse volksliedere	4	13,8
Liedere met Afrikaanse teks	10	34,5
Geestelike Neger-liedere	3	10,3
Werke van Suid-Afrikaanse komponiste	2	6,9
Verwerkings deur Suid-Afrikaanse verwerkers	7	24,1
Tradisionele liedere van ander lande	7	24,1
Werke deur ander komponiste	14	48,2
Totale aantal nommers in program	29	100,0

Wassermann bevoorkeur kontrapuntale, sowel as werke met gedrae melodiese lyne en magtige koorclank, terwyl Hyman veral aansluiting vind by style waar gespesialiseerde ritmiese en harmoniese vervlegtheid voorkom. Dit sluit werke met 'n jazz-karakter, asook eietydse komposisies in. In dié twee koorleiers se programme word daar van vroeë komponiste soos Di Lassus, Palestrina, tot die meer eietydse Bartók, Kodály, Grimpe en Pinkham se koorwerke ingesluit.

Alhoewel die struktuur en harmonieë van sommige komposisies wegbreek van die tradisionele, is *avant garde*-koorwerke in eksperimentele styl slegs een keer, naamlik in 1976, aangebied.¹ Die *Volksblad* van 2 Augustus 1976 maak melding van een van dié

1 Twee werke is aangebied: Sound patterns van Bernard Rands, en The evening draws in, van George Self. 'n Uittreksel van die musiek verskyn in bylae L.

werke: "Met groter koördinasie tussen stemme en effekte, sou Rands se Klankpatrone as eksperimentele koorwerk meer geslaagd gewees het."

4.3 SAMEVATTING

Die nuwe koor wat in 1965 as die Vrystaatse Jeugkoor begin funksioneer het, is in daardie jaar deur middel van 'n aantal konserte op Oranje-Vrystaatse dorpe en in Bloemfontein bekend gestel. Teen 1967 het die koor ook in ander provinsies begin optree. Vanweë die groter bekendheid wat die koor mettertyd verkry het, het uitnodigings deur verskillende instansies vir konserte gevolg.

Die waarde van jaarlikse plaatopnames as reklame, evalueringsmateriaal, luistergenot en gedenkwaardigheid is van meet af aan besef. Daarom is daar gereeld vanaf 1966 jaarliks¹ 'n plaatopname (en in 1980 twee) vrygestel.

Konsertprogramme van die Vrystaatse Jeugkoor openbaar bepaalde tendense. Selfstandige komposisies en volksmusiek uit sowel Suid-Afrika as die buiteland, vorm die hoofkomponente van die koorprogramme. 'n Klein persentasie keuses is oor die algemeen uit musiek van swart volkere uit Afrika gemaak.

'n Positiewe aspek van programsamestelling gedurende die eerste aantal jare was veral die klem wat op die bevordering van nuwe Suid-Afrikaanse koorwerke geval het. Koorleiers en musici van elders het in hierdie tydperk ook by geleentheid as gasdirigente tydens sommige uitvoerings opgetree.

Dit blyk dat die Jeugkoorleiers eweneens belangrike insette as verwerkers en komponiste vir programme gelewer het. Weens die musikale en soms kulturele voorkeure van elke koorleier, is 'n

1 Soos reeds genoem, was daar net vir 1976 nie 'n plaat gesny nie.

verspreiding van verskillende aspekte, wat onder meer liedsoorte, stylsoorte, komposisiesoorte en komponiste insluit, in die onderskeie programme waarneembaar.

---oOo---

HOOFSTUK 5

BESPREKING VAN PROGRAMINHOUD VAN DIE VRYSTAATSE JEUGKOOR

In hierdie hoofstuk word nie gepoog om programme krities te ontleed en te evalueer nie, maar die programsamestelling soos deur die Jeugkoor aangebied, word wel aan die hand van twee breë kriteria ondersoek, naamlik:

- die menings van koerantresensente ten opsigte van openbare konsertoptredes, en
- bepaalde riglyne vir die geslaagde samestelling van koorprogramme.

Die menings van koerantresensente as norm vir kwaliteitsbepaling en beoordeling van programme bevat 'n element van subjektiwiteit, aangesien die eie musikale agtergrond, opleiding en praktiese ervaring van resensente 'n beslissende rol kan speel. Subjektiewe teenstrydigheid word byvoorbeeld deur die kommentaar van verskillende resensente ten opsigte van dieselfde konsertuitvoering van 1971 weerspieël.

Hennie Joubert verwys byvoorbeeld in *Hoofstad* (19 Mei 1971:8) na die koor se "... tegniese vaardigheid ... pragtige toonbeheer ... [en] opvallende begrip waarmee gesing word", nadat hy 'n Bloemfonteinse konsert van die Vrystaatse Jeugkoor bygewoon het. Daarteenoor berig die resensent in *Die Volksblad* van dieselfde konsert: "Tegniese sangprobleme ... onduidelike artikulasie en uitspraak. Dit was alles te stadig, te trekkerig, te weinig spontaan en te kunsmatig" (15 Mei 1971:7).

Tog kan die oordeel van resensente oor die geslaagdheid al dan nie van die Jeugkoor se uitvoerings nie negeer word nie, omdat die breë publiek se oordeel oor, en affiniteit vir 'n bepaalde koor, sekerlik in 'n mindere of meerdere mate daardeur beïnvloed word.

Ten opsigte van algemene riglyne in die samestelling en uitvoering van 'n koorprogram doen Chris Swanepoel tydens 'n lesing te Pretoria by die eerste Nasionale Philip McLachlan Koorwerkswinkel (1983) sekere kriteria aan die hand. Swanepoel word in hierdie riglyne ondersteun deur musici soos Ehret (1959:52 e.v.) en Hoffer (1984:320), asook koorleiers, Jon Washburn (1984:7 e.v.),¹ Raymond Sprague (1984:5 e.v.)² en Kortkamp (1969:128). Hierdie riglyne dien as norm vir 'n beoordeling van die uitvoerings van die Vrystaatse Jeugkoor soos uit hierdie verhandeling sal blyk (cf. afd. 5.3).

5.1 KOERANTRESENSIES

Die inhoud van koerantresensies was meesal 'n beoordeling of bespreking van die volgende elemente, hoewel sommige resensies slegs algemene, en min of geen musikale kommentaar bevat nie.³

- o Programme: lengte, samestelling en die verwysing na sekere werke in programme.
- o Dirigente: die algemene optrede, houding, styl en aanbieding van werke.
- o Die beeld van die Vrystaatse Jeugkoor
 - as groep
 - stemgroepe onderling.
- o Die uitvoering self: in hierdie kategorie is gewoonlik positiewe of negatiewe aspekte van die tegniese en musikale voordrag uitgelig.
- o Die koor teenoor die publiek.

1 In 1984 tree Washburn as dirigent van die Vancouver-kamerkoor op.

2 Sprague was gedurende 1984 professor in musiek en koorleier aan die St. Mary's College, Notre Dame, Indiana.

3 Sulke algemene kommentaar verskyn in: Die Volksblad (4 April 1966:7); The Natal Witness (28 September 1970:5); The Daily News (26 September 1970:3); Zululand Observer (13 April 1981:14).

5.1.1 Programme

5.1.1.1 Lengte van programme

Die lengte van die konsertprogramme het meestal tussen 20 (1968) en 41 nommers (1976) gewissel (cf. bylae G).

Dit is opvallend dat daar in resensies selde na die programlengte van konsertaanbiedings verwys word. In 1969, toe 35 koornommers aangebied is, oordeel 'n Bloemfonteinse resesent dat die uitvoering "... miskien ietwat te ... lank" was (Die Volksblad, 3 April 1969:5). In 1976 toe 41 nommers aangebied is, is daar wel 'n verwysing na die lengte, dog geen kritiese opmerking in dié verband nie (Die Volksblad, 2 Augustus 1976:4).

Gevalle het egter wel voorgekom waar die Jeugkoor in gesamentlike optredes met ander groepe, hulle die gramskap van koerantskrywers oor die lengte van optredes op die hals gehaal het. So 'n geval was twee konserte wat onderskeidelik in Durban en Pietermaritzburg saam met die Natalse Jeugkoor in September 1970 aangebied is.¹ Ten opsigte van 'n konsert wat in 1983 in Bloemfontein gehou is, word die gebruik van soliste en ensembles in die program soos volg bevraagteken: "... of daar ... by 'n koorprogram plek is vir los solo's en aparte orkesitems ... veral wanneer dit meebring dat 'n program byna drie uur duur" (Die Volksblad, 8 Junie 1983: 8).

5.1.1.2 Samestelling van programme

Dit wil voorkom of programkeuses nie altyd in alle opsigte sinvol georden en gebalanseerd was nie, en resesente spreek soms hieroor menings uit. Vroeg in April 1969 ontlok die Bloemfonteinse konsertoptrede die volgende kommentaar: "[Die program] ... toon 'n groot verskeidenheid, wat strek van geestelike werke tot volks-

¹ "Last night's programme was long and stretched even longer by too many encores" (The Daily News, 26 September 1970:3). "One criticism is that the programme was overlong" (The Natal Witness, 28 September 1970:5).

liedverwerkings - miskien ietwat te gevarieerd ..." (Die Volksblad, 3 April 1969:5) en in 1976 word 'n mening uitgespreek dat "... 'n meer chronologiese of tipe-ordening van werke ook die samehang [sou] bevorder het" (Die Volksblad, 2 Augustus 1976:4).

In 1967 skryf 'n musiekresesent byvoorbeeld in dié verband: "Die program het byna uitsluitend uit ligte nommers bestaan ... Die insluiting van 'n aantal stewiger werke sou egter die peil van die program verhoog het" (Die Volksblad, 31 Maart 1967:6). Soortgelyke kommentaar word in 1976 gelewer (Die Volksblad, 2 Augustus 1976:4).

Gedurende 1971 breek 'n polemieks in *Die Volksblad* rondom 'n besondere kritiese resensie van 'n konsert in Bloemfontein los.¹ Wat programsamestelling betref, merk die resesent onder meer op dat die program wat deur die koor aangebied is "... vlak en een-sydig" was. Direk hierna volg 'n skynbaar teenstellende bewering, naamlik dat "As die Jeugkoor 'n groot publiek blywend wil boei, sal daar in 'n groter deel van die program 'n ligte toon aangeslaan moet word" (Die Volksblad, 15 Mei 1971:7).

'n Konserwatiewe keuse en samestelling van konsertnommers val weer in 1977 op (Die Volksblad, 8 Augustus 1977:4) en 'n gebrek aan Afrikaanse volksliedjies word deur 'n resesent ten opsigte van die program van 1980 uitgewys (Die Volksblad, 4 Augustus 1980:4).

5.1.1.3 Repertoriumkeuses

Oor repertoriumkeuses word deur die jare ook kommentaar gelewer ten opsigte van verskeidenheid, moeilikheidsgraad en vermaaklikheidswaarde:

"Die werke wat aangebied is, was steeds binne die vermoë van

¹ Van hierdie briewe is in die volgende 1971-uitgawes van Die Volksblad opgespoor: 20 Mei 1971:6; 22 Mei 1971:4; 24 Mei 1971:10; 25 Mei 1971:12; 26 Mei 1971:16; 28 Mei 1971:14 (hoofartikel); 4 Junie 1971:1; 4 Junie 1971:14 (subhoofartikel); 5 Junie 1971:5; 8 Junie 1971:1; 9 Junie 1971:10 en 12 Junie 1971:8.

jong stemme [en] ... toon 'n groot verskeidenheid wat strek van geestelike werke tot volksliedverwerkings ..." (Die Volksblad, 3 April 1969:5). "Van Bach, Schütz, Scarlatti en Hubert du Plessis word daar ingewikkelde en verskillende koorwerke aangebied ..." (Hoofstad, 19 Mei 1971:8). "... die buitengewone strawwe program waarop die twee dirigente ... besluit het. Vir enige professionele, volwasse koor sou hierdie lang en musikaal-aanstrengende aanbieding les laat opsê het!"¹ "Daar kan met lof gepraat word van die uitmuntende dog veeleisende program wat aangebied is. Die werke - wat gestrek het van die sestiende eeu tot moderne Suid-Afrikaanse komposisies ..." (Die Volksblad, 2 Augustus 1975:2). "These ... young singers perform an immense programme ... from 16th century to contemporary Afrikaans composers" (The Friend, 2 Augustus 1975:2).

Verdere aanmerkings in dieselfde trant is: "'n Verskeidenheid in voordrag" (Die Volksblad, 30 Julie 1979:4); "... [h] uitgebreide program van 26 stukke [is] met welslae van stapel gestuur" (Die Volksblad, 3 Augustus 1981:10). "'n Uitvoering, dié propvol onafgesaagde keuses" (Die Volksblad, 26 Julie 1982:8) en "... [h] interessante en genotvolle program" (Die Volksblad, 6 Augustus 1984:10).

5.1.1.4 Musikale kwaliteite

Musikale kwaliteite van ingeslote liedere word eweneens deur resensente bespreek. Kritiek was dikwels teen ligte nommers wat in die program verskyn het, gemik, byvoorbeeld:

"Dit bly 'n ope vraag of die min of meer geslaagde treffers van Lehar, Mascagni en Bizet ... of min-om-die-lyf deuntjies (van die laaste items) enigsins verdien om ingekleurd op konsertverhoë te verskyn" (Die Volksblad, 2 Augustus 1976:4). "Die insluiting van 'Moon River' en 'Some enchanted evening' as koorwerke was jammer. Daar is tog koorwerke in musiekblyspele" (Die Volksblad,

¹ Hennie Joubert in Hoofstad (8 Mei 1972); uitknipsel in besit van D. I. C. de Villiers.

8 Augustus 1977:4). In 1981 word ander keuses ook bevraagteken: "... die religieus-oppervlakkighede van die tradisionele lied 'Amen' en 'The King is coming' [was] krapperig" (Die Volksblad, 3 Augustus 1981:8). Die insluiting van "Waterblommetjies" (Anton Goosen) en "Perhaps love" (John Denver) as koornommers in die 1985-program is, wat die Bloemfonteinse resensent betref, onvanpas aangesien dié twee nommers "net nie in koorsang werk nie" (Die Volksblad, 9 September 1985:7).

5.1.1.5 Diverse kommentaar

In byna elke bestudeerde resensie word van die koornommers wat in die program voorkom, om bepaalde redes uitgelig. Slegs enkele prominente verwysings word hier genoem.

Op versoek van D. I. C. de Villiers verwerk Pieter de Villiers sy *Sewe lawwe liedjies* (op die woorde van Boerneef) vir solostem vir die Jeugkoor (cf. tabel 7). Gedurende April word hierdie verwerkings ook in Bloemfontein uitgevoer, met Pieter de Villiers as dirigent. In *Die Volksblad* word die volgende dag berig dat "Een van die hoogtepunte van die aand was die sewe Boerneefliedjies" (3 April 1969:5).

In die 1970-program het 'n werk van Zoltán Kodály, uit *Mountain Nights* voorgekom.¹ Die aanbieding en uitvoering van hiërdie komposisie beïndruk resensente. Ná 'n konsert op Bethlehem word in die *Bethlehem Express* berig dat "... die glanspunt wat my uit die tweede helfte sal bybly, was die koor se ekskursie in die wêreld van vokale abstraksie. Kodály se ... impressionistiese stemskildery met volop atonaliteit ..." ²

Ander resensente bevestig bogenoemde: "... something different from the O.F.S. Youth Choir ... was 'Mountain Nights', an effective tone picture by girls' voices only" (The Natal Witness,

1 Die bundel bestaan uit vyf koorkomposisies vir gelyke stemme sonder woorde.

2 Bethlehem Express (10 April 1970); uitknipsel in besit van D. I. C. de Villiers.

28 September 1970:5) en "... eerie echoing voice effects" (The Daily News, 26 September 1970:3). Die resensente van sowel *Die Volksblad* as die *Western Transvaal Record* verwys ook na hierdie uitvoering van Kodály se komposisie (Die Volksblad, 1 Junie 1970:7; Western Transvaal Record, 24 April 1970:19).

In die 1971-program word die spesiale opdragwerk van Hubert du Plessis, wat vir die Jeugkoor gekomponeer is (cf. tabel 7), ook spesiaal genoem, en wel soos volg: "n Besondere hoogtepunt was die pragtige uitvoering onder leiding van Tersteegen van Huyssteen van Hubert du Plessis se 'En Boplaas sing koortaal'."¹

'n Besondere waardering vir 'n afdeling van die program is waarneembaar ná die Bloemfonteinse konsert in 1984: "Toe volg die belangrike deel: elf nuwe sekulêre Suid-Afrikaanse komposisies wat elkeen sy première by monde van hierdie Jeugkoor ondervind het" (Die Volksblad, 6 Augustus 1984:10).²

5.1.2 Koorleiers

Aangesien koorleier en koor gesamentlik die instrument is waardeur die konsertganger die musiek beleef, word opmerkings in koerante oor die musikale en soms die fisiese indruk wat koorleiers gemaak het, gevind.

De Villiers se leiding word in die eerste bestaansjaar van die Jeugkoor as "gevoelig en verbeeldingryk" ervaar (Die Volksblad, 9 April 1965:7). Nadat Van Huyssteen in 1968 as mede-dirigent toetree het, skryf 'n Natalse resensent dat "De Villiers is the more earnest of the two and obtained highly disciplined singing from the choir. The uncharitable might describe Van Huyssteen's directing of the choir as flamboyant - he has more gestures and showmanship than most conductors of 100 piece symphony orchestras - but he certainly obtains results, the choir responding with

1 Eikestadnuus (4 Junie 1971); uitknipsel in besit van D. I. C. de Villiers.

2 Resensent: Dirkie de Villiers.

alertness to his demands" (The Daily News, 26 September 1970:3). *Die Volksblad* se resensent van 1971 kritiseer weer die "... veels te veel uiterlike vertoon wat konsentrasie van die toehoorder bemoeilik" (Die Volksblad, 15 Mei 1971:7).

Dit was gedurende die jare 1968 tot 1974 vir waarnemers opvallend met watter gemak die koorlede onder die leiding van De Villiers of Van Huyssteen as koorleiers reageer het. Die volgende aanhalings is bewyse hiervan:

"The Free State Youth Choir was handled by two conductors and the whole character of their singing changed to meet the demands of who-ever was in charge, and the two men have vastly different styles" (The Daily News, 26 September 1970:3). "... die gerief waarmee hierdie jong kinders van die een dirigent na die ander kan oorskakel, het getuig van ... fyn afrigting."¹ "To Bloemfontein audiences it is always an interesting phenomenon that a choir can have two regular conductors. And how well they manage, in their divergent styles of conducting ..." (The Friend, 15 Mei 1971:2).

Bepaalde karaktereienskappe en musikale kennis en kwaliteite word eweneens deur resensente aan koorleiers toegedig:

"Die Vrystaatse Jeugkoor besit in die twee dirigente, Dirkie de Villiers en Tersteegen van Huyssteen, persone met ondernemingsgees, deursettingsvermoë, diepgaande kennis van waartoe die stemme van hoërskoolleerlinge in staat is, die tegniek om verstommende effekte met sulke stemme te verkry, en bowenal 'n fyn musikale gevoel" (Die Volksblad, 5 Junie 1971:5).²

Hennie Joubert skryf, na aanleiding van die Jeugkoor se optrede in die Musaion, Pretoria, dat die "... Vrystaters 'n skitterende sukses behaal [het] en hul koor en dirigente het beslis getoon wat met toewyding en aanmoediging bereik kan word".³

1 Hennie Joubert in Hoofstad (19 Mei 1971); uitknipsel in besit van D. I. C. de Villiers.

2 Brief afkomstig van G. G. Cillie, Minseriestraat 4, Stellenbosch, wat in die genoemde koerant gepubliseer is.

3 Hennie Joubert in Hoofstad (8 Mei 1972); uitknipsel in besit van D. I. C. de Villiers.

Wanneer Wassermann en Hyman alleen as koorleiers optree, word soortgelyke kommentaar gelewer. Só word Wassermann se voorliefde vir die geestelike lied in 'n resensie beklemtoon: "In die talle gewyde nommers het die koor die grootste indruk gemaak" (Die Volksblad, 8 Augustus 1977:4). In ander word sy musikaliteit aangeprys: "Andries Wassermann verdien lof vir die wyse waarop hy die koorlede gemotiveer het om al die verskillende stemminge van die uiteenlopende voordragstyle met soveel oorgawe te kon vertolk. Dit getuig van insig en besondere inlewing (Die Volksblad, 30 Julie 1979:4). "The O.F.S. Youth Choir ... are dutifully attentive to their talented conductor" (Natal Witness, 29 Mei 1981:3).

'n Afkeer aan vertoon en deeglike afronding, gekoppel aan oortuigende musikaliteit, is die beeld wat die kunsbladleser van Hyman vorm: "Elke dirigent druk die stempel van sy eie persoonlikheid en smaak op 'n koor af. Vandaar dat ... Danie Hyman, beide met sy programkeuse as met die vertolking, die klem byna deurgaans laat val het op die kort, sprekende werk, op 'n toongehalte wat verfynd en selfs in die klein besonderhede geskaaf en gepoleerd is, en op 'n dinamiek wat letterlik slegs eenmaal in die loop van die hele uitvoering hoër as 'n matige forte gestyg het. Basies, dus, was dit 'n 'stil' aanbieding, geheel sonder histrioniese gebare, maar een wat musikaal verantwoord was" (Die Volksblad, 26 Julie 1982:8); "en dat Hyman se eie evokatiewe [komposisies] ... met 'n amper tere oorgawe (wat mooi getoon het hoe sterk die rapport tussen dirigent en koor lê) aangebied is" (Die Volksblad, 6 Augustus 1984:10).

5.1.3 Die beeld van die Vrystaatse Jeugkoor

5.1.3.1 Die lede as groep

Die jeugdigheid van die begaafde sangers en samehangende eienskappe, tipies van sulke jong koorlede, lewer die volgende kommentaar deur resensente:

"Die Vrystaatse Jeugkoor se grootste aantreklikheid is daarin geleë dat die stemme nog die frisheid van kinderstemme en tog alreeds die rypheid van volwassenes het" (Western Transvaal Record, 24 April 1970:19). "The obvious involvement was a delight" (The Friend, 5 Augustus 1974:2). "... musikale inlewing, oorgawe, innerlike plesier, hartlikheid, selfversekering, frisheid en spontaneïteit in die gelewerde sang" (Die Volksblad, 8 April 1965:7; 3 April 1969:5; 1 Junie 1970:7; 30 Julie 1979:4).¹

5.1.3.2 Stemgroepe onderling

Die keuse van vokale werke vir die koor was gewoonlik vir vier of meer stempartye: tradisioneel vir sopraan, alt, tenoor en bas. Wat die samesmelting tussen die verskillende stemgroepe betref, was daar heel dikwels gunstige kommentaar, soos blyk uit enkele geselekteerde aanhalings:

- "... die samestelling was byna deurgaans treffend" (Die Volksblad, 9 April 1965:7)
- "... die balans van stemme [was] uitstekend" (Die Volksblad, 5 Augustus 1974:4)
- "Voortreflik was die vol, ryk, gebalanseerde klank" (Die Volksblad, 3 Augustus 1981:40)
- "... die geïntegreerde klankeffek wat dwarsdeur die aand 'n kenmerk van die koor was" (Die Volksblad, 6 Junie 1983:8)

Aangesien egte tenoorstemme by hoërskoolseuns skaars is (cf. afd. 7.2.1.2), sou verwag kon word dat dié groep maklik deur resensente gekritiseer sou word. In die aanbieding van 1965 word daarna verwys dat daar "hier en daar 'n puntige tenoorstem" was (Die Volksblad, 9 April 1965:7). Ses jaar later verwys die *Bethlehem Express* weer na 'n "... inherente tekort in die kwaliteit van die tenore wat 'n mens uit die aard van die saak by skoolseuns moet verwag. Dit het allerlei probleme ten opsigte van stem-

¹ Eikestadnuus (4 Junie 1971); uitknipsel in besit van D. I. C. de Villiers.

projeksie en balans meegebring."¹ Die omstrede resensie van 1971 (cf. afd. 5.1.1.2) stel die volgende: "Reeds in die eerste items was dit duidelik dat die seunsstemme nie oor besondere kwaliteit beskik nie ... Die gevolg was dat die koor herhaaldelik afgekom het, soms selfs werklik onsuier gesing het" (Die Volksblad, 13 Mei 1971:7).

In sommige jare - soos 1977, 1981 en 1985 - maak skrywers spesiaal melding van sterk tenoorseksies, weer eens met verwysing na die skaarste van hierdie stemgroep (Die Volksblad, 8 Augustus 1977:4; Natal Witness, 29 Mei 1981:3; Die Volksblad, 9 September 1985:7).

Die altgroepe het selde kommentaar ontlok. Soms is enkele woorde gebruik om dié stemgroepe as "toonvas" te beskryf (Die Volksblad, 15 Mei 1971:7); "goeie alt-kwaliteit" (Die Volksblad, 2 Augustus 1976:4); "stewige altseksie" (Die Volksblad, 4 Augustus 1980:4) en ander enersse opmerkings.

Die stemgroepe wat veral lof ingeoes het, was die basse en soprane. Reeds vanaf die eerste jaar is kritici beïndruk met die basse, soos: "Gestut deur 'n span stewige en sonore basse" (Die Volksblad, 9 April 1965:7); "Die heerlike baskwaliteit het 'n vaste toonskerm verskaf waarteen die ander stemme by tye helder en ontroerend-mooi geprojekteer het." (Western Transvaal Record, 24 April 1970:19). Melding word voorts gemaak van die pragtige baskwaliteit van die tiende koor (Die Volksblad, 5 Augustus 1974:4) en wanneer De Villiers in 1982 self as musiekresensent tydens 'n Bloemfonteinse konsert optree, skryf hy: "Sonder vrees van weerspreking kan gesê word dat sy² groep basse die welluidendste en diepste is wat nog onder die Jeugkoorvaandel saamgebring is" (Die Volksblad, 26 Julie 1982:8). *Die Volksblad* berig eweneens in 1983 en 1984 van 'n "wonderlik-sonore ondersteuning van die basse" (6 Junie 1983:8; 6 Augustus 1984:10).

1 Bethlehem Express (10 April 1970); uitknipsel in besit van D. I. C. de Villiers.

2 Die verwysing het betrekking op Hyman wat in 1982 as koorleier opgetree het.

Alhoewel die soprane van die 1970-koor by tye "dun" vertoon het en dan die balans van die koor versteur het (Die Volksblad, 1 Junie 1970:7), "verruk" die soprane van 1972 "met hul klokhelder kwaliteit"¹ en is die soprane van 1974 en 1975 "noemenswaardig ... met hulle ryk ronde fluitagtige klank" (Die Volksblad, 5 Augustus 1974:4; 2 Augustus 1975:2). Dié van 1984 word as "briljant" beskryf (Die Volksblad, 6 Augustus 1984:10).

5.1.4 Tegnie se en musikale aspekte van voordragte

5.1.4.1 Tegniek

Sommige van die werke wat in konsertprogramme van die Vrystaatse Jeugkoor ingesluit is, het moeilike tegnie se eise aan die koor-sangers gestel. Die programme van 1970 en 1971, byvoorbeeld, het 'n hele aantal sodanige werke ingesluit. 'n Kritikus skryf in dié verband: "Die gemak waarmee die jeugdige koorlede die bittermoeilike melismes baasgeraak het, het mens se bewondering gewek. Veral in Bach se 'Wir eilen mit schwachen' het die dogterstemme met onberispelike intonasie, goeie diksie en meevoerende horisontaliteit (Bach se lang frases!) gesing."² In 1971 skryf Hennie Joubert: "[Die koor sing] veeleisende koorwerke ... met 'n tegnie se vaardigheid wat enige koor goed ter ere sal kom (Hoofstad, 19 Mei 1971:8) en Gawie Cillié skryf oor 'n konsert op Stellenbosch: "... [hoe] opvallend was die gemak waarmee die Vrystaatse Jeugkoor sy tegniek aangepas het by liedere so verskillend soos 'Wir Eilen' van Bach, die 'Eggolied' van Orlandi di Lasso, 'The Gypsies' van Kodály en 'Boplaas [sic.] sing koortaal' van Hubert du Plessis" (Die Volksblad, 5 Junie 1971:5).³ Die "verbasende beweeglikheid" van die stemme val Joubert weer in 1972 op⁴ en in 1975 beïndruk dit ook 'n resensent van *Die Volksblad* as hy skryf dat "... lopies is met vloeiende gemak uitgevoer en daar was etlike verbysterende effekte" (Die Volksblad, 2 Augustus 1975:2).

1 Hoofstad (8 Mei 1972); uitknipsel in besit van D. I. C. de Villiers.

2 Bethlehem Express (10 April 1970); uitknipsel in besit van D. I. C. de Villiers.

3 Brief afkomstig van G. G. Cillié, Minseriestraat 4, Stellenbosch, gepubliseer in die genoemde koerant.

4 Hennie Joubert in Hoofstad (8 Mei 1972); uitknipsel in besit van D. I. C. de Villiers.

Jare later beïndruk die koor se vaardigheid weer eens 'n resensent van dieselfde koerant as hy verwys na "... die inspannende Eternal Father (Holst) waar die koor se briljante soprane volkome tot hul reg gekom het by die tegnies uitputtende herhaal-frases" (Die Volksblad, 6 Augustus 1984:10).

5.1.4.2 Musikaliteit

Aanmerkings oor die musikale aspekte van die konsertaanbiedinge was gewoonlik van 'n positiewe aard, soos "... fyn musikale effekte, nooit goedkoop of banaal nie, is verkry deur oordeelkundige wisselinge in die tempo en dinamiek" (Die Volksblad, 9 April 1965:7). Deur die jare word van die volgende melding gemaak: die koor se "... voortreflike artistieke peil ..."; dat die vertolkings "... musikaal verantwoord ..." is; "... treffend in ooreenstemming met die grondtoon van elke lied was ..." (Die Volksblad, 5 April 1968:13) en dat die "... algemene musikaliteit ..." van die aanbieding opgeval het.¹ Die musikale vertolking van geestelike Neger-liedere word ook beklemtoon: "... met intensiteit en oortuigende toonswelling"² en ook "There was a wonderful grasping of style in the presentation of the Negro Spirituals" (The Friend, 5 Augustus 1974:2).

5.1.4.3 Frasering

Frasering is beskryf as "afgerond", "beskaaf en intelligent", "smaakvol", "goed", "voorbeeldig" en "uitstekend" (Die Volksblad, 9 April 1965:7; 5 April 1968:13; 2 Augustus 1975:2; 3 Augustus 1981:10; 6 Junie 1983:8; 6 Augustus 1984:10; 9 September 1985:7).

5.1.4.4 Stembinding, stemkleur en asembeheer

Aangesien koorklank 'n integrerende deel van die konsertaanbieding uitmaak, het kritici in hulle kommentaar ook na hierdie aspek

¹ Eikestadnuus (4 Junie 1971); uitknipsel in besit van D. I. C. de Villiers.

² Bethlehem Express (10 April 1979); uitknipsel in besit van D. I. C. de Villiers.

verwys: "Die samesmelting tussen die stemme [was] byna deurgaans treffend" (Die Volksblad, 9 April 1965:7); daar is 'n "... volronde toon in die legato dele ..." (Die Volksblad, 5 April 1968:13). In Transvaal skryf 'n resensent oor die "... ware bel canto sang ... in die tweestemmige stukke wat ons dogters gelewer het" (Western Transvaal Record, 24 April 1970:19), en uit Natal: "This is a ... choir with expressive tone" (The Natal Witness, 28 September 1970:5). Joubert verwys na "pragtige toonbeheer" (Hoofstad, 19 Mei 1971:8) en kritici van *Die Volksblad* skryf van die "... sterk, byna robuuste, maar tog goed beheerste klank van die koor" (Die Volksblad, 8 Augustus 1977:4) en van die "vol ryk gebalanseerde klank" (Die Volksblad, 3 Augustus 1981:10), asook "samesmelting en binding van stemgroepe" (Die Volksblad, 6 Augustus 1984:10; 9 September 1985:7).

5.1.4.5 Intonasie en dinamiek

Geen musikale koorvoordrag van goeie gehalte staan los van die vereistes van onbesproke intonasie en die artistieke beheer van dinamiek nie (cf. afd. 7.5.2.1; 7.5.2.3).

Die Vrystaatse Jeugkoor van die eerste drie jaar van die bestaan daarvan kon moontlik intonasieprobleme ondervind het, aangesien De Villiers aanvanklik nie besondere toonvastheid b6 uitstaande stemkwaliteit tydens die keuring van kandidate verkies het nie. Trouens, De Villiers sonder die derde Jeugkoor as die "swakste" koor van al die koorgroepe uit, en verwys dan veral na intonasieprobleme wat ondervind is (De Villiers, D. I. C., 31 Mei 1984: onderhoud). Ná 1968 was daar slegs in 1971 en 1972 verwysing na swak intonasie (Die Volksblad, 15 Mei 1971:7; Hoofstad, 8 Mei 1972).¹ Ander kommentaar was deurgaans positief, soos: "Die intonasie is suiwer ..." (Die Volksblad, 3 April 1969:5); "Harmonie en chromatiese progressies [word] ... volkome [deur] die koor [beheer]."²; "Pitch, dynamics, [and] response ... were fine" (The Friend, 2 Augustus 1975:2). Kritici maak ook melding van "...

1 Hennie Joubert in Hoofstad (8 Mei 1972); uitknipsel in besit van D.I.C. de Villiers.

2 Bethlehem Express (10 April 1970); uitknipsel in besit van D. I. C. de Villiers.

suiwer sang ..."¹ en "... vaste intonasie ..." (Die Volksblad, 6 Augustus 1984:10). In 1981 skryf 'n kritikus soos volg: "In die baie ongeleide werke het die toonhoogte byna altyd konstant gebly, selfs in daardie moeilike Doriese toonaard" (Die Volksblad, 3 Augustus 1981:10).

Wat die dinamiek betref, het kritici ook op 'n positiewe wyse daarna verwys en geskryf van "... forse gedrae sang ... pragtige pianissimo's vir so 'n groot koor" (Die Volksblad, 8 Augustus 1977: 4) en "Voortreflik was die ... beheersing van die uiterstes van dinamiek" (Die Volksblad, 3 Augustus 1981:10).

5.1.4.6 Uitspraak en diksie

Uitspraak en diksie (cf. afd. 7.5.2.2.3) is eweneens onlosmaaklik verbonde aan koormusiek. Sommige kritici het in dié verband soos volg kommentaar gelewer:

1974: "... the crisp diction was a delight" (The Friend, 5 Augustus 1974:2).

1975: "Aandag is aan die geringste detail gegee - die staccato was bros en die diksie duidelik" (Die Volksblad, 2 Augustus 1975:2).

1977: "... sorgvuldige diksie ..." (Die Volksblad, 8 Augustus 1977:4).

1982: "... heldere artikulasie en konsonante ..." (Die Volksblad, 26 Julie 1982:8).

1984: "... glashelder, duidelike artikulasie van konsonante ..." (Die Volksblad, 6 Augustus 1984:10).

1985: En minder entoesiasties: "... goeie diksie ..." (Die Volksblad, 9 September 1985:7).

1 Eikestadnuus (4 Junie 1971); uitknipsel in besit van D. I. C. de Villiers.

5.1.4.7 Kritiek : tegniese en musikale fasette

Negatiewe kritiek van resensente is ten opsigte van bepaalde tegniese en musikale aspekte van die Jeugkoor se uitvoerings uitgespreek.

Die *Bethlehem Express*¹ verwys na probleme sover dit die stemprojeksie en koorbalans raak. In 1974 berig *The Friend* (5 Augustus 1974:2) soos volg: "The choral sound ... was shallow." In 1969 is 'n resesent van mening dat "... die diksie ... in ekele gevalle meer aandag verdien" (Die Volksblad, 3 April 1969:5). 'n Resesent oor 'n konsert in Bloemfontein in 1971 vind die artikulasie en uitspraak by die spesiaal gekomponeerde lied van Hubert du Plessis, *En Boland sing koortaal*, "onduidelik". Syns insiens beskik dié koor ook nie oor die tegniek om vinnige passasies legato uit te voer nie en "... in the motet Ascendit Deus van Jacobus Gallus [was] klankeffekte met medeklinkers ... [on]verantwoord" (Die Volksblad, 15 Mei 1971:7).

Joubert² sluit in 1972 eweneens aan by die mening wat deur die resesent van *Die Volksblad* in 1971 uitgespreek is "... dat dikwelse vokalisering van medeklinkers ietwat té effeksoekend is, nes die onnatuurlike kortknip van klinkers in woorde soos Halleluja e.a." Hy merk voorts op dat die uitspraak van vreemde tale hier en daar ietwat "diktongig" was. Verder het "'frase'-aaneenknopings soms die natuurlike 'asemhaal' van [die] komposisie ignoreer". In 1974 word in *The Friend* (5 Augustus 1974:2) ook die mening dat frases en langer note dikwels kortgeknip is, uitgespreek.

Beide resensente van *Die Volksblad* en *The Friend* lewer kommentaar in verband met onbevredigende tempi sover dit die konsert in Bloemfontein van 1974 aangaan: In *The Friend* (5 Augustus 1974:2) word daarna verwys dat die "tempi misjudged" is, terwyl *Die Volksblad* (5 Augustus 1974:2) na die "onreëlmattige tempi" verwys. Laasgenoemde resesent is eweneens van mening dat "... dinamiese teenstellings nie groot en effektief ..." genoeg was nie.

1 Bethlehem Express (10 April 1970); uitknipsel in besit van D. I. C. de Villiers.

2 Hennie Joubert in Hoofstad (8 Mei 1972); uitknipsel in besit van D. I. C. de Villiers.

In 1981 bespeur 'n kritikus "... 'n voortdurende neiging om normale woordklem te veronagsaam wanneer die melodielyn op daardie spesifieke lettergreep styg - So was daar 'wil geskied', 'daagliks' brood" (Die Volksblad, 3 Augustus 1981:10).

5.1.5 Die koor en die publiek

Uit koerantberigte wil dit voorkom of die Jeugkoor gou landwyd aansien en bekendheid begin geniet het.

"The Free State Youth Choir, said to be the finest young people's choir in South Africa, will visit Port Elizabeth next week. The choir, which was formed four years ago, has been singing to packed audiences throughout the Free State, the Northern Cape, Durban and Pietermaritzburg."¹ Ook in 'n Transvaalse koerant het die volgende positiewe berig verskyn: "Op Vrydag, 1 Mei ... tree die sesde Vrystaatse Jeugkoor in die Hoër Handelskool ... op. ... Hierdie koor wat as een van die bestes in ons land gereken word ..." (Die Vaderland, 22 April 1970:2).

Voor die koor se optrede dieselfde jaar in Natal (cf. bylae B), skryf 'n joernalis: "The O.F.S. Youth Choir has achieved great publicity during its six years of existence" (The Natal Witness, 24 September 1970:6).

Gawie Cillié berig die volgende jaar uit Stellenbosch dat die "... Stellenbosse gehoor [het] veral die Vrystaatse Jeugkoor telkemale uitbundig toegejuig ..." (Die Volksblad, 5 Junie 1971:6). *Die Volksblad* (5 April 1971:6) lewer voorts verslag oor die toerprogram van die sewende koor wat "... deurgaans met waarderende gehore en volgepakte sale te doen gehad ..." het. Op Saterdag, 6 Mei 1972, het die Jeugkoor in Pretoria opgetree en word die volgende daarvoor geskryf: "Dit is reeds baie lank al dat Pretoria se liefhebbers van koorsang met afwagting uitgesien het na die koms van die kranige sangers uit die Vrystaatse skole. Saterdagmiddag was die Musaeon dan ook volgepak."²

1 Evening Post (10 Mei 1968); uitknipsel in besit van D. I. C. de Villiers.

2 Hennie Joubert in Hoofstad (8 Mei 1972); uitknipsel in besit van D. I. C. de Villiers.

Die geesdrif van die toehoorders vir die Jeugkoor skemer in 1980 weer deur met "... die Afrikaanse liedjie en 'n Bantoeliedjie, keurig uitgevoer, het toe in die encores opgeduik waarop die groot gehoor aangedring het" (Die Volksblad, 4 Augustus 1980:4). Die populariteit van die koor word weer in Junie 1983 bevestig: "... [n] geesdriftige, waarderende kapasiteitsgehoor ..." (Die Volksblad, 6 Junie 1983:8).

Staannde ovasies het die Jeugkoor blykbaar dikwels te beurt geval. In Bloemfontein het dit onder andere in 1974 en 1975, asook sedert 1980 dikwels gebeur (Die Volksblad, 5 Augustus 1974; 2 Augustus 1975:2; 3 Augustus 1980:10; 6 Augustus 1984:10).

Toe die Jeugkoor in 1985 voor 'n stampvol saal in die nuwe Sand du Plessis-teater optree, lui die resensent se slotsin, verwysende na hierdie laaste konsert vir 1985, dat "Uit die geesdriftige reaksie van die gehoor was dit duidelik dat die 21ste bestaansjaar van dié Vrystaatse tradisie die moeite werd was" (Die Volksblad, 9 September 1985:7).

5.2 'N EVALUERING VAN PROGRAMKEUSES AAN DIE HAND VAN ENKELE KRITERIA

Moontlike riglyne vir die saamstel van 'n gebalanseerde konsertprogram, is soos volg:

- o Die tydsduur van 'n koorprogram kan eerder te kort as te lank wees (Ehret, 1959:52).
- o Samestelling van items kan òf chronologies òf tematies òf volgens tydperke en/of style òf 'n mengsel van voorafgaande wees. Dit is egter belangrik dat die samestelling planmatig sal verloop (Hoffer, 1973:439). Ernstige werke word dus nie saam met humoristiese keuses gegropeer nie en "Transitions of mood must be made gracefully" (Ehret, 1959:41).¹

¹ Alhoewel dit moeilik is om te bepaal of die Jeugkoorleiers daaraan aandag geskenk het, wys Kortkamp (1969:128) daarop dat daar ook kontraste tussen verskillende maatsoorte behoort te wees. Toonaarde van opeenvolgende werke moet liefers verskil; so ook die dinamiese karakter.

- Verantwoordelike musiekkeuses spruit uit kennis van musiek, goeie smaak, kritiese beoordeling van en insig in die musiek wat aangebied word. Keuses gebaseer op volksmusiek en die werke van erkende komponiste is 'n gesonde vertrekpunt (Kortkamp, 1969:128).
- Verbeeldingrykheid by die samestelling van 'n program en die uitvoering van nuwe idees is vir die toehoorder stimulerend en interessant (Spradling, 1983:5 e.v.).
- Die gebruik van vertaalde tekste moet met omsigtigheid hanteer word, aangesien musikale klimakse by vertalings dikwels nie ooreenstem met die teks-klimakse nie (Heffernan, 1982:125).
- Programstruktuur behoort emosionele ritme, waarin stemmings mekaar afwissel, te openbaar (Kortkamp, 1969:128).
- Gekose werke moet binne die vermoë van die sangers val (Latherow, 1980:17; McKenzie, 1956:31; Shewan, 1973:138).
- Omdat 'n kooraanbieding eweneens 'n verhoogaanbieding is, moet daar professionele kwaliteit aan verbonde wees (Spradling, 1983: 5 e.v.).

Die gedrukte konsertprogramme van die Jeugkoor oor 'n tydperk van meer as twee dekades kan aan die hand van die voorafgaande kriteria onder die volgende hoofde bespreek word: tydsduur, groepering, verantwoordelike musiekkeuses, verbeeldingrykheid en vermaaklikheidswaarde, emosionele ritme, die vermoë van die sangers en professionele kwaliteit.

5.2.1 Tydsduur

Die gemiddelde getal werke wat oor 22 jaar in die Jeugkoor se programme aangebied is, was 28 per konsert, waarvan nege programme meer as 28 koornommers bevat het. Die gemiddelde tydsduur van die werke soos aan die hand van die plaatopnames bepaal, wissel tussen een en vier minute per werk. Langer werke kom wel voor, maar is in die gemiddelde program eerder die uitsondering as die reël (cf. bylae G).

Dit blyk dat die programme van 1969 met 35 nommers; 1973 met 35 nommers; 1975 met 35 nommers; 1976 met 41 nommers en 1978 met 31 nommers, ietwat lank in tydsduur kon gewees het (cf. bylae G, asook Die Volksblad, 3 April 1969:5 en 2 Augustus 1976:4). Hoewel die programme van 1982 en 1984 ook beide meer as 30 nommers elk bevat (cf. bylae G), is daar aanduidings dat die oorgrote meerderheid van die repertoriumkeuses minder as twee minute in uitvoering geduur het.¹ Laasgenoemde twee programme se tydsduur was waarskynlik meer bevredigend van aard.

5.2.2 Groepering van werke: balans en kontras

Die programsamestelling van die verskillende Jeugkoorprogramme het nie noodwendig chronologies volgens datums van komponiste verloop nie. Verskillende ander groeperings kom wel in programme voor. Die koormusiekgroeperings van die jare 1969, 1977, 1982, 1984, 1985 en 1986 was hoofsaaklik gebaseer op geestelike musiek, moeiliker sekulêre komposisies, volksliedjies uit verskillende lande en ligte, populêre werke. Soms, soos in 1969 en 1977, is vaderlandsliedere afsonderlik as 'n groep aangedui. Nog 'n voorbeeld van so 'n "mini-groepering" is drie koornommers vanuit die ses-tiende en sewentiende eeu in die 1982-program.²

Gemeet aan die eise van geslaagde programsamestelling (cf. afd. 5.2) is die samestelling van die programme vir 1967 en 1976, wat 'n groter inhoud aan ligter werke bevat, moontlik hierom kritiseerbaar. Richard Trame (1984:11) skryf dan ook in 'n artikel wat oor programme handel: "... boredom can equally arise for many from and evening of frivolities. A balanced program ought to include compositions that will satisfy both the initiated and the musically simple." Uit 'n ontleding blyk dat die 22 programme wat jaarliks sedert die stigting van die Jeugkoor aangebied is, in 'n meerdere of mindere mate aan bogenoemde vereiste voldoen het. Dit wil tog voorkom of die koorleiers meestal daarna gestreef het om

1 Jeugkoorplaatopnames van 1982 en 1984.

2 Monteverdi, Scandellus, Jones.

balans en programkontraste in die samestelling te bewerkstellig. wat tydperke, styl, dinamiese karakter en tekstuur betref (cf. bylae G).

5.2.3 Verantwoordelike musiekkeuses

Die taak van 'n goeie koor is waarskynlik om die musiekopvoeding van beide koorlede en die deursnee-publiek te bevorder. Ganus (1982:17e.v.) stel dit onomwonde dat koorleiers en kore "... serve the cause of music education".

Gevolgtik behoort 'n koorleier oor 'n breë musikale agtergrond te beskik om aan die eise van goeie smaak, kritiese oordeel, artistieke interpretasie, kennis en insig in die musiek wat aangebied word, te voldoen (cf. afd. 7.3).

Veral in geval van die keuse van ligter koorwerke is bogenoemde vereiste van deurslaggewende belang, omdat die melodiese en harmoniese verloop, sowel as die teksinhoud, bó verdenking moet wees.

'n Hele aantal koornommers in die programme van 1976, 1979, 1981, 1983, 1984, 1985 en 1986 is uit die "populêre musiek"-genre geneem.¹ Van hierdie liederekeuses kan moontlik onder musikale verdenking geplaas word, maar is meestal in verwerkte vorm wat vertolking, besetting, harmonieë en melodiese verloop betref, smaakvol aangebied.² In hierdie verband kan veral na die slot-groeperings van die 1984- en 1986-programme verwys word (cf. bylae K).

1 Slegs enkele nommers word uitgelig:

<u>Jaar</u>	<u>Titel</u>	<u>Komponis(te)</u>	<u>Verwerker</u>
1976	I'd like to teach the world to sing	Backer, Davis, Cook, Greenway	M. Rogers
1977	Moon River	Mancini	
	Some Enchanted Evening	Rogers	
1979	I believe	Drake	A.H. Wassermann
	Those were the days	Gene Raskin	D.I.C. de Villiers
1981	The King is coming	Bill Gaither	
1983	Sprokie vir 'n stadskind	Koos du Plessis	A.H. Wassermann
1984	Little Dove of Napoli	Aretowicz/Lee	D. Hyman

2 By beluistering van die plate van 1981, 1983, 1984, 1985 en 1986 is tot hierdie oortuiging geraak.

5.2.4 Verbeeldingrykheid en vermaaklikheidswaarde

Die musiekkeuses van Jeugkoorprogramme kan ook beoordeel word aan die noodsaaklikheid daarvan dat aanbiedings deur die Jeugkoor verbeeldingryk moes wees en 'n aanvaarbare vermaaklikheidswaarde moes hê. Tydens die vormingsjare van die koor was die Jeugkoor uniek in Suid-Afrika en het dus as 'n uitvoerende groep groot algemene belangstelling ontlok. Volgende was die reël (De Villiers, D. I. C., 31 Mei 1984: onderhoud). Tans (1987) is daar etlike sodanige kore wat eweneens goeie gehore trek (cf. hfst. 6).

By Jeugkooraanbiedinge behoort derhalwe steeds daarna gestreef te word om gehore te trek deur verbeeldingryke musiekkeuses oor 'n wye spektrum in te sluit. Spradling (1983:5) bevestig in hierdie verband soos volg: "The discipline of entertainment is adaptable to any performing ensemble and can embrace literature in all styles." Deur die jare het koorleiers besondere tyd en moeite aan die opstel van hul jaarlikse programme bestee (De Villiers, D.I.C., 31 Mei 1984: onderhoud; Wassermann, A.H., 15 Augustus 1984: onderhoud; Hyman, J. D., 19 September 1985: onderhoud). Benevens deurdagte keuses, is gereeld van solostemme, kleiner vokale groepe en voordrag van koorwerke vir òf die seun- òf die dogterstemme gebruik gemaak, om maar enkele metodes te noem waardeur daar gepoog is om die konsertaanbiedings aantrekliker te maak.

Aangesien die Jeugkoor jaarliks, en by herhaling na bepaalde streke en dorpe oor die hele land uitgenooi word om konserte te lewer, kan die bewering moontlik gemaak word dat programme wat vantevore aangebied is, waarskynlik 'n geslaagde mate van kwaliteit van verbeeldingrykheid en vermaaklikheidswaarde gehad het.

5.2.5 Vertaalde tekste

Weens gebrek aan bronne is dit problematies om die gebruik en kwaliteit van vertaalde tekste te evalueer. Dit sou verwag kon word dat die koorleiers goeie oordeel hier aan die dag sou lê. Geen resensie bekend, maak in ieder geval 'n negatiewe aanmerking oor hierdie aspek nie.

Tog blyk dit uit drie programme, naamlik dié van 1965, 1966 en 1967, dat meer as 70% (en in 1966 bykans 86%) van die werke se tekste, hetsy oorspronklik of vertaal, in Afrikaans was. Hierdie taalbeklemtoning sou moontlik vir sommige kritici onaanvaarbaar wees (cf. bylae G).

5.2.6 Emosionele ritme

Daar bestaan waarskynlik wel programme waarvan dié bewering gemaak sou kon word dat die algemene ritmiese trefkrag nie genoegsaam gevarieer is nie, sodat die toehoorder waarskynlik te veel nommers met dieselfde ritmiese karakter ervaar het. Die programme van 1965, 1977 en 1983 kan inderdaad in 'n mate aan sodanige kritiek blootgestel word. Die keuses van 1965 is byvoorbeeld oorwegend musikaal stadig, marsagtig, wiegend of in 'n matige vinnige tempo. Slegs die twee slotwerke is ritmies in opgeruimde trant. Die aard van die musiek wat vir 1977 en 1983 gekies is, is met enkele uitsonderings na, oorwegend groots, rustig en soms ritmies-slepend in karakter (cf. bylae K).

5.2.7 Vermoë van die sangers

Aangesien die tienerjarige homself nog in 'n fisiese groeiproses bevind, is die stemapparaat ook nog nie volledig ontwikkel nie. "Many teachers over-estimate the potential capacities of young singers and choose choral arrangements which have been created for professional singers - the ranges and dynamic levels of such arrangements are too extreme, the music is often too dramatic in character, and the necessary musical interpretations are beyond the vocal development of the secondary school singer ... Choral directors should strive for vitality of singing from adolescents rather than quantity of tone" (Latherow, 1980:17). Shewan (1973: 138) sluit in sterk terme hierby aan. Beide hy en Latherow (1980: 19) wys daarop dat onvolwasse stemme met versigtigheid hanteer moet word sodat stemme nie ooreis en permanent beskadig word nie. McKenzie (1956:31) waarsku veral teen musiekkeuses wat die

TABEL 11

SOMMIGE MOEILIKER KOORWERKE WAT IN DIE PROGRAMME
VAN DIE VRYSTAATSE JEUGKOOR INGESLUIT WAS :
1968 TOT 1986

Jaar	Titel	Komponis*
1968	Die Eggo-lied	Di Lasso
1969	Sewe Boerneef-liedjies	Pieter de Villiers
1970	Wir eilen mit schwachen uit Jesu, der du meine seele	J. S. Bach
1971	Exultate Deo En Boland sing koortaal (op. 32)	A. Scarlatti Hubert du Plessis
1972	Ascendit Deus	J. Gallus
1973	Jubilate Deo	B. Britten
1974	Mountain Nights	Kodály
1975	Credo Gloria	Pierre Malan Vivaldi
1976	Ek glo in God, die Vader	Hubert du Plessis
1977	Glorious is Thy Name	Mozart
1978	Ecce, Qumodo Moritur Justus	J. Gallus
1979	Ascendit Deus	J. Gallus
1980	Zigeunerleben	R. Schumann
1981	Holy, holy, holy!	F. Mendelssohn
1982	Harmony (Einklang)	Hugo Wolf
1983	Alma Redemptoris	G. da Palestrina
1984	Eternal Father	Gustav Holst
1985	O du mein volk	Palestrina
1986	Die Here is my Herder	J. H. Potgieter

* Die besonderhede in hierdie kolom is woordeliks oorgeneem uit programme - dus bestaan daar nie eenvormigheid ten opsigte van voorletters en voorname nie.

seunstenoor kan skaad: "It is because the tenor voice takes so long to develop that tenors are extremely rare in the junior high school and their voices immature in the high school. And because of the immaturity, the voices of high school tenors must be used with great care, especially in the upper range ... This means that the music chosen must not demand strenuous singing or too high a tessitura."

Veral sedert 1968 is jaarliks moeiliker koorwerke in programme ingesluit. Hierdie keuses het besondere eise ten opsigte van vokale tegniek, musikale intelligensie en gehoor gestel. Enkele voorbeelde van sodanige werke blyk uit tabel 11.

Aangesien uit plaatopnames en resensies duidelik blyk dat die moeiliker werke bevredigend tot uitstekend uitgevoer is, dui dit daarop dat sodanige keuses moontlik wel binne die tegniese vermoëns van dié streng gekeurde musikale groepe geval het (cf. afd. 5.1.1.3). Hyman maak nietemin die opmerking dat sekere ou koormusiektipes en vokale besettings, soos die madrigaal, asook die inhoud daarvan, die tiener hoegenaamd nie aanspreek nie (24 April 1986: onderhoud). Hierdie musiek is, weens die beperkte ervaringsveld en algemene kulturele onvolwassenheid van die tienerjarige, nog buite sy begripsvermoë. Sodanige werke moet miskien eerder nie gekies word nie.

Hyman veral, vermy dit ook om forte-passasies met meer as matige intensiteit voor te dra (7 Mei 1986: onderhoud).

5.2.8 Professionele kwaliteit

Omdat 'n koorkonsert ook 'n verhoogaanbieding is, behoort dit van 'n professionele gehalte te wees. Spradling (1983:5) skryf in dié verband soos volg: "In entertainment, professional is simply the 'illusion of perfection'. The illusion is achieved through attention to detail and precision in execution."

Uit resensies en onderhoude het geblyk dat die Jeugkoorleiers in die loop van 22 jaar gepoog het om die Jeugkoor as 'n semi-professionele groep te laat optree. Daar is spesifiek aandag geskenk aan keurig gedrukte programme, eenvormige estetiese koor-drag (wat tans ook eenvormige reisdrag insluit) en veral ná 1968, al hoe meer aandag aan intensiewe koorafrigting.

5.3 SAMEVATTING

Die Jeugkoorprogramme wat vanaf 1965 tot 1986 uitgevoer is, is deur die bestudering van beskikbare koerantberigte en resensies, asook bestaande riglyne vir programaanbiedings en -samestellings, ondersoek.

Nieteenstaande die feit dat negatiewe indrukke ook uitgelig is, is dit opvallend dat die algemene strekking van die meeste nagevorste resensies gewoonlik besonder positief was. Kritici het, benewens musikale kwaliteite, ook persoonlike indrukke betreffende die koorleiers, die koor self, stemgroepe onderling en die reaksie van gehore in optredes geëvalueer.

Ten einde die volgende samevattende opsomming te verhelder, word die kriteria vir goeie programsamestelling én die indrukke van resensente sover dit die Jeugkoor se uitvoerings betref, gelyktydig aangedui.

Skrywers huldig die mening dat 'n koorprogram die aandag van 'n gehoor tot die einde van die aanbieding sal behou indien dit nie te lank is nie. Programlengtes oor 22 jaar wissel tussen 20 en 41 nommers per konsert, met 'n gemiddelde van 28. Alhoewel die gemiddelde hoeveelheid nommers in 22 jaar nege keer oorskry is, het die tydsduur van konserte selde negatiewe kritiek van resensente ontlok. Waar optredes egter in medewerking met ander groepe plaasgevind het, het aanbiedings skynbaar soms te lank geword.

Die nommers in 'n konsertprogram behoort volgens 'n bepaalde orde-ningsspatroon, wat die koorleier self bepaal, gerangskik te word. Blykbaar het resensente die indeling van die Jeugkoorprogramme aanvaarbaar gevind, want slegs in sewe nagevorste resensies is kritiese aanmerkings in verband met die sinvolle rangskikking en ewewig van liedkeuses in programme gevind. Daarenteen was die verskeidenheid van keuses in die geordende programme in nege van die beskikbare resensies besonder positief aangeprys.

'n Verdere belangrike kenmerk van 'n goed saamgestelde program is dat die musiekkeuses 'n weerspieëling moet wees van goeie smaak en evaluering. In die tydperk voor 1976 is musiekkeuses nooit bevraagteken nie, maar daarna het dit gebeur dat die kwaliteit van sommige ligter liederekeuses resensente nie aangestaan het nie.

Verbeeldingryke musiekkeuses dra by tot die geslaagdheid van 'n koorprogram. Die voorkoms van sodanige treffernummers is gereeld deur kritici aangehaal. Uit die resensies is dit duidelik dat daar oor die jare 'n hele aantal sodanige vindingryke keuses in programme ingesluit was.

Om verveling tydens 'n kooruitvoering te voorkom, moet die rangskikking van nommers emosionele ritme weerspieël. Hier en daar word programme vermeld waarvan die musiekkeuses te eensoortig was.

'n Volgende aspek wat by die kies van koornommers vir 'n tienderjarige groep in gedagte gehou moet word, is dat die gekose werke fisies en geestelik binne die vermoë van die sangers moet val. Deur die jare het die Jeugkoorleiers gereeld moeilike koorwerke aangepak; tog kom dit uit die gebrek aan noemenswaardige negatiewe kritiek voor of die jong stemme die tegniese ingewikkelde werke wat gekies was, goed beheer het. Verwante aspekte, soos algemene musikaliteit, frasering, stembinding, dinamiek en uitspraak, is ook aangeprys. Behalwe vir die eerste paar jaar, was die koor se intonasievermoë skynbaar betroubaar. Die volgende koor-tegniese fasette is hier en daar in koerantresensies as minder goed

uitgelig: onbevredigende koorbalans, gebrekkige stemprojeksie, onduidelike uitspraak, verkeerde woordklem en minder goeie tempi-keuses.

Dit word belangrik geag dat 'n programaanbieding inherente eienskappe van kwaliteit en afronding besit wat die aanbieding as professioneel kan klassifiseer. Koerantberigte maak melding van die gewildheid en bekendheid wat die Vrystaatse Jeugkoor binne enkele jare ná sy totstandkoming begin geniet het. Hierdie berigte kan moontlik as bewys daarvan dien dat daar in kooruitvoerings die elemente van professionaliteit teenwoordig was.

---oOo---



*Die Natalse Jeugkoor : Ontmoeting
tussen Hein de Villiers en pous
Johannes Paulus tydens religieuse
koorfees, Italië : 21 April 1982*

HOOFSTUK 6

DIE ONTSTAAN VAN PROVINSIALE EN ANDER JEUGKORE IN
DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA EN SUIDWES-AFRIKA

Die besondere gedagte om 'n jeugkoor saam te stel wat uit musikaal-begaafde hoërskoolleerlinge bestaan en op die model van die Vrystaatse Jeugkoor geskoei is, het met verloop van tyd, ook in ander provinsies en by sommige onderwysdepartemente posgevat.

Die eerste koor wat moontlik na aanleiding van die voorbeeld van die Vrystaatse Jeugkoor tot stand gekom het, was die Windhoekse Kinderkoor. Dié koor is aan die einde van 1965, onder beskerming van die Administrateur van Suidwes-Afrika, W. C. (Wennie) du Plessis, gestig. Daarna het nog twee soortgelyke kore in Suidwes-Afrika tot stand gekom.

Vervolgens het die Natalse Jeugkoor in 1967 direk as gevolg van 'n konsertbesoek wat deur die Vrystaatse Jeugkoor aan Natal gebring is, ontstaan. Soos met die stigting van die jeugkore in die Vrystaat en Suidwes-Afrika, is die Administrateur van Natal, T. W. A. Gerdener, die persoon wat die inisiatief tot die stigting van die koor geneem het. Daar is egter onweerlegbare bewyse dat die metode van werkwyse en organisasie van die Vrystaatse Jeugkoor 'n sterk invloed gehad het op die vroeë geskiedenis van hierdie koor.

Hoewel die gedagte van 'n Transvaalse Jeugkoor alreeds in 1966 geopper is, was eers op 1 April 1978 amptelik daartoe oorgegaan om ses streekkore, een vir elke onderwysstreek, te stig. In 1985 was Transvaal al geografies in agt onderwysstreek verdeel, met 'n koor vir elke streek, wat ook oor 'n eie amptelike dirigent, begeleier en organiseerder beskik. Die superintendent, ook streekhoof genoem, van elke streek tree as oorkoepelende hoof vir sy koor op.

By die voltooiing van hierdie studie was daar nog geen amptelik-gesubsidieerde jeugkoor in die Kaapprovinsie nie. Die geografiese uitgestrektheid van dié gebied skep waarskynlik organisatoriese en finansiële probleme om so 'n gekeurde groep bymekaar te bring. Deur die jare heen is die gedagte om 'n Kaaplandse Jeugkoor tot stand te bring, wel uitgespreek. So onlangs as 1980 is daar in die Provinsiale Raad 'n beroep gedoen op die Administrateur, G. Louw, om die moontlikheid van die stigting van so 'n koor te oorweeg. 'n Lid van die Provinsiale Raad vir Moorreesburg, Wynand Malan, motiveer sy versoek deur te wys op die positiewe effekte wat die totstandkoming van so 'n koor vir die provinsie sal hê. Voorts lig hy enkele breë doelstellings uit wat in hoofsaak ooreenkom met dié wat D. I. C. de Villiers in 1964 tydens die ontstaansperiode van die Vrystaatse Jeugkoor geformuleer het.¹ Daar bestaan egter wel in die Oos-Kaap 'n jeugkoor wat in 1978 deur 'n vakadviseur vir musiek, G. R. Smith, gestig is. Dié koor staan bekend as die Oostelike Provinsie Jeugkoor en tree onder beskerming van die Kaapse Direkteur van Onderwys op, maar ontvang geen amptelike finansiële steun nie.

Teen die agtergrond hierbo genoem, word elke koor nou verderaan bespreek ten opsigte van

- o stigting van die koor,
- o algemene organisasie, en
- o konsertoptredes.

6.1 JEUGKORE IN SUIDWES-AFRIKA

6.1.1 Stigting van die kore

Die Windhoekse Kinderkoor kom aan die einde van 1965 tot stand. Die Administrateur, "Mnr. du Plessis het voorgestel dat die koor

1 Die Burger (21 Februarie 1980); uitknipsel in besit van D. I. C. de Villiers. Die ooreenkomste wat die skrywer hier bespeur het, is eers teen die einde van die studie in 'n onderhoud met D. I. C. de Villiers op 23 April 1987 verhelder. Dit blyk dat, op versoek van Malan, De Villiers wel vantevore aan eersgenoemde besonderhede aangaande organisatoriese aspekte rondom die Vrystaatse Jeugkoor, in 'n memorandum uiteengesit het.

gestig moet word, sodat hulle kan optree tydens die vyfde Republiekfeesviering in Windhoek" (Die Suidwester, 24 November 1965:2). Die aangewese koorleier, Ernst Scherer, 'n onderwyser verbonde aan die *Deutsche Höhere Privatschule* (Van Biljon, 1982:286) het al die skole van Windhoek besoek en 70 sangers gekies as lede van die Windhoekse Kinderkoor. Hierdie koorlede het die Afrikaans-, Engels- en Duitssprekende taalgroepe verteenwoordig en seuns en dogters vanaf standerd vyf tot matriek ingesluit (Die Suidwester, 24 November 1968:2). Op 8 en 9 Desember 1965 het die Windhoekse Kinderkoor vir die eerste keer tydens 'n Kerskonsert onder leiding van Ernst Scherer, opgetree (Van Biljon, 1982:299). Sover dit die breë publiek aangaan, was die debuutoptrede van die koor gedurende 1966 met die Republiekfeesvieringe in Windhoek (Die Suidwester, 24 November 1968:2).

Gedurende 1975 ontvang die Onderwysdepartement van Suidwes-Afrika 'n uitnodiging om òf 'n kinder- òf 'n jeugkoor te stuur wat op 10 Oktober 1975 aan die Taalfeesvieringe by die Paarl kon deelneem (Van Biljon, E. H., 15 Februarie 1987: korrespondensie).

Aangesien die Windhoekse Kinderkoor gedurende 1973 ontbind het toe Scherer na Duitsland teruggekeer het, was daar geen bestaande koor wat amptelik vir Suidwes-Afrika kon optree nie (Van Biljon, 1982:303). Dirk Mudge, destydse lid van die Uitvoerende Komitee belas met Kultuursake, het E. H. (Ernst) van Biljon genader met die versoek dat hy 'n koor moes saamstel en afrig wat aan die Taalfees sou kon deelneem. Van Biljon het, soos Scherer, stemme by al die blanke skole in Windhoek uitgesoek. Sy oogmerk was om 'n jeugkoor saam te stel wat weer op 'n vaste grondslag sou funksioneer. Aanvanklik het hy koorlede vanaf standerd drie tot matriek ingesluit, maar mettertyd is slegs hoërskoolleerlinge tot die Windhoekse Jeugkoor toegelaat.¹ Dié koor het vanaf Maart 1975 tot Maart 1979 onder die leiding van Van Biljon gestaan (Van Biljon, E. H., 15 Februarie 1987: korrespondensie).

¹ Van Biljon noem dat kandidate jaarliks uit ongeveer 3 000 hoërskoolleerlinge vir keuring verkry is (Van Biljon, E. H., 15 Februarie 1987: korrespondensie).

Ná 'n tussentydse periode van ongeveer een jaar het E. F. (Ena) Venter die taak van koorleier aanvaar. Vanaf 1985 is die Windhoekse Jeugkoor deur Lydia Dedekind gelei. Sy is in 1986 deur Anna-Marie Alkema opgevolg. "Die koor het [egter] gekwyn en ... iewers in die jaar [1986] doodgeloop" (Van Biljon, E. H., 15 Februarie 1987: korrespondensie).

Intussen het die Departement van Nasionale Opvoeding diemoontlikheid ondersoek om 'n veelrassige jeugkoor te stig. Vroeg in 1987 is daartoe oorgegaan om 'n koor saam te stel, bestaande uit 70 leerlinge vanaf standerd vyf tot matriek, en vanuit alle rassegroepe in die hele Suidwes-Afrika.¹ Lydia Dedekind, 'n personeellid in diens van die Departement van Nasionale Opvoeding is as koorleier aangewys (Coetzee, C,² 25 Februarie 1987: telefoniese gesprek; Van Biljon, E. H., 15 Februarie 1987: korrespondensie).

6.1.2 Algemene organisasie

Weens die uitgestrektheid van Suidwes-Afrika was beide die Windhoekse Kinder- en Jeugkoor slegs uit leerlinge vanuit skole in Windhoek saamgestel. Die dirigente het aan die einde van elke jaar die skole besoek om deur keuring vakante plekke wat deur vertrekkende matriekleerlinge gelaat is, te vul. Wat koorgrootte betref, stel Scherer, in teenstelling met beide die Vrystaat en Natal, dadelik 'n groot koor van 70 lede saam (Die Suidwester, 24 November 1968:2), wat hy in 1968 na 87 lede vermeerder.³

In die Republiek van Suid-Afrika is nie een van die streekrade vir uitvoerende kunste tot dusver aktief by die funksionering van die jeugkore betrokke nie. In die geval van Suidwes-Afrika het die Windhoekse Kinderkoor onmiddellik onder die beskerming van Suidwes-Afrika se Raad vir Uitvoerende Kunste (SWARUK), in mede-

1 Weens praktiese oorwegings en ter wille van repetisies sal die gedagte gepropageer word dat sodanige gekeurde koorlede by skole in Windhoek as leerlinge moet inskryf.

2 Op 25 Februarie 1987 was hy die hoof van die Departement van Nasionale Opvoeding in Suidwes-Afrika.

3 'n [Windhoekse?] koerant van Maandag, 4 November 1968; uitknipsel in besit van D. I. C. de Villiers.

werking met die Onderwysdepartement, begin funksioneer (Van Biljon, 1982:227 e.v.). Insgelyks word daar in amptelike korrespondensie van 1970 van die Vrystaatse Onderwysdepartement bewyse gevind dat voor 'n Vrystaatse toer deur die Kinderkoor, die Direkteur van Onderwys van Suidwes-Afrika, H. D. Trümpelmann, oor verblyf-, vervoer- en konsertreëlings met die Vrystaatse Direkteur van Onderwys, A. G. S. Meiring, onderhandel het (Bouwer, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud). Tegelykertyd is egter eweneens korrespondensie tussen die sekretaris-tesourier van SWARUK en Dirkie de Villiers gevoer in verband met finansiële reëlings vir hierdie konserte.¹

Met die totstandkoming van die Windhoekse Jeugkoor, is die koor deur SWARUK geadministreer. 'n Beheer Komitee, bestaande uit amptenare van SWARUK, ouers, die vakadviseur vir musiek (Erns Woehler) en Van Biljon, is saamgestel (Van Biljon, E. H., 15 Februarie 1987: korrespondensie).

Die veelrassige jeugkoorprojek wat gedurende 1987 onderneem word, staan onder beskerming van die Departement van Nasionale Opvoeding en die koorleier en begeleier word deur dié instansie vergoed (Coetzee, C., 25 Februarie 1987: telefoniese gesprek).

Net soos die Windhoekse Jeugkoor gedurende sy bestaan gedoen het, oefen die veelrassige jeugkoor ook twee keer per week vir twee ure lank (Coetzee, C., 25 Februarie 1987: telefoniese gesprek; Van Biljon, E. H., 15 Februarie 1987: korrespondensie).

6.1.3 Konsertoptredes

Die konsertaktiwiteite van die Windhoekse Jeugkoor het onder meer die volgende ingesluit:

¹ Korrespondensie gedateer 9 Julie 1970 aan Dirkie de Villiers en 'n brief gedateer 16 Julie 1970 aan die sekretaris-tesourier van SWARUK, soos aangehaal deur Bouwer, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud.

- o Die eerste optredes was op 8 en 9 Desember 1965 by die Kers-konsert wat deur Scherer aangebied is, en 'n volgende optrede tydens die vyfde Republiekfeesvieringe in Windhoek gedurende 1966 (cf. afd. 6.1.1). Daarna het die Windhoekse Kinderkoor gereeld konserte in Suidwes-Afrika, sowel as in die Republiek, aangebied.
- o Op 16 en 22 Junie 1966 het die koor as deel van die inwydingsplegtighede van die nuwe Aula van die *Deutsche Höhere Privatschule* met 'n program van volksliedjies in die drie landstale opgetree. Die konsert was getitel: "'Südwest singt" en die Kinderkoor is deur ander kunstenaars en groepe bygestaan (Van Biljon, 1982:300).
- o Die Windhoekse Kinderkoor het sy eerste vollengte konsert op 17 Junie 1967 in die Aula van die *Deutsche Höhere Privatschule* aangebied. Later, in dieselfde jaar, reis die koor ook na Okahandja, Otjiwarongo, Karibib en Swakopmund vir konserte (Van Biljon, 1982:301).
- o Na afloop van 'n plattelandse toer het Scherer se Kinderkoor op 1 en 2 November 1968 weer 'n program van volksliedjies in Windhoek aangebied (Van Biljon, 1982:302). Die koerant, *Die Suidwester* (24 November 1968:2), maak melding van nog twee konserte wat op 5 en 6 Desember 1968 sou plaasvind.¹
- o Hierdie konserte het 'n toer na Wes-Kaapland vanaf 2 tot 16 Januarie 1969 voorafgegaan, wat ook die eerste optredes van die Windhoekse Kinderkoor in die Republiek van Suid-Afrika was. Tydens dié toer is onder meer 'n plaatopname gemaak en radio-uitsendings gedoen.
- o Die Vrystaat is vanaf 20 tot 25 September 1970 besoek, en konserte is in Bloemfontein, Welkom, Bethlehem en Kroonstad aangebied (Bouwer, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud). Later in die

¹ Van Biljon maak geensins van hierdie twee konserte in Desember melding nie en hy stel dat die toer na Wes-Kaapland eers aan die einde van 1969 plaasgevind het (Van Biljon, 1982:302).

dieselfde jaar, op 16 en 17 Oktober, het die Kinderkoor weer in Windhoek opgetree. "Dieselfde program is ook in Swakopmund en Walvisbaai uitgevoer" (Van Biljon, 1982:302).

- Tydens die tienjarige Sentrale Republiekfeesvierings in 1971 is die Windhoekse Kinderkoor, saam met ander jeugkore, uitgenooi om konserte in Kaapstad aan te bied. 'n Resensent verwys soos volg na die Kinderkoor se optredes: "'n Verfrissende luggie uit Suidwes het Kaapstad binnewaai met die Windhoekse Kinderkoor, wat Maandagaand vir die tweede keer sy buiging in die Moederstad gemaak het - dié keer as deel van die Republiekfees ... Met hierdie koor het Ernst Scherer iets tot stand gebring waarop Suidwes met reg trots kan wees."¹
- Die kroon op die optredes van die Windhoekse Kinderkoor was 'n Europese toer wat in 1972 plaasgevind het. Dié toer was ook van die laaste optredes van die koor wat teen 1973, met Scherer se terugkeer na Freiburg, Duitsland, ontbind het (Van Biljon, 1982:303).

Terwyl Van Biljon as koorleier van die Windhoekse Jeugkoor opgetree het, "... het die koor ten minste een keer per jaar in Windhoek opgetree, [en] twee toere deur Suidwes onderneem" (Van Biljon, E. H., 15 Februarie 1987: korrespondensie). Hy sonder veral twee geleenthede as belangrik uit, naamlik die optrede van die Windhoekse Jeugkoor tydens die Taalfees by die Paarl (cf. afd. 6.1.1), asook 'n toer wat in 1977 deur Transvaal plaasgevind het. In dié jaar het die koor ook 'n grammofoonplaat gemaak.

Vanaf 1980, onder leiding van E. F. Venter, het onder meer die volgende spesiale optredes plaasgevind (Venter, E. F., 10 April 1987: korrespondensie):

- In Augustus 1980 voer die koor 'n Mis, *Ettaler Liebfrauen - Messe* van Arthur Piechler, saam met soliste en orkes in die Rooms-Katolieke Katedraal in Windhoek uit.

¹ Die Burger (geen datum); uitknipsel in besit van D. I. C. de Villiers.

- o In November van daardie jaar volg 'n uitvoering waarin die Windhoekse Jeugkoor, sowel as die Jeugorkes van die Konservatorium van die Windhoekse Onderwyskollege, onder leiding van Heinz Czech, optree.
- o Tydens die toer van die Noord-Transvaalse Jeugkoor na Suidwes-Afrika in 1981, tree die twee jeugkore op 9 Oktober 1981 in die Windhoekse teater op.
- o 'n Konserttoer na Transvaal het die volgende jaar gevolg, met optredes in Klerksdorp, Roodepoort, Pretoria en Middelburg. Van die optredes was met Transvaalse jeugkore gedeel.¹
- o Ook nog in 1982, tree die Windhoekse Jeugkoor, die Windhoekse Juniorkoor en die Windhoekse Jeugorkes op 23 Oktober in Windhoek in 'n gesamentlike uitvoering op. 'n Soortgelyke konsert word ook in 1983 aangebied.
- o Van die laaste uitvoerings van die Jeugkoor vind op 5 en 6 Oktober 1984 in Windhoek plaas saam met die Oostelike Provinsie Kinderkoor, onder leiding van J. Lamprecht.

Ten slotte is dit insiggewend om die programsamestelling wat gereeld deur Scherer bevoorkeur is, te bespreek en te bestudeer. In teenstelling met enige koorprogramme van ander jeugkore blyk dit dat hy feitlik uitsluitlik van volksliedere in sy konsertaanbiedings gebruik gemaak het.² Volgens Van Biljon (1982:302) is dit 'n medium "... waarin Scherer hom tuis gevoel het en die meeste van die verwerkings het hy self gedoen".

-
- 1 o 1 Julie 1982: Musaion, Pretoria: Windhoekse en Noord-Transvaalse Jeugkoor.
 o 2 Julie 1982: Hoërskoolsaal, Middelburg: Windhoekse en Oos-Transvaalse Jeugkoor.
 o Ook tydens hierdie toer, 'n optrede saam met die Verre Noord-Transvaalse Jeugkoor onder leiding van Annamarië Swart.
- 2 Die volgende is 'n woordelike opsomming van die 1968-program wat deur die Windhoekse Kinderkoor aangebied is. Die programnota stel dat alle liedere vyfstemmig deur die dirigent verwerk is.

Suid-Afrika

Die Oukraal-Liedjie

Wiegeliëdjie

Hoe ry die Boere?

Engeland

Greensleeves

(vervolg)

6.2 DIE NATALSE JEUGKOOR

Teen die agtergrond van die besondere invloed wat van die Vrystaatse Jeugkoor uitgegaan het ten opsigte van die Natalse Jeugkoor, en die noue verbintenis tussen die twee kore, word dié koor ietwat breër bespreek as die ander jeugkore.

6.2.1 Stigting van die koor

Die Vrystaatse Jeugkoor het vanaf 23 tot 25 Julie 1967, in samewerking met die Provinsiale Administrasie van Natal, vyf konserte in Pietermaritzburg en Durban aangebied (cf. bylae B). Die destydse Administrateur van Natal, T. J. A. Gerdener, het een van die twee aandkonserte bygewoon. Tydens 'n onthaal ná afloop van die konsert het hy Dirkie de Villiers versoek om 'n memorandum op te stel waarin die organisasiewyse van die Vrystaatse Jeugkoor uiteengesit is. Die Administrateur het dié aand verder die voorneme uitgespreek om 'n soortgelyke koor vir begaafde kinders in Natal te stig (De Villiers, D. I. C., 31 Mei 1984: onderhoud).


By sy terugkeer in die Vrystaat het De Villiers so 'n inligtingstuk opgestel wat aan Gerdener voorgelê is (Bouwer, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud).

Voetnoot 2 (vervolg):

Skotland	The hundred pipers
Ierland	Cockes and Mussles
Nederland	Hollandse Danswysies - Hans Bergese
Switserland	Vo Luzern
Oostenryk	Dalketer Jagersbua
Duitsland	Ännchen von Tharau
	In einem kühlen Grunde
	Mub i' denn zum Städtele hinaus

P O U S E

Frankryk	J' ai du bon tabac
Italië	Canto delle Risaiole
Noorweë	Jeg lagde mig saa silde
Israel	R'kod hat'laim
	Hava Nagila
Tjsegggo-Slowakye	Prídi ty, suhajko
Rusland	To nji wätjer
Hongarye	Ritka buza
	Hongaarse Volksdanse - Béla Bartók
Japan	Sakura
VSA	Oh, Susanna
Meksiko	A dios mi chaparita



← *Hein de Villiers*



Pieter Snyman →

Met hierdie inligting as vertrekpunt, is die stigting van 'n Natalse Skolekoor¹ op 24 November 1967 deur die Uitvoerende Komitee van Natal goedgekeur (De Villiers, J. H., 6 September 1985: korrespondensie).

J. H. (Hein) de Villiers, 'n musiekinspekteur,² is destyds aangesel as vaste koorleier met die opdrag om deur middel van keuring 'n koor uit leerlinge van Natalse hoërskole saam te stel. Die eerste koor van 42 lede is in April 1968 aangewys. Die Administrateur, T. J. A. Gerdener, sou as beskermheer optree (De Villiers, J. H., 6 September 1985: korrespondensie).

Op 9 Augustus 1968 het die Uitvoerende Komitee van Natal besluit dat dié koorlede, net soos die Vrystaatse Jeugkoorlede, erkenning sou kry deur die toekenning van provinsiale kleure, en wel by wyse van die "Wildebeeste"-embleem as hoogste toekenning op provinsiale vlak.³

Die première van die koor het op 11 Oktober 1968 plaasgevind. Tydens dié geleentheid het die Administrateur die koor aan 'n groot gehoor in Pietermaritzburg voorgestel (De Villiers, J. H., 6 September 1985: korrespondensie).

6.2.2 Algemene organisasie

6.2.2.1 Keuring van koorlede

Slegs leerlinge van standerd 7 tot 9 word aan die einde van die jaar vir oudisies aanvaar. Gevolglik bestaan die Natalse Jeugkoor die daaropvolgende jaar uit leerlinge vanaf standerd 8, 9 en 10. Alle koorlede word elke jaar opnuut getoets, en die lede

1 Die koor het tot 1972 as die Natalse Skolekoor bekend gestaan; daarna is die amptelike naam van die koor verander na die Natalse Jeugkoor (De Villiers, J. H., 6 September 1985: korrespondensie).

2 In 1967 was "musiekinspekteur" nog die amptelike titel van persone wat nou (1987) in die Vrystaat en Natal as "vakadviseurs" bekend staan.

3 Tans word kleure aan die einde van die jaar toegeken en slegs aan koorlede wat repetisies getrou bygewoon en aan konserte deelgeneem het (De Villiers, J. H., 6 September 1985: korrespondensie).

kwalifiseer gewoonlik weer vir heropname.¹ Skole sif egter self hul kandidate en mag tot 'n maksimum van 12 aspirant-kandidate nomineer. Die Jeugkoorleier behartig self die keuring by die finale oudisies (De Villiers, J. H., 6 September 1985: korrespondensie).

6.2.2.2 Koorleiers

Hoewel Hein de Villiers vanaf 1968 as enigste koorleier opgetree het, het sy belangstelling by 'n orkesinstrumente-opleidingsprogram vir skole veroorsaak dat hy vanaf 1972 tot 1973 die bystand van 'n hulpdirigent, A. H. Wassermann,² verwelkom het. Intussen het Hein de Villiers al hoe meer by die opleidingsprogram betrokke geraak. Toe hy in 1974 'n jeugstrykgroep³ tot stand bring, was dit noodsaaklik om bykomende hulp vir die Natalse Jeugkoor te bekom. In 1975 is Pieter Snyman, 'n mede-vakadviseur, as voltydse hulpdirigent aangestel. Soos in die Vrystaat (cf. afd. 2.2.7.1) besluit Hein de Villiers en Snyman om vanaf 1980 die koor jaarliks om die beurt te neem. Sedert 1984 tree Snyman as alleen-dirigent van die Natalse Jeugkoor op.

6.2.2.3 Koopersoneel en begeleiers

In die beginjare van die Natalse Jeugkoor is die dirigent op konsertreise bygestaan deur 'n manlike, gewoonlik departementele amptenaar en vroulike *chaperonnes*.

Koorlede het soms as klavierbegeleiers opgetree en Pieter Snyman het, benewens sy rol as koorleier, ook daaraan voorkeur verleen om by geleentheid self as klavierbegeleier op te tree.

1 Hein de Villiers bevestig dat 532 sangers sedert 1968 tot 1985 al lidmaatskap verwerf het (De Villiers, J. H., 6 September 1985: korrespondensie). 'n Nota in die amptelike konsertprogram gee 'n hoër syfer, naamlik: "Oor 'n periode van 18 jaar het 680 gekeurde sangers in die Natalse Jeugkoor gesing." In die Vrystaat volg beide Hyman en Wassermann tot 1986 ook die praktyk van hertoetsing.

2 Die latere koorleier van die Vrystaatse Jeugkoor (cf. afd. 2.2.7.1).

3 'n Groter strykgroep is in 1978 byeengebring. Ontwikkeling was sodanig dat die Natalse Jeugorkes in 1981 gestig kon word (Van der Merwe, J. D., 11 September 1985: korrespondensie).

6.2.2.4 Finansies

Vanaf die ontstaan was dié koor, net soos sy Vrystaatse eweknie, deur die Provinsiale Administrasie gesubsidieer. Soos in tabel 12 gesien kan word, is die bewilligde subsidie-bedrae mettertyd vermeerder om tred te hou met verhoogde kostes (De Villiers, J. H., 6 September 1985: korrespondensie).

TABEL 12
PROVINSIALE SUBSIDIE TOEGESTAAN AAN DIE
NATALSE JEUGKOOR

Jaar	Subsidie
1968	R2 500
1972	R3 000
1974	R5 000
1983	R6 000

Na gelang van wisselende behoeftes het die koor soms deur die jare ander finansiële hulp gekry, soos in 1982 toe 'n bedrag van R35 000 deur die Departement van Nasionale Opvoeding vir die oorsese toer van daardie jaar bewillig was (De Villiers, J. H., 6 September 1985: korrespondensie).

6.2.3 Konsertoptredes

Vergelykenderwys kan beweer word dat die Natalse Jeugkoor, soos die Vrystaatse Jeugkoor, ook konsertoptredes beleef het wat as besondere hoogtepunte, én terselfdertyd as 'n erkenning van die gehalte van hulle sang beskou kan word. Afgesien hiervan het hulle sedert 1968, gedurende die bestaan van die koor, uitgebreide konsertreise in die vier provinsies onderneem, met optredes in talle hoofsentra. Radio- sowel as televisie-opnames is ook van die Natalse Jeugkoor gemaak. Tans word hoofsaaklik naweektoere gedurende die tweede en derde kwartale onderneem (Van der Merwe, J. D., 11 September 1985: korrespondensie).

Die volgende is enkele van die Natalse Jeugkoor se belangrikste optredes:

- o In 1970, tydens die derde bestaansjaar van dié koor, het Georg Gruber, afriqter van die Rhodes Kamerkoor in Grahamstad, die Natalse Jeugkoor uitgenooi om op grond van "'n voortreflike standaard", as gaste van sy koor in Grahamstad op te tree (De Villiers, J. H., 6 September 1985: korrespondensie).
- o Soos ander jeugkore (cf. afd. 4.1.2; 6.1.3; 6.3.3), was ook die Natalse Jeugkoor in 1971 uitgenooi om by die tiende Republiekfeesvierings in Kaapstad en Stellenbosch op te tree (Van der Merwe, J. D., 11 September 1985: korrespondensie).
- o In 1973 het die koor aan 'n internasionale Europeade vir volkskuns in Sardinië deelgeneem. Vooraf het hulle agt konserte in Antwerpen en omliggende stede en dorpe aangebied as gaste van die Vlaamse Volkskunsbeweging (Van der Merwe, J. D., 11 September 1985: korrespondensie).
- o Die lank gekoesterde ideaal om 'n grootskaalse koorwerk aan te pak, is in 1974 verwesenlik toe die koor die *Kroningsmis* van Mozart onder beskerming van die Natalse Raad vir Uitvoerende Kunste (NARUK) aangebied het.¹
- o Teen die agtergrond van die uitvoeringstandaard wat reeds ná sewe jaar bereik was, is die groep uitgenooi om in 1975 by die inwyding van die Taalfeesmonument in die Paarl op te tree (De Villiers, J. H., 6 September 1985: korrespondensie).
- o Deurdat die koor elke jaar 'n omvattende koorprogram instudeer, wat ook gewyde musiek insluit, het Hein de Villiers in 1981 besluit om aansoek te doen vir keuring om deelname aan die religieuse koorfees wat in 1982 in Loreto, Italië, gehou sou word. Dit kan as 'n prestasie vir die Natalse Jeugkoor beskou word dat hulle saam met 17 ander kore uit 72 aansoeke gekeur was om aan die koorfees deel te neem. Om dié rede is in 1982

¹ Hierdie inligting is vanuit die 1974-program bekom.

'n uitgebreide toer onderneem. Konserte is onder meer in Jersey, Liverpool, Londen, München, Salzburg en Wenen aangebied (De Villiers, 1982:36). Die eerste optrede in Loreto het op 15 April 1982 plaasgevind "... and it soon transpired that the Natal Youth Choir was rated with the Greek and Spanish choirs as one of the top three" (De Villiers, 1982:37). Die koor van Helsinki en die Natalse Jeugkoor het ook op 21 April tydens 'n oudiënsie van die Pous, waar 70 000 mense teenwoordig was, opgetree. Verdere optredes van die koor in dieselfde tyd is deur die Italiaanse televisie gebeeldsaai (De Villiers, 1982:37 e.v.).

- Tydens die eerste Nasionale Jeugkoorfees, gedurende Augustus 1985 in Bloemfontein, het die Natalse Jeugkoor ook as uitgenooide groep by dié geleentheid opgetree.

6.2.4 Ooreenkomste tussen die werkwyses van die Natalse en Vrystaatse Jeugkore

Aangesien noue kontak tussen die twee jeugkore vir 'n geruime tyd bestaan het, word 'n oorsigtelike vergelyking tussen die kore in hierdie afdeling getref. Hierdeur kan moontlik bepaal word in watter mate die Natalse Jeugkoor deur die voorbeeld van die Vrystaatse Jeugkoor beïnvloed was. Die volgende vergelykings kan genoem word:

- In beide provinsies het die Administrateurs die inisiatief geneem om die stigting van 'n gekeurde hoërskoolkoorgroep, wat uit musikaal-begaafde kinders bestaan, te inisieer (cf. afd. 2.1; 6.2.1).
- Terselfdertyd het die Uitvoerende Komitees in altwee provinsies besluit dat die kore as gesubsidieerde provinsiale kore moes funksioneer. Hiervoor is 'n bedrag van R2 500 in 1964 vir die Vrystaatse koor (cf. afd. 2.2.8) en 'n enersse bedrag in 1968 vir die Natalse koor bewillig (cf. afd. 6.2.2.4).¹

¹ As deel van die finansiële ondersteuning in die Vrystaat is die reiskoste van ouers en instansies volgens 'n vaste tarief vergoed (cf. 2.2.8.1), maar in Natal word vervoerkostes deur die ouers van koorlede self gedra (De Villiers, J. H., 6 September 1985: korrespondensie).

- o Voorts is musiekinspekteurs as eerste koorleiers aangewys, naamlik Hein de Villiers in Natal, soos Dirkie de Villiers in die Vrystaat.
- o In Natal, sowel as die Vrystaat, is die uitgangspunt gehandhaaf dat die Jeugkoorlede spesiale erkenning moet verkry deur ontvangs van provinsiale kleure (cf. afd. 6.2.1; 2.2.1).
- o Om die gewenste koorklank te verkry, was die kore toe, soos tans (1987) nog die gebruik is, hoofsaaklik uit senior leerlinge vanaf standerd 8 tot 10 saamgestel, terwyl Jeugkoorleiers sêlf die keuring behartig (De Villiers, J. H., 6 September 1985: korrespondensie; Hyman, J. D., 19 September 1985: onderhoud).
- o In die beginjare het die twee koorleiers van die Natalse en Vrystaatse Jeugkore solo- en ensemble-nommers deur begaafde leerlinge as aanvulling in programme gebruik. Dié gebruik was nog waarneembaar in die 1985-program van die Natalse Jeugkoor en soortgelyk in die 1983-program van die Vrystaatse Jeugkoor. Geudrende sommige jare was sodanige nommers egter nie ingesluit nie. Veral ten opsigte van die Vrystaatse Jeugkoor se programme wil dit voorkom of dié soort nommers tussen 1968 en 1981 nie gebruik is nie.
- o Metdat begaafde pianiste dikwels ook koorlede was, is soms deur beide koorleiers van hierdie leerlinge as klavierbegeleiers gebruik gemaak.
- o Dirkie de Villiers het gedurende die eerste tien jaar van die Vrystaatse Jeugkoor se bestaan gereeld dirigente genooi om saam met die koor op te tree (cf. tabel 7). Hein de Villiers het dieselfde benadering gevolg en vanaf 1969 vir vier agtereenvolgende jare die volgende persone genooi om as gasdirigente op te tree, naamlik Cyril Wright (1969), George Gruber (1970), Chris Lamprecht (1971) en Andries Wassermann (1972)¹ (De Villiers, J. H., 6 September 1985: korrespondensie).

1 Inligting uit die programme van 1969, 1970, 1971 en 1972 verkry.

- Vanweë die behoefte aan geskikte musiek vir jeugkoorkonsertprogramme, het beide die koorleiers komponiste en/of verwerkers genader om opdragwerke vir die kore te skryf. Drie opdragwerke is byvoorbeeld vir die Natalse Jeugkoor geskryf, waarvan twee vir spesiale geleenthede was:
 - Gedurende 1970 het die Britse komponis, John Simpson,¹ die werk *Fern Hill*, met woorde deur D. Thomas, vir die koor gekomponeer.
 - Vir die Paarlse Taalfees in 1975 het Hans Maske weer spesiaal *Twee natuurgedigte* van Ina Rosseau vir die koor getoonset.
 - Met die oog op die oorsese toer van 1982 en weens die gewyde aard van die Loreto-koorfees in Italië, is die komponis, Michael Hankinson, versoek om hiervoor twee liturgiese dele te komponeer, naamlik 'n *Magnificat* en die *Nunc Dimittis* wat in 1982 vir die eerste keer uitgevoer is (De Villiers, J. H., 6 September 1985: korrespondensie).

Heelwat opdragwerke is vir die Vrystaatse Jeugkoor geskryf; meesal korter koorwerke met 'n Afrikaanse teks (cf. tabel 7; cf. afd. 4.2.1.5).

- Omdat dié twee jeugkore tot in die sewentigerjare die aktiefste en bekendste in Suid-Afrika was, is hulle dikwels saam vir optredes uitgenooi. Voorbeelde van hierdie gesamentlike optredes word in tabel 13 aangedui. Van hierdie optredes skryf Hein de Villiers die volgende: "Die konserte ... met die OVS koor, het 'n noemenswaardige invloed gehad op koorleiers in Natal" (6 September 1985: korrespondensie).

¹ 'n Uittreksel uit die program van 1972 lui: "This work was composed for the Natal Schools' Choir and presented by the composer to their conductor as 'a small memento of your visit to our country ...'"

TABEL 13
 GESAMENTLIKE OPTREDES : NATALSE EN VRYSTAATSE JEUGKORE :
 1969 TOT 1974

Datum	Plek en geleentheid
4 en 6 Oktober 1969	Uitvoerings in Bloemfontein en Kroonstad
25 en 26 September 1970	Konserte in Durban en Pietermaritzburg
28 Mei 1971	Optrede op Stellenbosch as deel van die Republiekfeesvierings
8 Junie 1974	'n Uitvoering in Johannesburg saam met die Junior Simfonie-orke van die SAUK

6.2.5 Verskille tussen die Natalse en Vrystaatse Jeugkore

Soos verwag kan word, word ook duidelike verskille tussen die twee kore waargeneem, naamlik dat

- o albei kore 'n eie, unieke karakter het wat veral in die programmeuses weerspieël word;
- o verskille ook merkbaar is in die getal konserte wat elke koor per jaar aangebied het; en
- o die organisasiewyse van elk ná 1984 aansienlik verskil.

Omdat Natal 'n heterogene bevolkingsamestelling het, met 'n sterk Engelstalige blanke kultuurgroep, was die invloed hiervan merkbaar in die universele aard van die eerste programsamestellings van die Natalse Jeugkoor.

Die karakter van die Oranje-Vrystaat as provinsie word egter gekenmerk deur 'n oorwegend konserwatiewe blanke Afrikaner-kultuur. Om hierdie rede was veral die programme van die eerste paar jaar gekenmerk deur 'n groot aantal konsertnommers wat in Afrikaans gesing is (cf. bylae G).

In tabel 14 kan die oorwegend Afrikaanse liederekeuses van die vroegste Vrystaatse Jeugkoorprogramme teenoor die meer universele aard van die Natalse Jeugkoorprogramme duidelik waargeneem word.¹ So byvoorbeeld is die totale getal koorwerke in die konsertprogramme van beide se eerste bestaansjaar 21. Die Vrystaatse Jeugkoorprogram vertoon 71,4% liedere met 'n Afrikaanse teks, teenoor 19% van die Natalse Jeugkoor. Hierteenoor is meer as die helfte van die Natalse Jeugkoor se koorwerke van daardie jaar in ander tale gesing, terwyl die inhoud van die Vrystaatse Jeugkoorprogram van 1965 slegs 29% liedere in ander tale aandui. Hierdie tendens word selfs nog ná vyf jaar, en wel in 1969, by die Vrystaatse Jeugkoor se programsamestelling waargeneem met 62% van die programsamestelling wat in Afrikaans gesing is, teenoor 27% by die Natalse Jeugkoor.

Verder blyk dit ook uit tabel 14 dat die Natalse Jeugkoor tydens die eerste vyf jaar van hulle bestaan min komposisies of verwerkings van Suid-Afrikaanse musici gesing het. Sodanige werke het tussen 5% en 15% van die totale programinhoud uitgemaak. By die Vrystaatse Jeugkoor, egter, wissel dieselfde soort programkeuses tussen 92% en 57%, soos in die laaste kolom uiteengesit word.

Dit is egter insiggewend, soos in tabel 15 gesien kan word, dat die programkeuses van beide kore in latere jare, wat die tekste betref, 'n gelyke en gebalanseerde karakter openbaar. Só byvoorbeeld het in 1985 die Vrystaatse Jeugkoor 36% van hulle totale program in Afrikaans gesing en die Natalse Jeugkoor 44%. Hierteenoor was 36% en 28% van die Vrystaatse Jeugkoor se liederekeuses in Engels, sowel as ander tale, teenoor 50% met Engelse teks en 6% in ander tale behalwe Engels of Afrikaans, by die Natalse Jeugkoor. Met uitsondering van 1980, duur die tendens dat meer komposisies en verwerkings van Suid-Afrikaanse musici in die konsertprogramme van die Vrystaatse Jeugkoor as in die Natalse Jeugkoor ingesluit word, ook vir hierdie vyf jaar voort.

¹ Solo- en ensemble-nommers is nie vir die doeleindes van hierdie studie in berekening gebring nie.

TABEL 14

'N VERGELYKING TUSSEN DIE PROGRAMSAMESTELLINGS VAN DIE VRYSTAATSE EN NATALSE JEUGKORE TEN OPSIGTE VAN TEKSTE EN SUID-AFRIKAANSE KOMPOSISIES OF VERWERKINGS TYDENS DIE EERSTE VYF JAAR VAN BEIDE SE BESTAAN

Koor	Jaar	Bestaans- jaar	Totale getal koo- werke	Konsertprogram							
				Liedere met Afrikaanse teks		Liedere met Engelse teks		Ander tale		Komposisies/ver- werkings van Suid- Afrikaanse musici	
				Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Vrystaatse	1965	Eerste	21	15	71,4	3	14,3	3	14,3	12	57,1
Natalse	1968	Eerste	21	4	19,0	8	38,0	9	42,9	1	4,8
Vrystaatse	1966	Tweede	28	24	85,8	4	14,3	0	0	22	91,7
Natalse	1969	Tweede	26	8	30,8	12	46,1	6	23,0	4	15,4
Vrystaatse	1967	Derde	27	19	70,4	6	22,2	2	7,4	20	74,1
Natalse	1970	Derde	27	9(10)*	37,0	9(10)*	37,0	8	29,7	4	14,8
Vrystaatse	1968	Vierde	20	10	50,0	4	20,0	6	30,0	14	70,0
Natalse	1971	Vierde	24	5	20,9	13	54,0	6	25,0	3	13,0
Vrystaatse	1969	Vyfde	35	22	62,3	11	31,4	4	11,4	22	62,7
Natalse	1972	Vyfde	34	9	26,5	11	32,3	14	41,2	5	14,7

* South African Republic - Suid-Afrika ons groet u van Blanche Gerstman word in beide tale gesing.

TABEL 15

'N VERGELYKING TUSSEN DIE PROGRAMSAMESTELLINGS VAN DIE VRYSTAATSE EN NATALSE JEUGKORE
GEDURENDE DIE TAGTIGERJARE

Koor	Jaar	Totale getal koorwerke	Konsertprogram							
			Liedere met Afrikaanse teks		Liedere met Engelse teks		Ander tale		Komposisies/ver- werkings van Suid- Afrikaanse musici	
			Getal	%	Getal	%	Getal	%	Getal	%
Vrystaatse	1980	26	3	11,5	9	34,6	14	53,9	5	19,2
Natalse	1980	24	7	29,2	12	50,0	5	20,8	7	29,2
Vrystaatse	1981	25	13	52,0	9	36,0	3	1,2	10	40,0
Natalse	1981	21*	5	23,8	8	38,0	7	33,3	6	28,6
Vrystaatse	1984	35	15	42,7	17	48,6	3	8,6	19	54,3
Natalse	1984	16	4	25,0	5	31,3	7	43,8	0	0
Vrystaatse	1985	25	9	36,0	9	36,0	7	28,0	10	40,0
Natalse	1985	16	7	43,8	8	50,0	1	6,3	3	18,8

* Die 1981-program bevat 'n komposisie van Kodály, uit Mountain Nights, waarvan die harmonieë op enige klank voorgedra kan word, aangesien daar geen teks vir die koorkomposisie is nie. Hierdie nommer is dus slegs vir die eerste kolom in berekening gebring.

Laastens lê 'n belangrike verskil tussen opsigte van programkeuses in die besondere belangstelling wat Hein de Villiers gehad het in die bevordering van 'n instrumentale opleidingsprogram vir Natalse skoolleerlinge. Vanweë sy persoonlike betrokkenheid en entoesiasme is daar gedurende 1971 'n buitekurrikulêre orkesopleidingsprogram in Natal geïnisieer. Om verder in hierdie behoeftes te voorsien, is die Buitekurrikulêre Musiekskool in 1972 tot stand gebring. Orkeste is gevorm en vanaf 1974 tot 1978 het Hein de Villiers as dirigent van die Durbanse Kamerorkes opgetree. Daarna was hy vanaf 1979 tot 1982 die dirigent van die Natalse Jeugorkes. Teen dié agtergrond gesien, was dit natuurlik dat Hein de Villiers ook koorwerke sou kies waarby die Natalse Jeugkoor en die orkeste gesamentlik betrek kon word (Van der Merwe, J. D., 19 Junie 1985: korrespondensie; De Villiers, J. H., 13 Augustus 1985: korrespondensie).

In 1974 reeds het die Natalse Jeugkoor, onder beskerming van die Natalse Raad vir Uitvoerende Kunste (NARUK), die *Kroningsmis* van Mozart uitgevoer. Twee jaar later, tydens die eerste Pietermaritzburgse Musiekfees,¹ het die koor die *Messa di Gloria* van Puccini en 'n *Credo* van Vivaldi aangebied. Benewens hulle normale koorprogram het die koor in 1978 nóg 'n groot werk, *Dixit Dominus* van Händel, aangepak en dit saam met 'n geleentheidsorkes in die Durbanse stadsaal uitgevoer. Gedurende 1982 is die Schubert *Mis in G (nr 2)* in Durban, Pietermaritzburg, Pretoria en Johannesburg, saam met 'n orkes aangebied (De Villiers, J. H., 6 September 1985: korrespondensie).

Hierteenoor blyk dit dat, alhoewel die Vrystaatse Jeugkoor wél soms gesamentlike optredes met orkeste gehad het, dit eerder vir beplande spesiale geleenthede was. Groter koorwerke is nie as deel van die beplanning vir 'n normale konsertprogram aangepak nie (cf. bylae B).

1 Die gedagte vir hierdie fees het by Hein de Villiers ontstaan (De Villiers, J. H., 6 September 1985: korrespondensie).

Dit wil voorkom of die Vrystaatse Jeugkoor per jaar meer amptelike konserte as die Natalse Jeugkoor aangebied het. Hein de Villiers bevestig in 1985 dat die Natalse Jeugkoor vanaf 1968 "... 209 vollengte konserte in die Republiek van Suid-Afrika en oorsee" aangebied het (De Villiers, J. H., 6 September 1985: korrespondensie). Volgens hierdie inligting kom die gemiddelde aantal konserte per jaar dan op 12 te staan. Volgens die programnotas kom dit voor of die aantal konserte wat deur die koor aangebied is, nie meer as 20 per jaar was nie.¹

Die gemiddelde aantal konserte wat tot 1986 per jaar deur die Vrystaatse Jeugkoor aangebied is,² ongeag die besonderhede van optredes wat ontbreek,³ is meer as dié van Natal, naamlik 16 per jaar. Die rede hiervoor is dat die nagespeurde getal jaarlikse optredes van die Vrystaatse Jeugkoor vanaf die stigtingsjaar 'n stygende tendens toon (cf. figuur 6). Gedurende 1965 is slegs agt konsertuitvoerings gehou. Dit het gaandeweg vermeerder, met die grootste aantal konsertoptredes in 1985, naamlik 29.

'n Verdere verskil tussen die twee provinsiale kore is dat die organisasie van die Natalse Jeugkoor vanaf 1984 deur die Pinetownse Musiekskool hanteer word (De Villiers, J. H., 6 September 1985: korrespondensie).


Daarteenoor word die reëlings en organisasie betreffende die Vrystaatse Jeugkoor nog steeds soos vantevore deur die koorleiers en ander koorpersoneel, in medewerking met die Onderwysdepartement gedoen (Hyman, J. D., 6 Maart 1987: onderhoud).

1 Die toerprogram vir 1974 het 14 plekke van optredes, en dus konserte, ingesluit teenoor die 11 van 1975 en 15 van 1976. Programnotas in die 1982- en 1984-programme lui onderskeidelik "... die koor [gee] + 15 uitvoerings jaarliks"; "Die Jeugkoor bied vir 1984 7 konserte in Natal aan en onderneem 'n kort toer na Transvaal wat 6 konserte behels".

2 Die optredes tydens die oorsese reise van 1978 en 1983 is buite rekening gelaat.

3 Volledige inligting omtrent optredes vir die volgende jare ontbreek: 1970 (sommiges); 1972 (Junie/Julie); 1975 (sommiges) en 1977 (Maart/April) (cf. bylae B).

Figuur 6 Aantal nagespeurde optredes : Vrystaatse Jeugkoor :
1965 tot 1986



6.3 DIE TRANSVAALSE JEUGKORE

6.3.1 Agtergrond en stigting van die amptelike Transvaalse Jeug- kore

Transvaal, met sy besondere groot getal blanke skoolleerlinge, het 'n uitstekende potensiaal om die stigting van 'n provinsiale jeugkoor òf kore te kan regverdig.

Pierre Malan, vanaf 1970 tot 1983 hoof van musiek en hoofonderwysbeplanner van Transvaal, noem dat daar gedurende die sewentigerjare gereeld nie-amptelike inisiatiewe was om jeugkore in die Transvaal te stig (25 Augustus 1986: onderhoud).

Sewe jaar ná die stigting van die Vrystaatse Jeugkoor, gedurende 1971, verwys *Die Burger* na "... die Johannesburg-Oos-Jeugkoor onder leiding van D. Heller, wat as deel van die Republiekfees in die Kaapse Skiereiland opgetree het.¹ Volgens Malan het dié koor, gekeur uit hoërskoolleerlinge van 'n groep skole aan die Oosrand, egter 'n kortstondige bestaan gehad (25 Augustus 1986: onderhoud).

Intussen het nóg 'n jeugkoor, naamlik die Pretoriase Jeugkoor, in Transvaal tot stand gekom en wel soos volg: 'n destydse vakadviseur vir musiek, Erica Swart, het in 1971 musiekleerlinge aan die Hoërskool C. R. Swart getoets. Tydens hierdie besoek het sy opnuut bewus geword van die uitstaande, dog onbenutte hoërskoolsangtalent in Transvaalse hoërskole in die Pretoria-gebied. Op daardie stadium was daar in Pretoria geen spesiale koor op sekondêre skoolvlak waarin musikaal-begaafde kinders kon sing nie. Erica Swart het dus besluit om op eie inisiatief 'n jeugkoor op die been te bring. Met behulp van goedgesinde hoofde van verskillende hoërskole in die gebied is 'n gekeurde koor saamgestel. Die eerste oefening van die Pretoriase Jeugkoor het op 10 Maart 1972 plaasgevind. Dié koor het uit 33 hoërskoolseuns en -dogters, gekeur uit 12 Pretoriase hoërskole bestaan (Swart, E., 23 September 1986: korrespondensie).

¹ Die Burger (geen datum); uitknipsel in besit van D. I. C. de Villiers.



Pierre Malan

Hierdie koor het veral in Transvaal, maar ook so ver as in Durban en Pietermaritzburg, uitvoerings gegee. Die Transvaalse koerant, *Hoofstad* (29 April 1976:14) het in 1976 soos volg in verband met die werksaamhede van die koor berig: "Een maal per jaar hou hulle 'n groot konsert in die Musaion by die Universiteit van Pretoria. Tussenin tree hulle op wanneer instansies hulle uitnooi, en wanneer een van die skole wat lede in die koor het, hulle nodig het, is die Jeugkoor altyd beskikbaar." Swart het die koor gereeld saam met ander kunstenaars, soos onder andere met leerlinge en orkesgroepe van Betty Pack, laat optree (Swart, E., 23 September 1986: korrespondensie; *Hoofstad*, 29 April 1976:14).

Radiuitsendings deur die Pretoriase Jeugkoor het gedurende 1975, 1976 en 1978 plaasgevind. In 1976 is televisie-opnames van die koor gemaak en in die volgende jaar het die Jeugkoor ook 'n plaat vrygestel (Swart, E., 23 September 1986: korrespondensie).

Swart meld verder dat koorfondse verkry en opgebou is uit die inkomste van konserte en *honoraria* wat die Pretoriase Jeugkoor toegekomp het. Geen verpligte koorfondsbetaling is van koorlede gevra nie. Die organisasie was deur gewillige ouers en onderwysers behartig.

In Augustus 1977 is die naam van die koor na die Noord-Transvaalse Jeugkoor verander. Dit is ook die naam waaronder die huidige amptelike streekkoor nog funksioneer (Swart, E., 23 September 1986: korrespondensie).

Aangesien die stigting van die Pretoriase Jeugkoor so positief ontvang is, het 'n tweede vakadviseur, Pieter Roos, besluit om 'n soortgelyke koor te stig. Op dié wyse het die Witwatersrandse Jeugkoor binne twee jaar ná die Pretoriase Jeugkoor tot stand gekom en hulleself die Transvaalse Jeugkoor genoem (Malan, J. P., 25 Augustus 1986: korrespondensie).

Hierdie koor was besonder aktief en het metertyd verskillende toere in Transvaal en elders in die Republiek aangebied (Malan, J. P., 25 Augustus 1986: onderhoud). Só word 'n Vrystaatse toer

oënskynlik vir Augustus 1976 deur "Die Transvaalse Skolemusiekvereniging van Johannesburg" vir die koor gereël.¹ Die reisprogram wat vir die beoogde toer beplan was, het onder meer Vrystaatse dorpe soos Sasolburg, Kroonstad, Welkom, Winburg, Wepener en Bethlehem ingesluit (Bouwer, J. D., 17 Junie 1985: onderhoud).

'n Hoogtepunt wat die koor beleef het, was 'n toer wat na Israel onderneem is, met finansiële steun van die Transvaalse Onderwysdepartement (Malan, J. P., 25 Augustus 1986: onderhoud).

Roos en Swart het met verloop van tyd aansoek gedoen vir die amptelike erkenning van die twee jeugkore as organe van die Transvaalse Onderwysdepartement (TOD) (Swart, E., 23 September 1986: korrespondensie). Omdat hierdie kore, benewens die opvoedkundige waarde daarvan, deur hulle optredes ook vir die TOD reklamewaarde gehad het, skyn dit asof die Departement die groepe goedgesind was. 'n Bewys hiervoor blyk uit twee amptelike omsendbriewe, genoem Omsendminuut nommer 86 van 1976 en nommer 114 van 1977 (cf. bylae H). Hieruit is dit duidelik dat die TOD teen dié tyd reeds drie kore amptelik erken het en hulle saak by die skole wou bevorder,² naamlik die Transvaalse en Noord-Transvaalse (voorheen as die Pretoriase Jeugkoor bekend) Jeugkore, asook die Transvaalse Kinderkoor³ (cf. bylae H). Die amptelike stukke is verder deur die Transvaalse Direkteur van Onderwys bekragtig en uitgestuur.

Hoewel daar dus 'n positiewe gesindheid by die TOD ten opsigte van bogenoemde kore bestaan het, was daar op dié stadium nog geen amptelike poging deur die TOD om tot die stigting van jeugkore oor te gaan nie. Malan was egter van oordeel dat daar op

1 In 'n brief aan die Vrystaatse Direkteur van Onderwys vra die voorsitter, Pieter Roos, samewerking van die Vrystaatse hoof van musiek ten opsigte van die verkryging van plaaslike borge, huisvesting en ander organisatoriese aspekte. Roos verduidelik in die brief dat die koor graag R250 per konsert sou wou ontvang. Hierdie bedrag was dieselfde as wat die Vrystaatse Jeugkoor per optrede van borge op groter sentra verlang het (Bouwer, J. D., 17 Junie 1985: onderhoud).

2 Paragraaf 8 in beide omsendminute lui: "Dit sal gewaardeer word as hoofde die beste koorsangers in die skole aanmoedig om by een van hierdie kore aan te sluit" (cf. bylae H).

3 Die Transvaalse Kinderkoor vir senior primêre en junior sekondêre leerlinge het in 1977 onder die leiding van 'n derde vakadviseur, Sophie Faul, gestaan (cf. bylae H).

'n georganiseerde amptelike wyse iets ter bevordering van jeugmusiek in die hele Transvaal gedoen moes word. Hy het dus 'n voorstel aan J. H. Jooste, die Transvaalse Direkteur van Onderwys, gemaak waarin hy die gedagte geopper het dat outonome musiekgroepe in die ses Transvaalse onderwysstreek op die been gebring moes word. Die direkteur was positief beïndruk met hierdie voorstel en 'n komitee is saamgestel wat die uitvoerbaarheid van Malan se voorstelle moes ondersoek. J. A. Janson, Assistent-direkteur van Onderwys, het as voorsitter, en Malan as adviseerder, van die komitee optree (Malan, J. P., 25 September 1986: onderhoud).

Die oorspronklike voorstelle wat deur Malan ingedien is en wat ondersoek moes word, was dat

- daar in elkeen van die ses streek 'n jeugkoor, 'n kinderkoor en 'n jeugorkes tot stand moes kom;
- hierdie musiekgroepe op 'n bepaalde wyse amptelik deur die Onderwysdepartement gesteun moes word;
- 'n koorleier wat nie 'n vakadviseur mag wees nie, vir elke koor aangestel word;
- die koorleier 'n derde van 'n onderwyser se salaris addisioneel ontvang;
- amptelike begeleiers aangestel word wat 'n vyfde van 'n onderwyser se salaris addisioneel ontvang;
- vir die aankoop van bladmusiek apart begroot mag word; en
- beheer oor elke koor deur 'n streekhoof uitgeoefen moet word.

Uiteindelik is Malan se voorstelle in die geheel aanvaar. Benevens die salaristoekenings aan koorleiers en begeleiers, is 'n bedrag van R1 000 aan elke streekkoor toegestaan vir die uitsluitlike aankoop van bladmusiek.¹ Die streekhoof, toe ook be-

¹ Malan het mettertyd, deur bemiddeling van Kobus Theron, wat Janson as assistent-direkteur opgevolg het, verloop verkry om alle bladmusiek teen die begroting aan te koop (Malan, J. P., 25 Augustus 1986: onderhoud). Dit wil voorkom of die bedrag wat aan elke streekkoor toegestaan is vir die aankoop van bladmusiek, ook al verhoog is. Die koorleier van die Oosrandse Jeugkoor meld in 1985 'n bedrag van R1 200 (Van der Walt S., 29 Augustus 1985: korrespondensie), en die organiseerder van die Wes-Transvaalse
(vervolg)

bekend as adjunk-direkteur, sou die aankope van musiek vir elke streek behartig.

Gevolgtlik word daar op 1 April 1978 amptelike goedkeuring verleen aan 'n projek vir die stigting van 'n streekkoor vir elkeen van die ses geografiese onderwysstreekte in Transvaal. Die twee bestaande nie-amptelike jeugkore is net so behou. Kragtens die voorstelle wat aanvaar is, is egter bepaal dat vakadviseurs nie as dirigente van Transvaalse Jeugkore mag optree nie. Slegs onderwysers in diens van die TOD, of persone van buite, kon dus as koorleiers kwalifiseer.

Vier van die ses beoogde kore het teen die einde van 1978 al begin funksioneer, naamlik die

- o Noord-Transvaalse Jeugkoor, toe onder leiding van Adolf Theron¹ (Nel, R., 6 Februarie 1985: korrespondensie);
- o Witwatersrandse Jeugkoor (later die Sentraalrandse Jeugkoor genoem), onder leiding van Teddy Quirck (Malan, J. P., 25 Augustus 1986: onderhoud);
- o Oosrandse Jeugkoor, onder leiding van Jean van der Bergh (Malan, J. P., 25 Augustus 1986: onderhoud); en
- o Wes-Transvaalse Jeugkoor,² onder leiding van Johan van Dyk (Van der Merwe, E. M., 14 Augustus 1986: korrespondensie).

Mettertyd het die volgende twee kore ook begin funksioneer, naamlik die

- o Oos-Transvaalse Jeugkoor, onder leiding van Renette Bower³ (Malan, J. P., 25 Augustus 1986: onderhoud); en

Voetnoot 1 (vervolg):

Jeugkoor noem dat die begroting vir bladmusiek toegestaan aan die koor en die orkes, ongeveer R2 800 beloop (Van der Merwe, E. M., 14 Augustus 1986: korrespondensie).

- 1 Hierdie feit word ook in 'n 1983-konsertprogram van die Noord-Transvaalse Jeugkoor genoem.
- 2 Volgens die huidige (1986) organiseerder, mev. E. M. van der Merwe, is die koor in Oktober 1978 gestig.
- 3 Die Oos-Transvaalse Jeugkoor is in Maart 1981 deur J. T. Gray, streekhoof van Oos-Transvaal, gestig (Bower, R., 20 Augustus 1985: korrespondensie).

- Verre-Noord Jeugkoor, onder leiding van Mariëtte Swart (Malan, J. P., 25 Augustus 1986: onderhoud).

'n Amptelike lys van die Transvaalse Onderwysdepartement maak melding van agt kore wat tans bestaan, omdat "die TOD [in 1985] geografies in 8 streke verdeel is en elke streek ... sy eie jeugkoor [het]" (De Beer, D. W., 28 Oktober 1985: korrespondensie). Die nuutste toevoegings is die volgende:

- Die Wesrandse Jeugkoor, gedurende 1985 onder leiding van Francois van der Berg (Bredenkamp, P. H., 1 Oktober 1985: korrespondensie). Van der Berg vervul dié amp nog in 1987 (Morland, P. A., 15 April 1987: korrespondensie).
- Die Suid-Transvaalse Jeugkoor, gedurende 1985 onder leiding van Hannalie van der Merwe (Bredenkamp, P. H., 1 Oktober 1985). By voltooiing van hierdie studie in 1987, tree sy nog as koorleier op (Morland, P. A., 15 April 1987: korrespondensie).

Intussen is in 1980¹ toestemming verleen dat bo en behalwe die voorgestelde aanstellings, ook 'n organiseerder² vir elke koor aangestel moes word, teen 'n derde salaris addisioneel tot 'n gewone onderwyser se salaris. Hierdie toewyding het die las van die koorleiers aansienlik verlig (Malan, J. P., 25 Augustus 1986: onderhoud).

TOD-omsendminuut nommer 44 van 1985, gedateer 28 Junie 1985, verklaar dat koorlede wat in jeugkore opgeneem word, se status "vergelykbaar [is] met lidmaatskap van 'n streeksportspan". Op hierdie wyse word dan ook ekstra erkenning aan jeugkoorlede verleen, net soos die Vrystaatse en Natalse Jeugkoorlede wat provinsiale kleure as prestasie-erkenning ontvang.

1 Die koorleier van die Oosrandse Jeugkoor, Sonja van der Walt, dui dié datum as 1 Januarie 1981 aan (Van der Walt, S., 29 Augustus 1985: korrespondensie).

2 In die besondere geval van die Oosrandse Jeugkoor is die organiseerder en die koorleier (in 1985) dieselfde persoon (Van der Walt, S., 29 Augustus 1985: korrespondensie; Bredenkamp, P. H., 1 Oktober 1985: korrespondensie).

6.3.2 Algemene organisasie

6.3.2.1 Keuring van koorlede

Vanaf 1978 het die administratiewe en finansiële hantering van die amptelike jeugkoorprojek dus 'n vaste vorm in Transvaal aangeneem. Teen die einde van Junie word jaarliks 'n omsendbrief aan alle streekkantore, onderwyskolleges, superintendente van onderwys, onderwys hulpdienste, laer- en hoërskole, asook skoolraads kantore, uitgestuur. Hierin word skoolhoofde versoek om voorlopige oudisies vir begaafde sangers met behulp van 'n plaaslike musiekonderwyser te reël. Die aandag word daarop gevestig dat koorlede "... slegs uit provinsiale sekondêre skole gekies mag word ... [en] standerd vyf leerlinge [moet] reeds in hulle standerd vyf-jaar aansoek doen vir koorlidmaatskap in standerd ses".¹

Die omsendbrief meld dan verder dat oudisies vanaf September tot November gehou sal word. Die finale keuring van koorlede word, soos in die ander provinsies, deur die koorleier persoonlik behartig. Die koorleier word egter in sommige gevalle deur die begeleier bygestaan (Van der Walt, S., 29 Augustus 1985; Jooste, G., 2 September 1985: korrespondensie).

6.3.2.2 Beheer en administrasie

Vanweë die omvangryke onderneming om soveel aktiewe musiekgroepe in agt verskillende geografiese streke in Transvaal te bedryf, was dit nodig om 'n duidelike en omvattende administratiewe beleid daar te stel. Die volgende hoofaspekte is die belangrikste wat vir die doeltreffende en gladde funksionering van die kore geld.

Elke koor staan onder die beheer van die Transvaalse Direkteur van Onderwys. Hy word plaaslik verteenwoordig deur die streekhoof (hoofsuperintendent) van 'n bepaalde streek, wat weer deur die volgende amptenare bygestaan word:

1 TOD-omsendminuut nommer 44 van 1985, gedateer 28 Junie 1985.

- die streekinspekteur van onderwys;
- die koororganiseerder;
- die koorleier; en
- die koorbegeleier (Jooste, G., 2 September 1985: korrespondensie).

Tydens 'n jaarvergadering word 'n ouerkomitee gekies. Die streekhoof, as verteenwoordiger van die Direkteur van Onderwys, is *ipso facto* lid van bogenoemde ouerkomitee.

Die volle bestuur is verantwoordelik vir beleidsake, finansies, koordrag en die uitbetaling van *honoraria*. Verkose lede - dit is dus nie die onderwysamptenare nie - moet verder behulpsaam wees met allerlei reëlings ten opsigte van toere en optredes.

Vaste lede tree in hulle aangestelde hoedanighede op. Die streekinspekteur van onderwys skakel met die streekhoof; die koorleier kies die repertorium, bepaal die oefenprogram en besluit oor konsertoptredes. Die begeleier staan die koorleier by in die afrigting van die koor en die organiseerder tree as sekretaris van die bestuur op (Jooste, G., 2 September 1985: korrespondensie).

Toere en optredes word dus deur elke koorgroep outonoom bepaal, maar 'n beginselgoedkeuring moet vooraf van die streekhoof verkry word (Jooste, G., 2 September 1985: korrespondensie).

6.3.2.3 Finansies

Die enigste finansiële bystand wat gewoonlik aan Transvaalse streekkore verskaf word, is die begroting waarteen bladmusiek aangekoop word. Anders as in die Vrystaat en Natal, word die koorleier, begeleier en organiseerder spesiaal vir hulle dienste vergoed.¹ Hantering van finansies word verder outonoom deur die

¹ Die deeltydse poste word bereken teen agt uur per week vir die organiseerder en koorleier elk, en teen vyf uur per week vir die begeleier. Volgens inligting gedurende 1985 en 1986 vanaf verskillende Transvaalse Jeugkoorleiers bekom, wissel hierdie tariewe onderling tussen 'n minimum van R12,04 en 'n maksimum van R18,20 per uur.

TABEL 16
KONSERTOPTREDES : TRANSVAALSE JEUGKORE

Datum	Koor	Dirigent	Aard van optrede*
10 en 11 Julie 1979	Oosrandse Jeugkoor	Jean van der Bergh	Enigste jeugkoor wat uitgenooi is om tydens amptelike ingebruikneming van die nuwe FAK-sangbundel in Bloemfontein op te tree
1980 (datums onbekend)	Noord-Transvaalse Jeugkoor	Adolf Theron	Toer deur Noordoos-Transvaal
1981 (datums onbekend)	Noord-Transvaalse Jeugkoor	Adolf Theron	Toer deur Suidwes-Afrika
27 Mei 1981	Oosrandse Jeugkoor	Sonja van der Walt	Tree tydens Republiekfeesviering in Durban se stadsaal op
Julie 1981	Oosrandse Jeugkoor	Sonja van der Walt	Zimriya Internasionale Koorfees, Israel: deelname met 21 kore, gekur uit 46 aansoeke Toer ook na Griekeland
16 September 1981	Oosrandse Jeugkoor	Sonja van der Walt	Tree tydens die opening van die Staatsteater in Pretoria op
Oktober 1981	Oosrandse Jeugkoor	Sonja van der Walt	Word tydens die Roodepoortse Internasionale Eisteddfod in Suid-Afrika aangewys as die beste jeugkoor
1982	Oos-Transvaalse Jeugkoor	Renette Bouwer	Toer deur Oos-Transvaal (Bouwer, R, 20 September 1985: korrespondensie)
31 Maart tot 18 April 1983	Noord-Transvaalse Jeugkoor	Ria Nel	Onderneem toer na België. Plekke wat besoek is, sluit onder andere in: Lucern, Bern, Heidelberg, Koblenz, Kerkrade, Mechelen, Grobbendonk, Antwerp, Ostend en Gent**
2 Julie 1983	Oosrandse Jeugkoor	Sonja van der Walt	Vertrek na Israel en Italië vir tweede oorsese toer. Neem weer eens deel aan Zimriya Internasionale Koorfees in Israel. Ook verskeie optredes in katedrale in Italië.
22 tot 30 Maart 1984	Noord-Transvaalse Jeugkoor	Ria Nel	Toer deur Noord- en Oos-Kaapland. Besoek dorpe soos Douglas, De Aar, Port Elizabeth, Queenstown en Burgersdorp
1984 (datums ontbreek)	Oos-Transvaalse Jeugkoor	Renette Bouwer	Koor onderneem 'n toer na Natal (Bouwer, R., 20 September 1985: korrespondensie)
1985 (datums onbekend)	Noord-Transvaalse Jeugkoor	Ria Nel	Toer deur Suidwes-Afrika (Nel, R., 31 Augustus 1985: onderhoud)
30 en 31 Augustus 1985	Noord-Transvaalse Jeugkoor	Ria Nel	Deelname aan eerste Nasionale Jeugkoorfees ter inwyding van die Sand du Plessis-teater, Bloemfontein
30 en 31 Augustus 1985	Oosrandse Jeugkoor	Sonja van der Walt	Deelname aan eerste Nasionale Jeugkoorfees ter inwyding van die Sand du Plessis-teater, Bloemfontein
12 Julie tot 1 Augustus 1986	Oosrandse Jeugkoor	Sonja van der Walt	Zimriya Internasionale Jeugkoorfees, Israel (Van der Walt, S., 21 Augustus 1986: korrespondensie)
5 en 6 September 1986	Wes-Transvaalse Jeugkoor (en simfonie-orkester)	Awie van Wyk	Konservatoriumsaal, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, Potchefstroom

* Behalwe waar anders aangedui, is die inligting in hierdie tabel vanuit konsertprogramme van die betrokke kore verkry.

** Spelwyse woordeliks uit 1983 se konsertprogram.

bestuur van elke koorgroep, in oorleg met die streekhoof, hanteer. Koorlede betaal ledegeld om donasies, konsertopbrengste en ander fondse aan te vul.

Fondse word deur die rekenmeester van die skool waar die koor se rekening gehou word, geouditeer¹ (Van der Merwe, E. M., 14 Augustus 1986: korrespondensie).

6.3.3 Konsertoptredes

Dat hierdie reëlins reeds vrugte afgewerp het, blyk uit die feit dat die meeste kore al binnelandse toere, en sommige ander ook buitelandse optredes, onderneem het (Bredenkamp, P. H., 1 Oktober 1985: korrespondensie). Die jeugkore wat al buitelandse konsertreise onderneem het, is die Noord-Transvaalse en Oosrandse Jeugkore (Nel, R., 6 Februarie 1985: korrespondensie; Van der Walt, S., 29 Augustus 1985: korrespondensie.)²

Vanaf 1980 is daar jaarliks, deur die inisiatief van Malan, aan jeugkore van Transvaal die geleentheid geskep om tydens prestige-konserte in die Staatsteater in Pretoria op te tree (Malan, J. P., 25 Augustus 1986: onderhoud).

'n Aantal toere en optredes waarvan sommige vir bepaalde kore as hoogtepunte beskou kan word, word in tabel 16 uiteengesit.

6.3.4 Slotgedagtes

Uit die beskikbare feite in hierdie afdeling wil dit voorkom of die Vrystaatse Jeugkoor nie 'n invloed op die amptelike totstandkoming van die Transvaalse streekkore gehad het nie. Dit was moontlik eerder die bestaande Transvaalse jeugkore wat deur vakadviseurs gestig is, wat as inspirasie en model vir die amptelike

1 Volgens die reglement van die bestuur van die Oos-Transvaalse Jeugkoor, gedateer 18 Maart 1983, item 5.

2 Hierdie inligting het ook vanuit konsertprogramme van beide jeugkore geblyk.

streekjeugkore sou dien. 'n Ander bewys hiervoor is die feit dat die amptelike organisatoriese en finansiële uitgangspunte in Transvaal en die Vrystaat grootliks verskillend is sover dit jeugkore betref.

Malan wys egter daarop dat die bekendheid van die Vrystaatse Jeugkoor in die laat sestiger- en sewentigerjare landwyd was, en dus tog 'n aanmoedigende faktor tot die stigting van soortgelyke kore was.

Die proses van privaat inisiatief vir die stigting van jeugkore in Transvaal duur skynbaar nog voort. So byvoorbeeld is die Verwoerdburgse Jeugkoor in die laaste helfte van 1985, in medewerking met die Verwoerdburgse Kultuurraad, gestig. Leerlinge word uit 11 skole gekeur en die koor is finansiëel selfonderhoudend. Verder funksioneer die groep volgens 'n eie grondwet, wat tydens 'n algemene jaarvergadering van 28 Januarie 1986 goedgekeur is.

Die rede vir die stigting van die Verwoerdburgse Jeugkoor is omdat "... die algemene gevoel onder die inwoners van Verwoerdburg is dat ons 'n eie identiteit moet hê! Vandaar die gedagte van 'n selfstandige Jeugkoor" (Spoelstra, C., 20 Mei 1986: korrespondensie).

6.4 DIE OOSTELIKE PROVINSIE JEUGKOOR (KAAPPROVINSIE)

6.4.1 Stigting van die koor

Van alle provinsies is Kaapland die enigste wat nog nie amptelik tot die stigting van jeugkore oorgegaan het nie. Soos in Transvaal (cf. afd. 6.3.1) was daar wel soortgelyke inisiatief van 'n vakadviseur vir musiek van die Kaaplandse Onderwysdepartement. In 1978, dieselfde jaar waarin die Transvaalse Onderwysdepartement daartoe oorgegaan het om amptelike jeugkore in Transvaal te stig, is 'n Oostelike Provinsie Jeugkoor van 50 lede uit 13 hoërskole in Port Elizabeth deur G. R. Smith saamgestel (Du Plessis, A., 23 Junie 1985: korrespondensie).

Hierdie koor het geen finansiële steun van die Kaapse Onderwysdepartement ontvang nie, maar het wel onder beskerming van die Departement opgetree. Vanaf 1980 tot 1986 het Anna du Plessis, 'n dosent verbonde aan die Onderwyserskollege in Port Elizabeth, as koorleier opgetree. Intussen het die ledetal ook vergroot, sodat die koor in 1985 uit 70 lede bestaan het, gekeur uit 16 hoërskole in Port Elizabeth, insluitende Humansdorp, Despatch en Uitenhage (Du Plessis, A., 23 Junie 1985: korrespondensie; 19 Desember 1986: onderhoud). Sedert die begin van 1986 staan die koor onder die leiding van Erna Delport (Van Rooyen, E., 10 April 1987: korrespondensie).

6.4.2 Algemene organisasie

Sedert 1980 bestaan daar ook 'n kinderkoor in Port Elizabeth wat eers deur Du Plessis gelei is, en vanaf 1982 deur Junita Lamprecht. Beide hierdie kore word deur koorbesture behartig. Alle fonds- en administratiewe reëlings, asook die organisasie in verband met toere, optredes en ander noodsaaklike aspekte word deur dié koorbesture hanteer. Beide kore funksioneer egter volgens dieselfde grondwet. Hiervolgens het die kore die volgende doelstellings, naamlik om

- 'n bydrae tot die musiekopvoeding van die jeug te maak deur middel van die deelname aan koorsang met sy vormende waarde en dissipline;
- koorsang in die Oostelike Provinsie te stimuleer en te bevorder, en
- sodoende 'n bydrae te lewer tot kultuurbevordering en musiekwaardering (Van Rooyen, E., 16 Augustus 1986: korrespondensie).

Voltydse leerlinge van skole onder beheer van die Kaaplandse Onderwysdepartement afkomstig uit Port Elizabeth, Uitenhage, Despatch en omliggende dorpe, kom in aanmerking vir oudisies. 'n Omsendbrief word jaarliks aan skole uitgestuur, waarin kennis van oudisies gegee word. Anders as in die ander provinsies, kan

enige ouer vooraf ook onafhanklik aansoek doen om 'n oudisie vir sy/haar kind. Die voorwaarde is egter dat die skoolhoof van die betrokke skool daarvan kennis moet dra. Oudisies vir die volgende jaar vind gewoonlik gedurende September en Oktober plaas.

Finale opname in die Oostelike Provinsie Jeugkoor word bepaal deur affiliasie van die betrokke skool, want slegs leerlinge van geaffilieerde skole mag in die Oostelike Provinsie Jeugkoor sing. Daar word ook van koorlede verwag om vir die volle koorjaar te alle tye beskikbaar te wees vir toere en optredes (Du Plessis, A., 19 Desember 1986: onderhoud). Om fondse te bekom, word affiliasiegeld van skole en ledegeld van koorlede gehef. Hierdie bedrae word deur die koorbestuur bepaal (Van Rooyen, E., 16 Augustus 1986: korrespondensie).

Die koorbestuur verwag van die koorleiers en begeleiers om ten minste ses maande voor die verstryking van 'n koortermyn (dit is ses maande voor die algemene jaarvergadering) kennis van 'n voor-genome bedanking en/of onttrekking in te dien.

Een van die groot probleme waarmee hierdie Jeugkoor te kampe het, is 'n gebrek aan voldoende finansies. Hierdie behoefte vind vergestaltung in die koor se grondwet van 1985:¹ "Die Koördineringskomitee gaan voort met verhoë tot die KPA (Kaaplandse Provinsiale Administrasie) (Dept. Onderwys) vir finansiële steun."

6.4.3 Konsertoptredes

Soos die ander jeugkore in die land tree die koor graag in konsertverband op. Aangesien hulle fondse egter beperk is, kan landwye toere nie maklik onderneem word nie (cf. afd. 6.4.2).

Teen die einde van elke jaar vind een van die vernaamste konserte in Port Elizabeth plaas (Du Plessis, A., 19 Desember 1986: onderhoud). Die Oostelike Provinsie Jeugkoor het, in die periode

1 'n Afskrif van hierdie grondwet is in besit van die skrywer.

van 1980 tot 1986, ook dikwels saam met ander jeugkore opgetree. Die name van hierdie kore is uit konsertprogramme bepaal, naamlik onder andere die Vrystaatse Jeugkoor (April 1981; Julie 1985); die Noord-Transvaalse Jeugkoor (April 1984); en die Natalse Jeugkoor in Pietermaritzburg (Junie 1984).

Ander kore behalwe jeugkore is ook tydens toere van die Oostelike Provinsie Jeugkoor betrek, soos byvoorbeeld dié van die Hoërskool Sentraal in Bloemfontein tydens 'n toer gedurende Junie 1984, en in dieselfde jaar ook 'n gesamentlike konsert met die Oostelike Provinsie Kinderkoor.

Aangesien die Oostelike Provinsie Jeugkoor die enigste jeugkoor in Kaapland is waarvan die organiseerders bewus was,¹ is die koor as 'n verteenwoordiger van Kaapland genooi om op 30 en 31 Augustus 1985 aan die eerste Nasionale Jeugkoorfees in Bloemfontein deel te neem.

6.5 SAMEVATTING

In hierdie oorsig kan gesien word dat tot op datum (1987) soos in die Oranje-Vrystaat, verskeie jeugkore in al die provinsies asook in Suidwes-Afrika bestaan.

In Suidwes-Afrika het die Windhoekse Kinderkoor aan die einde van 1965, 'n jaar ná die totstandkoming van die Vrystaatse Jeugkoor, onder leiding van Ernst Scherer, op 8 Desember 1965 'n eerste optrede beleef. Hierdie koor, wat leerlinge vanuit skole in Windhoek vanaf standerd 5 tot 10 ingesluit het, het tot 1973 bestaan, toe Scherer na Duitsland verhuis het.

'n Uitnodiging om 'n Suidweskoor in 1975 by die Taalfees in die Paarl te laat optree, het tot die stigting van 'n nuwe jeugkoor gelei. Hierdie nuwe koor het vanaf 1975 tot 1985 gefunksioneer

¹ In 'n radioprogram, "En Boplaas sing koortaal", wat op 4 April 1987 uitgesaai is, is 'n opname voorgespeel van die Kaapse Jeugkoor onder leiding van Hannalie van Niekerk. Hierdie koor is skynbaar nog een van die kore wat onlangs deur die ondernemingsgees van private persone tot stand gekom het.

en het in 1986 doodgeloop. Vroeg in 1987 het die Departement van Nasionale Opvoeding in Suidwes-Afrika egter daartoe oorgegaan om 'n veelrassige jeugkoor te stig.

Vanweë die uitgestrektheid van Suidwes-Afrika was die twee vroegste kore uit Windhoekse leerlinge gekeur. Alhoewel die nuwe veelrassige jeugkoor uit leerlinge vanuit die hele Suidwes-Afrika gekeur word, besef die Departement van Nasionale Opvoeding dat, ter wille van praktiese oorwegings, alle gekeurde jeugkoorlede liefs by skole in Windhoek behoort in te skryf.¹

Die eerste twee jeugkore in Suidwes-Afrika het onder beskerming van SWARUK en die Onderwysdepartement gefunksioneer, terwyl die veelrassige jeugkoor onder die beskerming van die Departement van Nasionale Opvoeding staan.

In die Republiek van Suid-Afrika was die gesubsidieerde Natalse Jeugkoor, wat onder die beskerming van die Natalse Provinsiale Administrasie funksioneer, die tweede koor wat ná die Vrystaatse Jeugkoor tot stand gekom het. Omdat die Natalse Jeugkoor as gevolg van 'n konsertbesoek van die Vrystaatse Jeugkoor gestig is, en verder op die werkwyses van dié koor wat in 'n memorandum aan die Administrateur van Natal uiteengesit is, geskoei is, is daar allerlei ooreenkomste, dog ook verskille, tussen die twee jeugkore waarneembaar.

Nie-amptelike Transvaalse Jeugkore het in die sewentigerjare deur die inisiatief van vakadviseurs tot stand gekom. Alhoewel hierdie kore die samewerking van die Onderwysdepartement geniet het, is voorstelle vir die totstandkoming van amptelike musiekgroepe in die ses bestaande Transvaalse Onderwysstreek deur J. P. Malan ingedien. Op 1 April 1978 het verdere streekjeugkore tot stand gekom. Mettertyd is daar in elkeen van die ses streke 'n jeugkoor gestig, wat later met twee streekverdelings in 1985 tot agt Transvaalse streekjeugkore aangegroei het.

Elke Transvaalse streekjeugkoor het 'n aangestelde koorleier, 'n begeleier en 'n organiseerder wat teen 'n deelydse tarief vergoed

word, asook 'n begroting waarteen bladmusiek aangekoop kan word. Ander finansiële verpligtinge en organisasie is die taak van 'n bestuur wat uit onderwysamptenare en verteenwoordigers van ouers bestaan.

Die Kaapprovinsie het nog geen amptelike gesubsidieerde jeugkoornie. In die laat sewentigerjare is die Oostelike Provinsie Jeugkoorn in Port Elizabeth gestig. Die koor bestaan nog en leerlinge vanuit hoërskole in Port Elizabeth, sowel as van Humansdorp, Despatch en Uitenhage, word vir die Oostelike Provinsie Jeugkoorn gekeur. Alhoewel die koor met die goedkeuring van die Kaapse Onderwysdepartement funksioneer, ontvang die koor verder weinig steun.

Uitvoerings en konserttoere is deur al hierdie kore aangebied, terwyl sommiges ook oorsese konsertreise onderneem het. Hulle werksaamhede sluit ook plaatopnames, radio- en televisie-uitsendings in.

Sedert hierdie studie onderneem is, is verdere gegewens gevind dat intussen nuwe jeugkore in beide die Transvaal en die Kaapprovinsie gestig is en waarvan in die toekoms moontlik ook kennis geneem sal moet word. Dit wil dus voorkom of J. H. de Villiers ten slotte hier aangehaal moet word: "Alhoewel ek vroeër gemeen het dat die Jeugkoorn ... sy rol en funksie [sal] uitspeel, het dit nog nie gebeur nie" (De Villiers, J. H., 6 September 1985: korrespondensie).

HOOFSTUK 7

RIGLYNE VIR DIE ORGANISASIE VAN EN METODIEKE VIR
DIE AFRIGTING VAN 'N JEUGKOOR

Die begrip "jeugkoor", soos dit in die loop van hierdie studie gerealiseer het, dui op musikaal-begaafde hoërskoolseuns en -dogters uit verskillende skole van dieselfde provinsie of streek wat vir dié doel gekeur is. Hulle sing begeleid en onbegeleid en bied selfstandige konsertprogramme aan. Keuse van werke wissel algemeen van drie- tot soms agtstemmige werke.

Die organisasievereistes ten opsigte van so 'n groep verskil dus van dié van 'n gewone hoërskoolkoor. Wat oorlewing en prestasie betref, is dit tot voordeel van so 'n groep indien daar een of ander wyse van amptelike hulp kan wees. Hierdie steun moet verkieslik 'n vorm van finansiële en/of organisatoriese bystand aanneem. Binne die organisatoriese opset van die koor behoort ook strukture te bestaan wat met 'n oorkoepelende, amptelike instansie skakel, maar ook met magte om sekere funksies onafhanklik te kan vervul.

Om as koorlede te kwalifiseer, behoort aspirant-kandidate aan sekere keuringstoetse onderwerp te word.

'n Geskikte, gekwalifiseerde en gemotiveerde persoon moet beskikbaar wees om as koorleier te kan optree. Die persoon sal *ipso facto* die deurslaggewende faktor vir die uiteindelijke sukses van die koor wees, omdat soos Thomas (1977:4) dit stel: "... gibt [es] keine schlechten Chöre, es gibt nur schlechte Chorleiter."

Dit is nodig dat die koorleier oor voldoende musikale en tegniese agtergrond en kennis sal beskik om die koor suksesvol af te rig. As onderlegde musikus word van hom verwag om geskikte program-samestellings te kies, af te rig en uit te voer. Geen prestasie is eweneens moontlik sonder gereelde en doelgerigte oefensessies waartydens stemtegnieke, spierkoördinasie, stemresonansie en koor-

sangtegnieke ontwikkel word nie. Uiteindelik is die optredes van die koor die spieëlbeeld van die gehalte professionele afrigting waarmee die koor voorberei is.

7.1 ORGANISASIEVEREISTES

Wanneer 'n koor van besondere jeugtalent gekeur word, is die samestelling daarvan op sigself 'n aanduiding dat sekere langtermyn-doelwitte met die groep beoog word. In hoofsaak word gewoonlik verskillende soorte optredes, wat terselfdertyd ook as bekendstelling en reklame van en vir die groep sal dien, in die vooruitsig gestel. Op die kort termyn is organisasie ten opsigte van repetisies en vervoerreëlings nodig. Dit is dus wenslik dat bepaalde organisasiestrukture sal bestaan wat finansiële en administratiewe fasette sal vergemaklik.

7.1.1 Finansies

Finansiële eise word ten opsigte van kooramptenare, vervoer, verblyf, optredes, programme, reklame, kleredrag en die aankoop van koormusiek gestel. Indien so 'n koorgroep 'n vorm van finansiële steun van 'n onafhanklike, finansiële sterk instansie kan ontvang, word die voortgesette bestaan van die groep verseker. In Suid-Afrika voorsien drie provinsiale onderwysdepartemente, naamlik die Vrystaat, Natal en Transvaal, sodanige bystand. Dit neem die vorm aan van feitlik volledige finansiële hulp ten opsigte van uitgawes wat deur die betrokke Uitvoerende Komitees goedgekeur word (Natal en Vrystaat), of vergoeding aan koerpersoneel en aankoop van bladmusiek (Transvaal) (cf. afd. 6.3.2.3).

Die konsertinkomstes van die Vrystaatse Jeugkoor word aan die Provinsiale Administrasie terugbetaal. In die geval van Transvaal weer, word hierdie inkomstes as fondsinsameling vir die gebruik van individuele kore beskou (cf. afd. 2.2.8.3; afd. 6.3.2.3). Die administratiewe korrespondensie van die kore word kosteloos deur die Provinsiale Administrasies van die Vrystaat, Natal en Transvaal behartig.

Die waarde van die steun is waarneembaar in die voortbestaan van hierdie provinsies se jeugkoorprogramme. In die Kaapprovinsie, daarenteen, voer die enigste¹ nie-amptelike Oostelike Provinsie Jeugkoor 'n gekortwiekte bestaan met gereelde versoeke tot amptelike finansiële steun van die Kaapse Onderwysdepartement (cf. hfst. 6).

Teen dié agtergrond is dit duidelik dat een of ander wyse van amptelike finansiële steun, afkomstig van 'n outonome oorkoepelende liggaam, feitlik onontbeerlik is vir die sinvolle voortbestaan van 'n uitgesoekte jeugkoor.

Aangesien die hele onderwysstelsel in Suid-Afrika in 1987 in die teken van nuwe, en nog meesal onbekende strukture staan, is dit nie moontlik om 'n voorgestelde finansiële werkwyse as model aan te bied nie.

7.1.2 Interne organisasie


Vir sover dit ander organisatoriese aspekte aangaan, is daar 'n hele aantal denkrigtings wat gevolg kan word, want by al die jeugkore wat bestudeer is, blyk dit dat die interne organisasie van elke jeugkoor onderling aansienlik verskil:

- In die geval van die Vrystaat hanteer die dirigent en die koorpersoneel van die Vrystaatse Jeugkoor, in samewerking met die hoof van musiek van die Onderwysdepartement, meesal alle organisasie rakende die Vrystaatse Jeugkoor.
- Met die totstandkoming van die musiekskool-idee in Natal, word organisasie vir die Natalse Jeugkoor teenswoordig (1987) hoofsaaklik deur die Pinetownse musiekskool behartig (De Villiers, J. H., 13 Augustus 1985: korrespondensie).

¹ Vir Kaapstad en omgewing bestaan daar sedert 1985 nog 'n jeugkoor onder leiding van Hannalie van Niekerk (Hyman, J. D., 6 Maart 1987: onderhoud). (Cf. p. 175:voetnoot).

Figuur 7

Model vir algemene organisasieprosedures : jeugkore



- Vir sover dit Transvaal aangaan, hanteer 'n aangestelde organiseerder, in medewerking en met die ondersteuning van 'n verkose ouerkomitee, feitlik alle finansiële en organisatoriese funksies.
- Insgelyks behartig 'n ouerkomitee, wat nou saamwerk met die koorleier, finansiële en organisatoriese eise van die Oostelike Provinsie Jeugkoor.

'n Moontlike model vir algemene organisasieprosedures kan uit die voorafgaande gekonstrueer word (cf. figuur 7).

7.2 KOORBELEID

7.2.1 Norme vir keuring van nuwe koorlede

Omdat 'n jeugkoor as 'n prestige-groep vir 'n bepaalde provinsie of streek dien, behoort daar norme te wees waarvolgens die geskikste leerlinge uit die genomineerde kandidate gekies kan word.

Aangesien die koorleier as afrigter optree, is dit wenslik dat hy die oudisies behartig. So kan hy elke stem persoonlik evalueer.

Die koorleier moet reeds vooraf 'n besluit neem oor die grootte van die koor wat hy wil saamstel. Dit is ook van belang dat hy uitsluitel sal hê oor die aantal stemme wat hy in elke stemgroep benodig. Die koorleier moet bewus wees van die beperkinge van die tienderjarige se sangstem. By die keuring self word inligting in verband met stemomvang, gehoor, musikale geheue, ritmiese bekwaamheid en bladlesvermoë versamel (Choksy, 1981:100 e.v.). Omdat dit belangrik is dat 'n goeie sanger oor duidelike uitspraak beskik (cf. afd. 7.2.1.7), word ook hieraan aandag gegee (Thomas, 1977:70). 'n Finale evaluering wat verband hou met die persoonlikheid en intelligensie van die kandidaat word ten slotte gedoen. Alle inligting word aangeteken en later bestudeer wanneer die finale samestelling van die koor gemaak word.

TABEL 17
DIE STEMPARTY-VERHOUDING IN TWEE-EN-TWINTIG VERSKILLENDE
JEUGKOORPROGRAMME

Koor	Jaar	Soprane		Alte		Tenore		Basse		TOTAAL
		G	%	G	%	G	%	G	%	
Vrystaatse Jeugkoor	1965	10	33,3	8	26,7	6	20,0	6	20,0	30
	1967	13	35,2	7	18,9	8	21,6	9	24,3	37
	1968	20	41,7	9	18,8	11	22,9	8	16,7	48
	1969	19	38,0	10	20,0	10	20,0	11	22,0	50
	1972	25	39,1	13	20,3	13	20,3	13	20,3	64
	1975	27	38,0	15	21,1	14	19,7	15	21,1	71
	1976	26	36,1	13	18,7	15	20,8	18	25,0	72
	1977	24	34,3	14	10,0	16	22,9	17	24,3	71
	1978	21	35,0	14	23,3	11	18,3	13	21,7	59
Natalse Jeug- koor	1969	18	38,3	9	19,1	10	21,3	10	21,3	47
	1970	21	42,0	11	22,0	9	18,0	9	18,0	50
	1972	22	39,3	14	25,0	8	14,3	12	21,4	56
	1973	19	32,2	14	23,7	11	18,6	15	25,4	59
	1974	21	33,9	15	24,2	12	19,4	14	22,6	62
	1980	19	35,9	13	24,5	11	20,8	10	18,9	53
	1984	19	32,2	13	32,0	13	22,0	14	23,7	59
Oosrandse Jeugkoor	1983	22	30,6	13	18,1	15	20,8	12	16,7	62
Noord-Trans- vaalse Jeugkoor	1982	20	32,8	18	29,5	11	18,0	12	19,7	61
	1983	25	30,9	21	25,9	17	21,0	18	22,2	81
	1984	18	24,3	17	23,0	14	18,9	25	33,8	74
Pretoriase Jeugkoor *	-	14	30,4	13	28,3	6	13,0	13	28,3	46
	1977	23	36,5	15	23,8	11	17,5	14	22,2	63
TOTAAL		446	35,0	289	22,7	252	19,7	288	22,6	1275

* Jaartal kan nie uit program vasgestel word nie.

7.2.1.1 Samestelling en grootte van die koor

Verskillende koorleiers openbaar verskillende voorkeure ten opsigte van bogenoemde fasette. 'n Ondersoek na die verhouding tussen die vier hoofstemgroepe, naamlik sopraan, alt, tenoor en bas, uit verskillende jeugkoorprogramme, word in tabel 17 weergegee.

Die volgende inligting kan uit die tabel afgelei word:

- gemiddelde koorgrootte 58 lede
- soprane 20 (35,0%)
- alte 13 (22,7%)
- tenore 12 (19,7%)
- basse 13 (22,6%)
- verhouding seuns:dogters 33:25 (57,7:42,3%)

Latherow (1980:177) beweer dat daar in 'n *cappella*-koor 'n effense dominansie van hoë soprane en lae basse behoort te wees. Die verhouding van gekeurde stemme kan drie vyfdes vroulik en twee vyfdes manlike stemme wees. Vir 'n koor van 60 stemme kan die volgende verdeling dus gevolg word:

- soprane 20 (12 eerste soprane; 8 tweede soprane)
- alte 16 (7 eerste alte; 9 tweede alte)
- tenore 10 (6 eerste tenore; 4 tweede tenore)
- basse 14 (6 eerste basse; 8 tweede basse)

Indien die bevindinge uit die tabel omgeskakel word om van toepassing te wees op 'n koor van 60 lede, blyk dit dat die jeugkoorsamestellings na aan die ideaal van Latherow kom, soos duidelik uit die onderstaande blyk:

- soprane 21 (35,0%)
- alte 14 (22,7%)
- tenore 12 (19,7%)
- basse 13 (22,6%)

Die verhouding tussen dame- en manstemme soos deur Latherow nagestreef, word byna bereik: die balans van drie vyfdes teenoor twee vyfdes vir 'n koor van 60 is 36:24; die bevindinge uit die programme dui op 'n verhouding van 35:25.

7.2.1.2 Eienskappe van die tienerjarige se sangstem

'n Geskikte koorstem openbaar sekere karakteristieke eienskappe. Die ideale stem behoort sterk hoë en lae botone te bevat en 'n klein bietjie *vibrato* van ses tot sewe trillings per sekonde. Wanneer dié drie elemente aanwesig is, het die stem kenmerkende bevredigende volume (Kortkamp, 1969:52). Soms beskik 'n stem oor besonder sterk botone; gevolglik is die stem groter, meer gekonsentreerd en is daar sterk resonansie teenwoordig. So 'n individuele stem behoort, ter wille van die skade wat voortdurende terughouding in koorverband aan die stem mag doen, asook die probleem van samesmelting met die res van die koorstemme, nie in die koor opgeneem te word nie (Bolster, 1983:31; Thomas, 1977:70). Dit is egter nie wenslik dat gekeurde stemme almal 'n eenvormige kwaliteit moet hê nie. "The glory of the choral group ... is in the composite sound made up of voices of various qualities with the modification of any unpleasant features" (Latherow, 1980:274).

By die keuring van adolessente stemme word belemmerende faktore ten opsigte van die ideale koorstem aangetref:

■ Dogters

Die dogterstem¹ in die hoërskool neig tot 'n asemrige en dun kwaliteit (McIntosh, 1980:34). Dit is ook maklik moontlik om *mezzo-* en *alt-*dogterstemme in 'n hoër kategorie te klassifiseer as waarin dit behoort, aangesien hierdie stemme meestal hoë note met gemak in *falsetto* kan produseer. So 'n foutiewe klassifisering kan skadelik vir die jong stemme wees (Latherow, 1980:275; McKinney, 1982:106,194).

1 McKinney (1982:88) wys daarop dat alle adolessente deur 'n fase gaan waar die stem 'n asemrige kwaliteit het.

Die tipiese hoërskool-alt besit 'n onontwikkelde, lae stem wat dikwels gekarakteriseer word deur 'n fluweelagtige kwaliteit in die laer omvang (Latherow, 1980:21). Stemme wat 'n ware alt-kwaliteit besit en 'n resonante G_1 kan sing, is, net soos die volwasse stemme, skaars in die hoërskool (Heffernan, 1982:38; Latherow, 1980:21; Moss, 1978:82; Shewan, 1973:128).

'n Jeugkooeurder mag dus verplig word om moontlik *mezzo*-stemme wat as alte diens moet doen, in die koor in te sluit.

■ Seuns

Aangesien 'n tenoorstem baie stadiger ontwikkel as ander stemme, is die ware tenoorstem eweneens skaars onder hoërskoolseuns (McKenzie, 1956:31,60). Die kwaliteit van die adolessent-tenoor is suiwer en fluitagtig, maar gewoonlik redelik sag en kragteloos (Latherow, 1980:45; McKinney, 1982:104).

In die sekondêre skool-fase het die meeste seuns wat as bariton of basstemme geklassifiseer kan word, 'n ligte stemkwaliteit en 'n redelik goeie lae omvang, maar beperkte hoër omvang. Die stemkwaliteit is, wat kwaliteit en omvang betref, nie vergelykbaar met die volwasse basstem nie (Latherow, 1980:49). McKenzie (1956:32) is verder van mening dat die ware seunsbas in der waarheid net so min voorkom as 'n ware volwasse bas.

Uit die voorafgaande blyk dus dat die koorleier 'n koorstem sal verkies met goeie balans tussen botone en 'n effense *vibrato*. Die timbre (klankkleur) van stemme mag egter onderling verskil. Jong stemme van hoërskoolseuns en -dogters het egter sekere beperkinge. 'n Dun, asemrige kwaliteit is by die dogters aanwesig en die gevaar van verkeerde stemklassifisering bestaan omdat laer stemme die *falsetto*-register dikwels met gemak kan gebruik. Lae alte, ware tenore en ware basse is nie volop nie, en hierdie drie stemsoorte gaan by die tienerjarige dikwels mank aan resonansie en omvang.

7.2.1.3 Stemomvang

Dit is vir die koorleier belangrik om elke aspirant-koorlid se stemomvang te bepaal. Op hierdie wyse stel hy vas in watter stemgroep die kandidaat sal inpas. Terselfdertyd verkry hy ook noodsaaklike insig in die karaktertrekke van elke stem.

Stemomvang kan op verskillende wyses bepaal word. Latherow (1980:125) en Shewan (1973:135) stel voor dat die middelomvang van die leerling se stem eers vasgestel moet word. Met hierdie middelomvang as uitgangspunt, word dan afwaarts gevokaliseer¹ op die toontrappe sol, fa, mi, rei, do. Die vyfnoot-toonleer word elke keer 'n halftoon laer getransponeer. So kan vasgestel word wanneer die kwaliteit van die stem verander en watter note die laagste is wat bereik kan word. Soprane en tenore gaan gewoonlik by f^1 van die middelregister na die borsregister oor. Mezzo-soprane en bariton-stemme gebruik die borsregister vanaf e^{b1} of d^1 . Dieselfde metode word daarna opwaarts gevolg; die vyf-noot toonleer stygend vanaf do in halftone.² Kandidate wat van die middelregister na die hoër register oorslaan op $f^\# 2$ kan as hoë soprane geklassifiseer word (seuns 'n oktaaf laer, as tenore). Diegene wat van middelregister tot hoër register op e^{b2} oorslaan, is mezzo-soprane (seuns 'n oktaaf laer, as bariton-stemme). Laastens is dié kandidate wat alreeds 'n middel tot hoër register by d^2 verander, alte. Die seuns wat hier, net 'n oktaaf laer, van stemregister verander, kan as basse geklassifiseer word² (Shewan, 1973:135).

Terwyl die stemomvang bepaal word, behoort die kandidaat so sterk as moontlik te sing. Enige afname in toonsterkte sal 'n aanduiding wees dat daar 'n stemregister-verandering behoort te gewees het (Shewan, 1973:135).

'n Ander algemene metode om stemomvang te bepaal, is deur diatoniese toonlere afwaarts te laat sing. Choksy (1981:100 e.v.) en


1 Vokalisasie kan op 'n geskikte klank soos "ja" of "la" gedoen word.

2 Die metode van Latherow en Shewan word deur die koorleier van die Witwatersrandse Jeugkoor gevolg (Jooste, G. H., 2 September 1985: korrespondensie).

McKenzie (1956:44) is van mening dat die afwaartse sing van sodanige toonlere volgens 'n ritmiese patroon ook makliker is om te produseer.

Die meeste jeugkoorleiers wat in die loop van hierdie studie onder-
vra is, sluit aan by die denkrigtings wat hierbo bespreek is.
Toonleer-passasies word veral gebruik. Die werkwyses van die
twee Vrystaatse Jeugkoordirigente word kortliks toegelig:

Hyman gebruik spronge, ritmiese toonlere en musikale patrone,
soos die volgende, om stemomvang te bepaal:



Arpeggio-passasies soos dié word ook deur Hyman, Wassermann en
Van Wyk¹ vir hierdie doel aangewend:



Met inagneming van die standpunte van die aangehaalde skrywers
en koorleiers, volg nou een moontlike prosedure deur Choksy (1981:
100) om stemomvang te toets.

Die koorkeurder sing of speel die onderstaande en vra dat die
kandidaat dit op 'n neutrale klank soos "la" nasing. Die omvang
van die ritmiese toonleer val in die middelregister en volg 'n af-
waartse patroon, dus behoort kandidate dit gemaklik na te sing.

¹ Awie van Wyk tree in 1986 nog as koorleier van die Wes-Transvaalse Jeugkoor op.



Bogenoemde frase word nou geleidelik afgetransponeer sodat alte en basse¹ uitgeken word. Wanneer die toonleer omgekeer word, kan die hoër stemme weer geïdentifiseer word.



Stemsoorte word gewoonweg in ses hoofkategorieë geklassifiseer: sopraan, mezzo-sopraan, alt, tenoor, bariton, bas (Gardiner, 1968:131; McKinney, 1982:114; Shewan, 1972:128). Verskillende menings bestaan omtrent die omvang en *tessitura*² van tienerjarige stemme, maar die meeste skrywers stem saam dat die omvang van hierdie stemme kleiner is as vir die volwasse stem (Choral Journal, 1980:35; McKenzie, 1956:32; Shewan, 1973:132-133). Die klassifisering van Shewan vir omvang en tessitura van tienerjarige stemme word vervolgens aangedui:

Omvang:




Sopraan Mezzo-sopraan Alt Tenoor Bariton Bas

Tessitura:

1 Indien nodig kan die patroon vir seunstemme 'n oktaaf laer voorgespeel word.

2 "Tessitura: The heart of the vocal range; the ... average position of the notes in relation to the compass of the voice ..." (American Academy of Teachers of Singing, 1969:21).

Vir volledigheid word ook Thomas (1977:72) se vereistes vir die verlangde toonombang van koorstemme aangedui:



7.2.1.4 Musikale gehoor, nootvastheid en musikale geheue

Aangesien 'n jeugkoor meestal ook *a capella* moet sing, is 'n feitlik foutlose musikale gehoor, gekenmerk deur veral 'n vermoë om nootvas en musikaal te sing, van deurslaggewende belang vir die keuring van geskikte jeugkoorlede (Latherow, 1980:127; Thomas, 1977:70).

Hierdie vermoëns word gelyktydig getoets deur van die kandidaat te verwag om musikale gegewens wat aan hom voorgesing of gespeel word, korrek terug te sing.

Vir dié doel word algemeen van intervalle, akkoorde, tweeklanke, toonleerpatrone en melodieë as basis vir hierdie toetse gebruik.

■ Intervalspronge

Latherow (1980:126) beveel aan dat by voorkeur van half- en heeltoonintervalle, sowel as majeur en minieur derdes en rein vierdes en vyfdes vir hierdie toetse gebruik word, aangesien hierdie inter-

valle dikwels intonasieprobleme in koorsang veroorsaak (cf. afd. 7.5.2.1.3). Hyman en Wassermann en Transvaalse jeugkoördirigente¹ gebruik veral allerlei groottes intervalle. Die onderstaande voorbeelde is tydens oudisies van Wasserman (Augustus 1984) en Hyman (Augustus 1985) deur die skrywer aangeteken:

Hyman:



Wassermann:



■ Akkoorde

Wanneer al die note van 'n akkoord gelyktydig aan 'n aspirantkoorlid voorgespeel word, kan daar van hom verwag word om enige noot of al die note van die akkoord van bo óf onder benader, weer te gee. Fenton (1981:34) beveel aan dat primêre akkoorde in grondvorm en omkering gebruik word. Nòg Hyman, nòg Wassermann gebruik hierdie metode só, maar dit word wel toegepas deur die 1985-koorleiers van die Witwatersrandse en Noord-Transvaalse Jeugkore (Jooste, G. H., 2 September 1985: korrespondensie; Nel, R., 6 Februarie 1985: korrespondensie).

■ Tweeklanke

Die gebruik van tweeklanke as toetsmateriaal word op dieselfde wyse geïmplementeer as akkoorde. Die onderstaande voorbeeld dien as toeligting:




¹ Skriftelike voorbeelde is deur koorleiers van die Witwatersrandse en Noord-Transvaalse Jeugkore voorsien (Jooste, G. H., 2 September 1985: korrespondensie; Nel, R., 6 Februarie 1985: korrespondensie).

Hyman:



■ Toonleerpatrone

"By playing ... scale patterns ascending and descending, the director should be able to evaluate the accuracy of the chorister's response" (Fenton, 1981:34). Dié artikelskrywer gee onder meer die volgende voorbeelde:




Latherow (1980:126), Hyman en Jooste beskou suiwer intonering van halftone¹ as 'n goeie gehoortoets. Chromatiese progressies soos die onderstaande word dus by keuringstoetse ingesluit:

Hyman:




Jooste:



¹ Van Biljon bevestig die uitgangspunt: "... veral die plasing van halftone, het ek as volg getoets: ..." (Van Biljon, E. H., 15 Februarie 1987: korrespondensie).

Gewone majeure, harmoniese mineur en heeltonepassasies dien ook as toetsmateriaal:¹


Hyman



Wassermann het 'n eie toets ontwerp waarby die majeuretoonleer gebruik word. Hy verwag van kandidate om 'n majeuretoonleer suiwer te intoneer. Daarna moet die leerling die toonleer herhaal, terwyl Wassermann die majeuretoonleer wat 'n derde hoër geleë is, tegelykertyd saamspeel of sing. Vervolgens pas die keurder allerlei ander variasies, soos teenoorgestelde rigting, mineur en ritmiese veranderinge, op dieselfde wyse toe. Hierdie toetsmetode is ook in gewysigde vorm deur Van Biljon van Suidwes-Afrika toegepas (Van Biljon, E. H., 18 Februarie 1987: korrespondensie).

■ Melodieë

Choksy (1981:101) stel voor dat melodieë met toenemende moeilikheidsgraad aan die koorkandidate voorgespeel word. Slegs een of twee note word per keer verander. Wassermann beskou hierdie uitgangspunt as korrek en doeltreffend. Hy gebruik 'n soortgelyke toets tydens keuring. Die volgende voorbeeld van Choksy (1981: 101) dien as illustrasie hiervan:



¹ Keuringsessies: Wassermann (Augustus 1984); Hyman (Augustus 1985).

Die melodieë wat Hyman¹ as toetsmateriaal bevoorkeur, word gekenmerk deur besonder moeilike intervalle:



7.2.1.5 Ritmiese bekwaamheid


Vir ritmies-komplekse koorwerke is dit van belang dat jeugkoorlede oor goeie ritmiese vermoëns sal beskik. Insluiting van ritmiese toetse word deur jeugkoorlede as algemene praktyk aanvaar. Eén primêre model word algemeen gebruik: 'n reeks ritmiese patrone wat van maklik tot moeilik varieer, word aan die leerling voorgespeel of geklap. Die aspirant-koorlid moet dan die ritme memoriseer en terug klâp (Choksy, 1981:101).² Moontlike ritmes is die volgende:



Hoewel die keurder by bogenoemde model kan volstaan, voer Hyman ritme-toetse verder. Hy verwag van kandidate om 'n bekende lied, byvoorbeeld *Jan Pierewiet* te sing, terwyl hulle gelyktydig daarmee 'n ander ritme saam klap. Die onderstaande ritmes is gedurende 1985 tydens toetssessies deur hom gebruik:

1 Keuringssessie: Augustus 1985.

2 Choksy (1981:101) beveel aan dat 'n kandidaat nie verder getoets word as die vlak waarmee hy probleme begin ondervind nie.



Insgelyks verwag Hyman dat kinders in staat moet wees om met beide hande gesamentlik verskillende ritmes gelyktydig te kan klap. Die volgende voorbeeld is deur die skrywer opgeteken:

7.2.1.6 Bladlesvermoë

Hoewel goeie bladlesvermoë stellig vir 'n koorlid 'n aanwinst is, ag nie alle koorleiers dié vaardigheid as belangrik nie. Die uitgangspunt is dat 'n amateur-koorlid wat oor 'n goeie musikale geheue beskik, in staat behoort te wees om note met gemak van gehoor af aan te leer. Met die nodige oefening kan die bladlesvermoë verder ontwikkel (Coleman en West, 1962:31). Latherow (1980:127) beweer: "... a good ear, the ability to carry a tune, a voice quality that will blend, the willingness to work with others, and a love of music ... are [perhaps] more important in choral singing than reading." Nie een van die vorige of huidige Vrystaatse Jeugkoördirigente het, of laat bladlesvermoë by die keuring van koorlede 'n deurslaggewende rol speel nie (De Villiers, D. I. C., 31 Mei 1984: onderhoud; Wassermann, A. H., 7 Augustus 1984: onderhoud; Hyman, J. D., 4 Augustus 1985: onderhoud).

Tegelykertyd bestaan daar ook 'n praktiese beperking sover dit die bladleesvermoë van tienerjariges in Suid-Afrika aangaan. Die wesenlike probleem bestaan dat feitlik net tienerjariges met 'n formele musiekonderrigagtergrond oor 'n redelike mate van bladleesbekwaamheid beskik.¹ Die gewone hoërskoolleerling ontvang min of geen onderrig hierin.²

Bladleesvermoë kan egter op tweërlei wyse bepaal word:

- 'n Melodie word aan die kandidaat voorsien wat hy dan sonder begeleiding van die blad moet sing³ (Latherow, 1980:126).
- Insgelyks kan van die aspirant-koorlid verlang word om 'n stemparty, wat deel vorm van 'n koorpartituur, te lees. Die keurder kan die ander partye op die klavier voorspeel, terwyl die leerling sy toepaslike stemdeel tegelykertyd van die blad sing (Fenton, 1981:35; Latherow, 1980:127).

7.2.1.7 Die verband tussen die sangstem en die spreekstem

Omdat sang en spraak funksies van dieselfde organe is (Gardinar, 1968:1), is daar 'n noue verband tussen die twee. 'n Musikale kandidaat wat oor natuurlike en duidelike uitspraak, sowel as diksie beskik, sal 'n aanwinst in koorverband wees. "The better the speech concept, the more beautiful the sung quality will be" (Shewan, 1973:32). Die geskikte amateur-koorlid is die sanger wat goeie spraakbegrip het en korrekte spraak naboots wanneer hy sing (Latherow, 1980:364; McKinney, 1982:171; Shewan, 1973:35).

7.2.1.8 Intelligensie en toewyding

By die aanleer van koormusiek is intelligensie 'n hulpmiddel. Stem-

1 'n Soortgelyke probleem word ook in Amerika ervaar (Hoffer, 1973:622).

2 Klasmusieksimposium: Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge, Junie 1986.

3 Hierdie toets kom ook op die toetsvorms van die Witwatersrandse en Noord-Transvaalse Jeugkore voor.

VOORGESTELDE TOETSVORM

(Dui kwaliteit of waardes, waar toepaslik, met 'n kruisie aan.)

A. OUIERS/VOOGDE

Naam en van:

Adres:

Telefoonnummer:

B. KANDIDAAT

Naam en van:

Geboortedatum:

Gemiddelde skoolprestasie: 80+ 70+ 60+ 50+ 40+

Musikale agtergrond:

Buitemuurse aktiwiteite:

C. KOORTOETSING

1. Stemsoort: S1 S2 A1 A2 T1 T2 B1 B2

2. Stemomvang:

3. Stemkwaliteit: 5 4 3 2 1 Opmerkings: Asemrig Nasaal Skerp Rond Donker Lig Klein Groot

VIBRATO:

Min Baie Gemiddeld

Ander:

4. Uitspraak: 5 4 3 2 1 5. Intonasievermoë (musikale gehoor) 5 4 3 2 1 6. Musikale geheue: 5 4 3 2 1 7. Ritmiese bekwaamheid: 5 4 3 2 1 8. Bladleesvermoë 5 4 3 2 1 TOTAAL: 30 29 28 27 26 25 24 23 22 21 20 Minder

D. ALGEMENE OPMERKINGS:

partye en nuanses van interpretasie kan vinniger aangeleer word. Musikale insig ten opsigte van die aard, karakter en bedoeling van elke koorkomposisie mag eweneens makliker ontwikkel.

Insgelyks sal 'n jeugkoorlid wat gráág wil sing, bereid wees om repetisies toegewyd by te woon. Só 'n koorlid sal, weens sy eie entoesiasme, bereid wees om oefeninge met erns te benader, en geduld aan die dag lê met die herhaling wat onlosmaaklik deel is van die verfyningproses wat tot goeie musisering lei.

7.2.1.9 Finale evaluering

Uiteindelik moet al die inligting, hetsy musikaal of andersins, deur die keurder vir beoordeling gesistematiseer word. Hiervoor kan 'n vooraf opgestelde oudisieyorm gebruik word (Fenton, 1981: 35). Hierdie vorm behoort so opgestel te word dat persoonlike inligting sowel as musikale evaluering daarop aangedui kan word. Indien 'n keurder dit sou verkies, kan 'n bandopname van elke oudisie gemaak word vir keuring en raadpleging (Choksy, 1981: 102).

Die voorgestelde toetsvorm (cf. p. 198 vir 'n voorbeeld), is saamgestel met inagneming van die norme soos hierbo voorgestel en bespreek is (cf. afd. 7.2.1.1 tot 7.2.1.8). By sekere items dui die keurder volgens sy oordeel die kwaliteit van 'n aspek as 'n waarde aan vanaf 1 tot 5 punte. Hoe hoër die waarde, hoe beter die kandidaat se vermoë en omgekeerd. Kandidate wat as jeugkoorlede wil kwalifiseer, behoort veral in afdeling C, items 4 tot 6, nie minder nie as vier punte per afdeling te behaal.

Skoolprestasie word ook as 'n belangrike aspek beskou: indien 'n hoëskoolkind in 'n veeleisende prestige-koorgroep sing, sal minder tyd vir akademiese studie beskikbaar wees. Daarom behoort lede wat intelligent is, en goeie akademiese presteerders is, in die meeste gevalle voorkeur te geniet. Buitendien sal 'n intellektueelmeer begaafde koorlid die musiek ook vinniger kan aanleer.

Uiteindelik bly die gehalte van 'n kandidaat se stemkwaliteit die belangrikste aspek vir oorweging tot opname in die koor.

7.3 DIE KOORLEIER

Kenner is dit eens dat die musikale gehalte van kooraanbiedings en algemene klankkarakter van 'n koor direk afhankelijk is van, en 'n weerspieëling is van die bekwaamheid en persoonlikheid van die dirigent. Soos Heffernan (1982:7) dit duidelik stel, sal "[a choir] ... not reach or maintain a high artistic level of performance with a conductor who is musically deficient or lacking in qualities of leadership".

Die volgende bekwaamhede word van 'n koorleier verwag:

- 'n grondige kennis van musiekgeskiedenis
- 'n begrip van harmonie, kontrapunt en vormleer
- musikale voordragvermoëns
- 'n goeie bladleesvermoë en 'n ontwikkelde relatiewe toonhoogtesin
- breë kennis en insig in verband met die werking van die menslike stem
- 'n goeie en ontwikkelde musikale gehoor
- 'n doeltreffende dirigeringsstegniek
- leierskapeienskappe
- toewyding

Hierdie aspekte word vervolgens bespreek:

- ▣ 'n Koorleier behoort 'n grondige kennis van die musiekgeskiedenis te hê en indringend met verteenwoordigende komponiste van alle tydperke se werke vertrou te wees. Op grond van hierdie kennis sal verteenwoordigende jeugprogramme gemaak kan word. Insgelyks moet die koorleier insig hê in die toepaslike voordragstyle van verskillende periodes sodat hy in staat sal wees om koorwerke stilisties korrek te vertolk (Latherow, 1980: 168; Thomas, 1977:7).

- Behalwe kennis van die musiekgeskiedenis, behoort die koorleier ook die musiekteoretiese beginsels van harmonie en kontrapunt te beheer en bekendheid met die grondslae van vormleer te hê (Heffernan, 1982:8; Latherow, 1980:168). Sonder hierdie onderlegdheid sal hy moeilik in staat wees om komposisies of verwerkings objektief te beoordeel of om eie komposisies of verwerkings gemaklik te skep. Alleen deur 'n indringende kennis van die harmonie, kontrapunt en vorm van komposisies kan die koorleier ook sy koorlede tot insig daarin lei (Major, 1982:13).
- Hoewel nie gebiedend noodsaaklik nie, besit die meeste suksesvolle koorleiers ook beter of swakker voordragvermoëns as instrumentaliste en/of sangers (Heffernan, 1982:10; Thomas, 1977:7). Sodanige voordragbekwaamhede is, veral waardevol as 'n hulpmiddel vir illustrasies tydens repetisies, of by die instudering van nuwe koormusiek. Klawerbordvaardigheid is veral waardevol tydens die keuringsproses van 'n koor of in die afwesigheid van 'n begeleier.
- Dit is besonder waardevol indien 'n koorleier in staat is om stempartye direk van die blad af te sing. Bladsingvermoë kan gebruik word om
 - die verloop van sekere musikale gedeeltes aan koorlede voor te sing;
 - indien 'n stemgroep fouteer, hetsy ten opsigte van foutiewe sang of intonasie, die korrekte gebruik van die stem te illustreer; en
 - vertroue by koorlede te skep in verband met die musikale vermoëns van die koorleier (Heffernan, 1982:12).

Heffernan (1982:12) beklemtoon voorts die noodsaaklikheid dat die leier daaraan moet werk om, tesame met sy bladsingvermoë, 'n betroubare relatiewe toonhoogtesin te ontwikkel.

■ Dit is noodsaaklik dat die koorleier oor kennis van die werking van die menslike stem beskik en insig het in die vereistes van goeie sangtegniek (Heffernan, 1982:11; Latherow, 1980:x; Thomas, 1977:6). Die jeugkoorleier veral, behoort vertrou te wees met die besondere kenmerke van die tienerjarige se stem, asook begrip te hê vir die noodsaaklikheid van korrekte en gespesialiseerde hantering van dié stemme (Shewan, 1973:138). Thomas (1977:6) ag dit eweneens noodsaaklik dat die koorleier 'n redelik bekwame sanger sal wees wat oor goeie uitspraak beskik, want soos hy dit stel: "Jeder Chor singt und spricht so wie sein Leiter!" Insgelyks is hy van oordeel dat 'n kennis van algemene sangtale, soos veral Italiaans en Latyn, vir enige koorleier van waarde is (Thomas, 1977:7).

■ Sonder 'n eie, goeie musikale gehoor sal die koorleier nie daartoe in staat wees om die intonasie van die koor te monitor nie. So 'n koor sal onmusikaal en noot-onvas sing. Indien die koorleier egter oor 'n goeie musikale gehoor beskik, behoort

- intonasiefoute in stempartye nie ongemerk verby te glip nie; en
- onaanvaarbare stemgebruik, wat die koorklank nadelig beïnvloed, uitgeskakel te word omdat dit die leier dadelik sal opval.

Heffernan (1982:114) is oortuig daarvan dat die koorleier 'n ontwikkelde musikale oor moet hê vir 'n bevredigende koorklank en musikale interpretasie: "A good conductor must be keenly sensitive to minute variations in pitch, volume and tone color."¹

■ Hoewel elke koorleier mettertyd 'n eie persoonlike dirigeerstyl ontwikkel, behoort tradisionele dirigeringsstegnieke en -patrone die basis van 'n individuele styl te vorm. Indien koorleiers nie oor hierdie basiese tegniek beskik nie, sal vreemde koor-

¹ Heffernan (1982:14) spreek die mening uit dat die verskil tussen middelmatige en uitstaande koorsang dikwels geleë is in subtile nuanses van bogenoemde drie elemente.

groepe hulle nie kan volg nie. Om komposisies egter sinvol te vertolk, behoort koorleiers in staat te wees om verskillende musikale nuanses aan dirigeerbewegings te koppel (Heffernan, 1982:12).

■ Afgesien van die musikale vermoëns vir koorleiding, wys Heffernan (1982:15) daarop dat die koorleier oor kwaliteite van leierskap moet beskik. Onder sy planmatige en doelgerigte leiding moet die koorgroep as 'n gemotiveerde eenheid funksioneer. Die persoonlike eienskappe en ingesteldhede van die leier ten opsigte van talle aangeleenthede, soos godsdiens, sosiale optrede, dissipline en ander fasette, sal weerklank vind in sy koorgroep. By die tienderjarige veral, wat emosioneel besonder gevoelig en beïnvloedbaar is, is die invloed van die koorleier as persoon uiters belangrik en vormend (Hoffer, 1973:142). Die jeugkoorleier dra dus 'n besondere verantwoordelikheid in hierdie verband.

■ Die gehalte van die koorsang en -uitvoering bly ten volle die verantwoordelikheid van die koorleier. Daarom moet elke werk deeglik bestudeer en die inhoud geassimileer word. Ingewikkelde, ritmiese patrone, ongewone harmoniese progressies, moeilike intervalle in verskillende stempartye, musikale logika, vertolkingsmoontlikhede en -voorskrifte, asook uitspraakprobleme, moet bestudeer word. Baie tyd moet dus vooraf aan voorbereiding bestee word. Hiervoor is kwaliteite van toewyding en deursettingsvermoë noodsaaklik (Ericson, 1974:99).

7.4 REPETISIES

Vir die verkryging van 'n besondere voordragstandaard beskou kenners die gereelde, intensiewe en dikwelsefrekwensie van oefensessies as gebiedend noodsaaklik (Latherow, 1980:150). Kortkamp (1969:4) stel dit byvoorbeeld soos volg: "The one sure way to become a good ... choir, is to sing every day. One rehearsal a week will never do it, nor two or even three. A choir has to have a rehearsal every day of the school week, and preferably

two on some days ...". Hierdie voorwaarde is egter onder Suid-Afrikaanse omstandighede, 'n onbereikbare doelstelling. Die rede daarvoor is dat die meeste jeugkore 'n gemeenskaplike, en tot dusver onoorkombare probleem het, naamlik dat leerlinge dikwels oor lang afstande na 'n sentrale oefenpunt moet reis. Omdat ouers ook verwag dat veeleisende jeugkooraktiwiteite nie inbreuk op hul kinders se akademiese prestasies sal maak nie, word jeugkoorleiers gedwing om hoofsaaklik tydens naweke te oefen. Die aantal ure wat per week aan repetisies bestee word, wissel vanaf ongeveer 2 tot 3 vir die Oostelike Provinsie se Jeugkoor, tot $5\frac{1}{2}$ vir die Vrystaatse Jeugkoor.¹ Jeugkoorleiers stel dit dat daar egter gereeld van naweek-oefenkampe gebruik gemaak word om meer oefentyd tot die beskikking van die koorgroepe te stel.

In 1982/83 is studentedeelname aan verskillende soorte kore deur die universiteit van Kansas ondersoek.² Resultate voortspruitende uit hierdie ondersoek het aangetoon wat die gemiddelde repetisietyd per week van elke koortipe was. Hieruit het geblyk dat die koor wat formele konsertprogramme aangebied het, die meeste tyd per week, naamlik vier uur, aan oefensessies bestee het. Die gemiddelde repetisietyd by die ander soorte koorgroepe was meesal minder as drie uur per week (White, 1983:7). Hiervolgens wil dit dus voorkom of 'n jeugkoor wat formele konserte aanbied, 'n gemiddeld van minstens vier uur per week aan repetisies behoort te spandeer.

7.5 METODE VAN AFRIGTING

Die doel van koorrepetisies is enersyds om die koorlede gesamentlik te slyp tot een verfynde klankensemble. Dit is egter nodig dat die dirigent repetisies wetenskaplik-doelmatig beplan sodat die klank- en uitvoeringsdoelstellings bereik kan word wat hy vir

1 Die Vrystaatse Jeugkoor oefen egter hoofsaaklik gedurende die eerste skoolkwartaal, aangesien die eerste konsertoptredes alreeds in die April-vakansie 'n aanvang neem.

2 Die soort koorgroepe wat ondersoek is, het onder meer konsertkore, oratoria en kamerkoor-groepe, madrigaalsangers, collegium-groepe, damessangverenigings ("Women's glee clubs"), mansanggroepe en "Jazz-Swing-Pops"-groepe ingesluit (White, 1983:7).

die koor visualiseer (Heffernan, 1982:4). Andersyds behoort tydens elke repetisie vir die koorlede 'n musikale groeiproses plaas te vind wat aansluit by die doelstellings van die dirigent.

Vir die koor se vorderingsprogram is daar veral twee hoofelemente wat aandag moet geniet, naamlik:

- stemtegniek
- koorsangtegniek

7.5.1 Ontwikkeling van stemtegniek

Heffernan (1982:20) en Thurman (1983:5) sluit by talle ander skrywers aan met hul siening dat korrekte koorsangonderrig die basis is van goeie koorsang. Die stemme van die sangers is die instrumente van 'n koor. As die sangers nie hul stemme op die regte wyse, en tot hul volle potensiaal benut nie, ly aspekte van koorsang, soos klankkwaliteit, intonasie en ander fasette, daaronder.

Die ontwikkeling van stemtegniek hang nou saam met

- asembeheer;
- ontspanne, gekoördineerde nek-, keel-, kakebeen- en gesigspiere; en
- 'n begrip en ontwikkeling van stemresonansie.

Hoewel bogenoemde vereistes 'n vereenvoudigde siening is van die wye spektrum van sangonderrig-beginsels, kan die mening gehuldig word dat die basiese beginsels hierin vervat, voldoende is vir die doeltreffende sangopleiding van hoërskoolsangers wat as jeugkoorlede optree.

7.5.1.1 Asembeheer

Asembeheer is 'n beheerde voorraad lug wat saamhang met houding, asemhaling en asemondersteuning. Elkeen van hierdie aspekte word vervolgens kortliks bespreek.

7.5.1.1.1 Houding

McKinney (1982:35 e.v.) ag hierdie faset van stemtegniek so belangrik dat hy 'n hoofstuk wy aan die bespreking van verkeerde sowel as korrekte sanghoudings. Aangesien postuurhouding 'n besliste invloed op klankproduksie het (Corbin, 1986:5; Heffernan, 1982:25; Kortkamp, 1969:15 e.v.; McKinney, 1982:46; McLachlan, 1983:62; Thomas, 1977:75), is dit van belang dat 'n koorleier die volgende beginsels nastreef:

'n Korrekte staanhouding vereis dat een voet effens voor die ander geplaas word; beide effens uitgedraai (Heffernan, 1982:24). Die gewig is dus eweredig tussen die twee voete verdeel. Die bene, torso en kop behoort 'n reguit lyn vanaf die middel van die hakke tot die bokant van die kop te vorm (McKinney, 1982:39). Shewan (1973:93) bevestig dat die hele liggaam ontspanne moet voel. Die laer buikspiere is effens ingetrek, maar geen spanning behoort in die hoër buikstreek voelbaar te wees nie. In die rug is 'n strekgevoel waarneembaar, terwyl die borskas gelig is. Die gestrektheid van die rug sal die korrekte posisie van die borskas aanhelp. Skouers behoort in 'n ontspanne agter-toe-en-terugposisie te wees, terwyl die arms ontspanne langs die sye hang. Wat die kop betref, behoort die sanger die gevoel te hê dat dit nie vooroor hang of omhoog strek nie en die ken 'n weinig teruggetrek is¹ (McKinney, 1982:38 e.v.).

7.5.1.1.2 Asemhaling

Inaseming vind plaas wanneer lug deur die neus en mond² die asemhalingstelsel inbeweeg, weens die verskil in lugdruk binne en buite die liggaam. Hierdie verskil in druk bestaan weens die aksie van die diafragma-spiere, wat 'n gedeeltelike luglegte in die longe veroorsaak. Die diafragma is 'n koepelvormige afskorting

1 Daar is 'n algemene foutiewe neiging by koorsangers om die ken te lig wanneer hoë note gesing word. Indien enige beweging nodig geag word, beveel McKinney (1982:41) aan dat die ken liever sak vir die produksie van hoë note.

2 Miller (1983:16) en Ohlin (Ericson et al., 1976:109) stel dit as 'n vereiste dat lug altyd deur die neus en mond gelyktydig ingeneem word.

wat die borsholte van die buikholte skei. Die onderdeel van die longe is aan die bokant van die diafragma verbind deur verbindingeweefsel.

Die longe, wat in die borsholte geleë is, is nie spiere nie, en is daarom afhanklik van die diafragma en die spierbewegings van die bors, rug en buikstreek vir uitsetting of sametrekking wanneer asemhaling plaasvind (McKinney, 1982:49).

Vir sangdoeleindes vind korrekte asemhaling plaas wanneer tussenrib- asemhaling met midderif- of buikstreek- asemhaling gekombineer word (Heffernan, 1982:26). Hierdie metode van asemhaling behels dat die buik- en middelstreek in omvang toeneem en is ter illustrasie die wyse waarop lug ingeneem word wanneer 'n persoon ontspanne plat op die rug lê. Die werking van die midderif of diafragma is hier van groot belang.

Omdat die funksie van die diafragma is om weerstand te bied, moet dié spiere in sangverband tot 'n kragtige implement ontwikkel word wat goeie asemondersteuning kan bied (Kortkamp, 1969:9).

Om die korrekte aksie van die diafragma te illustreer, kan koorlede gevra word om die ribbe en die bors op te hou en ná deeglike inaseming, lug met vinnige stote deur die f-spleet met kort reëlmatige pf-geluide uit te pers, aldus: f ... pf pf f ... pf pf f ..., ensovoorts (McLachlan, 1993:11). Ohlin (Ericson et al., 1976:111) stel 'n soortgelyke oefening voor: lug word met vinnige stote uitgepers op die klanke "piff, paff, puff". Hierdie klanke word gefluister of teen 'n versnellende tempo gespreek.

Die aksie van die maagspiere is verskillend van dié van die diafragma. Wanneer die maag ingetrek word, word die buikspiere gebruik. Hierdie spiere loop vertikaal op en af.

By korrekte inaseming behoort daar aktiwiteit en inspanning ten opsigte van die diafragma en maagspiere te wees. Terselfdertyd behoort die omvang van die midderifstreek fisies toe te neem (Corbin, 1986:5; Jacques, 1963:16; McKinney, 1982:52; McLachlan,

1983:10). McLachlan (1983:10) beklemtoon egter dat die gesig, nek en halsstreek ontspanne moet wees en voel. Die borskas word tydens inaseming opgehou sonder om die skouers op te trek. "Ten spyte van die afgetrekte posisie van die diafragma en die intrek van die maagspiere, mag die gesig en voorkoms geen tekens van inspanning verrai nie" (McLachlan, 1983:10). Thomas (1977: 82) beveel die volgende oefening vir "... langen Atem und gute Atembeherrschung" aan:

Stygend: 

Dalend: 

Die volgende oefening kan aangewend word om die diafragma te aktiveer. Terselfdertyd word stemsoepelheid bevorder (Thomas, 1977:84);



ha ha ha ...

"Bostaande oefening word sonder onderbreking op die sillabes ha, hô en hie, gesing en daarbenewens in drie variasies uitgevoer, naamlik:

- (a) redelik stadig ($\delta = M88$) met 'n flink *staccato*, in 'n konstante tempo en met volle konsentrasie op die aktiewe beweging van die diafragma (die sanger moet met sy hand voel dat die diafragma beweeg);

(b) met 'n vinnige, ligte *staccato* (♩ = M132);

(c) met 'n vinnige, ligte, vloeiende *legato*.

Variasie (b) dien as voorbereidende oefening vir die baie moeiliker variasie (c)" (McLachlan, 1983:15).

7.5.1.1.3 Asemondersteuning

Asemondersteuning is 'n verhouding tussen die spiere wat by inaseming en uitaseming betrokke is om genoeg asemdruk aan die stembande te voorsien sodat 'n bepaalde toonhoogte of dinamiese vlak gehandhaaf kan word. Dit word bewerkstellig wanneer die spiere wat vir inaseming gebruik word - dit is die diafragma en tussenribspiere verantwoordelik vir die uitwaartse beweging aan die onderkant van die ribbes - teenoorgesteld tot die spiere verantwoordelik vir uitaseming, naamlik die buik- en tussenribspiere wat die laer ribbes intrek, funksioneer. Die spiere verantwoordelik vir uitaseming, oefen 'n effens groter druk uit as dié vir inaseming; so word ondersteuning bewerkstellig (Heffernan, 1982: 28; McLachlan, 1983:10). Die spiere van die maag en diafragma kan met oefening volkome onder beheer gebring word om lug met verdrag uit te stoot.

Onondersteunde koorklank is een van die algemeenste foute in koor-sang omdat koorsangers nie altyd die belangrikheid van asemondersteuning verstaan nie (Thurman, 1983:5 e.v.). Verskillende koor-tegniese probleme spruit hieruit voort:

- keelklank
- intonasieprobleme
- asemrige koortoon
- aanpak van note
- slotgedeelte van 'n klank
- frasering

Hierdie aspekte word vervolgens bespreek:

- █ Nadat sangers asem ingeneem het, laat hulle die borskas val en gebruik die slukspiere om die lugvloei deur die larinks te beheer (Heffernan, 1982:28). Die resultaat hiervan is die produsering van 'n keelklank (Fuchs, 1967:77). Heffernan (1982:28) beweer: "Throat singing is very common in children's choirs [and] high school choruses ..."

- █ Soos in die eerste paragraaf genoem is, is asemondersteuning 'n bepalende faktor vir korrekte toonhoogte. Gebrekkige asemondersteuning lei tot foutiewe intonasie (Jacques, 1963:14; Choral Journal, 1983:6; McKinney, 1982:55; McLachlan, 1983:10). (Hierdie probleem word verder uitvoerig in afdeling 7.5.2.1.2 bespreek.)

- █ Asemondersteuning en -beheer is noodsaaklik om asemrige koor-
toon te bekamp. Baie probleme in verband met asembeheer draai om die feit dat die sanger 'n oormatige hoeveelheid asem oor die stembande laat gaan, terwyl daar eintlik baie min nodig is om selfs 'n *forte*-toon te bereik (McLachlan, 1983:10).

- █ Die aanpak van die eerste noot van die musikale frase affekteer die hele verloop van daardie frase verder. Die toonhoogte moet akkuraat aangepak word, sonder dat die sanger die noot van onder of bo benader en na die regte toonhoogte "gly". McKinney (1982:82) is van mening dat 'n goeie aanpak fisies en geestelik voorberei moet word: "A perfect attack occurs when the breath support mechanism and the vocal chords are brought into action simultaneously and efficiently, without unnecessary tension or wasted breath."

- █ Indien 'n noot afgesluit moet word, behoort dit 'n presiese afsnydingspunt te besit. 'n Klank wat wegsterf weens gebrek aan energie, is foutief en kom voor wanneer asemondersteuning nie voortgedra word tot by die werklike slotpunt nie (McKinney, 1982:82).

- █ 'n Laaste tekortkoming wat weens onvoldoende asembeheer en ondersteuning in koorsang mag ontstaan, is 'n onvermoë om

sangfrases deur te sing. Hoewel hierdie probleem in koorverband grootliks opgelos kan word deur individuele asemhaling - dit is die sogenaamde "staggered breathing" (Shewan, 1973: 92) - is dit tog wenslik dat koorlede in staat behoort te wees om normale frases sonder onderbreking deur te sing.

Die volgende oefeninge word deur Heffernan (1982:29) gebruik om asemondersteuning te bevorder:

hing

In omgekeerde vorm

hing

ens.

ens.

Hoewel die volgende oefeninge van Miller (1983:19) bedoel is vir die ontwikkeling van solosangers, is dit volgens eie ervaring ewens nuttig in koorverband:

ens.

a

ê

ie

ô

oe

a

ô

oe

a

ô

oe

Ten slotte moet beklemtoon word dat korrekte asembeheer noodsaaklik is vir goeie koorsangtegniek, maar beide Kortkamp (1969:5) en McKinney (1982:85 en 92), asook Fuchs (1967:76) waarsku teen

1 By hierdie oefeninge speel die korrekte aktivering van die diafragma 'n beduidende rol (cf. afd. 7.5.1.1.2, asook die stemoefeninge in hierdie afdeling).

onnatuurlikheid. Goeie, gekoördineerde asembeheer-gewoontes "... must be made so habitual that they work automatically, subconsciously" (Kortkamp, 1969:5).

7.5.1.2 Ontspanning en koördinasie van die nek-, kakebeen- en gesigspiere

Bostaande aspek van goeie stemproduksie hou direk verband met goeie houding, asemhaling en asemondersteuning (cf. afd. 7.5.1.1.1, 7.5.1.1.2, 7.5.1.1.3) en is 'n voorvereiste vir 'n resoneerende sangtoon (Jacques, 1963:15-16; McKinney, 1982:58). Dit is onmoontlik om 'n goeie toon vir solo- of koorsang te ontwikkel as die nek-, keel-, kakebeen- en gesigspiere nie ontspanne is nie (Heffernan, 1982:31). Twee algemene foute wat in hierdie verband tot spanning kan lei, is asemhaling met die boonste deel van die borskas en die gebruik van 'n peristaltiese keelaksie (slukspiere) in die produksie van klanke (Heffernan, 1982:31); McKinney, 1982:59). Wanneer die groot spiere van die borskas en skouers dus vir inaseming saamtrek, lei dit tot spanning in die spiere van die nek en die kakebeen. Die gestrektheid van die spiere duur dan voort omdat daar nie ondersteuning van die diafragma en buikspiere is nie. Wanneer uitaseming plaasvind, val die borskas, en die keelspiere kontroleer foutiewelik die lugtoevloei deur die stembande (Heffernan, 1982:31; McKinney, 1982:89,92).


Verskillende metaforiese verduidelikings en oefeninge word vir die ontspanning van hierdie streke gebruik:

- ☐ McLachlan (1983:9 e.v.) bevel aan dat die kop en romp vanaf die middellyf ontspanne vooroor hang: "... die oë is gesluit ...; die mond hang oop; tong en onderkaak is volkome los; die kop beweeg ook los heen en weer asof dit aan 'n tou hang - dit bring die noodsaaklike ontspanning van die halsstreek en strottehoof mee."
- ☐ Die sensasie wat 'n fisiese gaapaksie voorafgaan (nié die volvoerde gaapaksie nie), kan as hulpmiddel gebruik word om


'n oop keel en ontspanne kaakstand te illustreer (Heffernan, 1982:31; McKinney, 1982:94).

- 'n Volgende oefening is om die kaak so laag as moontlik te sak, terwyl die lippe liggies aan mekaar raak, en met hierdie mondposisie op "hm" te neurie. Laat die kaak vervolgens verder sak en sing dieselfde toonhoogte op die aa-klank. Die resultaat behoort 'n gemaklike, ontspanne klank vanuit 'n oop keel te wees. Heffernan (1982:31) lei die volgende oefening hieruit af:

Stadig (begin op enige lae noot)



- Miller (1983:35) sluit by McLachlan aan wat die fisiese ontspanningsbewegings betref. Nadat ingeasem is, word 'n deel van die lug in 'n "sug"-toon uitgelaat. Die sanger begin in die boonste middeldeel van die stem en spreek-sing die volgende met fisiese ontspanning, maar korrekte asemondersteuning:



7.5.1.3 Stemresonansie

By die ontwikkeling van stemtegniek is resonansie, benewens korrekte asemhaling en ondersteuning, van belang omdat dit die stemkwaliteit en toonkleur beïnvloed (Ericson et al., 1976:109). Thurman (1983:5) en McLachlan (1983:7) beskou resonansie as die interaksie tussen 'n klankbron, 'n medium wat die klank projekteer en die strukture wat die bewegende klank ontmoet. Die funksie van

resonansie is om die klanke wat deur die vibrerende stembande voortgebring word, te versterk.¹ Die tegnieke van korrekte houding, asemhaling, ondersteuning en ontspanning vorm die basis van effektiewe resonering (Heffernan, 1982:33).

Die menslike stemorgane is saamgestel uit die longe, larinks (strottehoof), keelholte (nasofarinks) en die neusholte (McLachlan, 1983:4).

Die drie hoofgebiede vir resonering in die sangmeganisme is die farinks (keelholte); mondholte; en nasale openinge (Fuchs, 1967:60; Hardy, 1918:33; Heffernan, 1982:33; McLachlan, 1983:7; Miller, 1983:35; Thurman, 1983:8).²

Suksesvolle resonansie vereis ruimte waarin weerklank kan plaasvind. Drie werktuie is by hierdie proses van ruimteskepping betrokke:

- o die mond
- o die tong
- o die sagte verhemelte

■ Om ruimte in die mond te skep, behoort die kakebeen ontspanne en maklik beweegbaar te voel met die sensasie dat daar 'n groot ruimte in die mond bestaan (cf. afd. 7.5.1.2; Miller, 1983:34). Heffernan (1982:35) is van mening dat oefeninge wat teen 'n vinnige tempo op herhaalde spreekpatrone soos ba, ja, ma gedoen word en waarin die kaak vry van die toe na die oop posisie beweeg, nuttig kan wees.³

1 McKinney (1982:79) wys daarop dat daar veral twee prominente teorieë bestaan oor die wyse waarop vibrasie in die stembande ontstaan, naamlik:

- die miologiese (spierkundige) en
- die aërodinamiese (lugdinamiese) verklarings.

2 Fuchs, Miller en Hardy sluit die borskas ook in as gebied van resonering. Fuchs (1967:60) ag hierdie streek veral van belang by die resonering van laer geleë note. Miller (1983:35) wys soos volg daarop: "There is some disagreement about calling the chest a resonator, but it is clear that a combination of proper breath support and holding the chest high does create better conditions for improving tone quality."

3 Die lippe, as deel van die mond, speel 'n belangrike rol by die finale klankprodukt en moet vry beweegbaar, ontspanne en effens weg van die voortande wees (McKinney, 1982:136; Miller, 1983:34).

■ Weens verskillende spiere en weefsels kan die tong 'n hele aantal posisies in die mond inneem. Die ideale sangposisie vir die tong is so plat as moontlik teen die vloer van die mond met die punt van die tong teen die onderste voortande - soos vir die a-klank (Hardy, 1918:34; Miller, 1983:34). Daar is egter klanke waar hierdie tongposisie nie heeltemal gehandhaaf word nie, soos by die klanke [ɛ], [i], [u], asook by die volgende konsonant-klanke: [ô] [e]; [t]; [d]; [n]; [l]; [s] [ʒ]; [z]; [ʃ]; [r]; [d₃]; [tʃ] (Miller, 1983:48,49,52). Aangesien die agterdeel van die tong die grootte van die keelopening kontroleer, is die bemeesting van die korrekte posisie van die tong vir die koorsanger belangrik.

■ Die sagte verhemelte is 'n versameling spiere wat die agterste, beweegbare deel van die dak van die mond vorm. Hierdie deel van die verhemelte kontroleer die opening vanaf die keel na die neusholte. Skrywers verskil oor die fisiese posisie van die sagte verhemelte vir optimale resonansie en voortreflike sangklank (Thurman, 1983:8):


Hardy (1918:36) en Miller (1983:34) is van mening dat die geligte sagte verhemelte minder weerstand teen die klank bied. Hieruit maak Miller die volgende gevolgtrekking: "When there is less resistance to the use of the upper resonators, your tone will have more 'ring' to it."

Heffernan (1982:36), McKinney (1982:135) en Thurman (1983:9) wys egter daarop dat beide 'n geligte en meer gesakte posisie van die sagte verhemelte, na gelang van die klanke, in sangresonansie gebruik word. Die sagte verhemelte word die hoogste gelig - en verkry die mees volkome afsluiting - op die vokaal [i], en is ook vir die eksplisiewe konsonante gelig (McKinney, 1982:135).


Daarenteen moet die neusingang nie geblokkeer wees vir die produksie van die nasale konsonante nie. Die gewaarwording van 'n gesakte sagte verhemelte, en dus vrye deurgang na die neusholte, verseker dat die neusholte tot die resonans-sisteem

bygevoeg is. Heffernan (1982:36-37) gee die volgende wenk aan koorlede en koorleiers: "The ... lowered soft palate ... is most easily experienced by correctly producing a hum. ... The jaw should be relaxed and well down, the teeth parted, and the lips barely touching." Die oefening wat volg, sal dié gevoel van resonansie bevestig:

Heffernan (1982:37):



Ericson et al. (1976:112):



7.5.2 Ontwikkeling van koorsangtegniek

Die ontwikkeling van basiese tegnieke het ten doel die daarstelling van 'n goeie koor met beklemtoning van veral

- o intonasie;
- o koorklankkwaliteit; en
- o vertolking.

7.5.2.1 Intonasie

Toonhoogte is die frekwensie van vibrasies van 'n musiektoon soos uitgedruk in die aantal vibrasies per sekonde. Een volledige

vibrasie bestaan uit 'n verdigting- en verdunningsgolf en word 'n siklus genoem. Frekwensies kan aangedui word in sikkusse per sekonde of in hertz (Hz)¹ (McKinney, 1982:23-24).

Intonasie impliseer die sing van 'n noot of reeks van note as 'n melodie op die juiste toonhoogte² (Kortkamp, 1969:39). Hierdie vermoë is afhanklik van gehoorontwikkeling: "The ability to sing in tune is contingent upon the capacity to listen perceptively, to hear inwardly, and to reproduce accurately a sound transmitted from an external source" (Heffernan, 1982:56). Choksy (1981:113) toon aan dat dieselfde oortuiging deur Kodály gehandhaaf is.

By 'n uitgesoekte koorgroep soos 'n jeugkoor, is dit noodsaaklik dat hulle intonasievermoë doelgerig ontwikkel word aan die hand van

- gehoorontwikkeling;
- bemeestering van korrekte tegnieke vir asemhaling en goeie asemondersteunde stemtegniek; en
- ontleding van redes wat foutiewe intonasie kan veroorsaak.

7.5.2.1.1 Gehoorontwikkeling

Oefening in die akkurate uitvoering van melodiespronge dra by tot suiwerder intonasie. Wanneer sodanige spronge gelyktydig deur twee stempartye uitgevoer moet word, kry die sangers oefening daarin om intervalle korrek te intoneer, sowel as deur te luister en te reageer op 'n ander, tweede party. Die volgende oefeninge word vir dié doel deur Heffernan (1982:59) aanbeveel.³ Aanvanklik word slegs die note van die pentatoniese toonleer gebruik; daarna word halwetone bygevoeg.

1 Die standaard konserttoonhoogte vir die A bokant middel C is 440 Hz (McKinney, 1982:24).

2 "Intonation: The production of the singing tone with regard to the rise and fall of pitch; also sometimes refers to the inflective cadence of speech" (American Academy of Teachers of Singing, 1969:14).

3 Hierdie oefeninge is gebaseer op die musikaal-opvoedkundige beginsels van Zoltán Kodály en word sonder instrumentale hulp uitgevoer (Heffernan, 1982:59).

do sol do do do do do sol do do sol do

do do do do sol do do mi sol do do do

ens.

do ti do do sol mi do la ti do sol

do sol do do ti do do re mi sol

Choksy (1981:114) wys daarop dat 'n neurietoon 'n uiters waardevolle hulpmiddel is om sangers hulle eie toonhoogte te help hoor. McLachlan (1983:12) sluit by hierdie sienswyse aan as hy stel dat "[d]ie leier kan met redelik gevorderde groepe ook met groot vrug neurieoefeninge aanwend om die intonasie op te skerp. Die sangers moet volgens die willekeurige opdragte van die dirigent òf in tone òf in halftone styg en daal, of bepaalde intervalle tref." McLachlan (1983:13) illustreer dié metode aan die hand van die volgende notasie:

do ti do do sol mi do la ti do sol

do sol do do ti do do re mi sol

ens.

ens.

'n Verdere tegniek waarmee gehoorkonsentrasie opgeskerp kan word, word deur Hyman (6 Maart 1987: onderhoud) en Shewan (1973:75) ondersteun. 'n Bepaalde ingestudeerde komposisie waarmee

intonasieprobleme ondervind word, word deur stilsang, sonder klank of lipbeweging, met gehoorkonsentrasie deur die koorlede "gesing". Wanneer 'n kadanspunt bereik word, moet die koor dit hardop sing. Shewan (1973:75) beweer dat "[i]f they sing the cadence in tune, the former bad intonation was the result of wandering minds ... If they will sing the cadence out of tune, flat or sharp, the notes have not been accurately learned."

Een van die vernaamste hulpmiddels by die ontwikkeling van koorintonasie is *a cappella*¹ of onbegeleide sang. Enersyds moet die werklike toonhoogte van elke noot sonder enige begeleidingsinstrument gehandhaaf word. Andersyds is die vokale lyne duidelik waarneembaar en is enige musikale of toonhoogte-afwykings hoorbaar vir die uitvoerder sowel as die toehoorder (Coleman en West, 1962:8; Dykema en Gehrkens, 1941:107; Latherow, 1980:175). 'n Streng gehoor-dissipline lê dus vir die koorsanger in onbegeleide sang opgesluit.

'n Onderwerp wat nie hier breedvoerig bespreek kan word nie, maar wél deur jeugkoor-dirigente in gedagte gehou moet word, is die natuurlike neiging van sangers om op 'n noot in plaas van op die spraakklanke te konsentreer. Wanneer dit gebeur, kom foutiewe intonasie maklik voor (Gardiner, 1968:125). Die teorie hiervan hou verband met die formante² van die menslike stem, en is gemeid met die akoestiese struktuur van musikale klanke, asook die spesifieke toonhoogtes van spraakklanke (Bolster, 1983:29). Choksy (1981:119) stel voor dat hierdie probleem bekamp kan word deur 'n lied op suiwer vokaalklanke te laat sing en al die konsonante weg te laat. Só word die gehoor dan in hierdie verband opgeskerp.

1 Latherow (1980:176) definieer *a cappella* soos volg: "The term 'a capella' originally meant 'in the manner of the church,' and refers to the period through the sixteenth century when church music was written for unaccompanied voices. The term is often used to signify unaccompanied singing."

2 McLachlan (1983:8) verduidelik die begrip "formant" soos volg: "Soos alle resonators het die menslike stemkanaal ook natuurlike frekwensies of frekwensie-ingewings. Hulle word formante genoem."

7.5.2.1.2 Bemeestering van korrekte tegnieke vir asemhaling en goeie asemondersteunde stemtegniek ter wille van goeie intonasie

Swak postuurhouding en 'n oppervlakkige asemhalingstegniek lei tot allerlei sangprobleme (cf. afd. 7.5.1.1.3).

Foutiewe intonasie word ook hierdeur veroorsaak. "Inaccurate pitches occur because inefficient, interfering vocal coordination is being used to produce them" (Thurman, 1983:6). Hierdie stelling van Thurman word ondersteun deur Choksy (1981:119); Ehret (1959:17-18); Heffernan (1982:69); Jacques (1963:114); Kortkamp (1969:39) en Latherow (1980:163).

Aangesien die tegnieke van goeie asembeheer egter reeds bespreek is, word geen verdere bespreking daaraan gewy nie (cf. afd. 7.5.1.1). In die volgende opsomming word verdere verbandhoudende oorsake van intonasieprobleme uitgelig.

- o *Fortissimo*-sang: "Loud singing is very difficult to keep in tune ... careful attention [must be] given to vocal technique, especially resonance" (Heffernan, 1982:70). Choksy (1981:119) onderskryf hierdie standpunt en Kortkamp (1969:39) wys daarop dat onnatuurlike spanning in funksionerende spiere veral vermy moet word.
- o *Pianissimo*-sang: Passasies wat 'n sagte klankkwaliteit vereis, verloor toonhoogte omdat sangers nie genoeg asemondersteuning bied nie. Die sagte sangklank moet eienskappe van intensiteit en vitaliteit besit (Ehret, 1959:19; Kortkamp, 1969:43).
- o Frase-eindes: Frase-eindes moet met genoeg asemondersteuning benader word om goeie intonasie te verseker (Jacques, 1963:14). Heffernan (1982:70) bevestig dit in die volgende woorde: "The singers must ... move with active tone toward the last note of the phrase, not losing concentration, as they near the end."

- Tempo: By 'n tienderjarige groep sal 'n koorwerk in stadige tempo dikwels gebrekkige asembeheer, en dus 'n verlies aan intonasie tot gevolg hê (Ehret, 1959:19; Heffernan, 1982:69).
- Lang aangehoue note: Die probleem dat 'n noot wat lank op een toon aangehou word, in intonasie daal, hou ook verband met asembeheer: "... the chorister should always keep up the intensity level. The feeling of 'drive' and 'follow through' must always be present" (Ehret, 1959:19). (Cf. ook Latherow, 1980:168.)

7.5.2.1.3 Verdere oorsake van foutiewe intonasie

Soos reeds bespreek, is gebrekkige gehoor en/of asembeheertegniek dikwels verantwoordelik vir intonasieprobleme. Daar is egter ook ander probleemgebiede wat deur skrywers bespreek word. Hierdie areas kan soos volg geïdentifiseer word:

- die fisiese omgewing
- die koorlid self
- koortegniese gebiede
- toonaarde, toonlere, intervalle
- komposisies

■ Fisiese omgewing

- **Temperatuur:** Indien temperature in oefenkamers te koud of te warm is, word intonasie nadelig beïnvloed (Ehret, 1959:19; Latherow, 1980:164; Thomas, 1977:101).
- **Weersgesteldheid:** Kortkamp (1969:43) sonder ook warm, bedompige weer in hierdie verband uit.
- **Tyd van die dag:** Oefentyd, of tyd van optrede, affekteer intonasie. Dit is nie gewens om vroeg in die oggend, terwyl die stembande nog relatief min "oefening" gehad het, 'n koorprogram aan te bied of 'n oefensessie te hê nie. Laatoggend, net voor middagete, is 'n geskikte tyd hiervoor (Ehret, 1959:19).

- o **Akoestiek:** Wanneer die groep, weens gebrekkige akoestiek, mekaar nie behoorlik in 'n oefenlokaal of saal kan hoor nie, vind koorlede dit moeiliker om suiwer te sing (Ehret, 1959:8; Heffernan, 1982:70). Te veel eggo weens harde, ongedempte muur- en vloeroppervlaktes het dieselfde gevolg (Kortkamp, 1969:43).

■ Die koorlid self (emosionele en fisiese gesteldheid)

- o **Uitputting:** Ericson et al. (1976:119), Kortkamp (1969:43) en Latherow (1980:164) beklemtoon almal dat uitputting besonder nadelig inwerk op intonasievermoë.
- o **Spanning:** Opgewondenheid en spanning, soos voor 'n optrede, laat intonasie dikwels styg (Latherow, 1980:164; Kortkamp, 1969:43).
- o **Konsentrasie:** Konsentrasie is noodsaaklik vir goeie intonasie. Verveeldheid, wat verband hou met konsentrasie, kan ontstaan wanneer 'n kooroefening, weens gebrek aan afwisseling, nie die aandag van koorlede hou nie. 'n Gebrek aan koordisipline of 'n dirigent wat te veel praat, kan ook 'n rol hierin speel (Heffernan, 1982:70).

■ Koortegniese gebiede

- o **Instudeer van stempartye:** Dit is van belang dat alle stemme hulle partye goed bemeester, omdat 'n sanger, wat nie goed vertrou is met sy party nie, die intonasie van die hele groep nadelig kan beïnvloed (Heffernan, 1982:70).
- o **Ooroefen:** Wanneer 'n koor 'n komposisie ooroefen, word probleme met intonasie makliker ondervind (Latherow, 1980:164; Thurman, 1983:6).
- o **Stemregisters:** Sommige note in elke stemregister vereis die aandag van die dirigent, aangesien oorgange van een stemregister na 'n ander dikwels potensiële moontlikhede tot intonasieprobleme inhou (Ehret, 1959:18).

Ehret (1959:18):



'n Fout wat ook voorkom, is dat die swaarder kwaliteit van die borsregister na die hoër tone oorgedra word. Hierdie aksie gee aanleiding tot stemforsering, wat weer op sy beurt tot on-suiwer sang lei (Kortkamp, 1969:41; Latherow, 1980:167).

- **Verkeerde stemklassifikasie:** Ehret (1959:18) en Latherow (1980:164 e.v.) waarsku teen die gevare daaraan verbonde wanneer die koorleier 'n stem verkeerd plaas. In die woorde van Ehret: "A heavy baritone singing tenor will, by force of weight as well as the high tessitura, tend to bring down the pitch of the tenor section. This, in turn, will cause the entire group to flat."
- **Timbre:** 'n Koor behoort uit swaarder en ligter stemme saamgestel te word. Indien daar te veel stemme in die koor opgeneem is wat oor 'n swaarder stemkwaliteit (*timbre*) beskik, sal die koor 'n neiging tot detonering openbaar (Ehret, 1959:18).
- **Diksie:** Wat diksie betref, beveel Latherow (1980:165-166) soos volg aan: "Tones should not be attacked from below with a sliding or slurring effect ... sing each consonant on the same pitch as the vowel which follows. Precise movement of the tongue, lips, and jaw should help to provide clarity of diction."
- **Toonhoogte-antisipasie:** Genoemde probleem hou ook verband daarmee dat die toonhoogte van die volgende noot voor die polslag waarop dit geïntoneer moet word, geantisipeer word. Toonhoogte-antisipasie sal tot detonering lei (Ehret, 1959:18; Kortkamp, 1969:42).

- o Herhaalde note: Herhaalde note in 'n frase word dikwels ook verkeerdelik van onder af benader, wat daartoe lei dat elke opeenvolgende noot effens laer in toonhoogte is. Die oplossing vir hierdie probleem is dat elke noot so hoog as die vorige en van bo af "bedink" moet word (Ehret, 1959:20; Ericson et al., 1976:120; Heffernan, 1982:70; Thomas, 1977:103).

■ Toonaarde, toonlere, intervalle

- o Toonaarde: Kortkamp (1969:43) spreek die mening uit dat komposisies wat op sekere toonaarde gebaseer is, makliker tot detoneering lei. So byvoorbeeld is A^b , E^b , D^b , F en B^b sulke gevalle, terwyl die kruis-toonaarde van A, E, D, $F^\#$ en B veiliger vir koorsang is. Thomas (1977:102) beveel verder, as 'n algemene reël, hoër-geleë toonaarde aan as meer bevorderlik vir goeie intonasie.

Indien 'n koorgroep aanhoudend in 'n bepaalde toonaard detoneer, is dit 'n aanduiding dat die toonaard vir die bepaalde situasie foutief is. Heffernan (1982:70) is van mening dat so 'n koorwerk 'n halftoon hoër of laer getransponeer moet word. Die meeste outoriteite egter, beveel slegs transponering na 'n hoër toonaard aan en keur aftransponering nie goed nie (Ericson et al., 1976:119; Kortkamp, 1969:42; Latherow, 1980:165; Thomas, 1977:102).

- o Intervalle: Die volgende intervalle word dikwels onseker geintoneer:

Te laag:

- "so - do" as slotnote van 'n koorwerk in die basparty (Kortkamp, 1969:43)
- vierdes of vyfdes wat in sekvensiële opvolging verskyn (Latherow, 1980:167; Thomas, 1977:105)
- vierde en vyfde toontrappe, asook die vergrote trap van die sesde na die sewende in die mineurtoonleer (Ehret, 1959:21)

- tweede, derde en sesde trappe in die majeuretoonleer (Ehret, 1959:21; Dykema en Gehrkens, 1941:92; Heffernan, 1982:70; Kortkamp, 1969:39,43)
- verhoogde vierde na die herstelde vierde in 'n modulاسie. (Dit kan ook beskou word as die sewende trap van die toonleer.) Die leitoon word vry algemeen te laag geïntoneer (Heffernan, 1982:71; Kortkamp, 1969:39,41).

Te hoog:

- die mineur derde (Kortkamp, 1969:41)

Te laag of te hoog:

- halftoonintervalle (Heffernan, 1982:71)

- Dalende passasies: Die ervaring van koorleiers is dat dalende passasies te vinnig daal omdat intervale te groot geïntoneer word (Ericson et al., 1976:122; Heffernan, 1982:70; Kortkamp, 1969:42; Thomas, 1977:105). Dalende passasies beïnvloed eweneens die intonasie van 'n teenstemparty wat op een toonhoogte bly, nadelig (Kortkamp, 1969:42).
- Stygende passasies: Stygende passasies styg nie vinnig genoeg nie omdat die intervale te klein geïntoneer word (Ehret, 1959:22; Ericson et al., 1976:122; Latherow, 1980:167).
- Dalend en stygend: Melodieë wat daal en dan weer opwaarts beweeg, is gevaarpunte vir suiwer intonasie (Ehret, 1959:22).

■ Komposisies

- Literatuurkeuses: Literatuurkeuses wat nie tot die koor spreek nie of te moeilik is, ly tot verveling en swak intonasie. Wanneer die *tessituur* van een of meer van die stempartye aanhoudend in 'n hoë register lê, kan spanning en stemvermoeienis intree. Soms is 'n bepaalde stemparty so geskryf dat die note hoofsaaklik in die oorgangsgebied van die stemsoort se stemregister lê. By tieners veral, sal só 'n komposisie

probleme veroorsaak. Klanke¹ wat moeilik sing en aanhoudend in die teks voorkom, kan probleme ten opsigte van intonasie veroorsaak (Ehret, 1959:21).

Die afleiding van die voorafgaande bespreking is dat koorleiers van hierdie tipiese oorsake van swak intonasie by jeugkore moet kennis neem en dit sover moontlik probeer vermy.

7.5.2.2 Koorklankwaliteit

'n Koor wat suiwer intoneer, moet egter ook aan een van die belangrikste komponente van goeie koorsang bou, naamlik koorklank. Dit is moeilik om "koortoon" as 'n konkrete begrip te definieer. Inherent aan die besprekingsproblematiek is die abstrakte aard van klank en 'n gebrek aan geskikte terminologie om dit van nader te tipeer en wat ook soms van ander dissiplines geleen word.

Goeie koorklank is egter noodsaaklik vir koorsang van gehalte. McKenzie (1956:54) stel dat: "Good tone is a primary requisite in choral singing. Without it, there cannot be good interpretation ... The ear for tone is analogous to the artist's eye for color."

Omdat goeie koorklank vir beskrywing afhanklik is van abstrakte konsepte, het verskillende koorleiers nie noodwendig dieselfde subjektiewe beeld van wat met bepaalde terme bedoel word nie (McKinney, 1982:17,31). Elke koorleier behoort egter 'n gehoorbeeld van die koorklank wat hy nastreef, te hê. Hy moet in staat wees om die verhouding van die stem as instrument tot die fisiese prosesse wat dit beheer, te begryp. Voorts moet hy ook die klank van die groep kan verander deur middel van toepaslike koortegniese. Daar word dus geïmpliseer dat die koorleier norme sal hê waaraan hy 'n goeie koorklank kan meet, asook kennis van die stemapparaat en sy werking, sowel as kennis van die wetenskaplike beginsels wat by klankvoorbrengring ter sprake is (McKinney, 1982:17).

1 Vokaalklanke soos "ie", "ê" en "ee" is onder hierdie groep. Ehret (1959:21) is daarvan oortuig dat baie diftonge in 'n teks eweneens nadelig kan wees vir die handhawing van toonhoogte.

Sover dit die sanger aangaan, skryf McKinney (1982:31) soos volg: "The main guides of the singer are sensations - vibratory sensations resulting from the closely related processes of phonation and resonance, and kinesthetic ones arising from muscle tension and movement, body position, and distribution of weight ... Describing these subjective sensations to another person in such a way that the person can duplicate them and achieve the same kind of sound is a most difficult task - there are too many intangible elements present and too many variables." Tog is dit noodsaaklik dat elke koorlid 'n eie, korrekte begrip moet opbou van 'n ideale koorklank (Goodwin, 1982:37).

Goeie koorklank vertoon die volgende eienskappe:

- Eenvormigheid in klankgehalte, "... sodat alle indrukke van individuele stemme verdwyn ..." (Jacques, 1962:7; McLachlan, 1983:4). McLachlan wys daarop dat die balans tussen die verskillende partye so ewewigtig behoort te wees dat die vokale akkoord prominent is, en nie die individuele tone in die betrokke akkoord nie.
- 'n Ryk, resonante en ontspanne klank wat "... of dit luid of sag is, altyd die gevoel van ligtheid en swewendheid [wek]" (McLachlan, 1983:4). Die luisteraar ervaar dus 'n gehoorbeeld van 'n helder en suiwer asemondersteunde klank, aangenaam om na te luister, en met dinamiese vitaliteit omdat energie vrylik van noot tot noot vloei (McKenzie, 1956:56; KcKinney, 1982:81).
- Die uitspraak en toonhoogteverskuiwings is versorg en gesinchroniseer sodat elke stemparty soos 'n eenheid klink (Kortkamp, 1969:95; Latherow, 1980:425; McLachlan, 1983:4).

Die eienskappe waaraan goeie koorklank moet voldoen, is dus gekoppel aan die ontwikkeling van die koortegniese wat hiermee verband hou, naamlik:


- o stembalans tussen die stemgroepe
- o stemproduksie
- o klankvorming en uitspraak

7.5.2.2.1 Stembalans tussen die stemgroepe

Korrekte stembalans tussen stemgroepe impliseer dat die klankverhouding tussen die verskillende stemgroepe onbesproke moet wees. Die ontwikkelde vermoë van koorlede om na mekaar te luister, is van groot belang. Latherow (1980:175) maak in hierdie verband die volgende stelling: "The success ... in obtaining good tone quality from a choral group will depend upon the extent to which [the conductor] ... is able to train the ear of each individual student" (cf. afd. 7.5.2.1.1).

Aangesien ongeleide sang juis besondere gehoorkonsentrasie vereis, is dit 'n uitstekende hulpmiddel om balans tussen verskillende stemgroepe te verkry (cf. afd. 7.5.2.1.1).

Kortkamp (1969:101) beveel die volgende oefening aan vir die same-smelting van alle stemregisters:



7.5.2.2.2 Stemproduksie

Volgens kundiges hang stemproduksie by 'n koor ook saam met

- o aktiewe en dinamiese klank;
- o artikulasie;
- o *legato*-sang; en
- o dinamiek.

Ehret (1959:14):



'n Kombinasie van *staccato*- en *legato*-aksie help die koor om 'n *semi-staccato*-tegniek te ontwikkel. Hierdie sangwyse kan gebruik word om vinnige lopies te sing (Latherow, 1980:421). Ehret (1959:14) en Latherow¹ (1980:421) beveel die volgende tegniese oefeninge aan:

Ehret (1959:14):



Latherow (1980:421):



- (a) Ha ah ah ah (*staccato*)
 (b) Hah ah ah ah (*marcato*)

1 Ehret (1959:13-14) onderskei tussen *marcato* en *semi-staccato*. Vir koorsang maak Latherow (1980:421) skynbaar nie 'n verskil tussen die begrip *semi-staccato* en *marcato* nie: "The combination of *staccato* and *legato* action resembles a *semi-staccato* quality ..."

■ "At the core of a great choir's technique is its ability to sing legato. Skill in singing a series of notes with no diminution of continuity between the notes is required in most of the great choral literature" (Heffernan, 1982:84). Die tegniek van *legato*-sang is veral gekoppel aan 'n vloeiende vokale lyn met vinnige konsonantoorgange (Kortkamp, 1969:13; Latherow, 1970:419). Heffernan (1982:84) beskou die beheersing van subtiele dinamiese veranderings as 'n belangrike deel van *legato*-sang.

Die volgende oefeninge word aanbeveel om *legato*-sang by koorlede te bevorder:


Latherow (1980:419):

voort in halftone op en af



yee yay yah yoh yooh (neem asem)
 yooh yee yooh yee yooh
 yah yoh yah yoh yah
 yee yay yee yay yee

Ehret (1959:14):



Ah ————— Ah —————

Heffernan (1982:84):

nee nay nah noh noo nee nay ens.

Ericson et al. (1976:115):

ah ————— oh ————— ah ————— oh —————
(en alle ander klinkers)

Ericson et al. (1976:115):

legato

oh doh oh doh oh doh oh doh ...
oh yah oh yah oh yah oh yah ...
oh nay oh nay oh nay oh nay ...
(en ander vokale)

■ Die geslaagde uitvoering van dinamiek is deel van suksesvolle koormusiek-voordrag. Indien die verskillende nuanses van dinamiek egter nie deur al die koorlede eenvormig uitgevoer word nie, of klanke geforseer word, kan hierdie swakhede 'n andersins goeie koorklank benadeel. "The technical basis for

most expression in music is the control of the crescendo and decrescendo" (Ehret, 1959:23).

Beide Ehret (1959:23) en Heffernan (1982:87) spreek die mening uit dat die dinamiekomvang van 'n geoefende koor ten minste ses vlakke behoort in te sluit, naamlik *pianissimo* (pp), *piano* (p), *mezzo piano* (mp), *mezzo forte* (mf), *forte* (f) en *fortissimo* (ff).

Die volgende oefeninge word vir die bevordering van die koor-tegniek om dinamiek-kontraste in te skerp, deur Heffernan (1982:90) en Ehret (1959:24) aanbeveel:

Heffernan (1982:90):

no-no-no- ...
doo-doo-doo ...

no no no no no ... no

nah
no
day

Ehret (1959:24):

Nah

Nee...

7.5.2.2.3 Klankvorming en uitspraak

Kortkamp (1969:95) beweer dat "[t]wo things make true 'choral' style: instantaneous shifting of pitch and vowel and uniform pronunciation". Dit word deur skrywers beklemtoon dat die klinker die primêre bron van klankvorming is (Bolster, 1983:30; Heffernan, 1982:95 e.v.; Latherow, 1980:438; McLachlan, 1983:16). Daárom is vokaalvorming 'n bepalende faktor by die kwaliteit van koortoon. Aangesien dieselfde vokaal nie deur almal eenders uitgespreek word nie, word akoestiese steurings geskep wat die eenvormigheid van die koortoon kan benadeel. McLachlan (1983:16) gee 'n uiteensetting van die vernaamste bevindings wat in hierdie opsig ter sprake is:

- "1. Die toonhoogte van die grondtoon word bepaal deur die vibrasiesnelheid van die stembande en dit wil voorkom of al meer navorsers saamstem dat 'n senuwee-impuls van die brein die beslissende element is wat die frekwensie van die stembande bepaal; ... die tref van 'n bepaalde toonhoogte is eerstens 'n breinproses en die handhawing van suiwer intonasie hoofsaaklik afhanklik van luisterkonsentrasie, tesame met normale spierkoördinasie van die strottehoof, veral van die aritenoïdespiere.
2. Die vorm van die mond en keel bepaal die aard van die vokaalklank.
3. Elke afsonderlike vokaalklank word gekenmerk aan botone van 'n bepaalde frekwensie wat vir daardie vokaal prominent is."

Die verdere bevinding dat die "prominente botone van 'n bepaalde vokaal min of meer dieselfde frekwensie behou, afgesien van die toonhoogte van die grondnoot" (McLachlan, 1983:16; cf. ook Bolster, 1983:29), bevestig dus dat man- en damestemme op dieselfde vokaal dieselfde botoonfrekwensies handhaaf. Die mate van uniformiteit of verskil van botoonfrekwensies van die vokale veroorsaak dat goeie koortoon soms meer deursigtig en eenvormig klink as ander (McLachlan, 1983:16).

Heffernan (1982:95) bevind dat ook die volgende oefening¹ meehelp tot die bou van eenvormige vokaalklank, asook die skep van 'n noodsaaklike klankbeeld by elke koorlid.



mee may mah moh moo
nee nay nah noh noo
bee bay bah boh boo

McLachlan (1983:13) bied ook 'n repetisie-oefening aan om eenvormige toon te bevorder:



muu muu muu muu non non non non wha wha wha wha nan nan

Twee verdere stappe kan toegepas word om eenderse vokaalvorming te bevorder, naamlik klankontleding en sinchronisering van uitspraak. Koorlede is nie altyd bewus van die verskillende klanke wat in 'n woord vervat is nie (Heffernan, 1982:94; Kortkamp, 1969: 105).

"Klankontleding kweek mettertyd die nodige klankgevoeligheid by sangers en kondisioneer hulle ten opsigte van die groepklank wat hulle moet vorm" (McLachlan, 1983:17). Wanneer 'n woord in sy

1 Latherow (1980:439) wys daarop dat vokalisasie-oefeninge nie slegs tot die vyf Italiëse vokale beperk mag word nie, aangesien verskillende tale oor aanvullende klanke beskik.

elemente opgebreek is, vereis dit dat al die sangers die verskillende elemente gelyk moet uitspreek. Hierdie gesinchroniseerde uitspraak is besonder bevorderlik vir goeie koorclank.

Die hardop uitspreek van die verskillende elemente is 'n waardevolle hulpmiddel tot eenvormige en presiese klankwisseling, ener syds, en die bevordering van duidelike uitspraak, andersyds (Latherow, 1980:441).

Ter illustrasie van klankontleding kan die volgende voorbeeld van McLachlan (1983:17) aangehaal word:

<p>spring - ing</p>	word	<p>spri - ng - i - ng</p>
<p>saai maai</p>	word	<p>saa - i, maa - i</p>

Die implikasie en betekenis van klankontleding en sinchronisasie is dat

- elke klank in elke sillabe gesing word (Heffernan, 1980:102);
- elke vokaal suiwer gevorm word (Heffernan, 1980:102); en
- die slotdeel van tweeklanke nie verwaarloos word nie (Heffernan, 1982:102; Latherow, 1980:439).

Die volgende beginsels behoort ook in gedagte gehou te word:


- Oorgange vanaf konsonante na vokale en andersom, moet energiek geskied. Konsonante moet, indien moontlik, effens voor die pols gesing word en die vokaal op die pols (Heffernan, 1982:102; Kortkamp, 1969:103-104).
- Dit is noodsaaklik dat elke taalklank ritmies korrek op 'n pols of onderafdeling van 'n pols val (Heffernan, 1982:102).

'n Wenk wat in gedagte gehou kan word vir duidelike konsonantvorming, is om die teks van die musiek te fluister. Hierdeur

word die artikulasie terselfdertyd verbeter (Ericson et al., 1976: 117).

Benewens fluister, is die volgende oefeninge ook van nut vir duidelike konsonant-vorming (Ericson et al., 1976:117):

Aanvanklik Daarna




r-oo r-oo r-oo r-oo r-oo roo roo roo roo roo

+ alle ander vokale

Ook:

oo-r oo-r oo-r oo-r oo-r or or or or or



p - oh b - oh to - oh d - oh k - oh g - oh

Die metode waarvolgens bostaande oefening gedoen moet word, word deur Ohlin (Ericson et al., 1976:117) verduidelik: "Hold the consonant on 'one'. Feel the energy right at the point of articulation: P,B - lips, T,D - the tip of the tongue, K,G - the back of the tongue. On 'two', articulate the consonant with the vowel following, avoiding sounding an 'H' in between. The whole series should be done with one breath."

Om dus 'n goeie koorklankkwaliteit te verkry, word eenvormigheid van die uitvoer van verskillende koortegnieke van elke koorlid verlang, en dit hou verband met klankgehalte, bepaalde vereistes ten opsigte van stemproduksie en alle fasette van gesinchroniseerde klankvorming.

7.5.2.3 Vertolking

Indien 'n koor die beginsels van stemtegniek (cf. afd. 7.5.1), intonasie (cf. afd. 7.5.2.1) en goeie koorklank (cf. afd. 7.5.2.2) bemeester het, kan aandag aan die finale ontwikkelingsfase, naamlik dié van artistieke musikale vertolking geskenk word.

Musikale koorvertolking hang ten nouste saam met die voortbring van die gedagtes en die emosies wat in die musiek vervat is. Dit sluit gevolglik die beheersing van bepaalde vertolkingstegnieke in (Heffernan, 1982:111; Kortkamp, 1969:79). Hierdie tegnieke het betrekking op:

- stylgetrouheid
- taalgetrouheid
- ritme en tempo
- nootwaardes
- dinamiek en harmonie
- frasiering
- teksinhoud
- meelewing

Hierdie aspekte word vervolgens bespreek.

- Die koorleier behoort elke komposisie in sy gekose program te klassifiseer volgens die historiese periode waartydens dit ontstaan het. Teen hierdie agtergrond kan aandag geskenk word aan die korrekte historiese styl-eienskappe van elke tipe komposisie (Latherow, 1980:168).

Heffernan (1982:112) stel dit dat: "Excellent research has been accomplished in the field of musicology, making it possible to obtain with ease highly accurate information on performance practices in any period of music history." In hierdie verband kan gelet word op die grootte van kore, tradisionele vorme van instrumentale begeleiding (soort, grootte en gebruike), koorklank, toonhoogtes, ritmiese gebruike, tempi, belangrikheid van die teks en dinamiek.

Gevolgtlik is dit nodig dat 'n koor by die instudering van werke die eiesoortige styl van elke komponis so getrou as moontlik moet weergee.

Omdat volksliedere 'n gewilde deel van jeugkoorprogramme uitmaak, verdien dit besondere aandag. Volksliedere uit verskillende lande word dikwels in verwerkte vorm deur kore voorgedra. Die oortuigende, sensitiewe vertolking van 'n volkslied vereis dat die koorleier vooraf die tipiese karaktertrekke van die musiek van daardie land of streek moet bestudeer, want sodanige musiek verskil onderling ten opsigte van mekaar deur ritmiese eienskappe, maatslag, harmoniese uitgangspunte, tipiese volksbegeleidingsinstrumente, klank en uitspraak.


- Enige lied, gekomponeerd of tradisioneel, behoort met noukeurige taalversorging van die oorspronklike of vertaalde vorm gepaard te gaan.
- Vir elke koorstuk in die program moet die toepaslike, geskikte tempo bepaal word. Hierdie tempo hang saam met die teksinhoud, die voorskrifte van die komponis, en wat Latherow (1980:170) betref, ook die "physical maturation of the singers". By jeugkore mag dit dus nodig wees om by stukke wat besonder vinnig voorgedra moet word, of vinnige lopies bevat, 'n effe stadiger tempo te kies omdat die koor dalk fisies nog nie daarvoor opgewasse is nie. By die keuse van tempo behoort die sangers daartoe in staat te wees om die vinnigste note in die koorstuk gemaklik uit te voer, terwyl die langste note ook sonder inspanning beheer kan word.

Te veel *ritardandos* in een stuk kan onsmakvol voorkom; 'n ander reël wat Latherow (1980:170) belangrik ag, is: "... do not ritard too soon and too much."

'n Algemene foutiewe neiging is soms om die tempo te vertraag by passasies wat sagter gaan. Net so word die omgekeerde as versnelling by *crescendo*-passasies waargeneem.

Kruis-ritmes behoort duidelik te vertoon en sinkopieë moet in die vertolking van 'n koorstuk uitgelig word (Ehret, 1959:33).

- Rustekens en nootwaardes moet weer vir die volle waarde gehoorsaam word en korrek uitgevoer word. Ehret (1959:32) wys op die volgende algemene foute wat dikwels in kooruitvoerings insluip:



"This robbing of values is one of the primary weaknesses in choral singing today" (Ehret, 1959:32).

- Die volkome beheersing van uiterstes in dinamiek is 'n vereiste by artistieke koorsang (cf. afd. 7.5.2.2). Die jeugkoorleier moet egter in aanmerking neem dat die spektrum van dinamiek-omvang wat die jong tienerjarige stemme kan beheer, nie dié van 'n volwasse groep kan ewenaar nie (Latherow, 1980:172).

Sforzandos en aksente is belangrik, maar mag nie te dikwels voorkom nie. Latherow (1980:172) en Kortkamp (1969:84) wys daarop dat hierdie dinamiese truuks meer geslaagd is indien dit voorafgegaan word deur 'n kort stilte.


Hierdie skrywers beklemtoon ook die belangrikheid daarvan dat 'n noot van langer tydsduur wat in die middel van 'n frase voorkom, by uitvoering altyd in intensiteit moet toeneem.

'n Grondige kennis van die beginsels van harmonie en kontrapunt (cf. afd. 7.3) sal die koorleier in staat stel om musikale nuanses wat harmonies of kontrapuntaal van aard is, uit te lig en sodoende by te dra tot die artistieke gehalte van die koorvoordrag. In hierdie verband sonder Kortkamp (1969:84) en Latherow (1980:174) die voordrag van veral dissonante en

terughoudings uit. Dissonante note behoort met oortuiging voorgedra te word voordat dit na die oplossingsnoot beweeg, aangesien die komponis sodanige harmonieë dikwels juis as aksente bedoel. Dieselfde beginsel geld ook vir terughoudings:

Latherow (1980:174):

Kortkamp (1980:174):



- "At the heart of all fine performances of music is an enlightened understanding of phrasing, the process whereby a series of apparently unrelated notes becomes a coherent musical idea" (Heffernan, 1982:119). Hierdeur beklemtoon hy die besondere aandag wat frasiering in die instudering en uitvoering van 'n koorwerk moet geniet.

Die vereistes waaraan betekenisvolle en goeie frasiering moet voldoen, is korrekte beklemtoning, subtiele *crescendo's* en *decrescendo's* en 'n verskeidenheid van noot-aanpaktegnieke (Apel, 1979:669).

Frases bevat baie van die musikaal-dramatiese inhoud wat in 'n koorstuk deur die sangers vertolk moet word. Artistieke koorsang sal die oplaai en ontlading van spanning in frases weergee. Heffernan (1982:122) stel dit dat voortdurende stuwende beweging van frase tot frase 'n vereiste is en dat "It is absolutely necessary to sing through the phrases." Die musikale beginsel dat herhalings van dieselfde frases nooit eners uitgevoer moet word nie, moet ook nie uit die oog verloor word nie (Kortkamp, 1969:83).

- In koormusiek van gehalte is die musikale klimakspunte gewoonlik gekoppel aan dié van die teks. Wanneer werke vertaal word, kan hierdie beginsel nie altyd deurgevoer word nie; dit is een van die redes waarom koormusiek sover as

moontlik in die oorspronklike taal gesing behoort te word.

Werkwoorde en selfstandige naamwoorde is die vernaamste elemente wat betekenis aan die teksinhoud verleen. Nadat dit ontleed is vir toonskildering en emosie, word die sleutelwoorde in die teks uitgelig en met toepaslike beklemtoning en vertolking uitgevoer (Ehret, 1959:48). Waar musikale klimakse van dié van die teks verskil, soos by vertaalde werke mag gebeur, moet die melodielyn voorkeur geniet (Heffernan, 1982:125).

- Die koorsangers self kan die estetiese waarde van die koorvoordrag help verhoog indien 'n innerlike betrokkenheid en begrip van 'n komposisie of verwerking waarneembaar is in die liggaamshouding, gesigsuitdrukking en die stemkwaliteit (Ehret, 1959:47; Heffernan, 1982:129; Kortkamp, 1969:85).

Hierdie begrip sal spruit uit 'n analitiese ontleding van die musikale en gevoelsinhoud vervat in die notasie en teks.

By die tienerjarige, wat baie selfbewus en soms ook geïnhibeerd is, sal die koorleier meelewing moeiliker bewerkstellig. Daarom moet programkeuses versigtiger oorweeg word.

7.6 KOOROPSTELLING

Dirigente verskil onderling oor die mees effektiewe opstellings van stemgroepe in 'n koor. Faktore wat in gedagte gehou moet word, is die sterkte van elke stemgroep, die repertoriumkeuses, akoestiek en die klank wat die dirigent van sy koor verlang. Klankbalans, koorklank, intonasie en die voorkoms van die rangskikking is ook van belang. In die geval van 'n musikaal-gekeurde jeugkoorgroep behoort daar verskillende opstellings te wees wat met sukses toegepas kan word. Die volgende rangskikkings van groepe en individuele stemme is moontlik, en koorleiers van jeugkore behoort daarvan kennis te neem:

- blokgroepering
- kwartetgroepering


- o gemengde groepering
- o rye

█ Blokgroepering


Die Hele aantal werkbare moontlikhede bestaan vir stemgroepering in hierdie tipe opstelling. Heffernan (1982:54), Latherow (1980: 134) en Thomas (1977:137-139) beveel die volgende opstellings aan:

Figuur 8 Rangskikking van vier stemgroepe


(a) Vierstemmig (Thomas)




(b) Vierstemmig (Heffernan)



(c) Vierstemmig (Heffernan)



(d) Vierstemmig (Heffernan)




Figuur 8 (d) gee 'n aanduiding van hoe stembalans bewerkstellig kan word nieteenstaande 'n wanbalans in die beskikbare stemme.


In figuur 9 word moontlike opstellings vir ses- en agt-stemmige koorgroepe aangedui.

Figuur 9 Rangskikking van ses- en agt-stemmige koorgroepe


(a) Sesstemmig (Thomas)



(b) Sesstemmig (Thomas)



(c) Dubbelkoor (Thomas)



(d) Agtstemmig (Latherow)


Bas 1	Bas 2	Tenoor 2	Tenoor 1
Sopraan1	Sopraan2	Alt 1	Alt 2

Heffernan (1982:54) en Latherow (1980:131) beweer dat die blokgroepering van stemgroepe by die uitvoering van polifoniese musiek akoesties die beste resultate lewer. Die soort plasing is eweneens prakties vir repetisies en optredes, aangesien dirigeer-kontrole ten opsigte van verskillende invalle of dinamiese nuanses vir die onderskeie stemgroepe gemaklik kan verloop. Die akoestiese en praktiese voordele hiervan vereenvoudig egter nie die probleem van dinamiese en kwalitatiewe balans wat sowel in die seksie as die volle koor moet bestaan nie (Latherow, 1980:132).


Hierdie probleem kom dan veral ook na vore wanneer opnames en radio-uitsendings gedoen word. Thomas (1977:138) oorkom dit deur die rangskikking van die stemme vir mikrofoonopnames te wysig. Hy plaas in alle gevalle die manstemme in die middel van die koor en die sopraanparty die verste weg van die mikrofoon. Thomas se voorstelle word in figuur 10 as alternatiewe voorgestel.

Figuur 10 Moontlike opstellings vir mikrofoonopnames

(a) Vierstemmig (Thomas)




(b) Dubbelkoor (Thomas)




OF:


(c) Vierstemmig (Thomas)



(d) Sesstemmig (Thomas)



(e) Dubbelkoor (Thomas)



Mikrofoon-tegnologie van die tagtigerjare is egter in staat om allerlei akoestiese probleme te oorkom. Jaquire¹ (6 Maart 1987: onderhoud) beveel twee moontlike kooropstellings aan wat benewens bevredigende klankvermenging, ook 'n korrekte stereo-klank kan bewerkstellig. Hierdie voorstelle toon ooreenkoms met figuur 8 (b) van Heffernan en 10 (a) en (c) van Thomas.

Figuur 11 Geskikte opstellings vir stereo-klank

(a)

Soprane	Alte	Basse	Tenore
---------	------	-------	--------

(b)

Soprane	Basse	Tenore	Alte
---------	-------	--------	------

■ Kwartetgroepering

By hierdie opstellingswyse word sangers in groepe van vier, verteenwoordigend van die stemgroepe sopraan, alt, tenoor en bas gerangskik. Die rangskikking lewer 'n goeie vermenging van klank vir homofoniese vierstemmige koorwerke (Latherow, 1980:131). Dié rangskikking het die voordeel dat ensemble-sang en die individuele onafhanklikheid van koorlede ontwikkel word. Soos by die groepering wat hierna bespreek word, sal dit van die koorsangers verwag word om akkurate stemintredes en frase-afsluitings uit te voer sonder die hulp van die dirigent.²

■ Gemengde groepering

Dit spreek vanself dat 'n deurmekaar groepering, waar stemme van verskillende stemgroepe onafhanklik moet funksioneer, besondere eise aan die vermoëns van die sangers sal stel. Latherow (1980: 131-132) stel dit dat hierdie metode van rangskikking nie 'n goeie

1 Jaquire, P.: Op 6 Maart 1986 assistent-opsiener in die afdeling radio-produksie, SAUK, Bloemfontein.

2 Die Jeugkoördiner, A. Wassermann, pas hierdie groepering sedert 1985 toe (cf. afd. 3.3.3.2).


koorklank bevorder nie en daarom word koorleiers afgeraai van so 'n rangskikking vir kore. Nogtans kan dit as repetisie-tegniek gebruik word om selfstandigheid by die sangers te kweek.

■ Rye

Heffernan (1982:55) skryf: "Recently, I have come to favor the formation shown in Figure (16) [cf. figuur 12]. With all voice parts in all rows, there is excellent choir unification, yet each section is intact. Each row can be called upon to perform alone ...; the soprano and bass can clearly hear each other and the tenor and alto can assist each other when reinforcement is desired. If one section is short in number, more singers from that section can come into the front row, thereby helping the balance problem."

Hierdie redenasie van Heffernan berus op goeie beginsels van ervaringspraktyke en dus mag so 'n koorrangskikking ewe goed as ander aan sy doel beantwoord.

Figuur 12 Opstelling met stemgroepe in elke ry



Heffernan vind dat om aan elke sanger 'n nommer toe te ken, 'n nuttige tegniek is wat baie tyd bespaar. Hy beveel aan dat die nommers tydens repetisies gebruik word sodat opdragte sonder omslagtigheid aangedui kan word, soos byvoorbeeld "basse 1 tot 3 sing die boonste party en 4 tot 7 die onderste", ensovoorts (1982: 55).

7.7 SAMEVATTING

Hierdie hoofstuk bied 'n raamwerk en sekere perspektiewe aan waarbinne 'n jeugkoor kan funksioneer. As uitgangspunt behoort organisatoriese en finansiële strukture te bestaan wat sekuriteit aan die funksionele voortbestaan van die koor as uitvoerende orgaan bied. Intern is 'n organisasieraamwerk waarby ouers en koorlede betrek word, van waarde as 'n funksionele, maar ook 'n emosionele ondersteuning aan die koorleier.

Dit blyk dat, weens die prestige verbonde aan so 'n groep, kandidate met sorg gekies moet word. Streng keuringsnorme kan dus gevolg word. Elke koorleier sal bepaalde vereistes aan koor-grootte, stemvereistes en keuringsnorme stel. By die keuring word die stemomvang, stemsoort, toepaslike musikale fasette, bladlees-vermoë, die verband tussen die sang- en spreekstem, asook intelligensie en toewyding van kandidate by die finale evaluering in gedagte gehou.

Dit het egter geen nut dat die jeugkoorlede aan streng musikale toetse onderwerp word as daar nie 'n koorleier beskikbaar is wat oor bepaalde kennis, vaardighede en vermoëns beskik nie. Hierdie kennis hang saam met grondige musikale kennis en toegewytheid van die koorleier.

Aangesien geen vaardigheid sonder gereelde oefensessies verkry kan word nie, moet repetisies planmatig en gedissiplineerd plaasvind. Naweektye moet hoofsaaklik hiervoor gebruik word sodat die minste moontlike aanspraak op leerlinge se akademiese tyd gemaak word. Vir uiteindelijke suksesvolle resultate word 'n bepaalde aantal ure as gemiddelde oefentyd per week vereis.

In die koor se vorderingsprogram speel die ontwikkeling van asem-beheer, asemhaling en asemondersteuning, sowel as stem- en koor-sangtegnieke 'n belangrike rol. Tydens repetisies behoort hierdie aspekte voortdurende aandag te geniet. Oorsake van allerlei koor-tegniese probleme moet bestudeer word en uitgeskakel word waar dit moontlik is sodat die beste moontlike resultaat bereik kan word.

Die toepassing van korrekte koorsangbeginsels en koortegnieke deur 'n kundige koorleier behoort te lei tot artistieke koorsang wat in 'n konsertsituasie en/of ander optreegeleenthede direk deur 'n gehoor beoordeel kan word.

---oOo---

HOOFSTUK 8

SLOTOORSIG

Uit hierdie studie het geblyk dat die Vrystaatse Jeugkoor, wat in 1965 volgens bepaalde organisatoriese werkwyses begin funksioneer het, nog steeds met sukses voortbestaan. Die geslaagtheid van die koor kan onder meer toegeskryf word aan die kwaliteit van afrigting, professionele optredes, asook die gehalte koor-musiek wat gesing is. Die finansiële steun vir die doeltreffende funksionering van die koor wat van die Vrystaatse Provinsiale Administrasie ontvang is, was 'n belangrike bydrae tot die gunstige ontwikkeling en voortbestaan van die groep.

Hierdie jeugkoorprojek wat deur die Vrystaatse Provinsiale Administrasie en Ondewysdepartement van stapel gestuur is, het terselfdertyd 'n groot invloed op die stigting van kore in die res van die land en selfs Suidwes-Afrika gehad. Jeugkore het feitlik in elke provinsie ontstaan; sommiges is deur instellings gestig en ander deur entoesiastiese persone. Uit die navorsing het dit egter geblyk dat kore wat amptelik, finansiële steun van een of ander aard ontvang het, bestendiger ontwikkel en voortbestaan het teenoor ander wat sonder sodanige hulp moes funksioneer en selfs doodgeloop het.

Die proses van stigting van nuwe jeugkore in Suid-Afrika duur steeds voort. In die ondersoek het 'n konstante toename deur die jare in die getal nuut gestigte jeugkore opgeval. Selfs waar sommiges doodgeloop het, is nuwe kore in die plek daarvan gestig. So onlangs nog as Januarie 1987 is 'n jeugkoor in Suidwes-Afrika gestig. Dit dui op die aansien wat jeugkore in dié land geniet en die waarde wat die onderwysowerheid daaraan heg vir die sinvolle musikale opleiding van musikaalbegaafde hoërskoolleerlinge wat oor mooi sangstemme beskik.

Ten slotte het uit die navorsing geblyk dat die funksionering van 'n jeugkoor verband hou met 'n doeltreffende organisasie, asook 'n bekwame en kundige koorleier wat oor toepaslike kennis van die tienderjarige se sangvermoëns beskik. So 'n persoon moet die koorlede volgens streng norme keur om so 'n jeugkoor saam te stel. Verder behoort die musiekkeuses van onberispelike musikale gehalte wees. Die koor moet korrek afgerig word met besondere aandag aan die ontwikkeling van stem- en koorsangtegniek sodat koorsang van 'n hoogstaande gehalte gelewer kan word. Die uiteindelijke doelwit van 'n provinsiale jeugkoor is om as vertoonstuk te dien van die sangtalent van begaafde hoërskoolleerlinge in 'n bepaalde streek, gebied of provinsie.

---oOo---

OORSIG VAN MUSIEKAANBIEDINGS WAARBY VAN HUYSTEEN
BETROKKE WAS AS MUSIKUS EN KOORLEIER,
SAAMGESTEL UIT TWEE ALBUMS MET FOTO'S,
PROGRAMME EN KOERANTUITKNIPSELS

Datum	Plek	Rede, geleentheid en/of aanbieder	Tipe aanbieding	Kommentaar
27 September 1945	Hoërskoolsaal, Lichtenburg	Ten bate van die Lichtenburgse Hoërskool	Operette: Zurika die Signeuner- meisie	Geen komponis word gemeld nie. Van Huyssteen betrokke ten opsigte van die musiek en decor
22 en 23 November 1945	Lichtenburg	Ten bate van die Lichtenburgse Hoërskool	Kersspel: Onder die ster se glans (opelug- voorstelling van die geboor- te van Christus)	Saamgestel en ver- werk deur W. Jonker onder leiding van Van Huyssteen as orrelis en koor- leier
22 Junie 1946	Hoërskoolsaal, Lichtenburg		Kantate: 'n Blye Danksegging	Geen komponis word gemeld nie. Bege- leiding: Schultze- orkes, Pretoria. Dirigent: Van Huys- steen
6 Desember 1946	Kroonstad	Eerste optrede van die pas- gestigte Mannekoor	Koor afgewissel met soloklavier en -sang	Gaskunstenaars: P.J. Lemmer (bege- leier), Anna Jack- son (mezzo-sopraan) Van Wyk de Vries (bas-bariton), Blake Toerien (pianis)
23 Oktober 1948	Stadsaal, Kroonstad	"Konsert van die Kroonstadse Manne- en Dameskoor"	Koorgroepe afgewissel met soliste	Soliste: D. J. Roode en Frieda Roode (twee kla- viere), C. van Schalkwyk (violis), Barbara Louw (pianis)

Datum	Plek	Rede, geleentheid en/of aanbieder	Tipe aanbieding	Kommentaar
November 1948	Kroonstad (?)	Munisipale Kongres	Kooroptrede deur dames- en mannekore onder leiding van Van Huyssteen	
19 Maart 1949	Stadsaal, Bethlehem	Ten bate van Strandfonds	Dames- en Mannekore afgewissel met soliste	Soliste: Jack de Wet (violis), Febe Williamson, Joey Williamson, Marie Joubert, Lona Klomp (duo en kwartet)
Oktober 1949	Amfiteater op die Suidoewer van die Vaalrivier, Kroonstad	Sangfees georganiseer deur die Kroonstadse Sangfeeskomitee in medewerking met die Kroonstadse Teatergroep	"Kroonstadse Sangfees": 'n Kersspel oor die geboorte van Christus Staandemag-Orkes, danse, kindersang, volkspele Volwassene-kore, skoolkore, kindersang, danse, Staandemag-Orkes, en ander plaaslike konsertaanbiedings Veral instrumentale nommers deur lede van die Staandemag-Orkes en die Junior Simfonie-orkes van Bloemfontein, onder leiding van L. T. Shepstone	In die voorwoord tot die program word gemeld dat hierdie sangfees die grootste ooit tot dusver in die Vrystaat is. 'n Koerantuitknipsel noem dat meer as 3 000 mense by die openingsaad teenwoordig was, en dat P.J. Lemmer 'n marsakoor van 1 100 kinders tydens die naweek gedirigeer het
27 Oktober (aand)				
28 Oktober (dag)				
28 Oktober (aand)				
29 Oktober (oggend en aand)				

Datum	Plek	Rede, geleentheid en/of aanbieder	Tipe aanbieding	Kommentaar
1 Desember 1950	Ned. Geref. Kerk, Kroonstad		"Rus my Siel", 'n program van gewyde werke	'n Elftal nommers word deur beide Van Huyssteen se kore as een gemengde koor gesamentlik uitgevoer (ledetal: 53)
1951	Winburg		Gemengde program aangebied deur die Kroonstadse Teatergroep en die koorgroep van Van Huyssteen	Geen presiese datum beskikbaar nie Aparte aanbiedings deur die mannekoor, dameskoor en gesamentlike groep as 'n gemengde koor
22 Mei 1953	Stadsaal, Kroonstad	Eerste amptelike konsert van die nuut gestigte Kroonstadse Koorvereniging onder beskerming van die Kroonstadse Tegnieuse Kollege	Koornommers afgewissel met soliste (werke vir twee klaviere is onder meer deur die pianiste uitgevoer)	Soliste: Betty Pack (tjellis), Teasdale Griffiths (begeleier), Elsa Breddell, Olive Yazbek, Trudie van Niekerk (drie pianiste); die gemengde koor bestaan uit 58 lede en tien werke is aangebied
28 Mei 1953	Bothaville Parys Bethlehem Winburg	Reeks optredes		
19 Junie 1953	Ned. Geref. Kerk, Kroonstad		Program van gewyde werke, met orrel-, klavier- en sanguitvoerings	Besoekende kunstenaar: Teasdale Griffiths

Datum	Plek	Rede, geleentheid en/of aanbieder	Tipe aanbieding	Kommentaar
Februarie 1954	Stadsaal, Bloemfontein	Eeufeesvierings van Bloemfontein	Kooruitvoering deur volwassene- kore van Bethlehem, Kroonstad, Wepener en Virginia-Senekal (gekombineerd)	Kooropnames van die program is onder leiding van Pieter de Waal deur die SAUK ge- maak vir uitsen- ding op 19 Okto- ber om 19h30
2 Oktober 1954	Stadsaal, Bloemfontein	De Wet-fee, Bloemfontein	Silwerjubileumpro- gram aangebied deur die Vrystaatse Teg- niese Kollege (1929- 1954) in samewer- king met die Kroon- stadse Koorvereni- ging Gemengde program van sang, koorsang en toneel	
5 November 1954	Skoolsaal, Odendaalsrus	Ten bate van die skoolfonds	Kooruitvoering	
7 November 1954	Stadsaal, Kroonstad	Program van gewyde werke	Kooruitvoering	
19 November 1954	Ned. Geref. Kerk, Kroonstad	Program van gewyde werke	Orrel-, klavier- en kooruitvoering	Besoekende kuns- tenaar: Petrus Lemmer (orrel)
Vrydag, 2 Desember 1954(5?)	Amfiteater, Kroonstad		Opelugvoorstelling van die geboorte van Christus Tegniese Kollege- orkes onder lei- ding van Jack de Wet en 'n koor van 80 lede onder lei- ding van Van Huys- steen	Die kersspel was ook in 1945 en 1949 in Lichten- burg en Kroonstad aangebied

Datum	Plek	Rede, geleentheid en/of aanbieder	Tipe aanbieding	Kommentaar
24 en 25. Oktober 1958	Stadsaal, Kroonstad		Opera-aanbieding, Hänsel und Gretel, van Humperdinck	Begeleiding: lede van die SAUK-orkes onder leiding van Anton Hartman Musiekregisseur en koormeester: Van Huyssteen
Mei 1960	Stadsaal, Bloemfontein	Slotkonsert voor die afsluiting van die Unie- fees	Uitvoering deur ses kore: Kamer- koor van die Rhodes-universi- teit, die Uni- versiteitskoor van Potchefstroom, die kore van die Onderwyserskol- leges, Pretoria, Natal en Welling- ton asook die Tegniese Kollege, Kroonstad, met solis	Dirigente: Georg Grüber Pieter de Villiers Anton Kratz P.J. Britton Faure Loots Van Huyssteen Cecilia Wessels (sopraan)
26 en 27 November 1964	Sinodale Sentrum, Bloemfon- tein	Kerkmusiekkon- gres van die Ned. Geref. Kerk van die Vrystaat; afsluitings- konsert	Program van gewy- de werke: orrel- voordrag, kore, solo- en ensem- ble-sang	Kunstenaars: Dolly Heiberg (orrel), Van Huyssteen (Kroonstadkoor), Fransie du Plooy (Bloemfonteinse koor)

NAGESPEURDE OPTREDES VAN DIE VRYSTAATSE JEUGKOOR :

1965 TOT 1986

Jaar	Datum	Plek	Geleentheid	Opmerkings
1965 ¹	2 April	Boshof	Première	Op uitnodiging van die Administrateur, J. W. du Plessis
	3 April	Welkom		
	5 April	Kroonstad		
	6 April	Bethlehem		
	7 April	Winburg		
	8 April	Bloemfontein		
	10 Mei	Bloemfontein	Opening van Provinsiale Raad ²	
30 Mei	N.G. Gemeente ³ Aasvoëlkop	Val saam met besoek aan Johannesburg, want die opnames vir die eerste plaat is op 31 Mei gemaak		
1966	31 Maart	Jacobsdal	Sooispitplegtigheid ⁴ J. B. M. Hertzogplein	Uitgenooide gasdirigente: Pieter de Villiers en Michael Casaleggio
	1 April	Fauresmith		
	2 April	Bloemfontein		
	2 April	Bloemfontein		
	4 April	Trompsburg		
	5 April	Dewetsdorp		
	6 April	Ladybrand		
	3 Junie	Johannesburg ⁵		
	Geen beskikbaar	Kemptonpark ⁶		
29 Junie	Henneman			

1 In die beginjare is die hooftoerprogram op die konsertprogram aangedui.

2 Bower, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud.

3 Bower, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud.

4 Die Volksblad (4 April 1966:7).

5 Bower, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud.

6 Verslag van die Hoofinspekteur van Onderwys, 1966, soos aangehaal deur Bower, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud.

Jaar	Datum	Plek	Geleentheid	Opmerkings	
1967	23 Maart	Harrismith	Tydens erediens	Gasdirigent: George Gruber Gee aanleiding tot stigting van Natalse Jeugkoor	
	25 Maart	Vrede			
	26 Maart	N.G. Kerk, Boksburg-Noord			
	27 Maart	Boksburg			
	28 Maart	Viljoenskroon			
	29 Maart	Brandfort			
	30 Maart	Bloemfontein			
	23 Junie	Pietermaritzburg			4 konserte
	23 Junie	Durban			
	27 September	Bloemfontein: Grey-Kollege (reünie-saal)			75ste herdenking van OVSOV
28 September	Wepener ¹				
1968	29 Maart	Sasolburg	Kerkoptrede ²	Gasdirigent: P. v.d. Westhuizen. Dirigeer Leie komposisie	
	30 Maart	Sasolburg			
	31 Maart	Welkom			
	1 April	Welkom			
	2 April	Kimberley			
	3 April	Reddersburg			
	4 April	Bloemfontein			
	10 April	Kaapstad			Inhuldiging: Staatspresident
	26 April	Koppies			Inwyding van nuwe skoolsale en aanbouings
27 April	Parys				

1 Bower, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud.

2 Bower, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud.

Jaar	Datum	Plek	Geleentheid	Opmerkings
1968 (vervolg)	17 Mei	Port Elizabeth Tegniese Hoërskool Eerste Laan, Newton Park		Op uitnodiging van die rektor, UPE ¹
	18 Mei	Grahamstad (stadsaal)		Op uitnodiging van die P.J. Olivier Hoërskool ²
	19 Mei	N.G. Gemeente Newtonpark, Port Elizabeth ³	Kerkoptrede	
	3 Augustus	Johannesburg	250 leerlinge saam met SAUK-orke in stadsaal	Dirigent: C.F. Heyns (inspekteur van skool-sang, OVS)
	21 September	Bloemfontein	Inwyding van genl. J.B.M. Hertzogmonument	
	10 Oktober	Winburg	Inwyding van Voortrekkermonument	
1969	27 Maart	Odendaalsrus		Gasdirigent: G. G. Cillié Uitnodiging: Rapportryerskorpse ⁴
	28 Maart	Bothaville		
	29 Maart	Sasolburg		
	31 Maart	Hennenman		
	1 April	Bethlehem		
	2 en 3 April	Bloemfontein		
	18 April	Trompsburg]		
	19 April	Smithfield]		
	25 April	Potchefstroom		
26 April	Johannesburg	Randse Afrikaanse Universiteit: eerste gradeplegtigheid ⁵		

1 Eastern Province Herald (13 Mei 1968); uitknipsel in besit van D. I. C. de Villiers.

2 Bower, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud.

3 Die Oosterlig (21 Mei 1968); uitknipsel in besit van D. I. C. de Villiers.

4 Bower, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud.

Jaar	Datum	Plek	Geleentheid	Opmerkings
1969 (ver- volg)	15-22 Julie	SWA		
	15 Julie	Windhoek	Aandkonsert	
	16 Julie	Windhoek	Oggendkonsert	
	16 Julie	Swakopmund	Aandkonsert	
	17 Julie	Walvisbaai	Aandkonsert	
	18 Julie	Otjiwarongo	Aandkonsert ¹	
	4 Oktober	Bloemfontein	Gesamentlike uitvoe- rings met Natalse Jeugkoor	Dirigente: Dirkie de Villiers, Hein de Villiers en Tersteegen van Huyssteen
	6 Oktober	Kroonstad		
1970 ²	1 Mei	Hoër Handelskool T'Hof, Bedfordview	Ten bate van RAU	Onder beskerming van Bedfordview se Dames- klub ³
	30 Mei	Saal van die Mei- sieskool Oranje, Bloemfontein	Gesamentlike uit- voering deur Jeug- koor en Jeugorkes onder leiding van Jack de Wet ⁴	Georganiseer deur SUKOVS
		Bloemfontein		Anton Hartman
	25 September	Durban Durban High School	Gesamentlike optrede	Dirigente: ⁵ Dirkie de Villiers, Hein de
	26 September	Pietermaritzburg Stadsaal	Natalse Jeugkoor	Villiers, Tersteegen van Huyssteen
1971	13 Maart	Bloemfontein	Odeion	Plaatopnames ⁶
	19 Maart	Excelsior		
	27 Maart	Harrismith		

1 Bower, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud.

2 Reisprogramme word nie meer in die programme uiteengesit nie.

3 Die Vaderland (22 April 1970:2).

4 Die Volksblad (1 Junie 1970:7).

5 De Villiers, D. I. C., 14 Junie 1984: onderhoud.

6 Bower, J. D., 7 Junie 1985: onderhoud.

Jaar	Datum	Plek	Geleentheid	Opmerking
1971 (ver- volg)	28 Maart	Bethlehem ¹	Twee kerkdienste	Gasdirigent: P. McLachlan
	29 Maart	Ladybrand		
	30 Maart	Zastron		
	31 Maart	Edenburg		
	1 April	Bultfontein		
	2 April	Viljoenskroon		
	14 Mei	Bloemfontein	Vrystaatse vieringe van Republiekfees (10 jaar)	
		Kaapstad	Sentrale	
	25 Mei	Groenpunt Pinelands	Republiekfees	
	28 Mei	Stellenbosch ²	Optrede saam met Natalese Jeugkoor	
	23 Julie	Kroonstad		
	24 Julie	Sasolburg		
1972 ³	April- vakansie	Senekal	Onder beskerming van Paul Erasmus- skool	Gasdirigent: Petrus Lemmer
		Bethlehem	Primêre Skool	
		Hoogland		
		Welkom	Oranje-Vroue- vereniging (OVV)	
		Bloemfontein		
		Winburg	Sekondêre Skool	
		Bothaville	Rapportryerskorps	
		14 April	Vredefort	
15 April	Lichtenburg	Aanduitvoering	Rapportryerskorps	
16 April	Lichtenburg	Kerkoptrede		

1 Die Volksblad (13 Maart 1971:2).

2 Bower, J. D., 27 Maart 1985: onderhoud.

3 Tensy anders aangedui, is alle inligting oor konsertoptredes vanaf 1972 tot 1985 deur onderhoude met Bower vanuit amptelike stukke bekom.

Jaar	Datum	Plek	Geleentheid	Opmerkings
1974 (ver- volg)	7 Junie	Ficksburg Brandfort Germiston (stadsaal)		
	8 Junie	Johannesburg	3-8 Junie - Avontuur- fees aangebied deur SAUK	
	8 Junie	Johannesburg (stadsaal)	SAUK-Junior Simfonie- orkes en Vrystaatse en Natalse Jeugkore	Dirigent: Edgar Cree Landwe lewendige uitsending oor beide radiosenders
	2-3 Augustus	Germiston Alberton Klerksdorp Lichtenburg Bloemfontein	Afskeidskonsert	Plaatopnames
1975	Tweede halfte April-vakansie Naweektoer na Bloem- fontein	Vrystaatse dorpe		
	1-2 Augustus	Bloemfontein	Odeion	Plaatopnames
	4 Oktober	Lichtenburg		
	6 Oktober	Kroonstad		
10 Oktober	Paarl	Onthulling van Taalmonument	Koorleiers: Wasser- mann en Van Huyssteen	

Jaar	Datum	Plek	Geleentheid	Opmerkings
1976	11 September	Sasolburg	Etienne Rousseau-teater saam met Vrystaatse Universiteitskoor	
1977	4 Junie	Senekal	Eeufesverrigtinge	Programme van 45 minute en 30 minute onderskeidelik tydens banket. Program van 30 minute tydens erediens
	5 Junie	Senekal		
	11 Julie	Klerksdorp		
	12 Julie	Brits		
	13 Julie	Warmbad of Nylstroom		
	14 Julie	Nylstroom of Waboomspruit		
	15 Julie	Pretoria		
	16 Julie	Johannesburg		
	13 Augustus	Johannesburg	Klankopnames vir televisie-optredes vir program "Met Woord en Lied" Televisie-beeldopnames van klankopnames op 16 Julie gemaak	Slegs vier dorpe word besoek Word op 11 September uitgesaai ¹
1978	31 Maart	Colesberg		
	1 April	Beaufort-Wes		
	3 April	Oudtshoorn		
	4 April	Mosselbaai		
	5 April	George		

¹ Bower, J. D., 7 Junie 1985: onderhoud.

Jaar	Datum	Plek	Geleentheid	Opmerkings	
1978 (ver- volg)	6 April	Graaff-Reinet			
	7 April	Middelburg			
	8 April	Aliwal-Noord			
	14 Julie	Pretoria			
	16 Julie	Skukuza			
	17 Julie	Nelspruit			
	18 Julie	Blyderivier			
	19 Julie	Tzaneen			
	20 Julie	Pietersburg			
	21 Julie	Warmbad			
	22 Julie	Vereeniging			
	Naweek- toere]	Bloemfontein		
			Sasolburg		
	tweede en		Kroonstad		
	derde		Welkom		
	kwartale]	Bethlehem ¹		
	27 September		Vlaandere		
	tot		en		
	15 Oktober]	Londen ²		
	30 September		Kapel Velzeke- Ruddershove		
1 Oktober		Hoogmis - Meere, Parochinaal Centrum, Aalst			
3 Oktober		Katedraal, Ostende			
6 Oktober		Crombeen-instituut Gent			
7 Oktober		Pius X Kerk, Gent			
9 Oktober		Kapel, Heuverlee			

1 Amptelike toerprogram, voorgelê deur Hyman, gedateer 8 Desember 1977, soos aangehaal deur Bouwer, J. D., 7 Junie 1985: onderhoud.

2 Hyman, J. D., 19 September 1985: onderhoud.

Jaar	Datum	Plek	Geleentheid	Opmerkings
1978 (ver- volg)		Kort uitvoerings by: Zottegem Velzeke London	Inrigting vir siel- siekes S.A. Ambassade	
1979 ¹	2 Maart	Bloemfontein	Amtelike inwyding van die Universitas Hospitaal	
	23 Maart	Lindley Harrismith Warden	April-toer deur Natal en Suid-Transvaal	
	28 Maart tot 6 April	Pietermaritzburg Durban Empangeni Pongola Bethal Standerton		
	27 April	Brandfort		
	28 April	Winburg	Amtelike inwyding van die nuwe skoolgebou	Die skoolhoof rig 'n persoonlike versoek aan die Direkteur van Onderwys
	11 Mei	Welkom		
	12 Mei	Bultfontein		
	18 Mei	Vrede		
	19 Mei	Frankfort		
	8 Junie	Bothaville		
	9 Junie	Sasolburg		

1 Amtelike toerprogram, voorgelê deur Wassermann soos aangehaal deur Bouwer, J. D., 7 Junie 1985: onderhoud.

Jaar	Datum	Plek	Geleentheid	Opmerkings
1979 (ver- volg)	28 Junie	Viljoenskroon		
	29 Junie	Johannesburg	Klankopname (TV)	
	30 Junie	Johannesburg	Beeldopname (TV)	
	30 Junie	Rustenburg	Konsertoptrede	
	2 Julie	Johannesburg	Plaatopname	
	3 Julie	Bethal		
	4 Julie	Alberton		
	27 Julie	Kimberley-teater		Uitnodiging: Hoër- skool Diamantveld
	28 Julie	Bloemfontein		
	3-4 Augustus	Kroonstad		
	24 Augustus	Senekal	100 jaar van onderwys	Sewe koorlede kom vanaf Senekal
	25 Augustus	Bethlehem		
1980 ¹	9 April	Paarl		Reis per vliegtuig Onderwyserskollege
	10 April	Worcester		
	11 April	Burgersentrum, Bellville		
	12 April	Malmesbury		
	14 April	Durbanville		
	15 April	Stellenbosch		
	23 Mei	Henneman		
	24 Mei	Senekal		
	28 Junie	Stilfontein		
	30 Junie	Rustenburg		
	1 Julie	Pretoria		
	2 Julie		Plaatopnames	
	3 Julie	Randburg		
5 Julie	Johannesburg			

¹ Amptelike toerprogram, voorgelê deur Hyman, soos aangehaal deur Bower, J. D., 7 Junie 1985: onderhoud.

Jaar	Datum	Plek	Geleentheid	Opmerkings	
1980 (ver- volg)	1 Augustus	Bloemfontein	Televisie-opname	SAUK betaal reiskoste	
	23 Augustus	Johannesburg			
	23 Augustus	Sasolburg			
1981 ¹	28 Maart	Odendaalsrus	Deelname aan Nasionale Republiekfees		
	6 April	Zastron			
	7 April	Middelburg			
	8 April	Somerset-Oos			
	9 April	Uitenhage			
	10 April	Port Elizabeth			
	11 April	Grahamstad			
	13 April	King Williamstown			
	14 April	Molteno			
	1 Mei	Welkom			
	2 Mei	Bothaville			
	22 Mei	Theunissen			
	23 Mei	Bultfontein			
	26 Mei	Pietermaritzburg			
	26 Junie	Ventersburg			
	27 Junie	Viljoenskroon			
	28 Junie tot 2 Julie	Optredes in omgewing van Johannesburg en Pretoria			
	6 Julie	Johannesburg			Plaatopnames
	7 Julie	Johannesburg			Televisie-opnames
	24 Julie	Ficksburg			
25 Julie	Bloemfontein				
14 Augustus	Kroonstad				
15 Augustus	Sasolburg				
4 September	Senekal				
5 September	Bethlehem				

1 Amptelike toerprogram, voorgelê deur Wassermann, soos aangehaal deur Bouwer, J. D., 7 Junie 1985: onderhoud.

Jaar	Datum	Plek	Geleentheid	Opmerkings
1982 ¹	26 Maart	Colesberg		
	27 Maart	Graaff-Reinet		
	29 Maart	Despatch		
	30 Maart	Uitenhage		
	31 Maart		Besoek aan Port Elizabeth-stad, Langkloof, appelbedryf	
	1 April	Joubertina		
	2 April	Humansdorp		
	3 April	Cradock		
	5 April	Aliwal-Noord		
	30 April	Heilbron		
	1 Mei	Vredefort		
	14 Mei	Welkom		
	15 Mei	Wesselsbron		
	4 Junie	Bethlehem		
	5 Junie	Harrismith		
	25 Junie	Klerksdorp		
	25-27 Junie	Rustenburg		
	28 Junie	Roodepoort		
	29 Junie	Johannesburg		
	30 Junie	Johannesburg	Televisie-opnames	
	1 Julie	Pretoria		
2 Julie	Pretoria			
3 Julie	Vanderbijlpark			
23 Julie	Bloemfontein			
24 Julie	Bloemfontein			
6 Augustus	Kroonstad			
7 Augustus	Sasolburg			
20 Augustus	Reitz			
21 Augustus	Bothaville			

1 Amptelike toerprogram, voorgelê deur Hyman, soos aangehaal deur Bouwer, J. D., 7 Junie 1985: onderhoud.

Jaar	Datum	Plek	Geleentheid	Opmerkings	
1983 ¹	19 Maart	Ventersburg	"Kleedrepetisie-konsert"		
	25 Maart	Viljoenskroon			
	26 Maart	Springs			
	27 Maart	Springs			
	28 Maart	Florida			
	29 Maart	-			
	31 Maart	Johannesburg	Televisie-opnames		
	12 April	Bethlehem	Amptelike opening van Hospitaal		
	22 April	Hoopstad			
	23 April	Bultfontein			
	6 Mei	Senekal			
	7 Mei	Clocolan			
	13 Mei	Johannesburg	Plaatopnames		
	3 Junie	Bloemfontein			
	4 Junie	Welkom			
					Kabinetsgoedkeuring word op 10 Junie 1983 verleen vir oorsese besoek. ²
	4 Junie	Bloemfontein			
	4-18 Julie	Europa en Israel	Zimriya-fees		
	5 Augustus	Odendaalsrus			
	6 Augustus	Sasolburg			
19 Augustus	Heilbron				
20 Augustus	Kroonstad				
2 September	Ficksburg				
3 September	Bethlehem				

1 Amptelike toerprogram, voorgelê deur Wassermann, soos aangehaal deur Bower, J. D., 7 Junie 1985: onderhoud.

2 Bower, J. D., 7 Junie 1985: onderhoud.

Jaar	Datum	Plek	Geleentheid	Opmerkings
1984 ¹	23 Maart	Boshof		
	24-25 Maart	Kimberley		
	26 Maart	Douglas		
	27 Maart	Postmasburg		
	28 Maart	Keimoes		
	29-30 Maart	Kakamas		
	31 Maart	Upington		
	1 April	Upington		
	2 April	Kuruman		
	3 April	Vryburg		
	27-28 April	-		
	4-5 Mei	Vredefort	Naweekoptredes	Staatsteater
	25-26 Mei	Pretoria		
	15-16 Junie	-		
	29 Junie	-		
	30 Junie	Rustenburg		
	2 Junie	Brits		
	3 Junie	Roodepoort		
	4 Junie	Johannesburg	Plaatopnames	
	5 Junie	Johannesburg	Televisie-opnames	
6 Junie	Germiston			
7 Junie	Vereeniging			
27-28 Julie	-			
3-4 Augustus	Bloemfontein	Naweekoptredes		
17 Augustus	Welkom			
18 Augustus	Sasolburg			
1985	22 Maart	Harrismith		
	23 Maart	Ladysmith		
	24 Maart	Weenen		
	25 Maart	Weenen		

1 Amptelike toerprogram, voorgelê deur Hyman, gedateer 5 September 1983.

2 Amptelike toerprogram, voorgelê deur Wassermann.

Jaar	Datum	Plek	Geleentheid	Opmerkings
1985 (ver- volg)	26 Maart	Winterton		
	27 Maart	Estcourt		
	28 Maart	Moorivier		
	29 Maart	Pinetown		
	30 Maart	Port Shepstone		
	19 April	Kroonstad		
	20 April	Koppies		
	10 Mei	Hoopstad		
	11 Mei	Welkom		
	7 Junie	Reitz		
	8 Junie	Villiers		
	29 Junie	Jobannesburg	Plaatopname	
	30 Junie	Springs		
	1 Julie	Johannesburg	Televisie-opnames	
	14 Julie	Wepener		
	15 Julie	Aliwal-Noord		
	16 Julie	Queenstown		
	17 Julie	Stutterheim		
	18 Julie	Kingwilliamstown		
	19 Julie	Oos-Londen		
	20 Julie	Port Elizabeth		
	26 Julie	Sasolburg		
	27 Julie	Bethlehem		
	14 Augustus	Bloemfontein	Uitvoering saam met die Vrystaatse Jeugsimfonie-orke	Vorm deel van opening van die Sand du Ples-sisteater
	30 Augustus	Bloemfontein	Jeugkoorfees	Eerste nasionale saantrek van Jeug-kore
	31 Augustus	Bloemfontein	Jeugkoorfees	
	7 September	Bloemfontein	Uitvoering en reunie: Jeugkoor 21 jaar oud	De Villiers tree op as gasdirigent

Jaar	Datum	Plek	Geleentheid	Opmerkings
1986 ¹	15 Maart	Marquard		"Oefenkonsert"
	21 Maart	Wepener		
	22 Maart	Graaff-Reinet	Saam met Eeufees- vieringe	
	23 Maart	Graaff-Reinet	Kerkoptrede	
	24 Maart	Somerset-Oos		
	25 Maart	Despatch		
	26 Maart	Jeffreysbaai		
	27 Maart	Kareedouw		
	18 April	Petrusburg		
	19-20 April	Hoopstad		
	2 Mei	Senekal		
	3-4 Mei	Clocolan		
	23 Mei	Viljoenskroon		
	24-25 Mei	Kroonstad		
	6 Junie	Reitz		
	20 Junie	Coligny		
	21-22 Junie	Rustenburg		
	23 Junie	Hartebeespoort		
	24 Junie	Johannesburg	SAUK-opnames	
	25 Junie	Roodepoort		
	26 Junie	Johannesburg	Plaatopnames	
	27 Junie	Germiston		
	28 Junie	Pretoria	Staatsteater	
	29 Junie	Johannesburg	Televisie-opnames	
	30 Junie	Johannesburg	Plaatopnames	
	18 Julie	Bothaville		
10-20 Julie	Welkom			
8 Augustus	Brandfort			
9-10 Augustus	Bloemfontein			
16 Augustus	Ficksburg			
17-18 Augustus	Sasolburg			

1 Reisprogram, bekom vanaf Hyman, J. D., 24 April 1986: onderhoud.

BYLAE C

LYS VAN BUITELANDSE KOMPONISTE VAN WIE KOORWERKE
DEUR DIE VRYSTAATSE JEUGKOOR
UITGEVOER IS

Komponis*	Getal kere	Komponis	Getal kere
1. Abt, F. W. (1819-1885)	2	33. Crompton	1
2. Adriansen (1592)	1	34. Crüger, J. (1598-1662)	2
3. Ahle, J. (1660)	1	35. Danoff	1
4. Albrechtsberger (1736-1809)	1	36. Davis	1
5. Arbeau Thoinot	1	37. De Lalande	1
6. Arcadelt, J.	1	38. Denver, J.	2
7. Arlen, H.	2	39. Diack, M.	1
8. Arletowicz	1	40. Diadam	1
9. Bach, J. S. (1685-1750)	11	41. Di Lassus, O.	5
10. Bachofen	1	42. Donaldson, W.	1
11. Backer	1	43. Drake	1
12. Bai, T.	1	44. Dvorák	1
13. Baixa	1	45. Ebel	1
14. Ball	1	46. Ebeling, J. (1637-1676)	2
